UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Laatvat

deur

Johannes Jacobus Pienaar

'n Roman voorgelê ter gedeeltelike vervulling
van die vereistes vir die graad

MA Kreatiewe Skryfkuns

in die Departement Afrikaans van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE

STUDIELEIER: Prof HJ Pieterse

Augustus 2011

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Laatvat

by

**Johannes Jacobus Pienaar**

**A novel submitted in part fulfilment of the requirements for the degree**

**MA Creative Writing**

**in the Department of Afrikaans at the**

**UNIVERSITY OF PRETORIA**

**FACULTY OF HUMANITIES**

**SUPERVISOR: Prof HJ Pieterse**
**CO-SUPERVISOR:**

**August 2011**

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Laatvat

**roman**

© University of Pretoria

# Deel 1

© University of Pretoria

# Hoofstuk 1

EK SAL dit maklik erken: ek het gevlug hierheen, al die pad na Lavoute-sur-Loire, diep in die Franse platteland. Waarvoor? Die waarheid? Seker maar. Waarvoor vlug 'n mens anders?

Dis die ideale plek, hier is omtrent niemand nie. Oral om die woonstel wat ek kon huur teen 'n goedkoop tarief staan die halfgeboude vakansiehuise van die Parysenaars en Lyonniete. Augustus is verby, almal het hul betonmengers, saagmasjiene en steierwerk net so gelos en is terug stad toe. Die herfsblare val in die lanings populiere en oral, behalwe die Bois Noir langs die dorp, wat swart wil bly.

Ek mag die eienaar se rekenaar gebruik, maar ek kom nie verder nie; bly staar na die foto op die glasblad van sy lessenaar met die kaartjies van teatervertonings netjies daaronder uitgestal. Die swart-en-wit foto van myself, op my pa se knie. Maar staar help nie, die foto bly uit fokus. Niks wil in die oog spring nie.

Behalwe miskien die hoed op my kop. Dis 'n raaisel. Dit flap oor my ore, dit moes die hoed gewees het wat my pa vir my gekoop het daardie dag op pad na Ellispark. Maar ek was toe al tien. Te oud om op my pa se knie te sit?

As ek die foto ophou teen die lig, lyk dit al vir my of ek maar stywerig sit, en ja, my een voet is op die grond, tone gepunt. My pa lyk ook nie baie gemaklik nie. Het die fotograaf ons gevra om so te poseer?

Maar my geheue is soos die foto: voos. Dis daardie ouderdom. Alles gaan nou vinnig agteruit. Met 'n boep wat wys en 'n bril wat elke twee, drie jaar vervang moet word, glimlag ek maar net saam uit beleefdheid as mense sê ek lyk goed vir my ouderdom. Ek wil hulle ook nou nie verveel met die X-strale van al die penne en skroewe in my lyf nie, die erosieslote in my spiere wys nie, die

© University of Pretoria

spookpyne ophaal nie. Met X-strale is die fokus in elk geval te skerp.

Of die drome. Dis nou al lank dat ek die herhalende reeks het waar ek vir die Springbokke speel, op die dik groen gras in my dik groen trui met die dik geel kraag, so anders as vandag se spandex en lycra. Moenie vra hoekom nie, maar ek speel altyd flank, en breek gereeld tussen twee Franse senters deur, met 'n desperate "merde!" in my ore.

Maar die laaste tyd is my pa aan die ander kant, tot my onthutsing. Hy beweeg weg van die skrum as hy or die slotte na my loer. "Time jou wegbreek, Pa!" fluister ek dringend vir hom. Time jou laatvat. Tot op die millisekonde. Maar hy luister nie, en dan kry ons 'n strafskop teen ons.

Dit bly maar die kern van die saak, my verhouding met my pa. Ek het gedag die storie is uitgesorteer. Dit het nou al so lank terug gebeur, dis nie meer die moeite werd om te vertel nie. Nie weer nie. Die regse pa en die linkse seun. So what's new?

Tot die onthullings van nou die dag. Nou nie sulke vreeslike onthullings nie, en ek weet ook nie presies wat waar inpas nie. Te veel dinge bly uit fokus. Maar genoeg om my tot in my beendere te geskok het, tot in die onroesbare penne en skroewe wat my aanmekaar hou. Die rede waarom ek nou hier is. Om my voete 'n bietjie weer te vind.

'n Mid-life crisis? Dié het ek al gehad, hoewel myne vroeg genoeg was om nog een te kry. Toe ek pas dertig geword het, en ek ontdek het dat ek nie die kat se snor is nie. Toe hulle my nie my doktorsgraad wil gee nie. En ek dit kon verstaan ook: as jy in my veld, die kernfisika, sekere berekeninge nie kan doen nie, het jy jou plafon bereik.

Ek het lankal vrede gemaak daarmee. Dis 'n goeie job wat ek het, by die versnellermaatskappy, ek is lekker anoniem tussen die honderde wetenskaplikes soos ek. Nie rollend in die geld nie, maar ver genoeg van arm af.

© University of Pretoria

So hier sit ek nou. Die dorp se handjievol mense sien my as ‘n vreemdeling wat ek is  en ek speel maar saam, praat Engels met hulle. Pas my goed. Gister het ek gaan stap verby die hotel met sy duur pryse vir die somer; dis nog nie uitgevee op die swartbord met die roosrandjies rondom nie. Vyftien euros vir iets wat met sous uit ‘n plastiekbottel tot ‘n slaai verklaar is! Toe ek gaan staan om ‘n paar van die seisoen se laaste frambose in ‘n heining te pluk, roep die pensioenaris uit sy kombuis: “It’s OK, one can pick the all.”

By die spooroorgang tref dit my elke keer: die gedenkteken vir die twee maquisards wat daar tereg gestel is in die Tweede Wêreldoorlog, by die pad wat na die kasteel toe lei, die hoog-aristokratiese Polignacs s’n. Wat het hierdie twee negentienjariges by die weerstand laat aansluit, in hierdie klein dorpie waar die groot rivier so vlak vloei?

Soms kom die TGV soos ‘n mal haas verby gejaag, of twee dan, op mekaar se hakke. So min passasiers gebruik dit hier rond dat hulle nie meer as een treinwa aan die lokomotief haak nie.

Genoeg afsondering dus. Maar ek het desondanks gesukkel om aan die gang te kom. Nie dat ek geweet het wat ek moet doen nie. Memoirs? Notas? Wat ek dan verder by die huis kan aanvul, met verdrag…

Op die ou end moes ek my wend tot die opstel wat ek moes skryf op skool in wat vandag KwaZulu-Natal is. Wat ek na al die jare gehou het, iets wat ek beter opgepas het as enige foto van my en my pa. Miskien is ek net besig om dit na al die jare klaar te skryf. Dis in elk geval ‘n lekker stukkie nostalgie om, ‘n glas rooiwyn uit die buurdorp se supermarché in my een hand, deur die velle toetspapier te blaai, met die krammetjie geroes en die stoffies swart onder die voue in, maar die ink van die balpuntpen nog net so duidelik.

Ek glimlag by die herinnering aan my misnoeë toe Miss Ogilvie die onderwerp op die swartbord skryf: A Day that Changed my Life. ‘n Misnoeë wat eers gewyk het toe ek begin skryf, en iets

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

anders oorgeneem het, meer as net die opdrag om Engels so goed as moontlik deur te kom.

Die hoed, ja. Dit was die eerste ding wat ons moes doen. Ek en my pa het by die toonbank van die hardewarewinkel gaan staan, een van dié met fietswiele en sinkbaddens wat van die balke af hang. Hy het die hoed op my kop neergeplak, maar ek het dit weer afgevee.

"Ek's nie 'n sissie nie," het ek gemompel. My pa en die verkoopsman het gelag, en my laat bloos.

My pa het sy skoon hemp aangehad, en ek onthou sy gesig was ook glad en blink; hy het waarskynlik daardie oggend geskeer. Saterdae het hy gewoonlik sy ou flannels gedra, en 'n hemp wat hy uit die wasgoedmandjie opgediep het. Tuinmaak was sy passie sedert hy by die Uniegebou in die tuine gewerk het, lank terug in die 1950's as 'n student. Wanneer ek op 'n Saterdagoggend wakker word en knip-knip by die venster uittuur, sou hy reeds gebuk oor sy vurk staan. Dan sou hy sy swart dikraambril verstel sodat hy 'n rukkie na 'n wurm of die wit wortels in die gras kon staar.

Daardie Saterdag was dit anders. Ek het hom by die Volvo gekry, half ingeleun by die agterste sitplek, besig om 'n mandjie vol toebroodjies op die vloer in te pas. My ma, haar kamerjapon driftig vasgemaak, het hulle die vorige aand na vinnige hale van 'n bottermes aanmekaar geplak. Net die toedraai het sy so versigtig as altyd gedoen, want ek wou die oorblyfsels van die waspapier gebruik om prentjies mee te "trys" vir my huiswerk.

Dit was 'n nuwe ding vir hom ook, om Ellispark toe te gaan. Hy was nie mal oor die idee nie.

"Rugby," is al wat hy gesê het wanneer hy oor die sport moes praat, met 'n minagtende snork, asof dit 'n pestilensie was. 'n Mens sou wag dat hy sy sin voltooi, maar hy het nooit nie. En hy het dit aan my ma oorgelaat om te besluit wat om aan die saak te doen. Die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gevolg was dat ek sokker gespeel het; ek was die enigste Afrikaanse kind wat die onkantreël verstaan het en hoe om dit teen die groter seuns te gebruik.

My ma was Engels, sien, en Engelse ma's, of so het dit vir my gelyk, het geneig om hul kinders op te piep. Sy het van die begin af voet by stuk gehou: Geen rugby vir my nie. Dit was 'n spel vir hooligans; net in Engeland het die soort mense wat sy bewonder het, die aristokratiese tipes, dit gespeel.

Omdat ek nie wou hê sy moes sokker ook verbied nie, het ek haar nie die knoppe op my skene gewys of vertel hoeveel keer my wind uitgeskop is as die een of ander boelie die harde leerbal doelbewus op my solar plexus mik nie.

My pa was sieklik as kind, het my ma my na sy dood vertel. Hy was maer en lomp, en was daarom in elk geval nie goed met rugby nie. Anders as my ooms, wat almal vir die Hoërskool Lichtenburg se eerste span gespeel het, en wat later dokters, omroepers, generaals, diplomate en professore sou word.

Dit was deel van die familieritueel: terwyl hulle met koppies koffie op hul skote sit waarin hulle lang beskuite doop, pla en pes hulle my pa om saam met hulle rugby te gaan kyk. Maar hy het nooit ingegee nie. Tot die Franse teen die Springbokke op Ellispark sou speel. En die beroemde flank Jan Ellis sou opdraf, in 'n spel wat ene William Webb Ellis uitgevind het. My pa het 'n sin vir humor gehad.

Dit was die enigste groot rugbywedstryd wat ek en hy ooit saam bygewoon het. Die oom wat hom uiteindelik oorreed het, die generaal, of was dit die professor, het daarop aangedring dat ek ook 'n kaartjie kry. Dit was nie te laat om te keer dat ek 'n sissie word nie. Ek was tien jaar oud.

Ons het teen 'n hengse pas by 'n straat afgestap in die woonbuurt met die lelike rooibaksteenhuise wat ek later as Bertrams,

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Johannesburg sou herken. Ek moes kort-kort draf om by te hou. Daar was miljoene karre. Seuns van my ouderdom, maar van die rowwer soort wie se oog jy liewer nie wou vang nie, het op die straathoeke rondgehang.

“Pas op vir daai gomgatjies,” het ’n man aan my pa gesê, so oor sy skouer. “Hulle steel jou wieldoppe.” Hy het gewag dat ons by hom inval om verder saam met hom te stap.

Waarom sou hulle so iets doen? Op skool het kinders uit die armer buurte goed soos penne en horlosies gesteel, of erger nog, jou passer, so uit jou blikkie. Maar dan het jy die passer net weer teruggevat en dit in hul arms of bene gesteek tot hulle belowe om op te hou.

Die raaisel het groter geword toe ons by ’n garage se werkswinkel verbystap, waar ’n hele lot wieldoppe opmekaar gestapel gelê het. Ek kon dit nie meer hou nie en het aan my pa se flannels gepluk.

“Is al hierdie wieldoppe gesteel?” het ek gevra.

“Nee,” het die man gelag. “Hulle kom van tweedehandse karre af.”

“Daai seuns hou die gesteelde wieldoppe op ’n ander plek, en verkoop hulle dan terug aan die eienaars van die karre,” het hy verduidelik. “Hulle kom met die storie dat ander kinders hulle gesteel het. En dan moes hierdie lot hulle kwansuis ’n loesing gee om die doppe terug te kry.”

My pa het sy kop simpatiek geskud. “Enigiemand kan sien dis omdat hulle so brandarm is.”

“Hoe kan jy hulle blameer?” het die man gevra. “Die regering wil mos alles aan die kaffers gee.”

Hy het die geld in sy diep, wye broek, grys flannels net soos my pa s’n, geklingel. “Ek sorg maar altyd dat ek ’n bietjie kleingeld byderhand het.”

© University of Pretoria

Hoekom het hy dit dan nie vir hulle gegee nie? het ek gewonder. Wou hy dan hê hulle moes eers die wieldoppe steel? Grootmense was moeilik om te verstaan.

Die man het my gedagtes gelees. “Ek wag maar tot hulle die doppe aanbied, dan kry hulle darem nie charity nie.”

Dit het my net verder verwar. Is barmhartigheid nie beter as diefstal nie? Op Sondagskool het ons geleer dis iets wat jou maklik in die hel kon laat beland, waar jou hande vir ewig voor jou oë in vlamme staan.

Ons het al stadiger beweeg soos die stroom mense aangroei, sodat ons naderhand amper ’n tou geword het. Ons het om ’n hoek geloop, en skielik het die stadion bokant ons getoring. Dit was die ontsagwekkendste ding wat ek nog in my lewe gesien het, behalwe miskien die Queen Elizabeth II in Durban se hawe.

Hier was die straat afgesper met ‘n drom, en ons het op die eerste nartjietrok afgekom. Dit was teen die sypaadjie op geparkeer en het met sy snoet in ’n kinkel in die stadion se palissadeheining genestel. Twee kettings het die flap opgehou wat ’n berg oranje vrugte gekeer het om op ons neer te stort.

Heelbo, op die rand van die pawiljoen, het mense reeds gesit en wag. Ek het my asem opgehou: Gaan hulle nie daar affoeter nie? Ek het probeer sien waar hulle sou land as hulle val… beslis buitekant die palissadeheining – hulle sou agter in die tou moes inval en weer betaal.

My pa het sy tuinmaakhoed opgesit, en ek kon doodgaan van verleentheid. Ek het rondgeloer; hy was die enigste een met so ‘n flapperige hoed, soos ‘n tuinboy s’n. Toe hy my aansê, het ek teësinnig my eie nuwe hoed opgesit en oor my ore getrek sodat niemand my kon herken nie. Dit was waar dat dit die son minder laat byt het. Die hoed het vir my Engels gelyk, want dit het fyn, groen stiksels rondom die rand gehad. Maar baie kinders het sulke hoede gedra, wie se Engels so sleg was dat hulle meer sin gemaak het as hulle lemoenpitte uitspoeg.

© University of Pretoria

My ooms was nie altyd gemaklik met my ma se Engelsheid nie. Hulle was almal lief vir haar, want sy was mooi en het die beste tee suid van die Limpopo gemaak, het hulle geterg, en omdat sy Afrikaans goed genoeg gepraat het, die goeie Pretoriaanse meisie wat sy was. Sy het ook nie te erg gesukkel met die "r'e" nie en het my ooms laat skaterlag met haar, "Gits, Frits". Maar sy het anders gebly vir hulle, kon ek toe al aanvoel.

Ek het nie meer of minder van die Engelse gehou as enige ander Afrikaanse kind nie. Hulle was Rooinekke, wat beteken het dat hulle sissies was, en gedurig oor die kleinste dingetjie na hul ma's gehardloop het, of erger nog, die tuinboy. Maar hulle kon goed sokker speel, en ek het daarom graag oorgeslenter na hul huise vir 'n bietjie dribbel oor hul ma's se nuwe roosbeddings, dorings en al, want ek was tawwer as hulle.

Maar ek het 'n vae gevoel van skuld gehad, van heul met die vyand. Wat sou volg? Boys Own-jaarboeke en Superman comics?

Eendag het ek iets gesê oor die souties wat kafferboeties is, iets waarvan ek niks geweet het nie en moes gehoor het toe 'n oom kom kuier het. My ma het in die Volvo onder die afdak in die agterplaas gaan sit. Ek het nie geweet wat om te doen nie, tot my pa na my toe kom en sag aan my sê ek hoort na haar toe te gaan en te sê ek's jammer.

Ek het op die voorste sitplek geklim, maar kon net na die dashboard sit en kyk met my warm ore. Toe ek uiteindelik na haar loer, was dit sy wat oorgeleun het en my styf vasgehou het. Met haar nat wang nog teen myne het ek gesê: "Selfs al is jy Engels, Ma, sal ek jou altyd beskerm teen die kaffers."

Dit was nie alles vals nie. Ek het sleg gevoel dat ek haar laat huil het, en ek het gewonder oor die hele kafferboetie-ding. Eendag op pad huis toe het ek 'n jong swart vrou teëgekom. Sy het gelag, en haar oë was helder, en haar lippe was 'n diep rooi van 'n pruim of iets wat sy pas geëet het en waarvan sy die pit eenkant toe gespoeg

© University of Pretoria

het. Sy het reguit na my gekyk, en uit die bloute het ek iets gevoel soos … ek wil haar gryp en … ek weet nie wat nie.

Pleks daarvan het ek gebuk en 'n lat opgetel en na haar gestorm. Sy het 'n klein gilletjie van skrik laat klink en haar arm uitgehou om die hou af te weer. Op dieselfde manier as wat my ma dit sou doen. Toe sy sien ek slaan nie regtig nie, het sy begin lag, en na die ander kant van die straat beweeg sonder om iets te sê; my net behoedsaam oor haar skouer dopgehou.

Dit het my gepla, daardie kyk van haar, haar gelag, en hoekom ek haar sonder om te dink met 'n lat wou slaan as ek geweet het dit was verkeerd. Maar dieper nog was die vrees dat ek 'n kafferboetie was, omdat ek so na aan haar wou kom dat ek haar kon soen.

Die son het uit die middel van die hemel neergebrand op ons, en die tou het die straat af gekronkel. Party van die mense het begin uitsak en op die randsteen gaan sit, hul hoede teruggeskuif om die son uit hul nekke te hou. Die nartjieverkopers het flink sake gedoen. Hulle het die vrugte in bruin sakke met saaggetande rande oorhandig, fyner rande as die broodlorrie s'n wat brood in die straat by die huis kom verkoop het.

Oorkant was 'n pas geverfde muur aan die agterkant van 'n klein fabriek. Party van die uitsakkers het op hul hurke daarteen gaan leun. Dit het vreemd gelyk om grootmense met baadjies en dasse aan so te sien sit. Ek het gedink net kinders doen dit.

Iemand het op die muur begin teken. Maar die ander het so 'n kabaal opgeskop dat hy sommer gou opgegee het, en bek-af weer in die tou gaan staan het. Afrikaners skryf nie graffiti nie. "Hou jou hande tuis!" het hulle geskree, of "Net gekke en dwase skryf hul name op mure en glase." Al wat hy kon agterlaat, was 'n ronde vorm in houtskool, die een helfte van 'n hart.

© University of Pretoria

’n Swartman het om die hoek gekom. Hy was haastig, maar het vasgesteek toe hy die lang ry witmans sien, verveeld en geïrriteer, wat die sweet van hul rooi gesigte met sopnat sakdoeke probeer afvee. Toe loop hy verder, kyk nie links of regs nie. Verder in die ry het iemand iets gesê wat sy maters laat uitbars het van die lag.

“Hy’s op pad stasie toe,” het my pa gesê. Dit was ‘n nuwe ding. Ek het geweet swartmense ry trein. Hulle was altyd aan die uithang by die deure en vensters, terwyl hulle jou parmantig aankyk. Maar ek net nog altyd gedink hulle word iewers in die veld opgelaai.

’n Tweede swartman het om die hoek gekom. Iewers het ’n sirene afgegaan. Niemand het beweeg nie. My pa het na een rigting gewys, toe na ’n ander. Hy het probeer uitwerk waar dit vandaan kom. “Tjailatyd,” het hy gesê. Die man het stil gaan staan, en toe hy weer begin loop, het hy stip na die sypaadjie gekyk terwyl hy hom verbyhaas.

Nog twee het aangehardloop gekom, amper in die randsteensitters vas. “Hei, hei!” het die krete opgegaan, wat die twee net vinniger laat spaander het, hakskene in die lug. Hulle het net saamgelag toe ’n nar in die tou agter hulle aangalop, sy vuiste na binne gekeer soos ’n gorilla s’n in ’n Tarzan-prent.

Meer swartmense het begin verbykom. Die eerste nartjie het verby ’n verbaasde man in ’n swart Homburg-hoed gevlieg, en teen die muur uitmekaar gespat, reg langs die halwe hart. Die gooier het vorentoe gestorm en probeer om die stukke vrug en sap met sy sakdoek af te vee, en net ’n groter gemors gemaak. Daar was ’n gejil, en toe moes hy self koes vir ’n vlaag nartjies.

’n Paar het die swartman vol in die gesig getref. Dit was anders as kleilat in die spruit by die huis. Daar het die bolle net ’n steekmerk gelaat. By Ellispark het die nartjies ’n blertsende klank gemaak, en die sap het in die pers nek van die slagoffer afgeloop.

© University of Pretoria

Die volgende aankomelinge het ineengekrimp teen die sarsies, en probeer om hulle te ontduik deur hul hoedens af te haal en hul onderdanigheid te wys, soos honde. Of hulle het hul vernedering probeer weglag, terwyl hulle koes-koes deurdruk na die stasie toe. Dit moes die enigste pad gewees het. Hulle het seker besluit om alles net op te vreet as hulle maar daardie trein kon haal, miskien omdat dit die eerste en die laaste een was. Maar ek het dit eers heelwat later uitgewerk.

Toe het ek geskree van die lag, saam met al die ander witmans en seuns en die paar vrouens met hul hoedens en hoëhak-skoene. Almal het vir die volgende een gewag, hul arms omhoog met die nartjies in hul hande, en ’n mens sou dink: Hoe sal hy reageer? As hy lank is, sal hy soos Laurel maak, en as hy vet is, soos Hardy? Net “Hau” sê, soos in Fanus Rautenbach se program op die radio?

Miskien was dit omdat die nartjies begin opraak het dat dinge ’n ander wending geneem het. Almal het ook net soveel geld gehad om te mors. Of miskien was dit die een man wat dit gewaag het om hom teen te sit. Hy het ’n koerant in sy hand gehad – om geleerd te lyk, het iemand gebelgd gesê. Hy kon die nartjies daarmee wegweer. Toe hy die koerant laat sak, het hy na die skare gekyk om te sien wie die gooiers was. En toe het hy sy vinger gelig, en sy oë het geblits van woede.

Voor jy kon sê, wel, mes, het twee mans hom onder die arms beetgekry en oor die sypaadjie tot teen die muur gestoot. Hulle het hom in die maag geslaan en sy hoed het afgeval en by die straat afgewiel. Een het hom met sy voorkop in die gesig gestamp. Ek was verstom: Ek het nie geweet ’n mens kan dit doen nie. Die ander het sy elmboog gebruik. Hulle het hom op die sypaadjie neergetrek om hom te skop. Smeersels bloed is op die muur langs die halwe hart en die nartjievlekke gelaat.

My pa het my aan die arm gevat en teen my sin na sy anderkant toe getrek, sodat ek teen die palissadeheining moes gaan

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

staan. "Moenie kyk nie!" het hy beveel, maar ek kon alles deur die boog van sy elmboog sien, terwyl hy met sy hande in sy sye staan.

Nog mans het vorentoe getree om na die gevalle man te skop. Toe begin 'n man wat soos 'n skoolhoof lyk, die mense wegtrek: "A nee a, gedra julle! Julle laat ons almal sleg lyk!" Toe dit nie wou help nie, het hy hom na die straathoek gedraai en geskree: "Polisie! Polisie!"

'n Vangwa was binne enkele minute daar. Twee polisiemanne het uitgespring, knuppels omhoog, maar in hul spore gestop toe hulle die toue witmense sien. Die man wat dit alles begin het, sy hemp besmeer met bloed, het histeries geskree: "Hierdie kaffer het my gevloek!"

Selfs ek kon sien dat die twee konstabels verbouereerd was. Hulle het na die uitgestrekte swartman gestap en aan hom gepor met hul knuppels. Toe trek hulle hom op sy voete, en sleep-dra hom na die vangwa. Toe hulle hom agterin boender, het een van sy skoene afgeval; die een polisieman het 'n paar oomblikke lank daarmee in sy hand gestaan, en toe gemaak of hy dit na die skare gooi.

"Ons wil nie 'n ou kafferskoen hê nie," het iemand geskree. Die konstabel het dit so hard as wat hy kan agter in die wa geslinger.

Die polisie het die rumoer laat bedaar, of so het dit gelyk. Dit was ook toe dat die stadion se hekke oopgemaak is, en nou was almal se aandag op die naderende wedstryd. Die volgende golf swartmense het versigtig om die hoek geloer, 'n bietjie gewag en toe besluit om dit te waag. Net hier en daar was daar nog 'n verdwaalde nartjie.

Aan die einde van die straat, by die aparte trappe op pad na die perron vir Nie-Blankes, het 'n swart polisieman hulle aangespoor om vinniger te beweeg, en berispe wanneer hulle na ons probeer terugkyk het.

© University of Pretoria

Hoe nader die tou aan die hekke beweeg het, hoe harder het die besige geklik van die kaartjieknippers opgeklink. Die muur het soos die krip in die seunstoilet gelyk van al die geel sap, en ek het liewer weggekyk. Verder was daar geen teken dat iets buitengewoons gebeur het nie.

© University of Pretoria

# Hoofstuk 2

EK HET die dag se gebeure eers baie jare later onthou. Die toets het alles oorgeneem. Oor en oor het ek dit uitgespeel in my kop hoe Jan Ellis tussen twee Franse senters breek om 'n drie te gaan druk.

"Yes, yes," het die skare geskree, en die pawiljoen laat sidder. Ek kon nie sien hoe hy die bal druk nie, want almal het opgestaan. Sy sproete... dié kon ek uitmaak, terwyl hy eenmaal reg onder ons sitplekke aan die kant van 'n skrum sak. Dit het uitgestaan in die skuins sonstrale, wat ook sy rooi hare laat gloei het. Hy het die bal soos 'n papaja in sy groot regterhand gehou, asof hy bang was hy druk dit pap as hy albei hande gebruik. Ek het my asem opgehou elke keer as hy die bal kry, en gewag dat dit uit sy hand moet glip. Maar dit het nie.

Al wat ek verder geweet het, was dat ek iets groots ontdek het. My kop was in 'n war.

Hoekom het ek dit vermy om rugby te speel? 'n Verbod deur jou ouers was tog nie genoeg rede om iets nie te doen nie. Ek was mos nie 'n mamma se seuntjie nie. Miskien was dit omdat sokker so lekker was, omdat ek dit so goed kon speel. Soos om die bal te laat kurwe. Wat my nie gewild gemaak het by een van my maats nie, wie se naam ek ook vergeet het. Eenmaal voor hul garage se deur het ek die bal so laat swenk dat dit die groot kombuisvenster langsaan aan skerwe laat spat het. Sy ma se gesig toe sy haar met 'n groentemes sny van die skrik ... dit onthou ek ook.

Toe ons na die toets terugry huis toe, het my pa gevra: "Jy's baie stil. Het jy dit dan nie geniet nie?"

Geniet? Dit was nie die kwessie nie. Daar was oomblikke dat ek gesit en bewe het van opwinding. Maar sy stemtoon het iets anders bedoel. Hy wou hê ek moes die teenoorgestelde sê.

"Dit was orraait," het ek my skouers opgehaal. "Ek het nie regtig verstaan wat aangaan nie."

My pa het sy kop geknik, tevrede.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ek kon nie wag dat ons tuiskom nie. Ek het ’n nood gehad, maar hom nie gevra om naby ’n boom te stop nie; ek het my bene gekruis en geknyp, en die Volvo vinniger gewens. Toe dit uiteindelik in die agterplaas tot stilstand kom, het ek deur die voorhek laat vat voor enigeen my kon keer. By die straat af, tot by my nuwe vriend Koos-hulle. Wat dalk ’n rugbybal kon hê.

Maar hy het nie. Oftewel, hy het een gehad, maar dit het ’n lek opgedoen wat so ernstig was dat sy pa dit sommer weggegooi het. Ek het Koos probeer oorreed om in die vullisblik te gaan rondkrap, maar dit is vroeër die week reeds leeggemaak. Toe het ek gevra om toilet toe te gaan.

Ons is na Wouter toe, wat ’n krieketkolf en ’n kurkbal gehad het, en dalk ’n rugbybal iewers in sy kas, tussen al die gebreekte speelgoed. Maar ’n rugbybal is die een ding wat hy nog nooit besit het nie, het Wouter gebieg.

“Wat van Japie?” het hy voorgestel.

Japie was ’n skraal kind wat alewig vir enigiets en enigeen aan die wegkruip was.

“Hy’t ’n rugbybal?”

“Sy pa koop alles vir hom.”

Ek het opgewonde geraak. Japie het net straat-af van ons gebly.

Maar die son het reeds gesak. Wouter se ma het hom geroep vir aandete. Ek en Koos moes ons in die donker huis toe haas, om ons ouers se raas oor ons laatkommery te gaan verduur.

Die volgende dag was ek ’n paar minute na dagbreek reeds op. Ek het by die tuinhek uitgeglip en aan Japie-hulle se voordeur geklop. Ek het voorgegee om vreeslik verleë te wees om sy pa in sy kamerjapon te sien, maar hy het saamgespeel, en het Japie gaan roep, wie se ooglede nog aanmekaar gesit het van die slaap.

“Hei, Japie,” het ek gesê. “Ek hoor jy het ’n rugbybal.”

Japie was nie dom nie. Ek het my gretigheid probeer wegsteek, maar dit moes alte sigbaar gewees het. Hy kon gou sien hy het die hef in die hand, en het hom daarom nie gehaas om sy kortbroek aan te trek nie. Ons was nie juis vriende nie, en hier was ek by hom aan huis, die

© University of Pretoria

nuwe leerling, die presteerder wat gevra is om op te staan in die klas en die simbole by sy vorige skool op te sê: A+, A-, A, A en A. Wat, asof dit nie genoeg is nie, ’n Engelse ma het en ’n sokkerbal in ’n groter seun se wind kon skop en hom laat dubbel vou en hinkepink van pyn.

Japie het oneindig lank gevat om deur al die goed in sy kamer te vroetel. Toe hy die rugbybal kry, het net my goeie maniere my gekeer om dit by hom te gryp. Hy het my na buite gelei en die bal ongeërg op die grasperk laat val. Toe trek hy sy hemp aan. Dit was Sondag.

“Kan ek daaraan vat?” het ek gevra. Japie het ’n bietjie gemaak of hy dink, en sy kop geknik. Toe maak hy sy hempsknope vas.

Ek het my asem opgehou terwyl ek vir die eerste keer in my lewe behoorlik na ’n rugbybal kyk. Dit was van leerstroke gemaak met dieselfde vorm as die waatlemoenskille wat  na ’n piekniek oorbly. ’n Bietjie eenvoudig vergeleke met dié van ’n sokkerbal. Maar die rugbybal het met sy veters vergoed. ’n Sokkerbal se veters is eintlik oorbodig, maar ’n rugbybal s’n het alles mooi saamgetrek, soos wanneer jy jou hemp by jou broek insteek en jou holspiere moet knyp om op aandag te staan.

Ek het die bal oor die gras gerol. Ek het dit op my vinger probeer tol. Japie het my gewys: Die klein snytjies in die leer nadat hy dit per ongeluk by die bure se appelboord ingeskop het. Hy het gestaan en pruil en gelyk of hy die bal gaan soen, maar dit was net om spoeg in sy mond te vorm: Hy het ’n druppel versigtig op die snytjies met sy vinger gesit. Dit het vir my gelyk hy maak dit net erger, maar ek wou nie Japie se oomblik bederf nie. Ek het hom nodig gehad.

“Hei, Japie, wat sê jy ons kry ’n paar appels uit daai boord.” Ek het na die bome gewys wat ’n mens aan die ander kant van ’n gesnoeide heining kon sien. Die buurman was ’n mynbestuurder.

“Hy’t ’n geweer,” het Japie gefluister. Hy het nou met die bal tussen sy traliebeentjies gestaan.

“ ’n Geweer?”

“ ’n Haelgeweer. Hy’t nou die dag amper ’n kaffer raakgeskiet.”

“Maar hy sal nie witmense skiet nie, sal hy?”

“Daai ou is mal! Sê nou hy dink ons is kaffers?”

© University of Pretoria

"Dis hoekom ons slim moet wees."

"Hoe?"

"Ons skop die bal by die boord in, en dan gaan ons na sy voorhek, en ons maak of ons dit wil gaan soek. En terwyl ons soek, skaai ons 'n paar appels, en gooi hulle sommer hiernatoe."

"Maar hy sal my ma vertel en my pa sal my slaan."

"Ek sal sê ek het dit gedoen."

Dit was te veel vir Japie. Ek was besig om my lewe vir hom op die spel te plaas. Ek het nie verraai hoe desperaat ek was om net een probeerslag met die bal te kry nie - maak nie saak wat nie, rondgooi, dribbel, in my arms hou, van end tot end skoonlek.

Om homself te help besluit, het Japie die bal tot in 'n hoek van die grasperk geskop. Ek het dit agterna gesit, maar net toe ek dit wou gryp, spring dit na die verkeerde kant toe en my hande maak so 'n toiletgeluid, "glaps", soos ek daarna rondtas.

Japie het gelê van die lag. Dit was my eerste ondervinding van die spring van die bal. Pure Laurel en Hardy, Charlie Chaplin en Buster Keaton. Dit was asof die bal besig was om met ons te spot.

Japie het nou op hom gaan sit.

"Dink jy dit sal werk?" het hy gevra.

"Probeer is die beste geweer."

"So jy sal die bal skop."

Ek het my kop heftig geknik.

"En as my ma vra, sal ek sê jy't die bal geskop."

"Struesbob." Dit was noodsaaklik om dit uit te spel, sodat ek hom nie agterna kon beskuldig dat hy 'n klikbek is nie.

"En as jou ma vra?"

"Ek sal vir haar sê ek het die bal geskop."

"Kom ons maak 'n hopie."

Op die rand van die grasperk was 'n molshoop. Dit was te na aan die heining, maar soos 'n gesoute losskakel wat terugstap om die hoek van die skop te verklein, het hy die grond aangedra en 'n mooi klein platformpie 'n ent verder weg gemaak.

© University of Pretoria

Dit sou die eerste keer in my lewe wees dat ek 'n rugbybal skop. Ek het my skoolskoene aangetrek; ek het nie omgegee hoe snaaks dit lyk nie — ek kon Japie nie vir sy toks ook vra nie. Dan sou hy begin om te spog met al sy ander goed, en dan sou ons nooit by die bal uitkom nie. Nie voor kerk nie.

Ek het by die toets gesien 'n mens moet die bal skeef op die hopie sit. Dit het sin gemaak: Jy moet die bal skop op die plek waar al die leerstukke bymekaar kom. Soos die plek in jou hol waar dit seermaak. Op die been.

Ek het agtertoe getree, met lang treë, ook soos by die toets, maar amper my balans verloor toe ek van die grasperk af trap.

"Nie in die blomme nie!" het Japie geprotesteer, en beangs na die groot sitkamervenster geloer of sy ma ons sien.

Maar uiteindelik, al op die rand van die grasperk, kon ek vorentoe tree en die bal skop, met al my krag. Ek wou die bal so ver as moontlik van die buurman se huis af kry, in die anderkantste hoek van sy tuin, sodat ons kamma lank moes soek. Dan sou ons kans kry om 'n hele paar appels oor die heining te gooi.

Die bal het die lug ingesny. Ek het nie aan die telefoonpale en drade gedink nie, en my hande op my kop gesit want dit het gelyk of hy die groot paal op die hoek gaan tref. Maar dit het oorgeseil, en voortgevlieg, al verder en verder. En verdwyn. Iewers in die agterplase van die huise in die blok langsaan.

"O sherbet," het Japie gesê, sy hande ook op sy kop. Ek het nie gedink hy kan vloek nie. En dit op 'n Sondag.

Ek was verstom. Hoe het ek dit reggekry? Ek het na my skoen gekyk. Wat 'n skoen, hé, wou ek vir Japie sê. My toon was 'n bietjie styf, maar ek kon eenvoudig nie uitwerk hoe die bal met net een skop so ver kon trek nie.

Japie het in trane uitgebars. Ek het hom haastig aan die skouers gevat en agter 'n wilgerboom ingelei waar sy ouers hom nie kon sien nie.

"Jy't my bal weggeskop," het hy gesnik.

"Hei, ek het dit nie bedoel nie," was al wat ek kon sê.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Hoe gaan ek dit terugkry?"

Hy was reg: Hoe? Ons moes eers daaroor gaan sit en dink. Ons sou die mense in die straat langsaan toegang tot hul agterplase moes vra. Maar watter huis was dit? Hoe sou 'n mens kan uitwerk watter huis staan by watter agterplaas? En as die bal in 'n boom beland het, of op 'n dak? Of 'n venster gebreek het?

By dié gedagte het 'n rilling langs my ruggraat afgegaan. Ons was diep in die moeilikheid. Ek was. Dit was alles my skuld. Nou moes ek wys wat in my steek, dat ek dit op my kon vat soos 'n man.

"Ek sal hom vir jou terugkry, Japie, ek belowe."

In die kerk het ek geluister hoe die dominee oor die slegtigheid van die wêreld preek, en hoe ons ons sondes moes bely, en God om vergifnis moes vra. Ek het gebid: God, help my om Japie se rugbybal terug te kry en ek sal vir die res van my lewe elke Sondag kerk toe gaan.

Ek het besluit om my pa nie te vertel nie. 'n Mens kon nooit weet hoe hy sou reageer nie. Hy het my al 'n paar keer geslaan met 'n gordel wat hy om sy hand gerol het, en dit het meer geraas as enigiets anders gemaak. Maar dit was iets om te vermy, al was dit net om verleentheid vir ons albei te verhoed.

Daardie middag, toe ek seker was hy en my ma slaap hul weeklikse slapie, het ek by die huis uitgesluip. Die hele buurt was stil, dood eintlik, almal deur hul groot Sondagmaaltye neergevel.

Ek het my langbroek aangehou, en my das weer vasgeknoop, al moes ek dit twee keer losmaak omdat ek die kuns nog nie bemeester het nie: My ma het dit gewoonlik voor die spieël gedoen, ek op my tone om beter te kan sien.

Teen die tyd dat ek by die huis aankom net regs van die een agter Japie-hulle s'n – wat ek kon eien aan die wilgerboom – het die sweet by my wye kraag ingeloop. Maar ek kon dit nie waag om enigiets los te maak nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

’n Man het die deur oopgemaak. Te laat het ek besef hy het ook geslaap. Maar ek moes vasbyt, en hy het my knorrig toestemming gegee om om die huis na die agterplaas te loop, solank ek stil was en nie weer geklop het nie.

Ek het oral gesoek. Elke agterplaas het ’n boord gehad, gewoonlik perskebome en ’n appelkoosboom of twee. Die bal het nie in enige van die takke vasgesit nie. Ek het agter ’n skuur ingetuur, my wang skeef teen die warm bakstene. Vanuit ’n appelkoosboom was daar niks op die dak te siene nie. Toe het ek maar in die boom bly sit, en probeer dink wat ek nou moes doen.

Na ’n hele ruk het ek besluit om reguit na my pa te gaan en alles te beken. Miskien kon ons ’n nuwe bal vir Japie kry. Met die afkomslag het ek sommer in die appelkoosboom langsaan geklim. Miskien kon ek ’n bietjie daar rondsnuffel voor ek gaan.

Ek het uit die boom geval, en my Sondaghemp geskeur. Ek het agter die boom ingeskarrel, en toe ek genoeg moed bymekaar kon skraap, omgekyk na die huis. Alles het stil gelyk, en ek het van stam na stam gehurkloop, op soek na Japie se bal. Daar was dit wraggieswaar, in die boom langs die laaste buurman se muur. Ek het gereken dit moes die muur getref en in die mik van die stam beland het - die enigste verduideliking vir die feit dat dit aan die ander kant van Japie-hulle se huis was.

Ek het die bal omarm, maar toe ek uit die boom spring, het dit losgespat. Ek het agterna geskarrel en rondgetas daarna op die gras en toe ek weer opkyk, was dit in die broekspype van ’n man vas. Sy hande het bokant my in sy sakke gebol.

“En wat maak jy?”

Dit was die skool se onderhoof, ’n streng man vir wie almal bang was en wat na aan God self gelyk het, selfs meer as die dominee. Ek het skaam opgestaan en probeer maak of my hande vreeslik vuil was en al my aandag met die afvee moes kry. Ek het met geboë hoof gewag vir wat ook al my straf gaan wees.

“Wie se bal is dit?”

© University of Pretoria

“Dis myne, meneer,” het ek gejok. Ek gaan Japie beskerm, kom wat wil.

“En hoe het dit hier gekom?”

“Ek het dit geskop, meneer.”

“Van waar af?”

“Van...” Die keer kon ek nie betyds dink aan ’n plaasvervanger nie. “... van Japie Bosch se huis af.”

“Al die pad van daar af?”

“Ja, meneer.”

“Jok jy nie?”

Ek het nie geweet wat om te sê nie. Dit het vir my ook nogal oordrewe gelyk. Ek het my kop onseker geknik.

“Wie is jy?”

“Jaco Blignaut.”

“O, jy is daardie nuwe kind, die halwe Engelsman.”

Dit was ’n lae hou, maar ek het weer geknik.

“Speel jy rugby?”

Ek het my kop geskud.

“Hoekom nie?”

“My pa en ma wil nie hê nie.”

“Mmm,” het hy gesê, en toe vir ’n ruk lank gestaan en dink.

“Môre moet jy na skool bly, gehoor? Kom na die rugby-oefening. Ek sal met jou pa gaan praat.”

En dit was al. Hy het die bal by my gevat, dit in die lug getol, en teruggegee. Ek was maar te bly om so lig daarvan af te kom.

© University of Pretoria

# Hoofstuk 3

DAARDIE Maandag kon ek nie my ontbyt klaar eet of stilstaan in die rye of 'n inkkol keer toe ek my pen se punt so hard druk dat hy split nie. Speeltyd het ek gaan sokker speel agter die fietsloods, want ek wou nie my titel as die beste doelskieter prysgee nie. Maar toe die laaste skoolklok lui is ek soos 'n dwarrelwind uit by die skool, my hande agter my rug om my skoolsak op te druk sodat vinniger kon hardloop.

Deleted: bly

Eers op die kantlyn van die hoërskool langsaan, waar ek gehoor het die eerste span oefen, het ek tot stilstand gekom. Toe moes ek vir 'n oneindigheid wag terwyl die spanlede een na die ander uit die kleedkamer onder die pawiljoen verskyn. Niemand het my raakgesien nie want almal was aan die vroetel en verstel aan hul wit kortbroeke. Al was die meeste truie te groot en maar bra verbleik, het ek jaloers na die breë strepe en die dik krae gestaar. Net 'n paar kinders het toks gehad, die res het kaalvoet gespeel. Dit was 'n myndorp, die meeste mense was selfs armer as my pa, 'n klerk by 'n prokureur.

Deleted: '

Deleted: was

Dit was 'n skok toe die onderhoof in sy eie kortbroek opdaag. Dit was nie al nie, hy het met die groot seuns in standerd vyf gestaan en gekskeer. Was ek veronderstel om dit alles te sien? Eers toe hy sê, "kom, kom," en saam met ons om die veld hardloop, het hy weer soos 'n normale onderwyser begin lyk. Ek het probeer om in die bondel te bly, ingeval iemand my raaksien. Teen die tyd dat die regte oefening begin het, was my bors aan die brand, en ek moes 'n ruk lank met my hande in my sye staan om te keer dat ek opgooi.

Deleted: opdaag,

Deleted: Nog erger

Hy het my eers gesien toe almal hul posisies inneem, die voorspelers hand om die lyf soos meisies op pad skool toe.

"Hiert, jy, af van die veld af," het hy driftig beduie, "daar, anderkant die kantlyn."

Nou wou ek huil ook. Hy't my dan nie eens onthou nie. Toe die ander begin speel, het ek nog gestaan en hyg, geel en blou vlekke voor

© University of Pretoria

my oë, en in die kikoejoegras kon ek al die stringe braaksel sien van die siek hond wat ek was.

Na omtrent 'n halfuur, toe ek begin regkom en die rus in my stywe bene kon voel opkruip, het hy ekstra lank op sy fluitjie geblaas. Hy het na die kantlyn gewink. Ek het omgekyk. Nee, nee, het hy ongeduldig beduie. Jy, jy, die nuwe seun, het hy geskree, en sy vingers geklap. Ek het vraend 'n vinger na my bors gewys en toe gehardloop.

"Jy beter my vertel wat jou naam is."

"Jaco, meneer."

"Wel, Jakkie, gaan speel heelagter."

Paniek het my beetgepak. By die toets kon ek uitmaak wat 'n skrumskakel en 'n vleuel was, omdat hulle die meeste aandag getrek het. Maar wat is 'n heelagter? Ek het tussen die ander ingeslenter in die hoop dat iemand iets sal sê. Maar niemand het nie, en ek gaan staan toe maar onder die pale soos 'n doelwagter, en trek my broek op en sprei my bene en arms.

Dit het 'n ruk gevat voor iemand van my onthou. Skielik het die fluitjie weer geblaas en die onderhoof het sy hand op sy mond gesit om nie te lag nie. Die ander was nie so ordentlik nie, en het dubbel gevou en wraggies gaan lê van die lag. Toe
die onderhoof weer sy hande klap, kom, kom, het die een vleuel suur vir my beduie, so skuins agter hom.

Hulle het met hul hande op hul knieë gestaan, en ek het hulle nageboots. Wanneer hulle vorentoe sluip, loer-loer by die skrum in, het ek saamgesluip. Wanneer hulle die bal aangee na mekaar, het ek soort van saam gehardloop – miskien moes ek die bal optel as hulle dit laat val. Soos 'n paaltjiewagter.

Toe sê die onderhoof ons moet 'n regte wedstryd speel. Dié keer het die agterspelers woes beduie waar presies ek moes gaan staan. Skielik het ek getel.

Die eerste span het afgeskop. Die bal het klein geword in die lug, en toe groter en groter, reg op my af. Ek het nog nooit 'n bal uit die hemele gevang nie, en voor ek kon besluit hoe om te maak, het dit

© University of Pretoria

dwarsdeur my arms geplons tot in my skoot. Ek het dit nie eens sien wegrol nie; ek het neergesak met my hande oor my goeters, blind van die pyn en uitasem.

Ek kon vaagweg die gelag hoor, die tweede keer. Die onderhoof het my op die skouer geklop, kom, kom, sit maar ’n ruk, jy sal oorleef.

“As jy die bal vang, sal die bal jou nie vang nie,” het hy met ’n stem vol wysheid gesê, en ek het besluit dis onmoontlik om van hom te hou. Komkommer, het ek hom stilletjies gedoop.

Ons moes voortspeel. Die res van die tyd het ek die lug koorsagtig dopgehou, soos vir die soekligte bokant my oom die generaal se huis in Voortrekkerhoogte. Dit was seker waarom ek nie die vet slotvoorspeler kon sien nie. Nie betyds om bang te word nie.

Hy het deur ’n paar flou pogings tot verdediging in die agterlyn gebars. Sy arms het rondgeswaai soos hy alles en almal om hom wou wegmoker. Iets, instink, het gesê ek was die laaste een tussen hom en die doellyn, ek kon nie net opsy staan nie. Ek het gedag ek hoor ’n gegrom agter sy geknelde kake, met spoeg en sweet wat oral spat. Ek moes seker my tande ook gekners het: Ek sal hulle almal wys.

Hy het bo-oor my gehardloop. Ek het na iets probeer gryp, enigiets, sy arms, sy kop en sy hemp, oral tegelyk. Van agter af kon ek my duim in sy broek se rek gehaak kry. Sy knopknieë het in my maag beland, en my asem vir die tweede keer daardie dag uitgeslaan. Ons het omgerol, weer en weer, en die stof het gestaan, want daar was ’n droë kol.

Toe sien ek dit: Bloed! Daar was bloed op my bene, maar ek het geklou, terwyl hy my vorentoe sleep, en my hakke het slote in die grond gemaak. Tot sy broek skielik om sy knieë was. Hy het die bal net daar laat val om dit weer op te trek, so skop-skop, en toe slaan hy my oor die kop. Om met jou broek op jou knieë gevang te word, was die grootste verleentheid wat daar was, selfs ’n drie kon nie vergoed daarvoor nie.

Ek kon deur ’n waas sien dat my eie knieë ’n gemors was. Dit het gebrand van die seer, maar ek kon net aan een ding dink: Wat gaan ek vir my ma sê? Ek was diep in die moeilikheid. En ek het skielik besef

Deleted: net

© University of Pretoria

Komkommmer het nie met hulle gaan praat nie. Hy't nie eens my naam onthou nie.

Hy het my op my hurke laat sit, my kop tussen my knieë. Ek het nie gedink dis nodig nie, maar hy moes wys hy weet hoe om 'n noodgeval te hanteer. Ek kon die bloed en die stof ruik, en die gras het 'n groen smeersel op my dy gelaat. Die oefening was op 'n end – die ander seuns het almal in 'n ry gestaan by die waterkraan langs die pawiljoen en 'n paar haastige slukke gevat, koponderstebo.

**Deleted:** D

Komkommer het my onder die arm geneem en na die kraan gestuur. Onder die silwer, stromende water het hy my knie rof met sy sakdoek skoongemaak. Hy wou weet of ek mercurochrome wou hê. Ek het nee gesê. Nie soseer omdat dit sou brand nie, maar omdat almal, veral my ouers, die groot rooi merk sou raaksien.

**Deleted:** Ek is aangesê om
**Deleted:** oo
**Deleted:** k
**Deleted:** te gaan
**Deleted:** Komkommer

Toe het hy my weer veld toe gewink. Ek kon nie weier nie. Hy het die bal op die kwartlyn neergesit. Skop hom tussen die pale deur, is al wat hy gesê het. Ek het gesluk. Was hy ernstig?

"Kom, kom, wys ons wat jy kan doen."

Ek het die bal op 'n effens hoër kol kikoejoe neergesit, terug getree en dit in die rigting van die pale geskop. Pyn het deur my toon gedril; ek het nie geweet 'n mens se toon is lank genoeg vir soveel pyn nie. Die bal is net onder die pale deur. Ek was van voor af verstom; ek kon kwalik die plesier wegsteek, ek het maar gaan kyk of die gras iets oorgekom het.

"Fmm," het die onderhoof gesê. Toe vat hy 'n ander bal van nêrens en sit dit 'n entjie weg van die middel van die veld af, en binne die kwartlyn. Hy het dit mooi gestel, op 'n hopie grond wat hy geduldig bymekaar geskraap het. En vir my gewys: Die bal is effens regs van die denkbeeldige lyn na die pale gestel. Ek het geweet wat aangaan, dit was soos om 'n sokkerbal te laat swenk. Die idee het my hart laat bons van opwinding. Omdat my regtertoon buite aksie was, het ek die bal met my linkervoet geskop.

**Deleted:** gemik
**Deleted:** die
**Deleted:** in sokker

"Mmm," het Komkommmer dié keer gesê, en vir die eerste keer regtig beïndruk gelyk. Hy het sy hand op my nek gesit en my in sy kar laat klim. Ek was dankbaar: Ek was so styf en stram en seer ek het

© University of Pretoria

gedink ek sou dit nooit op my eie terug huis toe maak nie. Ek het stil op sy sitplek gesit, bang ek besmeer die onberispelike leer met bloed of iets.

Die Volvo was in die straat geparkeer.

"Is dit julle kar daai?" het Komkommmer gevra. Toe ek knik, het hy die handrem van sy Valiant soos 'n skielike kriek laat skree terwyl hy dit optrek, en die enjin afgeskakel. My ouers was in die sitkamer, diep in hul stoele ingesink. Dit het gelyk of my ma gehuil het. Komkommmer het homself voorgestel en toe almal stilbly en na my kyk, het ek haastig die sitkamer verlaat.

Ek was uitgeput, maar ek het in die kombuis rondgehang, kamma om water te drink. As 'n mens die een bakelite-stoel teen 'n hoek onder die tafel uittrek kon jy tot in die sitkamer sien — ten minste my pa se enkels wat onder sy broek en sy afgesakte kouse uitsteek. Ek het gaan pie en toe ek terugkom, het my pa vooroor gesit met sy hande tussen sy knieë geklem.

Dit was 'n teken van nederlaag. Die onderhoof moes hulle omgehaal het om my te laat rugby speel. Ek is na my kamer, waar ek dadelik aan die slaap geraak het. Toe ek weer wakker word, was dit donker, en die bedsprei het aan die wond op my knie vasgesit.

Dat 'n kompromie gesluit is, het ek met die volgende oefening ontdek.

"Nee, net heelagter," het die onderhoof gesê toe die een vleuel nie opdaag  en iemand voorstel ek moet sy plek neem. Die kanse dat ek sou seerkry, was minder, en dit was seker my ma se voorwaarde. Laerskoolkinders was nie juis meesters van die "up and under" nie en kon ook nie vinnig genoeg hardloop om die heelagter om te dompel nie. My rol was stelskopper, en ek was heimlik verlig, want my hele lyf het nog gepyn.

Alles was so opwindend ek het skaars agtergekom ek het opgehou sokker speel. My stelskoppery het my buite my eie klas bekend gemaak. Ek was alreeds 'n goue seun onder die onderwysers, wat beteken het ek moes alewig opstaan om die regte antwoorde op te sê. Agter hul rûe het

**Deleted:** het

© University of Pretoria

ek my oë gerol sodat ek nie soos iemand se witbroodjie lyk nie. Nou het ek die respek van die sportiewes ook gehad; dit was nie algemeen dat ’n jonger seun saam met die standerd vyfs speel nie.

My reputasie is finaal gevestig toe ek my bynaam vir die onderhoof laat val: Komkommer, Komkommer het die kinders agter sy rug gegiggel.

Eendag het Wouter en Koos my gevra om ’n bietjie na skool te bly. Hulle het so geheimsinnig geklink dat ek moes instem. Ons het ’n stuk veld naby Wouter se huis oorgesteek na ’n groot akkerboom langs ’n grondpad. Hulle het plegtig na ’n klomp takke geklim waar vier planke vasgespyker is om sitplekke te vorm.

Ons het almal op die planke gaan sit. Wouter het sy elmboog belangrik op ‘n tak geleun.

Koos het gesê: “Praat jy.”

Wouter het gesê: “Nee, praat jy.”

“Ek’s die sekretaris, jy’s die voorsitter.”

“Maar...”

“Ek skryf net goeters neer.”

Wouter het gefrons: “Nou maar orraait.”

Hy het vreeslik verleë gelyk, ek kon sweer hy was ’n bietjie rooi, hoewel dit die skadu van die takke kon gewees het.

“Kyk,” het hy gesê, “dinge is nou so: Ons het ’n bende. En ons wil hê jy moet aansluit.”

Ek kon bars van ingenomenheid. So ’n uitnodiging deur die twee voorbokke in die klas was die finale teken van my aanvaarding. Maar ek het gemaak of dit iets alledaags was; ek sluit nie sommer by enige bende aan nie.

**Deleted:** Ek is in die middel van dinge aanvaar deur die

“Vertel my eers ’n paar dinge.”

“Soos wat?”

“Wat... is die naam van die bende?”

Wouter en Koos het na mekaar gekyk.

“Ons het nog nie een nie.”

“Maar wat het julle gedink?”

Wouter het sy skouers opgehaal. “Iets soos... die Jakkalse.”

© University of Pretoria

"Die Jakkalse?! Hoekom nie leeus, of olifante nie?"

"Almal wil leeus wees. En al die leeuname is al gevat."

Hy het 'n tydskrif uit sy rugtas gehaal: *Jongspan*. In elke uitgawe is die name van die jongste bendes van oor die hele land gepubliseer. Wouter het my gewys: Daar was Bosveldleeus en Stadsleeus, Bergleeus en Seeleeus, Koningleeus en Leeukonings… selfs 'n klomp Leeuwyfies.

Deleted: skooltas

Daar was 'n ander probleem. Dit was moeilik om 'n leeu vir die bende se stempel te teken, wat 'n mens by die tydskrif kon bestel. Party leeus in die sirkels of driehoeke van die embleem het soos katjies gelyk wat pruike dra. 'n Leeu moes jou darem laat skrik.

Wouter het probeer verduidelik: "Jakkalse moet slim wees. In al die stories is hulle slinkser as die leeus."

Maar jakkalse… hoe teken 'n mens 'n jakkals? Ek het probeer dink aan iets wat ons wel kon teken.

"Wat van… Die Koedoes?"

Ek het hulle gewys hoe maklik dit is om horings te teken met riwwe wat om hulle spiraal. Jy kon dit nie vir enigiets anders aansien nie. Koedoes was sterk en groot en kon bo-oor 'n kar spring. Elke jagter wil eendag 'n koedoe neervel. Ons kon selfs ons eie kreet maak: "Koe-doe! Koe-doe! Koe-doe!"

Dit het die deurslag gegee. Ons het hande geskud: Die Drie Koedoes.

"So wat gaan ek wees?" het ek gevra.

"Wel, ek is die voorsitter, en Koos is die sekretaris. Jy kan die…" Wouter moes eers deur die tydskrif blaai… "penningmeester wees," het hy gelees.

"Wat is 'n penningmeester?"

Wouter het verder gelees. "Die penningmeester… maak seker die bende spandeer nie meer geld as wat hy moet nie."

Hoe 'n mens dit moes doen, was glad nie duidelik nie. Watter geld? Sou hulle vir ons 'n bietjie stuur? Maar ek was tevrede met penningmeester, ek was per slot van sake die nuwe lid.

© University of Pretoria

"Tjips!" het Wouter skielik gesê, en ons het agter die blare ingekoes. Ons kon 'n swartman in die verte sien aankom. Wouter het in stilte 'n paar akkers van die takke af gepluk, ons ook. Toe die man naby genoeg was, het Koos een gegooi en sy kop met 'n harde klapgeluid getref. Die man het alles wat hy gehad het net so laat val, en ons moes ons proese in ons hande gesmoor.

Deleted: met die pad langs gestap

Hy het goed geweet waar die akker vandaan kom, maar hy het gemaak of hy niks agterkom nie. Hy het net plegtig al die goed wat hy laat val het opgetel, en voortgestap, met akkers wat by sy kop verby woer.

Ek het nog 'n paar oefeninge bygewoon, maar nie 'n wedstryd gespeel nie. Komkommer het seker gedink ek is nog nie gereed nie. Maar ons het voortgegaan met die bende. Ten spyte van ons dierenaam, het ons besluit dat ons ridders was, en probeer om swaarde uit besemstokke te maak.

Deleted: ons

Ons kon hulle nie laat werk nie. Ons het nie geweet hoe om harde, ronde stokke plat te kry nie. Die enigste vordering het gekom toe ons die stokke in lang splinters breek; so was hulle kort genoeg ook. Wouter het begin praat van 'n knipmes wat hy by die OK Bazaars gesien het. Met 'n handvatsel met diep groewe in soos in 'n stuk bas. Dit het 'n skêrtjie, 'n sagie, en 'n botteloopmaker ook gehad. Ons kon alles gebruik om die swaarde mee skerp te maak.

"Waar gaan ons die geld kry?" het ek gevra.

Ons het ons sakgeld getel. Dit was nie naastenby genoeg nie. Selfs al wag ons tot die volgende maand, sou ons geld saam nie die prys haal nie.

"Jy's die penningmeester," het Wouter gesê, en sy besemstok na my gedruk-druk, sodat ek amper my balans in die boom verloor het. "Jy moet die geld in die hande kry."

Hoe? het ek gewonder. En sou ons die geld betyds kry? Het ons nie werk gehad wat wag nie? *Jongspan* het gesê daar was baie misdaad in die land; die onderwysers het van daggasmokkelaars gepraat, en hoe

© University of Pretoria

die swartes hand-uit ruk wanneer hulle buite die lokasie is. Wouter en Koos het saamgestem. Dit was 'n dringende kwessie.

"So wat kan ons doen?"

"Wel," het ek voortgegaan. "Ek het 'n paar boeke oor die Kruistogte gelees."

Hulle het ten minste geweet wat die Kruistogte was.

"So wat daarvan?"

"As hulle iets nodig gehad het, het hulle dit by gewone mense gevat. Gekommandeer."

"Sommer net so?"

"Wel, soms wou die mense eers weet waarvoor dit was, maar dan het hulle ja gesê."

"So jy dink ons moet net die mes gaan vat?"

Ek het stilgebly.

"Maar dis steel!"

"Ons kan ons sakgeld opspaar en die geld teruggee," het ek haastig gesê. Ek wou nie my plan laat vaar net omdat daar 'n klein haakplek was nie.

Hulle het met groot oë na my gekyk, maar niks gesê nie. Ek het geweet ek het hulle in die palm van my hand.

Ek het my hand uitgesteek. "Gee my julle geld, sodat ons kan begin."

Ek het die sweterige muntstukke getel, en in my sakdoek toegedraai, wat ek met verskeie knope vasgemaak het om te wys ek gaan dit nie vir myself gebruik nie.

"So wie gaan die mes vat?"

"Hy's die penningmeester," het Koos gesê.

"Ek's nie bang om dit te doen nie," het ek gesê met vurige oë. "Maar julle moet saamkom, om kywie te hou."

Wouter het 'n bars deur my probeer kyk, want hy was tog die voorsitter, maar kon op die ou end net sy kop knik. Koos het ook sy kop geknik, agter Wouter aan.

**Deleted:** Dit het Koos sy kop ook laat knik

Ons het die hele pad dorp toe gestap, en net by Wouter se huis gestop om water uit die kraan in hul tuin te drink. In die OK Bazaars het Wouter ons eers gaan wys waar die messe was.

"Is dit al?" het ek gevra, want dit was so 'n klein messie, skaars langer as 'n grootmens se duim. Maar ek moes erken, die handvatsel van vals hout het baie mooi gelyk. En omdat dit so klein was, kon dit maklik in jou handpalm pas.

Wouter en Koos het so styf-styf soos soldate aan elke end van die gang gestaan waarin die elektriese ware uitgestal is, muurproppe en rolle koord, en duur elektriese skeermesse wat niemand gekoop het nie. Ek het gemaak of ek hulle nie ken nie, maar toe ek weer loer, het hulle heeltemal vooroor geleun en aan mekaar gehang soos hulle soek waar die winkelassistente is. Ek het probeer beduie hulle moet regop staan, deur my arms styf langs my lyf te hou asof ek op aandag staan. Koos het sy duim hoog in die lug gesteek, en ek het beduie: Hou dit stil! Hou dit stil! Koos het sy hand agter sy oor gesit: Wat?

Ek het besluit om die taak agter die rug te kry voor ons nog meer aandag trek. Ek het reguit na die rakkie gestap, een van die messies in die verbygaan gevat en dit agter my rug in my ander hand gesit om dit in die broeksak die verste van die rakke af te steek.

Die messie het 'n plastiekomhulsel gehad wat met 'n etiket toegekram is. Die plan was om die omhulsel in die toilet te gaan afhaal en dit by 'n spoelbak af te spoel. Ek het na die trappe aan die een kant van die winkel gemik, maar 'n meisie in 'n pienk, gestreepte uniform het daar gestaan en kyk na my en ek moes omdraai na die ander trappe. Wouter en Koos was nêrens te sien nie.

Deleted: na die toilet toe te gaan,
Deleted: omhulsel
Deleted: plastiek
Inserted: plastiek
Deleted: af te

In die hokkie in die waskamer het ek die plastiek afgeskeur en my vingers oor die groewe in die handvatsel laat gly. Toe gooi ek die plastiek en die etiket in die bak en spoel die toilet en kyk hoe draai die goed vir 'n oneindigheid in die water.

Deleted: stuk

Die deur het oopgebars en 'n harige hand het van nêrens verskyn en om my gewrig gesluit. Ek het omgeswaai; bokant my was die boosaardige gesig van 'n man met 'n dikraambril. Hy het kwaai na die

Deleted: van nêrens verskyn en

© University of Pretoria

mes gegluur wat nog in my vuis was, en dit so hoog opgehou dat my arm seer geword het.

Deleted: dit

Deleted: gemaak

“Ek reken hierdie behoort aan my,” het hy gesê.

Behoort aan hom? Was hy besig om dit by my te steel? Ek het myself probeer loswoel, maar hy het my uit die hokkie in die waskamer in gesleep-trek.

“Dit help nie om jou teen te sit nie. Ek vat jou na die bestuurder.”

Die bestuurder? Ek het besef wat aangaan. Ons is gevang. Ek is gevang. Ek het lam en koud geraak en het die man toegelaat om my vuis oop te buig en die messie te vat.

Ons is so vinnig by die gang af, ek kon skaars tyd kry om te dink. Waar was Wouter en Koos? Dit was natuurlik omdat hulle soveel aandag getrek het… maar ek het gehoop hulle het darem weggekom. Nou was dit die tyd vir martelaarskap, ’n woord waaroor ek altyd gewonder het. Ons moes die bende red. Ek het begin vassteek en rem met my skoene, en die man moes my naderhand by die bestuurder se kantoor intrek.

Hy het oorgeleun na die bestuurder agter sy lessenaar en in sy oor gefluister. Dié het sy kop een keer geknik. Hy het sy hande so gevou dat sy duime kon speel met die punte van die strikdas wat hy by ’n hemp met dun, grys strepe gedra het. Selfs ek kon sien hul uniforms was van goedkoop materiaal. My skrik het heeltemal bedaar.

Die bestuurder het ’n pen opgetel en begin skryf.

“Naam?” het hy gevra.

“Jaco Blignaut.” Ek het parmantig probeer klink, al kon ek nie betyds aan ’n skuilnaam dink nie. Ek het Koos se straatnaam gegee en ’n nommer gefabriseer: 339.

“Is jou pa die nuwe klerk by die prokureur?”

Hoe het hy dit geweet? Gaan hy sê: En is jy daardie halwe Afrikaner met die Engelse ma? Net die gedagte het my laat besluit om stil te bly.

“Mmm, dit lyk of hy sy tong afgebyt het.” Hy het streng na my gekyk.

“So hoekom steel jy ons goed?”

© University of Pretoria

Ek het ferm voor my uitgestaar.

"Hierdie is die mes wat jy gevat het, nie waar nie?"

Ek kon nie my tong keer om vinnig oor my lippe te lek nie. Ek wou my keel skoonmaak, maar was bang dit sou my swak laat lyk.

"Wat gaan ek vir jou pa sê?"

My nekhare het orent gestaan. Sekerlik gaan hy nie... Maar dit was die vanselfsprekende volgende stap.  Paniek het my beetgepak, en hy moes dit gesien het.

"Hoekom het jy dit gedoen, seun? Vertel my net, en ek sal nie na die polisie toe gaan nie."

Polisie? Was dit so ernstig? Die vrae het deur my kop getuimel, met een 'n bietjie sterker as die ander: Wat gaan hulle aan my pa doen?

"Die ander het my dit laat doen."

"Watter ander."

"Net ander."

"Wat is hul name?"

Hier was dit nou. Dit was die toets. Moes ek myself red, en dan uit die bende geskop word? Maar sê nou hulle skop my uit die skool as ek alles beken? Dan sal ek nie weer rugby kan speel nie! Vir 'n dom ding soos 'n messie steel!

"Ek kan nie sê nie."

**Deleted:** My hare het regop gaan staan.

"Hoekom kan jy nie sê nie? Want jou bende se reëls verbied dit?"

**Deleted:** .

Hoe op aarde het hy geweet? En het ons sulke reëls gehad? Ek kon skielik 'n pie voel kom. Konsentreer, het ek vir myself gesê, konsentreer. Moenie eens wys jy het 'n pie deur jou knieë saam te pers nie. Die bestuurder het stip na my gekyk. Wat wou hy hê?

"Jy het gesê jy het dit gedoen omdat iemand jou beveel het. As ek jou sou aansê om jou kop teen daai muur te gaan kap, sal jy dit doen?"

Ek het na die muur gekyk, en myself tyd gegee om dit te bestudeer. Dit het 'n romerige kleur gehad, en die wit lig van die die gloeilamp bokant ons het geglinster op die emalje. Ek het my kop gedraai en hom in die oë gekyk.

**Deleted:** probeer

"Ek sal nie," het ek stadig gesê. "Die muur is te hard."

© University of Pretoria

Dit het gevoel of die dikbrilman skuins agter glimlag, maar die bestuurder het niks weggegee nie.

"Ek gaan jou laat gaan, maar as jy of jou vriende ooit weer jul voete in my winkel sit… sal ek die polisie laat kom."

Die ander man het my onder die arm geneem om my uit te begelei. Toe ons by die waskamer se deur kom, het ek gevra of ek na die "kamerverlaat" kon gaan. Hy het gestaan en kyk hoe ek alles laat gaan teen die krip, en toe ek klaar afgeskud het, my 'n klap agter die kop gegee wat my kop laat sing het. Ek het so vinnig as wat ek kon uitgestap, by die gang en die trappe af en die winkel uit die verblindende sonlig in.

Wouter en Koos was skoonveld. Ook my ma en pa het my nie ingewag soos ek half voorsien het nie. Nadat ek 'n paar keer straat-op en straat-af gekyk het, want ek het nie geweet wat om te doen nie, het ek begin huis toe loop.

Dis toe ek by die koeldrankfabriek verby stap dat dit my skielik tref: Ek is 'n dief! Die bewys dat ek 'n vriend van die duiwel is! Ek sou nog eendag hel toe gaan. Ek kon die bottels hoor klink in die agtergrond, asof hulle wou vier dat ek ook tussen die skare mense op die hel se voerband na die ewige vlamme sou beland. Die trane het oor my gesig gestroom.

Ek kon net aan een ding dink: Om so gou moontlik by die huis te kom en my ma alles te vertel. Sy sou my red. Sy sou my vertel wat om te doen. In my agterkop het 'n gedagte vorm aangeneem: Sy sou my teen die woede van die dominee in die kerk kon beskerm, hom keer om die volgende Sondag my skande op die kansel te onthul. Sy was Engels.

Ek het die stroompie wat ons die "rivier" genoem het by die kort bruggie oorgesteek. Die son het oopgevou in 'n waaier strale deur die bome; vir my het hulle soos die tralies van 'n sel gelyk. Ek het my lyf nie oor die hek gegooi soos gewoonlik nie, maar gehoorsaam die grendel gelig, die hek 'n bietjie oopgetrek vir my om te kan inkom, en die grendel weer hard laat terugval sodat my ma kon hoor ek was tuis.

Deleted: tou

Deleted: net

Deleted: dit

Deleted: om

Deleted: te waarsku

© University of Pretoria

Sy het op die stoep verskyn. Sy was besig om die trane uit haar eie oë te vee. Sy het reeds alles geweet. Ek het na haar gegaan en my arms om haar lyf gesit; waar moes ek begin?

Sy het my oor my hare gestreel. "Ek's jammer, ek's jammer."

"Nee, ek is jammer," het ek gesê, en hard probeer om nie weer in trane uit te bars nie. Skielik het dit gevoel of dit nie meer nodig sou wees om alles uit te lap nie, miskien sou dit selfs beter wees om stil te bly.

"Die lorrie kom môre alreeds. Jy moet begin pak."

Ek het my losgeruk. "Watter lorrie?"

"Ons gaan trek, Jaco. Ons gaan in Pietersburg bly."

Ek was stomgeslaan, van voor af verpletter. Ek het nog nooit so sleg gevoel nie. So vinnig nadat ek die daad gepleeg het? Asof in 'n nagmerrie het ek na my kamer gestap en in die skemer op my bed gaan sit. Nooit sou ek enigiets weer steel nie, het ek hardop gesweer. Ek het op my knieë gesak en my elmboë in die bedsprei ingedruk, my ken op my gevoude hande gesit, en God om vergifnis gesmeek. Net Hy kon my ouers beskerm teen al die moeilikheid wat ek aan die maak was.

**Deleted:** op

**Deleted:** geplaas

© University of Pretoria

# Hoofstuk 4

VRA leë bokse by die Griek van die kafee op die hoek. Vou hulle plat en dra hulle terug huis toe op jou kop. Dan weer 'n stapel koerante. Vou elke bak en pot en al die borde daarin toe, pak alles in die bokse en een of twee plywood-kiste verskaf deur die vervoermaatskappy. Elke keer as ons trek. Een maal 'n jaar.

My pa haal sy reuse-lessenaar uitmekaar, en die king size bed, en wys my hoe die skoendoos lyk vir die moere en boute sodat ek kan help om dit aan die ander kant te kry as dit sou wegraak. Ek gaan lê op die leë vloer in die sitkamer om die meubels te voel verbydril. Tot my pa sê, hokaai, hokaai, en die werkers 'n ou kombers gee om die meubelstukke op te sleep. Want van hulle wil uitmekaar val van al die baie trek.

"As ons dit nie so doen nie, sal ons net vuurmaakhout oorhê. Hulle sal die hele dag lank pap kook daarmee."

Op die grasperk staan die meubels eers soos bedelaars rond. Ek sou in die groot hangkas klim en daar sit tot my ma my uitjaag met 'n klappende vadoek. Of by die lorrie inkruip, in die gangetjies en gaatjies tussen die meubels, soms tot heel agter, verskuil deur die komberse wat my pa oor alles gegooi het.

Op pad na 'n nuwe plek sou ons altyd die familie gaan besoek.

"Trek julle al weer," sou hulle terg. "Was die Groot Trek nie genoeg nie?"

Ons sou oorslaap, al het my ma nie daarvan gehou nie, en ook nie van die manier, het sy gesê, waarop sommige van my tantes na haar kyk nie. Ons sou na die nuwe dorp ry en uitkyk vir die lorrie op die pad. Wanneer ons hom verbysteek, sou ek by die venster uithang en waai met albei arms. Soms het ek vir die werkers agter in die lorrie ook gewuif, maar daar was selde enige reaksie.

Op Pietersburg het ons die sleutels van die nuwe huis by die bure gekry en eers al die deure uitgetoets, soos ons elke keer gemaak het. My ma het deur die kamers geloop, op haar hakke gedraai en die punte van haar baadjietrui uitgehou asof sy dit aan 'n gehoor wou vertoon. Sy het

**Deleted:**
**Deleted:** vir leë bokse
**Deleted:** dit
**Deleted:** soek sou raak.
**Deleted:**
**Deleted:** agter uit die linnekas
**Deleted:** vuurmaak vir
**Inserted:** vuurmaak vir
**Deleted:** maak
**Deleted:** O
**Deleted:** sou
**Deleted:** een van my ooms
**Deleted:** op pad na 'n nuwe plek.

© University of Pretoria

merkies met haar skoen in die vorige inwoners se laaste lagie politoer gemaak om te wys waar sy wat gaan sit. Al het sy altyd van plan verander.

En toe het ons gewag. Dit was die tyd vir enorme toebroodjies op 'n kombers op ons nuwe grasperk, met ham en kaas en tamatie en slaai en, lekkerste van lekker, mayonnaise, alles voorberei deur my tannie. Dit het reg gevoel om dit te doen, om 'n nuwe avontuur behoorlik te begin, met die krummels uit jou mond gewas deur 'n Hubbly Bubbly koeldrank uit 'n kas wat my dominee-oom altyd by 'n gemeentelid gekry het.

Uiteindelik het die lorrie opgedaag en het ek ongeduldig gewag dat my goed afgelaai word. Heel eerste het ek my Dinky Toys uitgepak. Nadat ek vir hulle parkeerplekke geprakseer het in hul dosies op 'n rak van die nuwe ingeboude kas, het ek hulle op die vloer aangetree. Ek was al amper elf, maar die groot oop ruimte was net te verleidelik.

Die eerste dag by die nuwe skool was soos al die ander. Nog in die uniform van my ou skool is ek gevra om op te staan agter my lessenaar. Om my tuis te laat voel, het die onderwyser uit die oordragrapport voorgelees. Die seuns het fronsend na my gekyk, en my as mededinger opgeweeg. Een meisie het omgekyk en haar vlegsels met die linte amper in iemand se gesig laat swiep toe ek braaf terugkyk.

Die onderwyser het 'n nuwe item bygevoeg: "O, ek sien hier hy het ook groot potensiaal as 'n rugbyspeler." Dit het my onkant betrap, en ek kon my gesig voel rooi word. Komkommer het my nie vergeet nie, maar dit het my oortuiging net versterk dat ek 'n nuwe lewe sonder sonde moes lei.

My ma het dit daardie dag aan tafel duidelik gemaak en my pa het haar ondersteun: Geen rugby vir my nie. Dit het my my skouers laat boggel en my voete laat intrek onder die stoel, maar ek het besluit om hulle te gehoorsaam. Ek was 'n slegte mens en het niks anders verdien nie.

Ek het elke dag met vrees in my hart skool toe gegaan. As hulle 'n rapport oor my rugby gehad het, was dit net 'n kwessie van tyd voor die

**Deleted:** goed geweet sy verander
**Deleted:** tante
**Deleted:** s
**Deleted:** sou
**Deleted:** altyd georganiseer
**Deleted:** gretig
**Deleted:** met
**Deleted:** die
**Deleted:** in
**Deleted:** hang
**Deleted:** aangetree
**Deleted:** E
**Deleted:** is
**Deleted:** in die klas
**Deleted:** , nog in die uniform van my ou skool.
**Deleted:** voorgelees
**Deleted:** , en al my prestasies opgenoem
**Deleted:** net te veel van
**Deleted:** om enigiets
**Deleted:** te
**Deleted:** skool toe gegaan
**Deleted:** bietjie

© University of Pretoria

verslag van die OK Bazaars se bestuurder die nuwe skool ook sou bereik. Ek sal daarom die beste voorbeeld ooit van ’n gehoorsame leerling wees, het ek besluit, en nooit weer in sonde betrap word nie. Ek het groter aandag aan my das bestee. ’n Wurgstywe knoop was beter as een wat te los was. Elke aand het ek my skoene gewaks en agterna die swart Nuggetvlekke van my hande afgeskrop.

My nuwe boeke het ek self in bruinpapier oorgetrek, en my ma se hulp net een maal gevra.

“Wat ’n voorbeeldige seun het jy nie geword nie,” het sy een aand aan tafel gesê. “Hy behoort ’n beloning te kry, dink jy nie so nie, Dawie?”

“Ek moes ou Meneer Dickens nou die dag help om iets vir sy seun se verjaardag te kies,” het my pa gesê, en vir my ma geknipoog. Ek het geweet ek moet saamspeel.

“Wie’s ou Meneer Dickens?”

“Hy het ’n boek geskryf, *Great Expectations*,” het my pa gegrap. “Nee, hy is my nuwe ou baas.”

“So waarna het Meneer Dickens in die winkel gekyk?” het ek gevra.

“O, daar was ’n Meccanostel, en ’n modelvliegtuig, en laat ek sien, ’n chemiestel en ’n tennisraket.”

Geen rugbybal nie. Nie dat ek dit verwag het nie.

“Hy’s Engels. Was daar nie ’n sokkerbal nie?”

My ma het geglimlag, en oor my gereik om nog meer kapokaartappels in te skep. My pa het onder sy wenkbroue deur na haar geloer.

“Wel, miskien was daar ’n sokkerbal. Ja, daar was een, van wit leer.”

Wit leer! Dit was toe nog ’n nuwe ding, bedoel vir spreiligte, waarvan daar nog min was.

“As ek Meneer Dickens was, sou ek die sokkerbal gekies het.”

“Jy sou, né?” was al wat my pa gesê het.

Maar ek het nie veel hoop gehad dat ek wel ’n sokkerbal vir my verjaardag sou kry nie. Ek was seker my groot misdaad het nog te swaar

**Deleted:** , gesorg dat dit behoorlik geknoop was
**Deleted:** en my laat
**Deleted:** het
**Deleted:** ,
**Deleted:** my ma
**Deleted:** na haar
**Deleted:** ‘
**Deleted:** wie
**Deleted:** in die land

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geweeg. Ek het ’n straat ontdek met reuse-magnolias op die sypaadjie, wat gewoonlik aandui waar ’n ouetehuis is. Ek het voor skool agter die magnolias rondgehang tot ’n oumens verskyn sodat ek hulle oor die straat kon help.

**Deleted:** Vir ’n paar dae lank

**Deleted:** ek

**Deleted:** hulle gewag

**Deleted:** ,

Ek het die gebeure in Stilfontein oor en oor in my kop herhaal, hoe die harige man my aan die gewrig gryp, hoe my voete oor die vloer van die gang gly-gly, die almanak teen die muur van die bestuurder se kantoor met die ry kruisies op. Ek het die daad probeer regverdig: Ons wou die geld teruggee, dan nie? Dit was om misdaad te bestry, nie waar nie? En ek het nie die mes gesteel nie, dit was dan nog in die winkel. Daar was geen bewys nie, want dit is weggespoel in die toilet. En waar was die mes nou? As die winkelmense dit nie teruggesit het nie, het hulle dit mos self gesteel...

**Deleted:** herhaal in my geheue,

Maar kerk en Sondagskool het gou sulke argumente verpletter. Dit was die duiwel wat so praat! Ek kon dit oral voel, in my bene, my arms, veral in my hart, die sonde. Al sou ek eers die volgende week elf jaar oud word, het ek presies geweet, in die diepste dieptes van my hart en brein, wat sonde was. Ek het selfs geweet wat die dominee bedoel wanneer hy sê almal word daarmee gebore, soos met geelsug, of toe oë.

Om myself te laat glo dat my diefstal nie so ’n groot misdaad was nie, was self ’n misdaad; ek was net te swak om dit te erken, soos die dominee gesê het.

**Deleted:** dit

Toe die tyd vir my verjaardag aanbreek, het ek al ’n paar maats gehad wat ek na ’n partytjie kon nooi. Dit was eintlik net ’n bietjie gemmerbier, ’n plaat vol kolwyntjies en ’n groot sjokoladekoek met elf kerse. Dié het ek uitgeblaas met al my krag, so bang was ek dat ’n oorblywende vlammetjie ’n meisie in my lewe sou onthul van wie ek self nie eens geweet het nie.

**Deleted:** ‘

**Deleted:** een

Ek het almal vertel van die sokkerbal van wit leer wat ek gaan kry. Toe my pa dus ’n plat boks uithaal met ’n groot lint daarom gebind, was

© University of Pretoria

ek onthuts. Maar miskien was die boks so plat omdat die bal nog nie opgeblaas is nie.

Die bruinpapier het bly terugflap, sodat ek naderhand die present oopgeskeur het. In die boks was 'n ... tennisraket. Ek het hard probeer om 'n grynslag op my gesig te hou en nie my mond te laat druip van teleurstelling nie. 'n Raket! Wat vir 'n meisie het my pa gedink is ek?

My ma kon sien hoe sake staan. Sy is die kombuis in.

"Kyk wat het ek," het sy gesê toe sy weer tevoorskyn kom, 'n bottel Coca-Cola in elke hand. Almal het alles laat val. Ons moes in 'n tou staan terwyl sy 'n halwe glas vir elkeen skink. Dit was alte gou op, selfs myne, al was dit 'n volle glas. Ons het rondgestaan asof ons deur 'n klomp boelies beroof is.

Maar hulle het gou van my vernedering vergeet. Iemand het die sokkerbal gegryp wat ou Neville van langsaan uit gewoonte saamgebring het. Ek het eers net gekyk hoe skop hulle dit rond. Maar toe dit tot voor my voete rol, het ek laat waai. Die bal het tussen die lang, wit dorings van die doringboom in die hoek beland.

Die raket was vergete, tot daardie aand, toe my ma dit na my kamer bring. Ek het dit onder my bed laat ingly, met die drie wit balle wat hulle gekoop het, en die kleiner plankraket, vir wie ookal teen my wou speel. Dit was waar die nuwe bediende dit gekry het, oor wie my ma alreeds haar kop geskud het: "Daai Bettie!" Dit was deel van die roetine ook; sy sou altyd die eerste twee nuwe bediendes die trekpas gee voor sy een aanvaar.

Bettie was anders. Toe sy die tennisraket onder die bed kry, het sy nie 'n plek probeer vind om dit te stoor nie, soos 'n laai, of onder my hemde, of in die besemkas of die koelkas nie. Sy het dit na buite geneem en die balle probeer slaan.

Sy het so gelag vir haarself, dat ek gevoel het ek moet haar wys wat om te doen. "Whoehoe," het sy geskree toe sy die voorarmhou skielik baasraak en die bal tussen die twee vensters van die slaapkamers slaan. Ek het die raket by haar geneem en haar die een van hout gegee.

Deleted: stomgeslaan

Deleted: staan

Deleted: ge

Deleted: in

Inserted: in

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tennis was nie so sleg nie, het ek ontdek. Ons het die bal heen en weer geslaan, heelwat kere mis, maar ons het so gelag, ons het my ma nie sien aankom nie. Sy het die houthandvatsel uit Bettie se hand gepluk en geskree sy moet die skottelgoed gaan was.

**Deleted:** -

Sy het na my gedraai. “Wees versigtig as jy met die swartmense speel. Moenie hulle idees gee nie. Hulle is hier om te werk.”

**Deleted:** t hulle n

Ek het nie weer daaraan gedink nie. Maar daardie aand het ek ’n plek vir my raket bo in my kas gekry, waar ek dit regop laat staan het sodat ek die etiket kon sien: Mercury. Eenmaal, toe ek reeds in die bed was, het ek opgespring en my vingers oor die vernis van die raam laat gly, en my naels oor die vierkantjies van die snare laat ratel.

Ek kon nie slaap nie. Bettie het rooierige lippe gehad, of was dit perserig, soos van moerbeie eet? Het sy lipstiffie gebruik, soos my ma? Soos die vrou in Stilfontein na wie ek die klip gegooi het? Weer het die gedagte van nêrens gekom om haar op haar lippe te soen. Ek het omgedraai, en my kop in die gestyfde kussingsloop gedruk om ontslae te raak daarvan, om dit te smoor tot ek skaars kon asemhaal.

**Deleted:** ’n G

**Deleted:** het

Sonde was oral. Ek kon dit net nie vermy nie. Ek was ’n slegte mens. Sleg. Sleg.

Ek dink dit was die eerste nag dat ek God gesien het. En met Hom gepraat het. Dit was in ’n droom, sal ek erken, maar dit was so helder dat ek agterna gewonder het of Hy nie regtig in my kamer was nie. My pa het dikwels vergeet om die voordeur te sluit.

**Deleted:** hom

**Deleted:** dikwels

God het ’n yslike baard gehad wat omgekrul het aan die punte; hy het nogal na my oom gelyk wat ’n klavierspeler geword het in ’n land met die naam Joegoerai, en wat ons in geen jare gesien het nie. Maar God het ’n trom geslaan, dié wat jy in ’n kadetorkes kry, en op ’n fluitjie soos ’n skeidsregter geblaas.

**Deleted:** g

**Deleted:** geblaas

Ek het aan tafel gesit en melk uit my papbord gemors. God het op sy fluitjie geblaas en dit toe uit sy mond laat val, sodat dit die trom met ’n “plonk” getref het.

**Deleted:** op die trom geval

© University of Pretoria

“Strafskop!” het hy geskree en laat waai met ’n geroffel van die trom.

Ek het die straat ingevlug, net om op ’n brulpadda by ’n poel water te trap. “Strafskop!” het God geskree, met nog ’n geroffel.

**Deleted:** na die reën

Ek het darem die skool gehaal, maar daar het ek ’n inkkol in my rekeningkundeboek gemaak. Die ink was skaars uit my pen of God het geskree: “Strafskop!” Naderhand het ek net ’n vinger verroer, dan skree hy: “Strafskop!”

**Deleted:** kon

**Deleted:** nie

**Deleted:** nie,

**Deleted:** of hy

**Deleted:** ,

**Deleted:** s

Toe daag my ma uit die bloute op en begin met God stry. Daar was te veel strafskoppe. “Straf, straf, straf,” is al waaraan Hy kon dink, het sy hom berispe. “Straf, straf, straf,” het sy haar vinger vir Hom gewys.

**Deleted:** ,

**Deleted:** hom

Maar God het hom nie van stryk laat bring nie. Hy het streng na haar gekyk, nadat Hy homself in my oom die generaal verander het, met sy tromstok nou die staf onder sy arm.

**Deleted:** h

“Wat is verkeerd met jou, vroumens,” het hy geskree. “Skop net die verdomde goed oor.”

Strafskoppe skop? Dit kon ek doen. Ek het uit my droom ontwaak, gereed vir enigiets, terwyl die sonstrale my nuwe kamer binnestroom. Dit het heeltemal anders as die tyd voor kerk gevoel, wanneer ek maar swaar opgestaan het om my pak klere te begin aantrek. Daar was skielik hoop.

Maar daar was een probleem: Wat presies is ’n strafskop? In Stilfontein, in die paar skoolwedstryde wat ek gesien het, was daar genoeg strafskoppe. Dit het almal baie kans gegee om te rus. Maar hoekom het die afrigter of die skeidsregter hulle toegeken? Dit was glad nie duidelik nie.

Wie kon ek vra? Tydens pouses het ek die groter kinders dopgehou terwyl hulle rugby speel. Hulle het nie enige strafskoppe gehad nie. Daar was geen pale om die bal deur te skop nie. Hulle het nie soos ons sokkerspelers sommer ’n vullisdrom en ’n boomstam as doelhok gebruik nie.

**Deleted:** het

**Deleted:** Dit was

**Deleted:** se doelhok,

© University of Pretoria

Daar was altyd ’n onderwyser wat oral op die skoolterrein rondgeloop het. Jy kon maklik ’n klikbek genoem word as jy met hom gaan praat, of dat jy probeer witvoetjie soek, maar teen die tweede pouse kon ek dit nie meer hou nie. Dat die dag se toesighouer ook ’n rugby-afrigter was, het die deurslag gegee.

**Deleted:** die

**Deleted:** tweede

**Deleted:** dag na my droom

**Deleted:** daardie dag

Die vraag het uit my mond geval: “Wat is ’n strafskop, Meneer?”

Hy het nie gelyk of hy weet hoe om te antwoord nie.

“ ’n Strafskop?” het hy herhaal. “Laat ek sien: Dis wanneer ek jou onder jou bas skop omdat jy nie jou onderwyser behoorlik groet nie.”

Ek het gebloos. “Goeiemiddag, Meneer.”

“Dis nog oggend.”

Ek het my gewig van die een been na die ander verplaas, in die trapperige beweging wat ’n mens moes maak om jou onderdanigheid aan grootmense te wys.

“Goeiemôre, Meneer.”

“Hoekom wil jy weet?”

“Die Afrikaanse onderwyseres het gevra.” Ek was onmiddellik spyt. Hoe maklik het ek nie weer gesondig nie.

“Vir ’n opstel?”

Ek het my kop geknik. Daar was geen omkeer nie.

“Laat ek sien. Strafskoppe is waaroor rugby eintlik gaan. Geen spel kan sonder hulle plaasvind nie.”

“Maar hoekom noem mens hulle strafskoppe?”

**Deleted:** word hulle strafskoppe genoem?

Hy het gegryns, en oorgeleun om my stywe koller te probeer verstel.

**Deleted:** aan

**Deleted:** reg

**Deleted:** trek

“Want julle verdien almal om gestraf te word. Want julle kan nooit iets reg doen nie. Julle is so gebore.”

Ek kon dit skielik sien: Rugby was vir my bedoel. Vir mense wat steel uit winkels, nie hul onderwysers groet nie, nie hul huiswerk doen nie. Sondaars.

“Maar meneer, kry elke span strafskoppe aan die begin?”

**Deleted:** Ek kon die God van my droom ’n sak vol sien uithou.

Hy het sy arms gevou en met sy vinger op sy wangbeen getik voor hy antwoord. “Jy kan so sê, ja. Eintlik, as ’n mens so daaraan dink, is dit

© University of Pretoria

waar. Dis onmoontlik vir 'n wedstryd om plaas te vind sonder, ag, ek weet nie, vyftien, sestien strafskoppe."

Jare later sou ek hierdie idees uitbou, toe ek hulle beter verstaan het. Ek sou opstelle en artikels skryf oor die konsep van oersonde. Die dominees het dit in die volk se koppe ingehamer: Jy is in sonde ontvang en gebore, en alleen Christus kon jou red, en dan alleen uit genade. Of as jy een van die uitverkorenes was. Goeie dade was net ter ere van God. Dit het geen verskil aan die uitslag van die spel gemaak nie.

Dit word alles gedramatiseer in die spel van rugby. So baie is die reëls, en so ingewikkeld, dat 'n dosyn oortredings aan elke kant, amper een per speler, onvermydelik is. Verskeie opsies is beskikbaar aan 'n speler in elke beweging, en sy reflekse, sy instinkte, sy oersonde, sal verskeie kere tot die sondige keuse lei. Sulke onvermybare foute word gestraf met 'n strafskop, en die erns van die saak is bewys deur hulle dieselfde aantal punte te laat tel as 'n drie.

Op elf was ek egter ver van sulke pontifikasies af. Ek het nog steeds nie geweet hoe strafskoppe op die speelveld werk nie. Daar was net een manier om uit te vind.

Soms het die rugbyspanne direk na skool geoefen. Aangesien my ma eers teen so drie-uur tuisgekom het van haar werk by 'n blommewinkel, kon ek 'n kans vat. Ek het eendag na die rugbyveld oorkant die skool geslenter en gemaak of ek die tasse oppas wat holderstebolder langs die kantlyn neergegooi is.

'n Strafskop was 'n groot besigheid, kon ek sien, noudat ek behoorlik gekyk het. Die afrigter sou hard op sy fluitjie blaas, en dan sou almal 'n ruk lank rondstaan terwyl hy verduidelik hoekom. Sy hande het rondgewaai asof hy 'n verkeerskonstabel was, en toe 'n voorman wat werkers wys hoe om 'n sloot te grawe. Toe pluk hy druiwe. Die voorstes het hard probeer om te konsentreer, maar die agterstes, wat gedink het die afrigter kon hulle nie sien nie, het net gegaap of soos tam koeie aan grasssprietjies gekou.

Deleted: ,
Deleted: ge
Deleted: het wat voorgegee ek was daar om die tasse op te pas
Deleted: gelê het
Deleted: swart
Deleted: Almal

© University of Pretoria

Maar wanneer moes 'n mens pale toe skop? Daar was nie genoeg tyd tydens die oefeninge om iemand die strafskop te laat skop nie, dit kon ek sien. Ek was gefrustreerd. Strafskoppe was soos psalms, wat jy net tydens 'n kerkdiens kon sing.

Op die derde dag het ek die prefek wat die oefenbal kon huis toe vat, om net een skop gevra. Dit was reeds na aan drie-uur, maar ek kon dit nie meer hou nie.

Deleted: toegelaat is om
Deleted: te
Deleted: vir
Deleted: myself
Deleted: in

"Orraait," het die standerd vyf gesê.

Hy het verstom na my gestaar toe ek die bal van die kwartlyn af tussen die pale deur skop. Hy het oral om hom gekyk vir die afrigter, maar hy was reeds weg.

Deleted: rond
Deleted: huis toe

Ek het my huis toe gehaas. My ma was daar, maar gelukkig was sy so besig om met Bettie te raas dat ek verby haar kon sluip na die agterplaas toe, waar ek in aller yl 'n paar bossies begin uittrek het om te wys ek was besig met iets goeds.

Deleted: reeds
Deleted: tot
Deleted: in

Die volgende dag is ek oor die interkom aangesê om tydens die eerste pouse na die afrigter se klaskamer te kom. Na 'n paar vrae het hy bloot gesê: "Volg my." Ons het die straat oorgesteek na die leë rugbyveld. Weer moes ek my vaardighede demonstreer. Eenmaal moes ek van 'n plek tussen die middellyn en die kwartlyn af skop. Dit was oor. Hy het probeer wegsteek dat hy beïndruk was.

Deleted: in sy
Deleted: gaan
Deleted: ontmoet.
Deleted: ,
Deleted: net
Deleted: nou
Deleted: ï

"Asseblief, Meneer," het ek gesmeek, "moenie my pa vertel dat ek na skool gebly het vir rugby nie."

Deleted: ma

Ek het die situasie verduidelik. Soos Komkommer het hy ook onderneem om met my ouers te gaan praat.

Weer het my pa daardie verslae uitdrukking op sy gesig gehad. My ma het net vies gelyk. Ek was ook ongelukkig: Die afrigter het vergeet om te sê hy het my die demonstrasie in skooltyd laat doen.

Deleted: tjie
Deleted: te

"Kan jy regtig die bal so ver skop?" het my pa skepties gevra toe die afrigter weg is.

"Met my skoolskoene aan," het ek gejok.

© University of Pretoria

My ma het my beveel om na my kamer te gaan en nie weer voor aandete te verskyn nie. Ek het op my bed gaan lê en na my tennisraket gestaar. As ek dit sou weggooi, sou hulle my toelaat om rugby te speel? Maar ek het geweet dit was nie nodig nie. My ma het my kamer toe gestuur want sy het verloor.

Ek sou binnekort ’n strafskop in ’n regte wedstryd kon skop, het ek myself moed ingepraat, en verlos word van my sondes. Party van hulle, in elk geval.

Deleted: net

Deleted: , uiteindelik

Deleted: aangespoor,

Deleted:

© University of Pretoria

# Hoofstuk 5

HOE ek kon onthou wat ek as elfjarige gedroom het? Ek sal moet bieg: Miskien het ek alles uit my duim gesuig. Maar dit help minstens om die verband tussen die strafskop as tydsbeheermeganisme en oersonde uit te lig.

Oersonde was 'n alomteenwoordige, deurpriemende krag, die basis van die Bybelse aanspraak dat die sondes van die vaders aan die kinders besoek sal word. Vir sommige Afrikaners, soos dié in my familie, was die sonde van hul grootvaders om oor te gee na die Anglo-Boereoorlog, waarna hul seuns moes bly veg teen verengelsing. Maar in 1948 het die uitverkorenes, geroep deur God, daarvoor vergoed deur die Nasionale Party tot 'n oorwinning in die verkiesing te lei.

Oersonde was 'n sleutelkonsep in die ontplooiing van apartheid, en later die noodtoestande tydens die Koue Oorlog. Om 'n land te regeer kon nie geskied sonder sekere onvermydelike morele oortredings nie. Maar solank God die uitverkorenes van hierdie sondes verlos het, was sulke oortredings, selfs moord en doodslag, aanvaarbaar en nodig.

Te veel vir 'n kind se droom om te dra? Aan die ander kant ... drome was altyd 'n ding in ons familie. My ma het my vertel, lank na my pa se dood, dat ook hy van God gedroom het. Sy kon nie onthou hoe hy hierdie God beskryf het nie, maar sy het 'n ander droom baie goed onthou: Dat hy Jan Ellis was, en 'n drie op Ellispark gaan druk het.

Ten spyte van sy afkeer in rugby, het hy hierdie droom dikwels gedroom. Miskien was dit omdat hy so minderwaardig teenoor al sy broers gevoel het. Die Hoërskool Lichtenburg se eerste span is naderhand die Blignaut-klub genoem, so goed het al my ooms gespeel.

Hy het pas by haar begin kuier toe sy die droom die eerste keer teëgekom het, in sy studentedae as tuinier by die Uniegebou, waar sy in die tiksterpoel was. Sy het hom eendag in 'n dwaal gekry op een van die lang stel sandsteentrappe wat af na Kerkstraat lei. Hy het 'n soort aanval gehad, en iets gepraat van Jan Ellis wat 'n drie druk.

**Deleted:** kon

**Comment:** Miskien het ek alles uit my duim..

**Deleted:** was my argument, en het tot

**Comment:** Spreuk?? Dit staan in die bybel? Geloof

**Deleted:** gelei: Die

**Deleted:** sal

**Deleted:** ten spyte van die konsentrasiekampe,

**Deleted:** lank

**Comment:** Nomineer? Geroep/met God as voorman/presies volgens God se plan/??

**Deleted:** .

**Deleted:** gedoen word

**Deleted:** hulle

**Deleted:** '

**Deleted:** hy

**Deleted:** een

**Deleted:** soort

**Deleted:** verslag van 'n

**Deleted:** Toe

**Deleted:** juis as gevolg daarvan,

**Deleted:** nog net

**Deleted:** ge

**Deleted:** hy

**Deleted:** oorvertel

**Deleted:** het -

**Deleted:** Uniegebou gewerk het

**Deleted:** Eendag daarna het sy

**Deleted:** gekry

**Deleted:** aflei

**Deleted:** aan die voet van die kompleks

**Deleted:** hallusinêre

**Comment:** Dis baie vreemd. Kan hy dalk " iets gepraat van God en Jan Ellis en 'n drie druk???

**Deleted:** verbeel hy was

© University of Pretoria

My ma het voet by stuk gehou: Hy het gedink hy is Jan Ellis. Die ware Jan het eers Springbok in die 1960's geword, en hierdie voorval was jare vantevore. Is my pa met die helm gebore? Hoekom het hy dan nie ander voorspellings gemaak nie? Of was die meer prosaïese verduideliking dat Jan en my ooms iewers teen mekaar gespeel en hom vertel het van hul geniale teenstander?

Dis nie 'n swak verduideliking nie, aangesien ek iewers gelees het Jan Ellis het delwers as familie gehad, mense soos my oupa. Miskien het albei van rugby geleer in die sagte grond opgediep deur duisende armblanke hande wat die walle van die Vaalrivier omgedolwe het vir daardie sku klippies wat 'n mens se lewe kon verander.

Die ander vraag is: Is die gees van my pa besig om my skrywende hand te lei? Is my pa God? Sou ek dit erken as ek sou uitvind? Ek sou nie so ver gaan as om te sê dat skryf 'n vorm van verneuk is nie, self 'n sonde nie, maar dis ook nie die eerlikste bedrywigheid wat daar is nie.

Hoe dit ook al sy, daardie voorval moes 'n kommerwekkende een gewees het. Genoeg om hom te verswak in sy beroep, waarin hy nie net sy eie nie maar ander mense se varkies ook moes bymekaar hou. Ek kon vroeg reeds sien dat my pa maar 'n lomperd was, nie baie bedrewe met manipulasie nie, selfs nie eens van materiële dinge nie.

Veral een herinnering bly steek: hoe hy een aand gebuk oor die kombuistafel aan die sukkel was om die Volvo se vergasser weer aanmekaar te sit nadat hy dit skoongemaak het. Toe hy besef hy haak vas, het hy die weerbarstige onderdeel in 'n bietjie petrol gedoop, 'n paar keer, tot die vloeistof naderhand by sy polse afloop. Toe het hy opgegee, moedeloos oor die baie onderdele oral op die formica van die tafelblad, soos 'n versameling rare insekte in 'n laboratorium wat nog geklas moes word. Einde ten laaste het hy sy stoel agteruit geskuif, en twee, drie lang treë na die telefoon in die gang gegee...

**Deleted:** Ellis
**Deleted:** the
**Deleted:** hy en
**Deleted:** het
**Deleted:** slegte
**Deleted:** se pa was 'n
**Comment:** Omgedolwe het (nie moes)
**Deleted:** dié soort
**Deleted:** jy
**Deleted:** jou
**Deleted:** En
**Deleted:** was
**Deleted:** in 'n bakkie
**Deleted:** ge
**Deleted:** het
**Deleted:**
**Deleted:** d

© University of Pretoria

"Ek het jou hulp nodig, man," kon ek hom deur die oop deur hoor. "Hierdie blerrie vergasser, of wat jy ook al die stupid ding noem."

Dit het my die kans gegee om twee van die onderdele te bekyk en hulle in mekaar te laat pas; dit het so maklik gelyk. Toe hy met instruksies op 'n stuk papier terugkeer, het ek my hand vinnig onder die tafel gehou, sodat hy nie die petrol aan my vingers kon ruik nie.

Hy het niks agtergekom nie, net sy tong uitgesteek van die konsentrasie, en dit begin kou. Later sou ek ook my tong kou, maar aangesien dit geneig het om te swel en my nie gehelp dink het nie, het ek my ma se gewoonte aangeleer: Om 'n haarlok om haar vinger te krul terwyl sy lees. Dié was net een van die baie wat sy met haar rollers gemaak het; myne het ongemaklik kruisbeen in my kort kuif gesit.

Om jou tong te kou, het ook nie gewerk wanneer jy rugby speel nie, het ek tydens my heel eerste oefening ontdek. Ons moes mekaar oor ons skouers dra van die een kantlyn na die ander, en toe ek weer sien, val ek op my kop. Gelukkig het ek net 'n klein stukkie tong afgebyt, maar my mond was vol bloed. Ek het dit agter die afrigter se rug in die gras uitgespoeg, bang dat hy my huis toe sou stuur.

Omdat my verjaardag in die eerste helfte van die jaar was, is ek in die onder-elfs gesit. Praat van verneuk. Weer op heelagter. Maar met my eerste oefenwedstryd het ek dwarsdeur die span gehardloop — teen die sywaartse beweging van die agterlyn in. 'n Laerskoolkind was seker nie veronderstel om sommer sulke "angles" of diagonale te kan doen nie, en ek is dadelik in die A-span gesit, op die regtervleuel.

Die afrigter was ook ons wetenskaponderwyser en het sy vrye tyd in die klaskamer gebruik om patrone vir rugbybewegings in sy rofwerkboek te teken. Hy het my vorentoe geroep. Ek het my oefeningboek saamgevat, want ek het gedink hy gaan my straf omdat my huiswerk laat was.

**Deleted:** nie
**Deleted:** eie
**Deleted:** ,
**Deleted:** teruggeval
**Deleted:** na
**Deleted:** op
**Inserted:** op
**Deleted:** tot dit 'n lok word
**Deleted:**
**Deleted:** . Dit het
**Deleted:** ontdek
**Deleted:** ,
**Deleted:** toe ek op my kop gedompel is.
**Deleted:** dit was genoeg om
**Deleted:** te vul/maar dit het erg gebloei
**Inserted:** /maar dit het erg gebloei
**Deleted:** ,
**Deleted:** want my verjaardag was in die eerste helfte van die jaar.
**Deleted:** –
**Deleted:** laat staan nog hulle toe te pas,

© University of Pretoria

“Ag, moenie jou daaroor bekommer nie,” het hy gesê. “Jy kan dit môre inhandig.” Dit sou die eerste van verskeie kere wees dat ek uitstel kry.

“Kan jy losskakel speel?”

Losskakel? Wag ’n bietjie, het ek gedink. Van agter af gesien het dit soos die moeilikste jop in die span gelyk. Na al die werk deur die voorspelers in die skrum, het die skrumskakel die bal na die losskakel gestuur, wat die eintlike besluite geneem het. Dikwels verkeerdelik. Hy was die grootste sondaar in die span.

Toe hy sien ek aarsel, het die afrigter gesê ek moet hom in die oë kyk.

“Jaco,” en hy het ’n rukkie stilgebly vir effek, “jy kan dit doen. Jy het ’n rugbybrein. Ek kan jou die beste losskakel maak wat hierdie skool nog gesien het.”

Ek het geweet ek het verstand. Dit was niks nuuts nie. Almal het my gevra wat ek gaan word, ’n dokter of ’n prokureur. Of eerste minister. Gelukkig het ek ook geweet dis sondig om te loop en dink jy is die kat se snor net omdat jy ’n bietjie verstand het. Maar ’n rugbybrein. Dit was ’n vreemde idee.

Een van die eerste dinge waarvan ’n rugbyspeler moes leer, het die afrigter tydens my eerste oefening aangekondig, was die losskrum. As een bo-op jou vorm, moes jy jou arms om jou kop hou om jou kop te beskerm. Moenie worry dat jy ’n sissie gaan word nie, het hy streng gesê, jy moet dit doen, of anders kom jy in die moeilikheid, beide onder ’n klomp vet seuns, en by hom. Baie belangriker as jou voete of jou hande, of jou — en hy het ’n vinnige vuis gemaak — is jou kop.

As jy ’n rugbybrein het, beteken dit jy sal eendag eksamen moet skryf?

Ek was verward. Hy moes na die skewe hardlopery verwys het. Maar daar was ’n bruin kol sonder gras en ek het gereken om links verby te gaan sou ’n bebloede knie verhoed as ek geduik word. En toe was daar ou Tamatie, sy gesig rooi, sy wange wou bars en sweet het soos sap

**Deleted:** dit altyd
**Deleted:** gesê, of
**Inserted:** altyd
**Deleted:** die hele tyd
**Deleted:** rond
**Deleted:** te
**Deleted:**
**Deleted:** vernaam
**Deleted:** wees
**Deleted:** -
**Deleted:** –
**Deleted:** ,
**Deleted:** graslose

© University of Pretoria

gespat, en 'n mens kon die afrigter se woorde in sy kop lees: "Storm, Tamatie, storm!" Ek het blindelings weer regs geswaai.

Was 'n rugbybrein die vermoë om aan ander dinge as net jou bewegings te dink? Soos waar daar gras is en waar nie? Sou die afrigter slaag met wat my pa nie kon regkry nie: Om my in 'n kenner van wortels, blare en droë spriete te verander?

Dis een onderwerp wat ons almal in elk geval moes baasraak: die geheimenisse van gras. Saam met die spring van die bal kom die verrassings van die bulte en holtes van speelvelde. Naas die bui van die skeidsregter, tel die toestand van die gras steeds onder die mees onderskatte faktore in die uitslag van 'n wedstryd.

In Pietersburg was dit gou duidelik dat gras om selfs groter dinge as rugby gegaan het. Wanneer die geskiedenisonderwyser met een van sy tirades begin het, moes jy hard probeer voorgee jy sien nie die pokmerke op sy gesig uitstaan nie, meer nog as die kraters van die volmaan. Of hard probeer vergeet dat dit die rede is hoekom almal hom Frikkadel noem.

"Tsjaka het sy krygers taai gemaak," het Frikkadel gesê terwyl hy ons aangluur. "Wat het hy gedoen?"

Hentie! het hy sy vingers geklap, maar terwyl Hentie nog sy stoel agteruit skraap om op te staan en so 'n groot kommosie as moontlik maak om tyd te wen, sou Frikkadel sy vingers in Jan se rigting klap. Wanneer Jan omkyk na Hentie en voorgee hy is besorg oor klasetiket, sou die vingers in Bertie se gesig klap. Almal sou faal... en Frikkadel sou omdraai en dramaties na die swartbord stap en begin skryf.

"D-u-w-w-e-l-t-j-i-e-s..."

Julle, het hy woedend na ons gewys, val op die gond neer en huil soos mamma se seuntjies wanneer julle op 'n kol duwweltjies op die rugbyveld afkom, maar die Zoeloekrygerkoning Dingaan se iempies het dit die hele dag lank gedoen. Kaalvoet! Swart kinders loop op growwe

**Deleted:** om

**Deleted:** les

**Deleted:** vir die res van ons lewens geleer

**Deleted:** het

**Comment:** Die belangrikhid van gras selfs verder asrugby gestrek het? Weet nie, maar dis bietjie vreemd.

**Deleted:** net

**Deleted:** dat

**Deleted:** meer

**Deleted:** as gewoonlik

**Deleted:** nie

**Deleted:** ge

**Deleted:** het

**Deleted:** probeer het om

**Deleted:** om te dink

**Deleted:** ,

**Deleted:** ,

**Deleted:** voortgegaan

© University of Pretoria

grondpaaie skool toe en leer hard, hulle sal eendag nog hardloop! verby sulke wit sissies soos julle.

Dit was baie eenvoudig. Ter wille van die toekoms van die land moes ons rugby speel op 'n veld met ten minste drie soorte duwweltjies en hier en daar 'n verdwaalde akasiadoring. Die klein rondetjies, wat lyk soos 'n bolletjie snot met klein uitsteeksels, of 'n seemyn in die kleine, was die minste. Terwyl jy speel, het jy so hard gekonsentreer dat jy die steek eers agterna gemerk het. Dan was dit net 'n geval van uittrek, of sommer net afvryf. Erger, maar steeds hanteerbaar, was die klein twygies met pendorings so lank soos vingernaels wat uit die tuine om die speelveld op die wind aangery gekom het.

Verreweg die skrikwekkendste was die kolle sagte netelagtige duwweltjies. Hulle was soos 'n versweerde veluitslag op die groen, maar ondanks hul goue kleur, het jy hulle eers gesien wanneer dit te laat was. Of wanneer jy gelak en in hulle gesleep word. Hulle het jou gebyt en hul gif het in jou vel ingesypel en jy het vergeefs die pyn probeer wegwil. Jy sou wens dat die skrum sal ophou in duie stort, sodat die spel kan voortgaan en jy die steekpyne kon weghardloop.

Maar ons het nie eens op ons tonge gebyt nie. Ons sou miskien 'n bietjie op en af loop, maar verder sou ons geen gevoel verraai nie. Soos Tsjaka se krygers. Ons was oortuig ons berei ons voor vir die dag dat die swart hordes oor ons grasperke stroom tot in ons huise waar hulle babas se koppe teen ons nuwe wit stowe te pletter sal slaan.

Ek het nie lank vir die onder-elfs gespeel nie. Die eerste span het 'n skopper nodig gehad. Hulle het my weer laat heelagter speel want ek was glo te jonk vir losskakel. Maar na 'n paar waagmoedige steekskoppies – waarna ek die bal blitsig agterna gesit en weer opgeraap het, nie die gewone ding vir 'n laerskoolkind nie – is ek sonder verdere omhaal agter die skrumskakel laat staan.

Ek het beroemd geraak. Dit het beteken dat sommige van die groter kinders dreigend om my sou kom staan, maar sonder die gewone

**Deleted:** HARDLOOP
**Deleted:** ,
**Deleted:** het
**Deleted:** moeite veroorsaak
**Deleted:** eenvoudig
**Deleted:** op die wind aangery gekom het
**Deleted:** al
**Deleted:** Maar v
**Deleted:** ,
**Deleted:** weer
**Deleted:** ens
**Deleted:** sou
**Deleted:** sou
**Deleted:** op heelagter gesit,/weer

© University of Pretoria

gestamp en gestoot en gepootjie en geskop van maermerries. Of dat die jonger kinders rugbyballe sou aandra sodat ek dié kon skop vir hulle om te vang. Daar was uitnodigings na etlike speletjies in al die hoekies van die skoolwerf. Rook ook, aan die ander kant van die swembad, waar 'n mens 'n onderwyser of prefek maklik kon sien aankom, betyds genoeg om jou stompie oor die heining in die straat te gooi.

En dit het meisies beteken. Daar was Monika en Griet, en Yvette, wat graag oor goed geleun het sodat haar blou broekie styf oor haar boud span. Steeds diep bewus van my sondigheid, sou ek altyd wegkyk, veral wanneer sy dit bo-oor my lessenaar doen.

Deleted: kon wys,/gewys het
Inserted: /gewys het
Deleted: ge
Deleted: gevange /

Eendag, terwyl ek aansuiker oor die vierkant waar ons aangetree het na pouses, het sy en twee vriendinne voor my kom staan. Haar arms was gevou. Die ander twee meisies het my beskuldigend aangekyk en hul hande so in hul baadjiesakke gehou dat hul duime uitsteek.

"Hoekom praat jy nie met my nie?" het sy gevra, en haar lippe getuit asof sy *sulk*.

Formatted: Font:Italic

"Ek het te veel huiswerk," het ek sonder om te dink geantwoord. Die meisies het minagtend gesnork; Yvette het so spottend na my gekyk dat ek begin bloos het.

Deleted: geantwoord,

"So jy verkies huiswerk bo my," het sy gesê.

"Die onnie gaan ons slaan as ons nie ons huiswerk doen nie," het ek daarop gewys.

"Sissie. Hy's so bang vir die onnie," het sy geterg. "Sien jy dit," het sy gesê, en 'n vuis gemaak met die duim langs die kant soos meisies doen. "Ek sal jou donner as jy nie met my praat nie."

Deleted: op die wysvinger

Die ander twee het gegiggel. Yvette en ek het na mekaar gegluur. Sy het helder blou oë gehad en 'n string van haar kuif het oor hulle gesak. Sy het dit vies weggevee.

Deleted: , wat sy probeer wegvee het.

"Orraait," het ek naderhand gesê, "waaroor wil jy praat?"

"Solank dit nie oor rugby is nie."

En dit was al. Sagmoedig van sondigheid het ek ingestem. Waarna 'n lang stilte gevolg het. Tot sy dit met 'n brawe wip van haar kuif verbreek het.

© University of Pretoria

"Wil jy die kys hê?" het sy uit die bloute gevra.

"Orraait," het ek my skouers opgehaal, hoewel ek nie presies geweet het wat dit beteken nie. En daarmee het die klok gelui, en ons moes storm vir die rye.

Later het ek ou Ernst gevra wat hy dink nou moet gebeur.

"Jy moet uitgaan met haar," het hy dringend gefluister.

"Waarnatoe?"

"Ek weet nie, net uit."

Sy het weer die leiding geneem en 'n briefie in my lessenaar gesit, wat ek moes lees terwyl ek maak of ek 'n boek soek. "Kom saam met my swembad toe," het sy geskryf. "Kom haal my op jou fiets."

Ek moes 'n fiets leen want ek nie een gehad nie. En wat het sy met "haal" bedoel? Ek het laat wiel na haar huis toe en na die agterdeur gemik, waar 'n mens altyd gaan aanklop het wanneer jy by jou vriende gaan speel. Maar haar ma het gesê sy is by die voordeur, en ek moes eers om die huis loop om haar in die voorportaal te gaan groet, met 'n vinnige handdruk.

Toe is ons weer na die agterplaas, waar ek my fiets skaapagtig van die grasperk af opgetel het. Toe moes ons nog hare uit die motorhuis gaan haal. Dit was nie 'n goeie begin nie.

By die swembad het ek my klere in die manskleedkamer uitgetrek. Die skerp reuk van urine en ontsmettingsmiddel, en gechloorde swembroeke op die verbleikte dennehoutbanke het my hart vinniger laat klop. 'n Mens het 'n rubberband vir jou mandjie klere gekry, wat ons soos Rooihuide se ringe tot oor ons bo-arms getrek het. Ek het geweet so iets sou nie daardie dag werk nie, en vir die eerste keer het ek dit afgehaal.

Ons het elkeen op ons eie geswem. Ek was die enigste drommel in die hele swembad wat nie geweet het wat om met sy aster te doen nie. Ek het my miserabelheid probeer wegsteek deur die hele tyd onderwater te swem, en maklik die hele breedte gedoen. Dit was 'n soort prestasie,

**Deleted:** skielik

**Deleted:** na

**Deleted:** ,

**Deleted:** '

**Deleted:** Ek het dit vinnig gelees.

**Deleted:** sy het

**Deleted:** by die voordeur verskyn

**Deleted:** ,

**Deleted:** gegee het.

**Deleted:** fiets

**Deleted:** armband van rubber

**Deleted:** gewoonlik

**Deleted:** trofee

**Deleted:** to

**Deleted:** om

**Deleted:** Dit was nie soseer dat liefde 'n gehoorsaamheid aan reëls en gewoontes oorwin het nie, maar dit was iets in daardie rigting.

© University of Pretoria

maar daardie dag het ek besef dit was die domste manier om enigiemand te probeer beïndruk.

Maar om onderwater te swem het die voordeel gehad dat die onderwerp van jou miserabelheid jou nie kon sien nie. Toe sy self in die swembad spring, was dit amper bo-op my. Ek kon haar lank van onder af besigtig.

Al haar hardegatttigheid was weg. Sy het klein, onsekere sprongetjies gemaak, haar tone het gerek om 'n greep op die gladde teëls te probeer kry. Sy het haartjies op haar dye gehad wat klein golfies gemaak het. Haar swemkostuum was net-net te groot vir haar; dit het oor haar boud geflap, dieselfde boud wat sy so graag by die skool ten toon gestel het.

**Deleted:** ten toon gestel het

Dit was sondig, en toe ek die volgende keer weer boontoe kom vir asem, het ek my reguit na my handdoek op die grasbult bokant die swembad gehaas. Toe ek opkyk nadat ek my hare droog gevryf het, was sy daar, op haar knieë. “Hallo,” het sy gesê, in 'n stem so vol hulpeloosheid dat my maag saamgetrek het.

**Deleted:** gaan

“Hallo,” het ek ook gesê, en ons het so bly sit. Ons het nie na mekaar durf kyk nie. Ek kon uit die hoek van my oog die hoendervleis op haar dye sien. Toe besef ek my ding is styf, stywer as wat dit nog ooit in my lewe was.

Ek was al 'n paar keer vantevore styf: soggens het ek soms wakker geword daarvan. Hierdie keer het dit my paniekbevange gemaak: Dit was veel groter as wat ek gedink het moontlik was. Wanneer ek begin gereed maak vir skool, het hy gou genoeg verdwyn. Maar hierdie een wou niks weet nie. Dit het ek finaal besef toe sy einde ten laaste voorstel: “Kom ons gaan swem.” Net paartjies wat ernstig oor mekaar was, het saam geswem.

**Deleted:** ,

Ek het probeer opstaan, maar ontdek dat my broek soos 'n sambreel gepunt het. Ek het vinnig weer gaan sit.

**Deleted:** gebult het

“Ag, kom ons wag 'n rukkie,” het ek gesê, en sy het ingestem, en ons het weer in stilte gesit. My ding het regop gebly, asof dit na 'n rekord van sy eie gemik het.

© University of Pretoria

Ek het geweet ek gaan haar verloor as ek nie opstaan nie. Maar hoe? Die hele wêreld sou kon sien. Dit sou aan almal vertel hoe sondig ek was as ek my private dele so uitstal. En wat sou sy sê? Sy sou nie die kans laat verbygaan om te lag en te wys en my in die verleentheid te stel nie. Dit sou heeltemal in haar kraal pas, het ek in my konsternasie gedink.

"Kom jy, of kom jy nie?" het sy gevra, en daar was 'n tikkie ongeduld in haar stem.

"Ek is nie meer lus vir swem nie," het ek gesê.

Sy het na my bly kyk, nou vies, en haar eie jeugdigheid het gewen. Sy het haar amper in 'n huppelstappie na haar vriende gehaas. Hulle het hul rubberbande op so 'n manier rondgegooi dat van die ander seuns dit moes terugbring, te midde van 'n getrek van kostuums en geklap van rekke en gilletjies van opgewondenheid.

Teen die tyd dat sy terug was, om oor my te kom staan en met 'n frons te sê, "ek moet nou gaan", het alles bedaar. Sy het driftig omgedraai en ek het my goed bymekaar geskraap en haar na die kleedkamers gevolg. Ons het teruggery op ons fietse, en toe eers het ek opgemerk sy dra 'n spesiale rok, nie een met valletjies en kant nie, maar 'n nommer wat glinster in die sakkende son.

"Dis die eerste keer dat ek ooit met 'n meisie uitgaan, weet jy," het ek gesê om die spanning te verbreek.

Sy het haar fiets nader aan myne beweeg, en ek het gedink dinge is nou weer reg. Toe gee sy my so 'n harde stoot dat ons albei amper ons balans verloor en na die kante van die straat wiebel in 'n demonstrasie van Newton se wet van aksie en reaksie.

"Noem jy hierdie uitgaan?" het sy oor die teer geskree.

Ek was stomgeslaan, en het diep seergemaak gevoel. Waarmee was ons dan besig? As jou ding styf word as jy in 'n openbare plek saam met 'n meisie is, gaan jy tog sekerlik uit met haar? Dit was heeltemal te verwarrend vir my. Sy het reguit in hul werf ingery sonder om afskeid te neem.

**Deleted:** ,

**Deleted:** nou

**Deleted:** hulle

**Deleted:** ,

**Deleted:** ek het toe eers gemerk

**Deleted:** glansende

**Deleted:** glimmer/blink/soort van

**Deleted:** ge

**Deleted:** het

**Deleted:** t

**Deleted:** het

**Deleted:** gegee

**Deleted:** het

**Deleted:** beweeg

**Deleted:** het

**Deleted:** met haar fiets

© University of Pretoria

O Yvette, waar is jy nou sodat ek jou kan vertel wat tussen ons verkeerd geloop het?

Deleted: kan onthul/

© University of Pretoria

# Hoofstuk 6

MY PA het my nuwe passie in toom probeer hou deur dit af te maak as ’n “belangstelling”, of ’n “stokperdjie” wat seker sal help om my uit die kwaad te hou. My ma het haar teësin meer reguit gewys, gepraat van ’n “fase” wat moet endkry, en uit ’n tydskrifartikel oor tieners se groeipyne aangehaal. Toe ek geld vir stewels vra, het albei vasgeskop.

“Sien jy geld groei tussen die dorings van die bome in hierdie plek?” het sy gevra. Ek het nie verstaan waarom ons nooit genoeg geld gehad het nie, aangesien my pa binnekort ’n prokureur sou word. So het my ma gesê, want my pa het nie graag oor homself gepraat nie. Maar ek het geweet ek moes nie verder neul nie. Een van die afrigters het my sy seun op universiteit se ou skooltoks geleen.

Maar weldra het sake begin verander. In een wedstryd het ek drie drieë gedruk. Goed, dit was op ’n weeksdag teen ’n swakker skool en een was ’n onderskepping, maar hoe dikwels gebeur dit dat ’n losskakel iets onderskep? Dis ’n vleuel se ding. Vir ’n ander drie het ek vorentoe gestorm toe die bal by die skrum uitspring, en deur myself laag te hou, het ek deur die hele span gesny. Die derde drie was ’n eenvoudige up en under wat ek uit die lug gepluk het. Moenie vra hoe nie, dit het alles vanself gekom.

Na die wedstryd is ek van die veld af gedra. Maar ek moes nog huis toe stap.

My pa het op my afgekom terwyl ek doodmoeg en lyfseer aanploeter huis toe. Die Volvo se koel kunsleer was ’n lafenis.

“So hoe was skool vandag?”

“O, ek het drie drieë gedruk.” Ek het geweet ek moenie spog nie, maar kon myself nie keer nie.

“En jou skoolwerk? Wiskunde?”

“Twee en negentig persent in my laaste toets.”

“Dis goed, baie goed.”

Daar was ’n stilte voor sy volgende vraag.

Deleted: my
Deleted: in rugby
Deleted: en dat
Deleted: ”
Deleted: my
Deleted: s
Comment: OF: So het my ma gese.
Comment: ? Neul ? moes nie op die stewels hamer nie?
Deleted:
Deleted: ,
Deleted: wat
Deleted: was
Deleted: ,
Deleted:
Deleted:
Deleted: net die heelagter gesien, te laat, hoe
Deleted: sny
Deleted: sny en met ’n wye draai om hom blits tot onder die pale
Deleted: ,
Deleted: ‘
Deleted: mog
Deleted: dit nie
Deleted: My pa het my nie maklik geprys nie.

© University of Pretoria

“Het jy regtig drie drieë gedruk?”

Hy het sy kop gedraai om te sien hoe ek myne knik.

“In een wedstryd?”

Knik.

“Dis ’n sonde om te jok. Jy weet dit, né?”

Ek was onthuts.

“Pa kan die onderwyser gaan vra,” het ek in ’n flou stem gesê. Hy het my nie geglo nie. Maar kon ek hom blameer as ek die soort was wat messe in die OK Bazaars steel?

By die huis gekom is ek reguit na my kamer toe en het ek op my bed gaan lê, verpletter. Ek het opgekyk na die raket bo in die kas, en aan my en Bettie se pret in die agterplaas gedink. Maak ek reg deur rugby te speel?

Ek het uitgepaas, en dit was reeds donker toe ek wakker word. Toe ek toilet toe gaan, kon ek my ouers oor my hoor praat. Hulle het die woord “minderwaardigheidsgevoelens” gebruik. Aan tafel het ek gevra: “Wat is minderwaardigheidsgevoelens?” Hulle het na mekaar gekyk.

“Luister jy ons af terwyl ons praat?” het my pa streng gevra. Ek was die res van die maaltyd stil, die delirium van die wedstryd uitgewis. Dit het gevoel of dit lank gelede in ’n ander land gebeur het.

Na ete het my ma op my bed kom sit.

“Jy hoef nie te maak of jy iets is wat jy nie is nie,” het sy begin. “Jy doen so goed op skool, jy staan eerste in die klas, hoekom wil jy voorgee jy is ’n rugbyheld?”

Dit was ’n nuwe idee, rugbyheld. Wou ek een wees? Ek het rugby gespeel want ek kon dit nie weerstaan sedert daardie toets in Johannesburg nie. En ek het nie gejok nie, het ek geprotesteer. Hoekom gaan vra hulle nie die onderwyser nie?

Sy het na my gekyk. In die oë. Ek het terug gekyk, pleitend. Sy het eerste weggekyk.

**Deleted:** het

**Deleted:** na hom gekyk

**Deleted:** .

**Deleted:** geprotesteer

**Deleted:** steel

**Deleted:** het

**Deleted:** gegaan

**Deleted:** ek

**Deleted:** se gespeel

**Deleted:** op my bed

**Deleted:** oor my

**Deleted:** daardie aand

**Deleted:** stil

**Deleted:** gespeel is

**Deleted:** , het ek verduidelik

**Comment:** Het eerste weggekyk.

© University of Pretoria

Sy is skielik by die kamer uit en toe het hulle groot gestry begin. Gewoonlik wanneer hulle baklei, het ek in my kamer of in die tuin gaan speel. Op sy ergste sou my ma 'n paar koppies na my pa slinger, maar dan was dit verby. Maar hierdie keer het ek in die gang gaan staan om mooi te hoor wat hulle vir mekaar skree.

"Laat hom speel," het my pa geargumenteer. "As hy stories vertel oor sport, beteken dit dat hy 'n behoefte aan buitemuurse aktiwiteite het."

"Hy kan meer kerk toe gaan."

"Ons gaan elke Sondag kerk toe. Hy woon Sondagskool by. Ons het nog niks oorgeslaan nie."

"Maar jy is dan self teen rugby."

"Maar..." Hier kon ek nie verder hoor nie, of miskien het my pa sy sin nie voltooi nie.

"Rugby is 'n sport vir hooligans."

"Nie regtig nie." My pa het 'n rits name opgenoem van rugbyspelers wat prokureurs, bestuurders, dokters en selfs kabinetsministers geword het.

"Kyk na die toeskouers," het my ma vervolg, "na daardie een wedstryd wat ons moes bywoon. Ek was nog nooit so skaam in my lewe nie. 'Knyp sy ballas,' het hulle geskree. Watse soort mense is dit?"

Ek was ook geskok. Dit was die eerste keer dat ek my ma sulke taal hoor gebruik.

My pa het gesê: "Jy kry sulke tipes oral. Hulle sal langs die snelweg gaan staan en op die verkeer skree as hulle dit nie by rugbywedstryde kan doen nie."

"Nogtans, dis waar hulle dit doen."

"Dis wat op die veld gebeur wat belangrik is. Waar almal by die reëls hou, of probeer."

"Probeer, ja! Al wat ek sien is dat niemand verstaan wat aangaan nie en dan begin hulle baklei daaroor. Al jou advokate en dokters en polisiemanne. Soos hooligans!"

"Dis goed om soms 'n bietjie stoom af te blaas."

**Comment:**

**Comment:** As jy 'n koppie slinger sal hy breek. Miskien sal 'n hele oor afbreek (as die koppi net 'n verkeerde stampie kry) en dan sal die oor en die koppie nog heel wees. Maar nie stukkende ore nie.

**Deleted:** Ons het altyd koppies met stukkende ore gehad???, wat op die ou end na die bediende gegaan het.

**Inserted:** ???

**Deleted:** luister na

**Deleted:** het

**Deleted:** t

"Ek kan my ore nie glo nie! Is dit wat jy ons seun wil leer? Om mense te begin slaan wanneer hy 'n bietjie gefrustreerd raak?"

Deleted: .

"Nee-ee..." het my pa geprotesteer. "Jy weet dis nie wat ek sê nie. Kyk, al hou ek en jy nou nie van rugby nie, feit is dat dit karakter bou. Dis een vlak hoër as sokker."

"Hoër as sokker? Sokker is baie meer van 'n... gentle game."

"Maar nie 'n game vir gentlemen nie. In hierdie land is dit die Bantoes wat dit speel. Of die Portugese en Grieke. Halwe Bantoes," het my pa gesê.

"Rugby is 'n spel vir... vir... fietas."

Deleted: gomgatte

"Dis juis 'n sport vir gentlemen. Toe William Webb Ellis die bal optel om te hardloop daarmee pleks van dit te skop, wou hy die spel meer kompleks, meer beskaafd maak."

"Ek gee nie om wat hierdie Jan Ellis-mens sê nie," het my ma driftig gesê, "om met 'n bal rond te hardloop is soos wanneer die skollies oor 'n bottel brandewyn baklei. En wanneer die bottel leeg is, slaan hulle mekaar oor die kop daarmee."

Ek het amper hardop gelag. Dit was 'n idee: Slaan jou teenstander oor die kop met die bal? Ek moet dit noem aan die afrigter...

"Selfs al speel hulle met 'n bottel, sal hulle 'n reël daarvoor maak. Net soos die regering en polisie wette maak vir skollies."

"Wag tot ek Sally hiervan vertel," het my ma gesê. "Jy sê 'n Britse spel gemaak vir Rooineksoldate en Bobbies in die polisie moet gebruik word om ons seun wetsgehoorsaamheid te leer."

"Moenie vir Sally insleep nie. Sy's 'n kommunistiese terroris, dis wat sy is."

Ek het die woorde van die nuus oor die radio herken. In Rhodesië, een van die rugbyprovinsies, het hulle sulke mense gevang en reguit in die tronk gestop, soos my pa dit gestel het. Ek het nie geweet wat hy bedoel met "reguit in die tronk stop" nie, want as jy mense vang, is dit nie waarheen hulle gaan nie?

Deleted: in elk geval

"Hoekom is jy besig om jou beginsels te verander?" het ek my ma hoor sê. "Kan ek nooit op jou staatmaak nie?"

© University of Pretoria

"Ons kan die seun nie keer nie. Hy sal oorleef. Hy's taai, baie taaier as ek."

Ek taai? Sy woorde het my so trots laat voel dat ek effens terug getree het in die gang en teen die muur geleun het. My pa dink ek is taai. Ek mag wel 'n leuenaar en 'n dief wees, maar ek kan dinge vat. Ek kan oorleef. Ek het na die muur geskop, met die bol van my voet soos in karate, weer, harder, so hard dat dit seer geword het, maar ek het gemaak of ek niks voel nie.

Hulle het weer hul stemme verhef. Ek het teruggesluip na my kamer en op die bed gaan lê, terwyl ek die nuus probeer verwerk dat my pa sy houding verander het. Maar toe begin hy skree: "Moenie met my praat oor vertroue nie. Ek is nie die een wat goed steel nie."

Ek het gevoel hoe ek lam raak. Hier is dit nou: die gevolge van my diepe, diepe sondigheid het nie end gekry nie. Nes ek 'n deurbraak maak...

"Ons moet hom leer van eerlikheid. Maar jy kan nie as jy ander mense se grond steel nie."

"Wie se grond steel?"

"Julle Afrikaners. Julle Boere. Julle het die swartes se grond gesteel."

"Wie sê so?"

My ma het skielik nie seker van haar saak geklink nie: "Vra vir Sally. Sy sal jou alles vertel."

"Sally is 'n bemoeisieke oujongnooi wat 'n man se hand in haar lewe nodig het. Sy het 'n wrok teen die status quo."

Die eerste koppie het gevlieg. 'n Skerf het by die gang af tot teen my deur getol, maar ek het dit nie durf optel nie.

My ma het voortgegaan om ant Sally aan te haal oor rugby as 'n spel van besetting, anders as sokker. En miskien was sy reg, die Boere het die swartes se grond gevat sodat hul iewers kon rugby speel. En toe bars sy in trane uit.

"Jy moenie praat van steel nie."

Deleted: ,

Deleted: ,

Comment: Hulle stemme het weer harder geword.

Deleted: van al die ore spits

Deleted: .

Deleted: .

Deleted: getol

© University of Pretoria

"Wel, moenie sê ons het die swartes se grond gesteel nie. Veral nie as jy dit nie self glo nie."

"Dis so 'n gemene ding om te sê."

Ek het dit gehaat om my ma te hoor huil. Ek wou by die kamer uitstorm en my pa begin slaan, sommer op sy rug. Maar ek het in my deur bly staan, want my pa was dan aan my kant. En ek was tog die skuldige ... as ek net nie daardie messie gesteel het nie, het ek myself verwens. Ek kon net hoop dat dinge soos gewoonlik sou eindig: my pa sou haar in sy arms neem en haar paai. Hulle sou kamer toe gaan om alles te gaan afslaap. Hoewel my pa soms weer sou verskyn, net in sy pajamabroek, en agter die glase in die regopkas in die sitkamer sou vroetel vir die kerk se bottel Nagmaalwyn. Maar dan was dinge juis orraait, hulle sou op hul knieë gaan en bid en iets drink ter ere van die Here.

Ek het nie verniet gewag nie, kort voor lank kon ek hulle hoor goeters doen in hul slaapkamer. Ek het 'n sug van verligting geslaak. Ek het weereens besluit: Ek sou opmaak vir my diefstal en my rooflus en my sonde deur my uiterste bes in rugby te doen en alle strafskoppe oor te skop.

Na 'n week het dit duidelik geword dat my pa inderdaad anders rugby begin dink het. Hy het die skoolhoof gaan sien, waarskynlik om my leuenagtigheid en my misdaadrekord met hom te bespreek, en dié moes hom ingelig het dat ek wel drie drieë gedruk het. En so het my pa langs die kantlyn beland, nadat die hoof hom oorreed het om self te kom oordeel.

Dit was net 'n oefenwedstryd, maar ek het 'n goeie vertoning gelewer. Na die twis met my ma is die kwessie eenvoudig nie weer geopper nie. Ook nie my gestelery nie. Dat ons almal 'n nuwe grens oorgesteek het, was duidelik toe my pa op Saterdae na maniere begin soek om na Gerhard Viviers se kommentaar te luister waar my ma nie kan hoor nie.

**Deleted:** dié keer was

**Deleted:** maar

**Deleted:**

**Deleted:** drumpel betree

**Comment:** Weet nie of dit die regte uitdrukking is nie. grens oorgesteek?

**Comment:** OF: na GV se kommentar begin luiste het, maar nie in ons huis nie. Jy gaan nou die elaborate plot verduidelik.

**Deleted:** skelm

© University of Pretoria

Hy het 'n klein ritueel geskep. Eers het hy 'n paar velle van 'n koerant in die bak van die Volvo uitgesprei. Daarna het hy na my geroep, en en ek het alles net so gelos. Dit was altyd 'n verligting, want Saterdae moes ek na die oggend se wedstryd tuinwerk doen. Vir my is die woord "bossies" jare later gekoppel aan net een ding: die gesleur om die oormag van onkruid in Zoeloeland met 'n ou kombuisvurk uit die grasperk te probeer hou. Iets wat tuinmaak vir die res van my lewe bederf het.

Ons sou na 'n kwekery op 'n kollega van my pa se plaas ry. Nadat Sam se werkers 'n paar sakke kompos of 'n klomp plante in die kattebak gelaai het, is ons genooi vir tee, met 'n knipoog en 'n gepor van die elmboog, die laaste stap in die ritueel. Daarna sou ons in sy sitkamer na die kommentaar sit en luister.

Soms het ons vroeg daar aangekom, en dan het Sam se seun Johnny met sy rugbybal uitgehardloop gekom. Hy was net nege, en vir hom moes ek omtrent twintig jaar oud gelyk het. Ek sou die bal bo-oor die kweekhuis skop, en hy sou omhardloop om dit aan die ander kant te gaan vang. Natuurlik was dit nie lank nie of die spring van die bal het sy ding gedoen, en 'n groot gat in die plastiek geskeur. 'n Poinsettia is vernietig, met wit bloed wat op die gruis uitloop. Ek het nooit uitgevind of Johnny in die sop beland het nie.

Een of twee keer, toe my ma op besoek was aan ant Sally, het ons in ons eie sitkamer gesit, ek en my pa, en na die rugby geluister met ons lywe oor die leunstoele gedrapeer, iets wat my pa ook net in my ma se afwesigheid gedoen het.

My ma het waarskynlik geweet wat aangaan. Sy het teruggeslaan deur bioskoop toe te gaan. My pa het nie veel van rolprente gehou nie, want hulle was te Engels na sy sin. "Doris Day", het hy haar genoem, want dit was haar gunsteling-aktrise. Ook omdat sy 'n bietjie soos sy gelyk het. Dan het hy haar 'n klap op die boud gegee wat ek gemaak het of ek nie sien nie.

Ek het graag saamgegaan, omdat sy mooier as Doris Day was, maar veral sodat ek na die nuusfilm se stukkies toets- en

**Deleted:** in die tuin werk

**Deleted:** uit die grasperk te probeer hou

**Deleted:** na die kommentaar

**Deleted:** uitgehardloop gekom

**Deleted:** , en sterre in sy oë.

**Comment:** Die hele sin is onnodig.

**Deleted:** En so, binne 'n paar weke, het alles verander.

**Deleted:** heel

**Deleted:** wat my laat wegkyk het

**Comment:** ? vreemde rede om saaam met sy ma te gaan fliek? Ons weet in elk geval hy is baie lief vir haar. Net" Ek was mal oor die nuusfilm (eintlik nuusprent) se ...rugby...

**Deleted:** almal kon sien dat

**Deleted:**

© University of Pretoria

Curriebekerrugby kon kyk, al was hulle 'n week oud. Sy het doodstil tydens die sportflitse gesit, en nie 'n woord gesê nie.

Deleted: gesit

Dit was iets ysliks, die tawwe grootmense wat hulle harte uitspeel in swart en wit op die groot silwerdoek. Hulle was in staat tot 'n intense vlak van aktiwiteit met 'n krag en spoed waarvan ek net nog kon droom. Jan Ellis was die beste van almal, en het week na week dinge reggekry wat my laat ophou kou het aan my kougom.

Dit was 'n ander deel van my ma se weerwraak, om my toe te laat om 'n stafie Sky High-kougom te gaan koop, nadat sy my laat belowe het om my pa nie te vertel nie.

Deleted:

"Kougom," het my pa gepreek, "is die dun end van die wig. Na kougom is dit hierdie popmusiek, en na popmusiek sal die pienkes oorneem en dan kan ons maar oorgee."

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Hoofstuk 7

DAAR was meer agter die gekuier in die kwekery, waar ’n hele klomp mense soms opgedaag het. Ek is blootgestel aan ’n nuwe dimensie van die lewe: Politiek. My ma het my heimlik vol Engelse kougom gestop, my pa het gemaak of hy nie sien as ek die “spontane” vergaderings na die rugby binnesluip nie. Boere het twee dinge bo enigiets anders nodig: Reën en regsadvies. My pa was dikwels die sentrum van die gesprek, al was hy nog nie behoorlik ’n prokureur nie.

Een herinnering heers in my geheue: Oom Theuns wat in sy kakies aan ’n takkie twak sit en kou. Met ’n suur trek op sy gesig asof hy Paul Kruger is wat moet toekyk hoe Koningin Victoria se butler die spoegkom wegskuif. Dit was nie lank of sy gesig het van die verontwaardiging begin gloei soos ’n vuur met nuwe ouhout op.

“Jy kan nie sulke grond aan die kaffers gee nie!” het hy by meer as een geleentheid gebulder. Soos wat ek kon uitmaak, was die gesprekke meer oor die “kaffers” as enigiets anders. Elke week was daar ’n nuwe storie oor hul geweld en wreedheid. En oor idees om hulle in ’n staat van gehoorsaamheid te hou, want sambokke — “die enigste taal wat hulle verstaan” — was mos teen die wet.

Ek het my ore gespits as hulle oor die tuislande gepraat het. Die regering was besig om sy reuse-legkaart van stukkies grond aanmekaar te sit sodat swartmense met nuwe lewens kon begin en hulself kon beskaaf. Die regering het ’n jaar of wat tevore briewe uitgestuur aan boere met grond langs die reservate wat tuislande gaan word. Die boere se woede was hieroor — die plase waarop hul geslagte al boer, sou onteien word.

Ek onthou hoe stil ek langs die rusbanke op die grond gesit en luister het. Almal het so opgewonde geraak dat hulle my nie raakgesien het nie. Die argumente het my geboei, dié wat ek kon verstaan. Al die groot woorde: Konsolidasie, desentralisasie, grensnywerhede.

**Deleted:** as rugby
**Deleted:** in
**Deleted:** my
**Deleted:** laat inloer op
**Deleted:** met boere in die omgewin
**Deleted:** g
**Deleted:** nodig in die lewe
**Deleted:** sit
**Deleted:** soos
**Deleted:** met ’n suur trek op sy gesig asof
**Deleted:** op die punt staan om
**Deleted:** vir sy twakstraal
**Deleted:** te
**Deleted:** waarin hy sy twakstraal wil spuit
**Deleted:** Dit was moeilik om van hom te hou, veral wanneer s
**Deleted:** verontwaardig begin gloei
**Inserted:** verontwaardig
**Deleted:** van verontwaardiging
**Deleted:** Die gesprekke, so het dit vir my geklink
**Deleted:** –
**Deleted:** –
**Deleted:** Maar e
**Deleted:** wanneer
**Deleted:** bespreek is
**Deleted:**
**Deleted:** volgens taal en stam
**Deleted:** Amptenare
**Deleted:** omsend
**Deleted:** kolle
**Deleted:** moes
**Deleted:** –
**Deleted:** moes (is moes nodig?)
**Inserted:** (is moes nodig?)

© University of Pretoria

Ek onthou, op pad terug huis toe, met die stof wat agter die Volvo aan wolk, die amper fanatiese lig in my pa se oë. Hy het uitgevaar teen die regering, en ek het met 'n angstige oog op die pad geluister; dit het gevoel asof ons al vinniger en vinniger ry.

"Blerrie kommuniste… kafferboeties… blerrie grondrowery… flikflooi by die buitelanders… die eerste minister het selfs saam met 'n swart vrou by 'n staatsbanket gesit – sy was reg langs hom!"

Ek het my kop plegtig geknik en 'n ernstige gesigsuitdrukking opgesit, asof hy met my gepraat het en nie besig was met 'n monoloog nie. Sy hande het gewerk aan die stuurwiel, gesluit en ontsluit, en die ratveranderings het skielik en met 'n geruk van die kar gekom.

Maar hy het my verwar ook. Minstens twee keer het hy gesê, half-verleë: "Moet nooit die woord 'kaffer' gebruik nie, hoor? Ek praat van kafferboeties omdat daar nie 'n ander woord is nie. Hulle is mense, net soos ek en jy. Noem hulle Bantoes."

Dan het hy oogkontak vermy. Die enigste keer wat hy vir my gekyk het, was om te sê, met 'n ongelowige klank in sy stem: "En nou wil hulle die swartes in die All Blacks sit. As jy eendag 'n Springbok word, sal jy teen 'n swart Maori van Nieu-Seeland wil speel?"

'n Springbok? Ek? My hart het begin bons, ek moes terugsak in my sitplek, sodat die paneelbord hoër geraak het en ek nie meer die pad kon sien nie. Die gedagte was nie astronomies buitensporig nie. 'n Nuwe opwinding het my beetgepak en weer regop laat sit. Die pad het weer verskyn, maar dit kon nou so vinnig aankom as wat hy wou.

Maar ek moes eers enige gedagtes oor glorie laat vaar. Tydens een opwarming is ons aangesê om mekaar soos sakke aartappels oor ons skouers te gooi en van die een doellyn na die ander dra. Ou Diek was onverskillig, hy het nie gekonsentreer op die buk nie, en het hy my regoor sy rug en skuins agter hom gegooi. Nes met my heel eerste oefening.

- **Deleted:** geluister
- **Deleted:** ,
- **Formatted:** Font:12 pt
- **Formatted:** Font:Bookman Old Style
- **Formatted:** Font:Bookman Old Style
- **Deleted:** en voorgegee hy was besig om met my te praat en nie met 'n monoloog nie
- **Formatted:** Font:12 pt
- **Deleted:** Inderdaad, d
- **Deleted:** '
- **Deleted:** '
- **Formatted:** Font:11 pt
- **Formatted:** Font:Bookman Old Style, 11 pt
- **Formatted:** Font:11 pt
- **Formatted:** Font:Bookman Old Style, 11 pt
- **Deleted:** Die adrenalien het my weer regop laat sit van 'n nuwe opwinding.
- **Deleted:** my pa
- **Deleted:** Tydens
- **Deleted:** moes
- **Deleted:** ons
- **Deleted:** toe ek weer sien,
- **Deleted:** op my kop

© University of Pretoria

Dié keer het die pyn in my linkerbeen opgeskiet en ek het bly lê, vir 'n hele paar sekondes, ek kon glad nie beweeg nie. Maar net toe die paniek begin intree ("dis wat kreupel beteken, dis wat die einde van jou lewe is"), kon ek die prikkels op my vel voel, en toe my heupe, en kon ek ontspan.

**Deleted:** E

Behalwe dat ek nie dadelik kon opstaan nie. Die onderwyser het dit uiteindelik opgemerk en aangehardloop gekom, wit van die skrik. Hy het iemand aangesê om 'n motor tot op die veld te laat ry en ek is hospitaal toe geneem. Daar was 'n haarlyn-fraktuur in my been en ek moes vir drie weke gips dra. My rugbyseisoen was verby.

**Deleted:** ,

**Deleted:** gips dra

Hoe dikwels sou ek nie in die toekoms met gips om 'n ledemaat sit nie? Die gejeuk van die sweet. Die kommer oor die groei van goeters daarop. Lê op jou bed, moeg van lees of radio luister, met jou lui oog wat oor die bulte en duike van die gips gly soos oor verlate wit strande. Die gedagte aan soveel korrels sand sou my laat gril en verder laat jeuk.

**Deleted:** swamme

Die krapperige geluide as iemand daarop skryf, wat altyd my tone laat krul en my maagspiere laat tril het. Daardie onsigbare sagter deeltjies waar die pen deur die vel van die gips druk, soos 'n onverwagse stuk moeras in 'n veld. Al die waaghalsighede, hartjies met geheimsinnige voorletters, telefoonnommers; die gehawende rande met verloop van tyd, fraaiings met stukkies kalk in hulle gevang soos in jou kuif wanneer jou gesig oor die kantlyn skuur.

**Deleted:** , adresse

**Deleted:** ,

Dit was alles in die toekoms. Daardie drie weke toe ek twaalf jaar oud was, was drie onuithoubare weke van verveling. Geen geskryf op die gips eens nie, my pa wou dit nie toelaat nie. Ek het die jeugboeke gelees wat my ma aangedra het, oor die jong bulvegter in Mexiko, 'n Chinese meisie wat haar ouers soek, 'n pratende donkie op die vlaktes van La Mancha ... My pa het iets gemompel oor "blerrie vreemde boeke", al is van hulle in Afrikaans vertaal.

Saterdagoggende was ek langs die kantlyn, en my been het naderhand begin pyn soos dit saam met die span probeer speel het. My dye was rooi van die gekrap. Tuis was die lakens nat van die sweet.

© University of Pretoria

Akrobate kon by my geleer het, so baie verwronge houdings het ek ontdek.

Toe die dokter uiteindelik die gips lossny, is ek vir nog twee weke belet om te speel, tot na die laaste wedstryd. Ek het in die anonimiteit van die klas teruggesak. Die jonger kinders het my steeds met ontsag bejeën, maar ek is nie meer so dikwels 'n toebroodjie met fyngemaalde biltong of eiermaoyonnaise aangebied nie.

**Deleted:** gips
**Deleted:** ge
**Deleted:** word
**Deleted:**
**Deleted:** iemand sou ewe gereeld van agter af aan my hemp kom pluk as my

En toe was Pietersburg verby. My pa het 'n pos by 'n regsfirma op Kinross gekry, 'n myndorp in Oos-Transvaal. Toe ek vaarwel aan almal in my klas sê, het drie meisies in trane uitgebars. Ek ek het hulle skaars geken.

**Deleted:** Weereens moes ons trek.
**Deleted:** het

Ons het op Evander gebly, en daar is ek hoërskool toe. My nuwe pel Hennie het dinge opgesom die eerste dag toe ons in dubbel soveel rye van dubbel die lengte as in die laerskool moes aantree: "Jissie, dinge is ernstig hierso."

**Deleted:** aantree
**Deleted:** nog meer
**Deleted:** en nog langer

'n Matriek met spiere wat oral uitbol en 'n geskeerde gesig soos my pa s'n het hom na vore geblaf. Nog 'n seun wat iets gefluister het, hoewel niemand kon hoor wat hy sê nie, moes langs hom op die stoep voor die skoolhoof se kantoor gaan staan. Hulle het soos melaatses uit die Bybel gelyk.

**Deleted:** ,
**Deleted:** gelyk

Toe hulle treugkeer klas toe, was daar wit kolle op hul rooi gesigte. Met pouse het hulle hul broeke in die reusagtige kleedkamer afgetrek om die houe, reeds blou, ten toon te stel. Hennie was reg, ernstig was die wagwoord in dié plek. Belangrike dinge sou begin gebeur. Party seuns het selfs hul minimale snorre begin skeer. Sokkies is die hele tyd opgetrek. Al die meisies het bra's gedra, nie net 'n paar nie.

**Deleted:** H
**Deleted:** het met
**Deleted:** teruggekeer
**Deleted:** Vir my het dit net bewys dat Hennie reg was.
**Deleted:** erntig
**Deleted:** E

Hennie se onregverdige straf het my vir 'n paar dae lank gebelgd laat voel. Nog vyf jaar hiervan! 'n Mens sou maklik 'n renons in skoolgaan kon kry. Maar aan die ander kant: Al die nuwe goed, die groter biblioteek, nuwe idees... ek kon soms nie wag vir die nuwe dag om te begin nie. Nie dat ek dit ooit teenoor my maats sou erken nie, of dat ek

**Deleted:** gebelgd laat voel
**Deleted:** '
**Deleted:** ,
**Deleted:** het my amper my lippe laat aflek
**Deleted:** .
**Deleted:** Ek
**Deleted:** sou
**Deleted:** n
**Deleted:** aan
**Deleted:** maar

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

een nag gedroom het van die laboratorium nie ... al die formidabele flesse en hul gansagtige nekke, die anderwêreldse reuke, die kaarte en katrolle, Periodieke tabelle en skale arms-in-die-sy soos afrigters. My ma was ook in haar noppies, want dit was 'n dubbelmediumskool, en die Engelse onderwysers was regte Engelse.

Ons het nie met die Engelse kinders gemeng nie. Hulle was arrogant en het altyd meer geweet omtrent alles behalwe Boeremusiek, maar daar was net soveel dommes onder hulle as ons. Nicol Dix, om mee te begin.

Dix was 'n reus in enigiemand se taal, maar veral as jy in standerd ses was. Spesiale skoene moes alreeds vir hom gemaak word. Waarskynlik spesiale kouse ook, en onderbroeke. Hy het oor die rye getoring, en sou maklik as 'n onderwyser in skooldrag aangesien kon word.

Sou. Want nie eens die mees verstrooide onderwyser kon die permanente uitdrukking van verwondering op sy gesig naboots nie. Dit het hom vreemd aantreklik vir die meisies gemaak; hulle het hom gillend aangespoor wanneer hy in die 400-meter hekkies om die veld blaas, en saam gekreun wanneer hy oor die verkeerde goed in die hop, skip en jump spring.

Hy, meer as enigiemand anders, het die hart van skoolrugby gedemonstreer. Toe die seisoen begin, is ons almal, klein en groot, jonger en ouer, smal en breed, stout en soet, vir "fiksheidsvoorbereiding" aangetree – eintlik 'n manier om verlore talent te vang voor dit verder verlore raak.

"Wat gaan ons met Dix doen?" het ek een afrigter hoor vra.

Inderdaad, het ek gewonder 'n Mens sou 'n spesiale posisie vir hom moet skep. Of moes jy? As jy hom in die skrum as 'n slot laat sak, sou sy lang arm 'n tweede voet langs die haker s'n verskaf. Op flank kon hy sy been uitsteek en die skrumskakel laat bokspring pleks van breek. Op senter of selfs losskakel kon hy in 'n windmeul verander, en sy teenstanders soos Don Quixotes van hom af laat spat.

**Deleted:** het
**Deleted:** met sy
**Deleted:** met die
**Deleted:** alarmistiese
**Deleted:** pype
**Deleted:** kaarte en
**Deleted:** vrome
**Deleted:** Dit was 'n bietjie intimiderend, maar op die ou end 'n lekker droom.
**Deleted:** ,
**Deleted:** geweet
**Deleted:** ?
**Inserted:** ?
**Deleted:** terwyl
**Deleted:** om die veld blaas
**Deleted:**
**Deleted:** aangetree
**Deleted:** die verskoning
**Deleted:** ?
**Inserted:** ? 'n manier
**Deleted:** ontdek
**Deleted:** , wat?
**Deleted:** been
**Deleted:** Of hy
**Deleted:** dit
**Deleted:** uitswaai
**Deleted:** struikel
**Deleted:** wanneer hy wil
**Deleted:** as hy gelak word
**Deleted:** maer

© University of Pretoria

Selfs nuttiger sou sy wispelturige buie kon wees. Hy sou nog so aankarring, en dan skielik in ’n verwoede periode van hiperaktiwiteit uitbars. Hy sou ewe pligsgetrou stoot in die skrum, en spring in die lynstaan, en die volgende oomblik die vyand bestorm met arms en bene wat chaos skep en die skeidsregter bangmaak.

Op die ouderdom van twaalf, op pad na dertien, het ek gedink ek verstaan Nicol Dix, soos ’n mens seker ’n perd verstaan. Maar ek was nog veels te jonk om enige sê te hê, en na net ’n paar wedstryde wou die onderwysers hul hare uit hul koppe trek. Dit was wanneer hy oor die hele veld hardloop om ’n drie onder sy eie pale te gaan druk, of sy eie losskakel in die grond smeer. Hulle het hom na die tweede span gerelegeer, en toe na die derde, en toe duik hy Saterdae langs die kantlyn op met ’n plat botteltjie brandewyn in sy skoolbaadjie se binnesak.

Eendag na skool, was my pa reeds by die huis en my ma winkels toe. “Wil jy iets sien?” het hy lomp gevra.

Hoe antwoord ’n mens so ’n vraag? Ek het maar my skouers opgehaal. Hy het met sy kop na die deur gewink soos in ’n bekruipery in ’n bioskoop, en my na die garage gelei.

Hy het hulle onder die sitplek uitgehaal: ’n Splinternuwe paar toks, Pumas. Die nuwe soort vir agterspelers, lig en met aluminium-studs.

“Dankie, pa,” het ek gemompel, heeltemal onkant betrap. Ons het so in die half-donker gesit, en toe het hy sy vuis teen my skouer gedruk.

“Moenie vir jou ma sê ek het dit gekoop nie, né.”

“Wat moet ek dan vir haar sê?”

“Sê dit was van die skool, of jy het hulle by ’n matriek gekry.”

Ook op hierdie myndorp kon die meeste ouers dit nie bekostig om toks vir die juniors in die gesin te koop nie. Van my spanmaats was openlik jaloers.

“Hou jou studs uit my balls uit, hé,” het een vir my kom sê.

“Sissie,” het ’n ander gespot.

“Hy kom mos van Snob Hill af,” het dit van agter my gekom.

**Deleted:** nog
**Deleted:** half-jack
**Deleted:** gewink
**Deleted:** ,
**Deleted:** Hollywoodprent
**Deleted:** “
**Deleted:** ”
**Deleted:** geprewel
**Deleted:** verleë oor my aanvanklike houding
**Deleted:** gesit
**Deleted:** My pa was onkant betrap.
**Deleted:** Wou my pa gehad het ek moet jok vir my ma? het ek gewonder. Maar ek het die vraag laat gaan, omdat ek kon sien dat hy verleë was, en omdat ek regtig bly was oor die Pumas.
Nie almal was so ingenome nie.
**Deleted:** e

© University of Pretoria

Snob Hill was waar ons saam met die mynbestuurders en dokters gewoon het, wie se kinders nie die hitte van die skrum kon vat nie en ook nie die koue van die Hoëveldoggende wat tone blou en skurf maak nie.

Dit het gevoel of die ander leedvermakerig toekyk die eerste paar keer toe ek nog sukkel om die lang veters met 'n paar lusse om die skoen vas te maak. Maar net 'n paar stelskoppe was nodig om sulke monde te laat toeklap, en dié van die afrigters te laat kwyl.

**Deleted:** Soms het dit

**Deleted:** kyk

**Deleted:**

Daar is iets hemels aan die plesier van 'n knusse stewel wat die leer van die bal die vlugtigste klapsoen gee. Dan volg die ewe vlugtige, hol reverberasies van die saamgeperste lug in die bal. En dan sien jy dit pyl in sy paraboliese boog soos dié van 'n arend, tussen die twee kranse van die pale.

**Deleted:** Man, hoe kan ek jou oortuig? Is daar 'n beter woord? va

**Inserted:** ? Is daar 'n beter woord?

**Deleted:** n

**Deleted:** hemelse

**Deleted:** van

**Deleted:** deur die lug

In die klas het ek so begin skryf, en hoë punte by die taalonderwysers ook gekry. Binne ses maande was ek omtrent almal se darling, behalwe my ma s'n. Sy het aangehou om potte en panne te ratel wanneer ek huis toe kom met 'n bebloede knie of 'n stywe arm of eenmaal 'n los tand nadat iemand my in 'n losskrum geslaan het toe die afrigter nie kyk nie.

**Deleted:** die darling van

In die lig van wat later sou gebeur, voel dit nie soos spog as ek praat van al die aandag wat ek by die meisies gekry het nie. Ek het spiere begin kry waar ek of hulle nie eens geweet het spiere is nie, en dan het ek nog breins ook gehad. Wat meer wou 'n meisie hê?

**Deleted:** Jy weet,

**Deleted:** 'n groot bullebak ?? Hy is 12/13? 'n Rugbyster?? van 'n rugbyspeler en

**Inserted:** ?? Hy is 12/13? 'n Rugbyster??

**Deleted:** hy

Ek het gewoond geraak daaraan om die klap van my lessenaar te lig en 'n opgevoude notatjie te kry. "Sien jou na skool," het een gesê, met net 'n vlagie parfuum as enige leidraad wie dit kon wees. "Sal jy my nie Vrydag fliek toe vat nie – Marie". Daar was 'n paar klikbekke: "Brumhilde smaak jou net stukke," of, "Pas op, Hester wil die kys vra." Ek kan nie ontken dat dit my heeltemal te seker van myself gemaak het nie.

Nie dat dit sake van die hart makliker gemaak het nie. Inteendeel. Die twee meisies wat ek "gesmaak" het, het geen blyke gegee dat ek bestaan nie. Odette het draadjies in haar tande gehad, en in die Engelse

**Deleted:** Ek kan nie ontken dat my ego gestreel is nie, ook nie dat dit my te selfverseker *vir my eie beswil?* gemaak het nie.

**Formatted:** Font:Italic

**Inserted:** *?*

**Deleted:** Natuurlik

**Deleted:** het

**Deleted:** ego gestreel en my

**Deleted:** ook (

**Deleted:** )

**Deleted:** ./laat voel/laat raak

**Deleted:** selfs

© University of Pretoria

klas het die son hulle soms laat blink terwyl sy haar tong teen haar verhemelte van konsentrasie laat krul. Wilmien was die skoolhoof se dogter en 'n ontluikende gimnas wat oor die grond kon sweef as sy wou.

Deleted: krul

Deleted: ,

Deleted: ‘

Deleted: gesweef

Deleted: het.

Ek sou die een liggies pootjie sodat ek welluidend verskoning kon vra. Of die deur versper wanneer die ander een probeer ingaan, sodat sy moes smeek en uiteindelik verby my moes skuur. Natuurlik het dit nie gehelp nie, en dit het 'n ruk gevat voor ek agtergekom het hoekom nie.

Maar ek moes 'n meisie hê, dan nie? Eendag het 'n notatjie opgeduik van een wat twee jaar ouer as ek was, en in standerd agt. Ek moes haar huis toe begelei, want sy was bang vir rowers. Sy was 'n groot meisie, maar het 'n bietjie soos my ma gelyk.

Sy het sommer dadelik, skaars 'n tree buite die skool, my hand gevat. My liggaam was rigied van vroomheid. Dit was nou liefde, en 'n mens moes dit respekteer. Ons het oor die vroeë koue gepraat, wat seker 'n uitnodiging was om nader aan haar te kom. Maar dit was die eerste keer dat ek 'n meisie se hand vashou, en vir eers genoeg.

Deleted: romanse,

Deleted: gepraat

"Weet jy wat my broer doen as hy koudkry?" het sy met 'n glimlag gevra. Haar mense was myners, en die buurt waarheen ons gestap het, se rooibaksteenmure was die lelikste wat ek nog gesien het. Oral was die grasperke aan die vrek.

"Wat doen hy?"

"Hy pis op sy voete."

My hare het regop gaan staan. Ek het nooit sulke woorde gebruik nie, nie eens tydens die rofste wedstryd nie. Sy het gelag, en vier dekades later onthou ek nog die sorgelose genot in haar stem. Maar toe was ek onthuts. Hoe kon enigiemand gesien word saam met 'n meisie soos dié?

"Wil jy nie inkom nie?" het sy by haar huis se tuinhek met sy swart, blommende ysterkrulle gevra. Ek het my vinnig uit die voete gemaak, en dit onthou ek ook, haar verwarring en haar spyt. En toe die wyse trek op haar gesig, asof sy nie regtig iets anders verwag het nie.

Dit was toe Marlene, en ek was stompsinnig dom, ja. Maar ek het nog steeds 'n meisie nodig gehad. Die volgende briefie was van iemand uit die Engelse deel van die skool. Esther. Ek  het van vooraf gevlei

© University of Pretoria

gevoel, want Engelse meisies was soveel wêreldwyser en sou ’n man se prestige verhoog.

Esther het nog sterker as Marlene gelyk, en ’n seunsgesig gehad. Haar sproete was oral, net soos Jan Ellis s’n, maar sy het hoogs soenbare lippe gehad, en ’n boesem wat teen haar skoolrok se knope gebeur het en haar aansien outomaties verhoog het, hoewel ek nie regtig geweet het hoekom nie.

Ons is saam fliek toe in die skoolsaal, saam met haar twee vriendinne. Ons moes plekke uitruil toe die ligte doof met heelwat van ’n gegiggel en geknyp voor Esther en ek langs mekaar kon sit en hande vashou. En dit was al; na die fliek het ons totsiens gesê met ’n bietjie van ’n getrek van mekaar se vingers en sy het na haar pa se motor gestap.

Ons het dit net eenmaal herhaal, en weer net hande vasgehou, maar ek sou ’n prys daarvoor betaal.

Ons afrigter het die pakke voorspelers dikwels omgeruil, sodat die A-span se agterlyn teen hul eie voorspelers kon speel. In daardie dae was voor- en agterspelers nie bedoel om te integreer nie. Die speelplanne was soos outydse veldslae, met die boogskutters wat skiet en kavallerie wat galop van agter af, terwyl die voetsoldate die kasteel moes bestorm, onder die skrums van hul skilde gebondel. Dit was die Donker Eeue in aksie.

Die agsteman, Derek, het baie spesifieke opdragte gehad. Hy moes my, die losskakel, elke af en toe skrikmaak, maar meestal moes hy my uitlos sodat ons ons bewegings kon oefen.

Maar met die volgende oefening het Derek nie net vir my gemik nie, hy het my laat gelak. Die afrigter het niks gesien nie, want sy aandag was by die bal. Derek se skouer het my op presies die regte plek getref om my van die grond af te lig en ’n meter of wat verder op my rug neer te plak. Doef-doef-doef het my agterkop teen die aarde gedril. Daar was wit flitse voor my oë.

Jissie, Derek kan tackle, het ek gedink. Ek was ’n bietjie geskud, maar feit was dit sou goed wees om so ’n harde ou aan jou kant te hê.

**Deleted:** het uitgestaan

**Deleted:** die knope van haar uniform enige oomblik sou laat spat

**Deleted:** ge

**Deleted:** word,

**Deleted:** vir die helfte van elke oefening

**Deleted:** /veronderstel

**Deleted:** ,

**Deleted:** eersgenoemde/die voorstes is as stormramme gebruik en moes die bal so gou moontlik doodmaak sodat ’n nuwe skrum verder veld-af gevorm kon word.

**Inserted:** /veronderstel

**Inserted:** /die voorstes

**Deleted:** middeleeuse

**Deleted:** asof hulle wil skrum

**Deleted:** , wat ek darem na die senter kon wegkry

**Deleted:** ‘

**Deleted:** in ’n wedstryd

© University of Pretoria

Maar toe doen hy dit weer. Die volgende keer het hy my om die keel beetgekry en selfs verder oor die gras gesmeer. Daar was 'n spasma in my skouer, en my broek se rek het onder my boud beland. Ek kon nie 'n woord van protes inkry nie. Nog plettervatte, hoogvatte en laatvatte het gevolg.

**Deleted:** hy het
**Deleted:** gedoen
**Deleted:** nek
**Deleted:** boud

Hoe moes ek maak? Die afrigter het steeds niks verdags gemerk nie; hy het gefokus op 'n ingewikkelde skêrbeweging en het langs die senters bly hardloop om instruksies in hul ore te skree. Ek het Derek begin systap, en om die skrum probeer breek. Die eerste keer het dit gewerk en kon ek deurdraf vir 'n kammadrie. Maar die volgende paar kere is ek deur die flanke betrap.

**Deleted:** Wat moes ek doen
**Deleted:** dwars
**Deleted:**

"Wat is verkeerd met jou?" het die afrigter naderhand gevra, hande in die sye. "Hoekom breek jy elke liewe keer?"

'n Klikbek sou ek nie word nie, en ek het dus heftig verskoning gevra, en belowe om aan te hou met die bal uitgee. En om tot in die myntonnels onder ons gedril te word.

**Deleted:** in die grond in gedril te word

Na die oefening het ek Derek probeer onderskep om hom te vra wat met hóm verkeerd was, maar hy het verdwyn.

Die volgende aand was daar weer fliek. Ek en Esther het weer hande gehou. Esther, kon ek sien, het gegloei van trots, eerder as liefde. Ek was haar trofee.

Nogtans kon ek myself nie keer om teenoor Hennie en Ben, my pelle van op Snob Hill af, te spog met my meisie, en dat ons reeds ver gegaan het nie.

"Hoe ver?" wou hulle weet.

"Wel, ver."

"Jy jok."

"Dit het niks met jou te doen hoe ver nie."

"Jy het daarvan begin praat!"

Dit was waar. Maar voor ek aan 'n uitweg kon dink, het drie figure van agter 'n boom in die kol lamplig getree. Dit was Derek en twee van sy skurwe maats van die mynerbuurt af.

© University of Pretoria

“Hallo,” het ek verras gegroet. “Het jy gekom vir nog ’n late tackle?”

Derek het sy arms oor sy bors gevou en net daar in ons pad bly staan. Ek het omgedraai na my twee vriende en my arms gelig: Wat nou?

Derek het ’n paar oomblikke lank intens na my gestaar en toe gesê: “Ek het jou by die fliek gesien.”

Ek het my skouers opgehaal; ek kon nie dieselfde oor hom sê nie.

“Jy was saam met Esther.”

Hy het haar naam met ’n amperse gesis gesê, asof hy haar haat. Skielik was alles duidelik.

**Deleted:** ge

**Deleted:** het

“Ja, ek was saam met Esther. Sy het my gevra.”

Derek het gelyk of hy nie genoeg spoeg vir ’n antwoord het nie. Ek het aan Esther gestaan en dink, haar sproete, haar kort hare wat haar selfs minder na ’n meisie laat lyk het.

**Deleted:** woorde

“Dink jy ek behoort nie saam met haar te gaan fliek nie?” het ek hom aangepor.

“Ja. Nee.”

“Dink jy nie sy moet self besluit wat sy wil doen nie?”

“Sy wil saam met my gaan. Ek weet.” Derek het dit met sombere oortuiging gesê asof dit in die Engelse Bybel staan. Ek het hom betrag.

“Orraait,” het ek gesê. “Ek sal nie meer saam met haar gaan fliek nie. Jy kan haar kry.”

Dit het Derek en sy trawante nie verwag nie. Hy het sy gewig van die een voet na die ander verskuif. Hulle het na hom geloer, onseker oor die volgende stap.

**Deleted:** hoe hulle nou moes maak

“Maar ek het ’n voorwaarde.” Ek wou seker maak. Dit het my getref dat Derek die woord “voorwaarde” dalk nie verstaan nie, en ek het haastig voortgegaan. “Ek sal nie meer saam met Esther gaan fliek nie, as jy my nie weer laatvat of hoogvat nie.”

**Deleted:** dalk

**Deleted:** het

Derek het gemaak of hy tyd nodig het om my voorstel te oorweeg.

**Deleted:** ’n paar oomblikke nodig gehad

**Deleted:** , al was dit so voor die hand liggend

“OK. Deal,” het hy kortaf gesê, soos ’n myner. Ek het my hand soos ’n prokureur uitgesteek, maar hy het minagtend sy rug op my

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gedraai, en sy maats ook. Hulle het oor ’n heining gespring en soos diewe in die nag verdwyn.

Ons het in stilte voortgestap, en een ligkring na die ander onder die lamppale oorgesteek. Naderhand kon Hennie dit nie meer hou nie.

“Hei, Jaco, jy weet.”

Ek het geweet.

“Ek moet jou vra, man. Net ’n paar minute gelede nog het jy gebrag hoe ver jy gegaan het met daai floozy."

Ek het nie geantwoord nie.

“Wat ek meen is: En toe gee jy haar net so vir Derek?”

Ek het soos ’n rot gevoel. Ek was ’n lafaard. Dit het nie gehelp om myself te probeer oortuig dat hulle my nie gesmeer oor die gras gesien het nie, die een oefening na die ander nie.

“Ek het nie regtig van haar gehou nie,” het ek naderhand geantwoord.

Miskien kon hulle sien hoe ek voel, miskien het hulle besluit hier was ’n kant van my wat nie kommentaar werd was nie. Ons het met ’n gemompel pleks van ’n groet by ons onderskeie huise uitmekaar gegaan.

Ek is vol sonde, het ek myself gekasty. Ek steel goed uit winkels. Ek jok oor meisies. Ek jok vir hulle. Ek is ’n lafaard. Ek verdien om gestraf te word. By my bed het ek op my knieë gesak en om vergifnis gebid.

Die volgende dag het ek Esther en Derek na skool gesien huis toe stap. Hy het gestraal asof hy die grootste prys by die tombola gewen het; sy het soos sy bediende gelyk, daar was iets aan haar soos aan Bettie in Pietersburg wanneer my ma met haar geraas het. Eenmaal het sy my oog gevang, en vir die eerste keer het ek ’n vrou gesien wat ek seergemaak het.

Met die volgende oefening het ek gedink my offerande was tevergeefs toe Derek my twee keer laatvat. Maar toe het hy my uitgelos, en kon ek weer breek, skop, en uitgee soos ek wou.

**Deleted:** flou
**Deleted:** uitmekaar gegaan
**Deleted:** vir
**Deleted:** het
**Deleted:** gesteel
**Deleted:** het ge
**Deleted:** het
**Deleted:** gejok
**Deleted:** was
**Deleted:** het
**Deleted:** Ek het b
**Inserted:** b
**Deleted:** gaan staan
**Inserted:** gaan staan
**Deleted:** gegaan by my bed
**Deleted:** gebid
**Deleted:**
**Formatted:** Indent: Left: 0.5", First line: 0.51"
**Deleted:** toe ons voorspelers ruil
**Deleted:** breek
**Deleted:**

© University of Pretoria

# Hoofstuk 8

IN BAIE opsigte is rugby die kuns van die laatvat. Daarsonder die sal dit nog stugger word, 'n spel van die een verbete poging na die ander om die teenstanders tot onderwerping te boor, so vervelig soos 'n Turkse stoeigeveg. Daar is baie soorte en gedaantes, maar in sy kern is daar die wilsbegeerte om die teenstand uit te wis, maak nie saak hoe erg jy hom seermaak nie.

Desimering is die sleutel tot die spel, presies soos die Romeine dit gebruik het, die uitskakeling van elke tiende man. Veral deesdae wanneer die bal nie so gou dood verklaar word nie, en jy jou teenstanders nie onder 'n hoop vlees kan begrawe nie. Die beste manier van desimering is om dit klandestien te doen, soos 'n hit squad. En die beste hit squads is die soort wat die Amerikaners het, wat hul eie reëls volg en op die beskerming van hul presidente kan staatmaak.

Luister fyn na die kommentators, na al die dinge waaroor hulle nie praat nie. Met die fynskrif in hul kontrakte word hulle omgekoop om rugby en sy base nie in 'n slegte lig te stel nie. Die keerpunt in 'n wedstryd kom dikwels wanneer die kamera nie by is nie en wanneer die skeidsregter ook nie kyk nie, nie eens die lynregters nie, en miskien selfs nie die toeskouers nie, want almal volg die spring van die bal.

Tienduisende mense sien soms nie die versigtig beoordeelde stampie net wanneer die senter van balans af is as hy die bal uitgee, of die trap op die kant van die stewel, of die verstrooide gestaan die lug in selfs nadat 'n Gary Owen geland het, sodat jy in jou teenstander kan vasloop...

Deur laatvatte ontstaan gapings, gaan aangeë verlore, skep skoppe onkant-stituasies, stel teenstanders hul bloot aan ekstra fases van pyn. Natuurlik moet dit met finesse uitgevoer word, so fyn dat 'n kamera, wanneer dié dit wel ontdek, nie enige beslissende getuienis kan verskaf nie.

**Deleted:** .

**Deleted:** In sy wyer sosiale en ideologiese ramifikasies ook. Nie net is dit 'n integrale deel van enige span se taktiek nie, dit dien ook om die politieke onderskeide en die klasseverskille tussen die spelers bloot te lê.
Trouens, sonder die laatvat sal rugby 'n nog stugger spel word van een poging na die ander om die teenstanders tot onderwerping te boor, so vervelig soos 'n stoeigeveg. Die laatvat kom voor

**Deleted:** in

**Deleted:** vermommings

**Deleted:** in sy juiste sin

**Deleted:** , is 'n sleutel tot die spel,

**Deleted:** v

**Deleted:** sodra 'n genoegsame aantal liggame op hom opgehoop het

**Inserted:** hom op

**Deleted:** daarop

**Deleted:** nie

**Deleted:** En d

**Deleted:** D

**Deleted:** onder die

**Deleted:**

**Deleted:** oop en bloot kan optree, en kan staatmaak

**Deleted:** dit waaroor

**Deleted:** Hulle kan tot die vullis wat? oor die leë pawiljoene waai aanhou oor die fases wat opbou sodat die opposisie ingesuig kan word

**Inserted:** wat?

**Deleted:** .

**Deleted:** ware deurbraak

**Deleted:** geskied

**Deleted:** waar

**Deleted:** gewoonlik

**Deleted:** dit gebeur buite die onmiddellike spel

**Deleted:** D

**Deleted:** ingestel

**Deleted:** hul

© University of Pretoria

En die styl van 'n laatvat maak 'n politieke verklaring van sy eie.

Aan die een uiterste is daar die stootskraper, wat demonstreer dat brute krag soms nodig is om 'n kasteel se mure te sloop. Aan die ander uiterste is die vlietende fluistering, die sis in die oor as die teenstander verbykom, sodat jy vir 'n oomblik sy konsentrasie kan verbreek, sy naam swartsmeer, en sy fokus kan beduiwel. Kopspeletjies.

'n Sleutelaspek van die laatvat is dat slim nie sy baas moet vang nie. Jy kan nie te veel dink daaroor nie, jy moet agterna op jou eie voete kan bly, anders neem jy jouself uit die spel. Dit moet op die ingewing van die oomblik wees, en daarom uit jou onderbewuste kom. En daarvoor moet jy sondig genoeg wees. Net mense met oersonde kan rugby speel.

Op Evander destyds het die Vorsters nie 'n benul gehad waaroor dit gaan nie. Nie dat hulle rugby gespeel het nie. Hul sport was om Bantoes die straat af te jaag en hulle dan met groot bravade op ander mense se sypaadjies te lak. As jy maar weer sien het 'n Vorster-broer verbygehardloop gekom agter 'n Bantoe aan, gewoonlik om hul passe te eis. Die "beserings" wat hulle op die gruis en tussen die aalwyne van die opritte opgedoen het, is gebruik om klagtes van aanranding teen hul slagoffers in te dien.

Die spul broers het my met weersin vervul toe ek hulle die eerste keer sien. Hulle het seker ook op hul voete gepie, nie om warm te bly in die winter nie, maar om hul reuk soos honde op Snob Hill se grasperke te laat. Hulle was nie juis gewild nie, en sou mekaar beskerm deur vuil gebare te maak na afkeurende mense en te skree: "Wat kyk julle? Mag 'n mens nie meer kaffers vang nie?"

Dis wat my gepla het, moet ek bieg — nie soseer dat hulle onskuldige mense aangekeer het nie, maar die manier waarop hulle dit gedoen het. My gevoel is versterk deur my pa se reaksie eenmaal toe hulle in hul slapslaai Valiant verbykom, en by die vensters uitpeul en bierbottels na mense uithou.

"Fietas," het my pa gegrom. "Sulke mense sal ons nog almal in die hel laat beland."

Formatted: Indent: Left: 0.5", First line: 0"
Deleted: '
Deleted: '
Deleted:
Deleted: Sonde.
Deleted: '
Deleted: agterna
Deleted: net
Deleted: het
Deleted: swartmense
Deleted: '
Deleted:
Deleted: '
Deleted: swartman
Deleted: as hul passe in orde was
Deleted: te laat
Deleted: teen
Deleted: bome.
Deleted: As 'n bepaalde broer nie aan die jagtog deelgeneem het nie, sou hy rondpronk en vir
Inserted: vir die
Deleted: die
Deleted: op
Deleted: wit
Deleted: skree
Deleted: Waarna
Deleted: Dit was
Deleted: moontlike misdadigers
Deleted:
Deleted: wat my gepla het
Deleted: moet ek bieg,
Deleted: verbykom
Deleted: toe
Deleted: Gomgatte
Deleted: gesis

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

My pa het dit nie verduidelik nie. Hy self was besig om 'n raaisel vir my te word. Hy was steeds aan die kla oor die regering wat alles vir die Bantoes wil gee, maar hy het ook in die moeilikheid beland by die senior vennote van sy firma. Omdat hy 'n Bantoe gratis regsadvies gegee het.

**Deleted:**

**Deleted:** swartman

Nie lank nie of Bantoes het begin toustaan by die firma se aparte ingang. My pa het stoele vir een of twee oumense uitgestoot, maar tot sy verbasing, het hy aan ons vertel, het die hoof van die firma beveel hulle moet weer ingedra word.

**Deleted:** swartmense

"Wat's verkeerd daarmee om twee oumense stoele te gee om op te sit?" het my pa gemopper.

**Deleted:** twee

**Deleted:** gaan

"Die stoele het leersitplekke," het my ma daarop gewys.

"So? 'n Mens vee hulle net af."

**Deleted:**  agterna

"Van der Spuy is die soort wat sal dink leer is te deftig vir swartmense."

"Maar die enigste ander stoele het ferweelsitplekke. Jy kan hulle nie so goed afvee soos dié met leer nie."

**Deleted:** deeglik

"Eintlik wil hy nie hê jy moet so baie swartmense help nie."

"Wat maak dit saak vir hom? Al waarin hy belangstel is geld. As ek hulle geld vra, sal hulle flinker betaal as die meeste wittes, laat ek jou een ding vertel."

**Deleted:** ,

**Deleted:** hy

My ma het begin lag. My pa het haar skaapagtig aangekyk.

"Dis waar. Sommige swartmense is eerliker as sommige witmense."

**Deleted:** S

"Ek lag want ek wonder wat my suster sou sê."

My pa het gefrons. "Dit het niks met haar pinko kommunisme te doen nie. As ons die land wil red, moet ons mense reg behandel. In hul aparte gebiede, ja, maar hulle is mense. Al is hulle Bantoes."

"Ek wens ek het jou diktafoon hier gehad."

**Deleted:**

"Ek is nie skaam vir my oortuiginge nie."

My ma het haar hand uitgesteek en sy voorarm gevryf, sy elmboog en toe die res van sy arm onder die opgerolde mou. Hulle sou vroeg gaan slaap en weer die Nagmaalwyn-ding doen.

© University of Pretoria

Daardie aand het ek in my bed gelê, en probeer om dit alles uit te werk. Wat het hy bedoel, dat hulle ook mense is, al is hulle Bantoes? Hoekom het hy dan so gekla oor die regering wat so baie vir hulle doen? En wat het hy bedoel met die land red? Was dit in gevaar?

Ek het aan die swart vrou gedink na wie ek die klip gegooi het. Hoekom het ek dit gedoen? En Bettie. Skielik het ek na Bettie verlang. 'n Herinnering het opgekom: Ons het die bal die hele werf vol geslaan en sy het gelag op daardie dubbelvou-en-rondsteier- manier van Bantoevrouens elke keer wanneer sy misgeslaan het. Toe beland die bal in die agterplaas tussen die doringbome.

Sy het nie haar skoene aangetrek nie. Haar voetsole het amper deursigtig gelyk, en haar kuite het geblink in die sakkende son, soos wit meisies s'n nie kon nie, terwyl sy versigtig tussen die tweeduim-lange witdorings getree het. Toe trap sy op een. Ek moes haar na veiligheid help, met my arm wyd uitgestrek sodat ons lywe nie aan mekaar raak nie, terwyl sy klou aan die bal met sy streep sandjies.

Die doring het in haar hakskeen ingesak. "Trek hom uit," het sy gesê, en haar kop in die buig van haar elmboog gedruk teen die pyn. Ek het aan die doring gevat-vat, en kon dit uiteindelik uitkry, rooi van die bloed.

"Moenie vir die miesies vertel nie," is al wat sy gesê het.

Ek het nie. Hoekom wou sy nie hê ek moet my ma vertel nie? Ek het in my bed gelê en wonder. Ek het gewens ek kon haar vra hoekom nie, maar ek het nie geweet waar sy was nie. Soms sou ons 'n bediende saamvat as ons trek, sommer saam met die meubels in die vervoerwa gepak, maar my ma het teen Bettie besluit.

Sonder Derek wat my laatvat, het my loopbaan gebloei. Eendag het die afrigter van die eerste en tweede spanne kom kyk hoe ek speel. Ek het belangrik gevoel, ja, maar ek sal ook nie ontken dat ek my hart in my keel kon voel klop nie. Ek in 'n senior span? Tussen al daai groot ouens? Party was dan reuse.

**Deleted:** ,
**Deleted:** swart
**Deleted:** Ek
**Deleted:** het
**Deleted:** ingeslaan,
**Deleted:** in
**Deleted:** haar
**Deleted:** uitgetrek
**Deleted:** uittrek
**Deleted:** jou ma
**Deleted:** had geen idee/
**Inserted:** /
**Deleted:** rd
**Deleted:** e
**Deleted:** Nadat ek pas hoërskool toe is? Dit was groot ouens daardie...

© University of Pretoria

Gelukkig het daar niks van gekom nie. Ek was nog te jonk, het hulle besluit. Maar die hoofafrigter het my oog gevang wanneer ons mekaar tussen klasse teëkom en 'n streng knik van erkenning gegee.

Intussen het Esther gaan staan en verlief raak op my. Sy het briefies in gegeurde koeverte geskryf en hulle in my lessenaar gelos. Ek het hulle gelees en in die snippermandjie gegooi. Toe hulle steeds opduik, het ek een opgeskeur en op die vloer gestrooi. Die klas se meisies het afkeurend toegekyk. Dit het my vreemd ontsenu; ek het myself belowe om nooit weer met 'n meisie deurmekaar te raak van wie ek nie hou nie.

Om haar prys te gee, het op die ou end niks beteken nie. Eendag het ons sommer vir die lekker na die oefening bly speel, saam met 'n klomp matrieks.  Ek het 'n drie gedruk, maar met die duikslag het die eerste span se slot bo-op my geval.

Ek het my bewussyn onder die pale herwin. Hoe het ek daar gekom, nadat ek my drie in die hoekie gedruk het? En hoekom het die pale nouer geword tot hulle in 'n A punt? My naam begin met 'n J, dan nie? 'n Kring angstige gesigte het om my gevorm.

"Hy's wakker," het een gesê.

Hulle het my orent getrek. Ek kon my linkerarm nie roer nie. Maar ek wou niks laat blyk voor al die ouer kinders nie. Ek moes my arm teen my maag hou terwyl ons terugstap huis toe, maar niemand het my daaroor uitgevra nie.

Die volgende oggend, aan die brekfistafel, het my gesig vertrek van pyn terwyl ek met een hand probeer eet. Ek moes met die sak patats vorendag kom, en my pa het my dokter toe geneem. Dié het my arm net eenmaal probeer buig voor hy verklaar het dat ek my sleutelbeen gebreek het.

Vir die tweede keer was ek vir die res van die seisoen uit rugby uit. Ek moes tuisbly vir 'n hele paar dae en uit my handboeke werk. Toe ek terugkeer skool toe, was daar geen briefies van Esther in my lessenaar nie. Of van enigiemand anders nie. Ek het nie omgegee nie, ek was selfs verlig, het ek ontdek.

**Deleted:** gese

**Deleted:** .

**Deleted:** seker gemaak ek vang sy oog

**Deleted:** ge

**Deleted:** het

**Deleted:** '

**Deleted:**

**Deleted:** om 'n streng knik van erkenning te kry wanneer ons mekaar tussen klasse teëgekom het

**Deleted:** gaan

**Formatted:** Font:Bookman Old Style, 11 pt

**Formatted:** Font:Bookman Old Style, 11 pt

**Formatted:** Font:11 pt

**Deleted:** My prysgawe van haar het op die ou end op niks uitgeloop nie.

**Deleted:**  het

**Deleted:** bieg

**Deleted:** , wat

**Deleted:** het

**Deleted:** uit rugby uit

**Deleted:** ,

**Deleted:** deur

**Deleted:** Dit het gevoel of almal my vergeet het.

**Inserted:** . Ek het ontdek ek het nie omgegee nie

**Deleted:** ontdek ek het

**Deleted:** , wat my goed gepas het, het ek ontdek.

© University of Pretoria

Toe breek die debatseisoen aan. Die hoofafrigter vir rugby was ook die redenaarsafrigter. ’n Groep van ons is aangesê om na skool te bly. Die onderwyser het bo-op ’n lessenaar in die voorste ry gaan sit, ’n voet op ’n skeefgestote stoel. Daar was ’n uitdrukking van vernaamheid op sy gesig.

“Julle is uitgesoek,” het hy gesê, “vir volgende week se debat.” Hy het opgestaan om ’n woord op die swartbord te gaan skryf: “LEIERS.”

Hy het die kryt in sy hand geskommel terwyl hy ’n toespraak van sy eie afsteek. “Julle is die leiers van môre, en julle moet jul begin voorbrerei vir jul toekomstige rolle.”

Hy het voortgegaan oor verantwoordelikhede en hoe sekere mense sekere kwaliteite het wat ander nooit sou hê nie. Kwaliteite wat spesiaal ontwikkel moes word. Soos om in die openbaar op te tree. Die Engelse, het hy gesê, is meesters met openbare toesprake, en draf die hele tyd spesiale kursusse... die Rotary Society, Dale Carnegie... Toastmaster’s Club. Ons Afrikaners moes seker maak ons doen nie net dieselfde nie, maar dat ons hulle op hul eie gebied klop.

Die eerste debat was oor die Verenigde Nasies. Die geskiedenisonderwyser moes eers vertel wat dit was. Ek moes die VN verdedig, as ’n nodige ding vir wêreldvrede. Die ander span moes redeneer dat die VN nie sou werk as dit met die binnelandse politiek van sy lede inmeng nie. Soos Suid-Afrika s’n.

Wêreldvrede! Lidlande! Opwindend. En ek kon onbeskaamd na Wilmien kyk. Sy het langs die kateder gestaan, omdat dit te hoog vir haar was, die punte van haar skoene bymekaar, haar romp pas gestryk. Haar hemp het soos sneeu in die kollig geskitter, nie dat ek geweet het hoe sneeu lyk nie. Maar sy het vergeet om die sokkies wat sy tot ronde ringe afgerol het, weer op te trek. Sy wil ook with-it wees, soos die ander.

Ek het ’n nuwe mag ontdek. Dis waar dat die meeste leerlinge na my geluister het omdat hulle die rugbyspeler gesien het, maar ek kon aanvoel hoe maklik dit sou wees om hulle op sleeptou te neem, hulle te mesmeriseer. ’n Mens moes net die regte tegnieke aanleer. Die

Deleted: ‘
Deleted: en afsonderlik
Deleted: van hulle
Deleted:
Deleted: in
Deleted: daar
Deleted: wat
Deleted: vars

© University of Pretoria

onderwyser het ons allerlei truuks gewys, soos om jou hande te gebruik, en jou toespraak in groot letters op kaartjies te skryf.

Deleted: 'n stappie na vore te neem om 'n punt te benadruk

Deleted: Of om 'n lid van die gehoor se oog te vang.

My pa was nie beïndruk nie. Hy het my teësinnig geluk gewens met my debatspan se oorwinning, en iets oor "regstudies" en "voorbereiding" gemompel. Maar was dit nodig, wou hy weet, dat ek my standpunt so goed moes verdedig?

"Maar ek is aangesê om dit te doen!"

"Dis goed en wel, 'n mens moet 'n moordenaar in die hof kan verdedig. Maar jy hoef nie te glo dat hy onskuldig is nie."

"Wat's verkeerd met wêreldvrede?"

"Wêreldvrede! Dis 'n hersenskim. Dit sal nooit gebeur nie. So dit is nutteloos om dit te probeer bevorder; dit bewolk net jou kop."

Ek was dronkgeslaan. Op dertien en goed op pad na veertien, moes 'n mens jouself skielik by groot dinge inskakel, politiek, die toekoms, die wêreld … maar my pa het my verwar. Ek het nog so baie gehad om te leer, ja, maar ek was gereed daarvoor. Ek kon nie wag nie. Maar my pa … Wat was dit wat ek by hom moes leer? Dit het vir my gevoel hy is agter, by die skool, by die res van die wêreld. Veral wanneer hy die hele tyd grys flannels dra. Ek het na hom geloer terwyl ons huis toe ry. Daar was 'n frons op sy gesig.

Deleted:

Deleted: .? E

Inserted: ?

Deleted: wou dit so graag doen

Deleted: .?Wat?

Inserted: ?Wat?

Deleted: van die skool

Inserted: die

Deleted: af terugry huis toe.

Die frons het tot groewe van kommer gegroei. Ek sou hom en my ma in 'n diepe gesprek in die sitkamer aantref. Hulle het elk 'n glas whiskey gehad, maar nie gelyk of hulle dit slaapkamer toe gaan neem nie. Soms was my ma se wange opgepof en haar oë effens rooi, asof sy gehuil het.

Deleted: diep

En eendag, toe ek van die skool af kom, was die helfte van die huis reeds gepak. Glasware in koerantpapier. Die hoofslaapkamer se bed was uitmekaargehaal, die boute en skroewe het in hul skoendoos geklingel toe ek liggies daarteen skop. My ma het opgewek probeer klink.

Deleted: terugkeer van skool/

Inserted: /van die skool af kom

Deleted:

"Ons trek weer!"

Sy het 'n paar dose vir my goed aangedra. Ek het die laai oopgetrek en na my karretjies in hul netjies rytjies gestaar. Corgi's en

Deleted: aangedra

© University of Pretoria

Dinky's. Wou ek hulle nog hê? Ek het die laai van sy lopers afgetel en die inhoud in 'n doos gestort. Toe het ek die doos opgetel en dit in die vullisblik buite gaan prop.

Ek het na die karretjies gestaar, waar hulle bo-op 'n gerf beetblare en 'n leë whiskeybottel gelê het. Wat van Wilmien en Odette? En Hennie? Selfs Marlene. Selfs Derek en Esther. Verlies… ek het dit altyd maar aanvaar om so baie rond te trek. Maar dié keer…

My ma het my by die agterdeur kom kry en my van agter af omhels. Al daardie warmte het my 'n knop in die keel gegee. Sy het dit gemerk, en my omgedraai, sodat sy my gesig kon sien.

"Jaco, wat's verkeerd?"

"Hoekom moet ons trek?" het ek gestotter. "Het die OK Bazaars met julle kom praat?"

"Nee!" het sy gesê. "Nee! Die OK Bazaars? Hoekom die OK Bazaars? Daar is mos nie een op hierdie dorp nie!"

Ek het gedink ek hoor iets soos pyn in haar stem. Ek kon net nie so ver kom om haar te vra oor die mes in Stilfontein, en of sy my vergewe het nie.

"Jou pa is afgedank."

Afgedank! Wat op aarde… dit was die ergste van laatvatte. Later, toe ek ouer was, het sy verduidelik: Dit was nie presies dat hy afgedank is nie, bloot dat die proefperiode geëindig het en dat hy nie 'n permanente poisisie aangebied is nie.

Toe het sy my vertel dat daar was 'n onderonsie was. Die ding met die stoele het sy deel bygedra. My pa is voor op die wa genoem. Maar die eintlike kwessie was dat my pa geweier het om met 'n kliënt te werk wat geloop en spog het dat hy 'n Joodse firma in Johannesburg verneuk het. Hy gaan nie 'n Nazi verdedig nie, het my pa geprotesteer.

"Hy moes nie die woord 'Nazi' gebruik het nie," het my ma gesê. Sy het begin lag, en kon nie ophou nie. Ek kon sien sy was heimlik trots op hom. "Dink net, jou pa 'n kommunis."

Ek het saamgelag, verlig, terwyl ons by die eetkamertafel staan, al ons lepels, vurke en messe oopgevlek voor ons. Maar wat was my pa

- **Deleted:** '
- **Deleted:** gaan
- **Deleted:** tussen/
- **Inserted:** /bo-op
- **Deleted:** die
- **Deleted:** en Marlene
- **Deleted:** was
- **Deleted:** net
- **Deleted:** nie in staat
- **Deleted:** om
- **Deleted:** is dit aan my verduidelik/
- **Inserted:** /het sy verduidelik
- **Deleted:** - in wat gewoonlik net 'n formaliteit was -
- **Deleted:** Dit was soos 'n afdanking
- **Deleted:** , het my ma erken, want
- **Deleted:** as
- **Deleted:** -
- **Deleted:** -
- **Deleted:** -
- **Deleted:** beskou
- **Deleted:** rede

© University of Pretoria

dan? Dit het 'n ernstige vraag geword, en het gelyk of dit met ons toekoms te doen gehad het, met my toekoms. Veral as ons gaan aanhou om die wêreld vol te trek.

Deleted: te doen gehad het

© University of Pretoria

# Hoofstuk 9

EN SO is ons Natal toe toe. My pa moes vir 'n ruk lank al geweet het sy kortstondige loopbaan as regspraktisyn was verby, want die dag na sy afdanking het hy aangekondig hy is as dosent by die Sentraal-Natalse Opleidingskollege aangestel. Ons is 'n tydelike huis op die kampus op die walle van die Umlagenzi-rivier gegee.

Dinge was anders op hoërskool. Net een meisie het in trane uitgebars toe ek skielik my klasmaats moes groet. Dié keer was daar 'n knop in my keel ook. Wilmien het vinnig in haar stoel omgedraai en 'n reël afgerammel, asof sy dit vooraf voor haar pa geoefen het: "Dit spyt my dat jy na so 'n kort tydjie hier by ons moet gaan." En toe weer teruggedraai, en verder in haar kladboek geskryf.

Ons het by Hennie se huis verbygery. Hy was in die oprit, besig om 'n sokkerbal te bons. Hy het haastig gewuif toe hy ons sien en die bal het tot in sy ma se dahlias gerol.

In Natal was alles groen. Die bome, die gras, die suikerriet en wye velde van effens skrikaanjaende plante met blare wat te groot was. Die wind het daaroor gerol in wilde golwe wat in die son geglinster het soos skubbe van groen slange.

Aan die begin was alles nog asemrowend mooi. Drie maande later sou ons siek wees daarvan, letterlik, en verlang na die Hoëveld se vaaltes, die sussende verveligheid van sy grasvelde. Enigiets behalwe groen.

Ons het 'n ruk lank op die kampus gebly. Dit was tussen 'n groepie koppies wat suidooswaarts aangegroei het tot die Vallei van 'n Duisend Heuwels. Die tuine was ruig, die bosse was ruig, alles was ruig. Sou daar ooit plek vir 'n rugbyveld wees?

Ek het nog nie my eie rugbybal besit nie. Daar was elke dag 'n spesiale skoolbus na die groot dorp Umhlaneni dertig kilometer daarvandaan, maar die busdrywer het nie vir sportoefeninge gewag nie. Selfs touch rugby met die koshuiskinders was uit. Ek het probeer om my

**Deleted:** Zoeloeland
**Deleted:** sou kortstondig wees
**Deleted:** Universiteit van Noord-Natal
**Deleted:** in Kwa-Dlangezwa
**Deleted:** Ek is 'n haastige vaarwel toegeroep.
**Deleted:** s
**Deleted:** .
**Deleted:** net so vinnig
**Deleted:** te skribbel
**Deleted:**
**Deleted:** ,
**Deleted:** Zoeloeland
**Deleted:** ???
**Deleted:** 'n
**Deleted:** dit
**Deleted:** nog
**Deleted:** gesetel
**Deleted:** suidweswaarts
**Deleted:** in
**Deleted:** in die middel van Natal
**Deleted:** Dit het nie gelyk of daar baie plek vir 'n rugbyveld was nie/
**Inserted:** /
**Deleted:** wees
**Deleted:** ...
**Deleted:** .
**Deleted:** Enhlaneni
**Deleted:** e
**Deleted:** bestuurder
**Deleted:** T
**Deleted:** dus

© University of Pretoria

eie bal te maak, met ’n paar lappe wat ek in een van my ma se ou handsakke gestop het. Die affêre het net drie skoppe lank oor die telefoonlyn gehou.

Maar ek het ’n fiets gekry. Ek het begin om die strate op die kampus te verken. Soms het ek saam met ’n paar studente morrisskaak gespeel. Van die geteerde strate af met hul netjiese sypaadjies en glanswit padmerke het ek uitgewyk na die grondpaaie wat tussen die heuwels in verdwyn het. ’n Uitstekende manier om fiks te bly; die sagte, los rooigrond het ’n mens gedwing om kort-kort uit jou saal op te staan. So ook die gereelde opdraendes. As jy weer begin daal het by ’n heuwel af, met die terugsit om jou asem terug te kry, half op een boud want jou bas is seer, kon jy luister na die sanderige sang in jou speke.

Na die eerste ry heuwels, skaars ’n halwe kilometer van die kampus af, het die landskap verander. Daar was hutte teen elke hang, met rook wat uit sommige trek. Landerye van mielies en sorghum het ’n paar geel tande tussen al die groen van die oorkantste heuwels gewys. Die werkers het bukkend gewerk en hul stemme kon van een heuwel na die ander gehoor word; hul luide gesprekke het by die valleie af geëggo.

Kinders het aangehardloop gekom en my aangestaar. ’n Eensame dieselbakkie het soms verbygekletter, meer dikwels ’n fiets versier met spieëls, klokkies, horings, vlae, plastiekspeelgoed, insuleerband en beverfde modderskerms. Die fietsryers het my hier anders gegroet, meer kortaf en bars; ek was nie meer in witmansland nie.

Soms het ek gestop en die indoenas in hul hutte gaan groet. Daar was gewoonlik ’n hele paar in die omtrek, en sover ek kon uitmaak was hull nooit besig met enigiets nie. Vandag kan ek sien ek moes baie arrogant gelyk het wanneer ek sommer so oor die afgekoude mieliestronke en tussen die blareslierte van die piesangbome deur na hulle stap, waar hulle op hul gekerfde stoele in die skadu sit.

Nie dat hulle die vriendelikheid vanself was nie. Behalwe een wie se naam ek nooit gevra het nie. Meneertjie, het hy my genoem, voor hy sou begin lag, sodat sy dik Dingaan-maag ruk en rol.

“Meneertjie kom vir ons kuier.”

**Deleted:** Nadat ek dit drie keer
**Deleted:** geskop het, het dit uitmekaar gespat/geval
**Deleted:** Die affere het net drie skoppe gehou.
**Inserted:** /geval
**Deleted:** op die stoep van ’n klaskamer saam met ’n paar studente
**Deleted:** ,
**Deleted:** vir die komende rugbyseisoen
**Deleted:** . D
**Deleted:** Dan, as
**Deleted:** terwyl
**Deleted:** alles/
**Inserted:** /die landskap
**Deleted:** op die landerye
**Deleted:** /in die buk gepraat terwyl hul werk, in luide stemme omwat gehoor te/kon word van een heuwel na die ander
**Inserted:** /kon
**Deleted:** . H
**Deleted:** geroep
**Inserted:** wat
**Deleted:** om my te kom aanstaar.
**Deleted:**
**Deleted:** ,
**Deleted:** hier
**Deleted:** om
**Deleted:** te
**Deleted:** ,
**Deleted:** sover ek kon uitmaak
**Deleted:** astrant
**Deleted:** om
**Deleted:** te
**Deleted:** ,
**Deleted:**

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

”Meneertjie loop weer ’n bietjie rond vandag.”

“Meneertjie is ’n pionier hier in onse land.”

Ek het van laasgenoemde gehou. Pionier. Die idee van eerste wees in ’n nuwe plek was aanloklik. Maar soos die aantal togte toegeneem het, moes ek my horlosie dophou sodat ek betyds terug kon wees vir aandete.

Soms het ek my fiets langs die pad gelos en gewapen met ’n hoed en ’n stok en moed, sou ek by die valleie en strome afdaal na die rivier toe. Die likkewane, rooikatte, absurde insekte. Die gemurmel van een besondere fontein wat sy pad deur ingewikkelde rotsgange en onder die slingertakke van stoeiende bome gebaan het...

Die tweede dag al het ek hulle opgemerk. Ver weg, waar die rivier met sy kurwes gelê en lok het, het hulle in die water geplas. Vyf meisies, poedelkaal, iets wat nie veronderstel was om nie ongewoon te wees nie. Baie Zoeloevrouens het kaalbors rondgeloop, soms in die middel van die grootste dorp. Maar ek was nog nie lank in die kontrei nie, en het nuuskierig geloer hoe hulle mekaar met water spat, en rondval, met hul bene skaamteloos oop, en borsies wat ronddans. Ek kon die druppels sien glinster in hul pubiese hare. Dit was die eerste keer dat ek dit daar onder sien, en al was dit op ’n afstand, kon ek my myself voel styf word.

Dit was sonde! het ek myself verwens. Maar iets anders het nou bygekom: Ek was op my eie, vry, ver van die wit wêreld af. Hier kon ek plek maak vir my ware gevoelens, kyk waarheen hulle my lei, en niemand sou weet nie.

Die derde keer het ek ’n koers gekies wat my na ’n soort krans amper regoor hul gewone speelplek sou neem. Dit was naby genoeg om die golfies en deinings se patrone op die bodem van die rivier te sien, nou die gebibber van ’n vel, dan die soepel spier van ’n arm of ‘n been, met in die middel ’n donker ravyn.

Misterieuse kleibolle het op die bodem gelê; dit het soos die mis van ’n reusagtige wildsbok gelyk. Die meisies het hulle na mekaar gegooi, of oor hul lywe gesmeer, voor hulle dit weer lustig afgewas het. Ek het besluit dis ietwat obseen, maar tot my konsternasie het ek nou ’n volle ereksie gehad.

**Deleted:** ‘
**Deleted:** ek die tyd op
**Deleted:** meet
**Deleted:** vir aandete
**Deleted:** ,
**Deleted:** gebaan het
**Deleted:** Op d
**Deleted:** reeds
**Deleted:** vir my
**Deleted:**
**Deleted:** ek (is bevrees ek ) het
**Inserted:** ek (is bevrees ek ) het
**Deleted:** hulle afgeloer.
**Inserted:** hulle afgeloer.
**Deleted:** het myself betrap dat ek hulle afloer.
**Deleted:** H
**Deleted:** het
**Deleted:** gespat?bespat
**Inserted:** gespat?
**Deleted:** ge
**Deleted:** en met
**Deleted:** Selfs van ver af kon
**Deleted:** e
**Deleted:** gekasty
**Deleted:** daar was
**Deleted:** by.
**Deleted:** alleen
**Deleted:** verwyder
**Deleted:** sou neem
**Deleted:** deur die water te kyk na
**Deleted:** arm
**Deleted:** en
**Deleted:** K
**Deleted:** dryf
**Deleted:** ,
**Deleted:** amper
**Deleted:** , maar te ver uitmekaar.

© University of Pretoria

Ek het omgerol sodat dit kon bedaar, maar die beweging het hul aandag getrek. Eers het hulle gillend in alle rigtings uitmekaar gespat, met die water wat flits onder hul voete. Toe het hulle omgedraai en my probeer bespied, voor hulle weer bymekaar gaan staan het.

Een het haar onderlyf begin wikkel, en toe haar borste. Nog een het omgedraai en gebuk en haar agterstewe vir my gewys. Ek kon my oë nie van die oop peul tussen haar bene afhou nie. Hulle het dansies geprakseer, alles terwyl hulle loer na waar hulle geweet het ek moet wees.

Ek het bly kyk en rondgeskuif vir ’n gemakliker posisie vir my en my liggaamsdeel. En om dit in die gras dood te druk. Ek het nie daaraan durf raak nie, want ek het geweet dit was sonde hierdie, pure sonde van die ergste soort.

Uiteindelik kon ek dit nie meer vat nie. Ek kon hulle hoor jil toe ek opstaan en wegstap. Ek het by ’n ander stroom opgeklim, verby ’n indoena se hut, wat in my rigting gegrom het uit sy rooi ferweelstoel met die vetkolle, terwyl hy besig was om ’n piesang vir ’n kaal en snotterige kind te skil. Ek het by die rotse uitgeklim en oor die wortels van die bome, harder en vinniger, tot die meisies se uitwerking op my lyf heeltemal uitgewis was.

Dit was in dié tyd dat ek Chris Harmse die eerste keer teëgekom het, eendag toe ek weer ’n heuwel uitklim, so vinnig as wat ek kon oor die rotse, met die trippeltrappies van ons rugby-oefeninge. Hy het op ’n rif gestaan net anderkant die kampus se laaste straat wat in die veld doodgeloop het.

“Dag,” het hy gesê, nadat ek uit eerbiedigheid vir grootmense uitasem tot stilstand gekom het. Hy het heeltemal verby my gekyk, die vertes anderkant die rivier in. En dit was al, ek moes maar verleë groet en verder stap.

Die volgende dag het ek hom weer gesien; dié keer het hy saam met my pa huis toe gekom van die werk af. My pa het hom voorgestel as

**Deleted:** ,

**Deleted:** laag vooroor

**Deleted:** ,

**Deleted:** ereksie

**Deleted:** skil

**Deleted:** ek so uitgeput was dat

**Deleted:** vir

**Deleted:** ontmoet

**Deleted:** van die kampus

**Deleted:** ,

**Deleted:** ”

**Deleted:** huis te

© University of Pretoria

"die belangrikste man op die kampus", waarop Harmse 'n vreemde, kortaf laggie gegee het.

Deleted: met

Deleted: geantwoord

Hy het by Administrasie gewerk. In Sekuriteit. Dit het nie enigiets vir my beteken nie.

"So," het hy gesê, nadat hy hom doelbewus na my gedraai het toe hy 'n sigaret aansteek. "Jy stel belang in ons fauna en flora. Het jy enige nuwe spesies die laaste tyd ontdek?"

Hy het uitbundig vir sy eie grappie gelag, en my pa het saam gegrinnik. Ek het onmiddellik 'n afkeer in hom gekry, maar sy aandag, en houding teenoor my asof ek reeds 'n volwassene was, was vleiend genoeg. Ek het dus ook skaapagtig geglimlag.

Ek het 'n uitspattige stokinsek beskryf wat ek teëgekom het, en 'n paar ekstra geledinge en ledemate bygevoeg. Dit het hom net meer laat lag en ek het gebloos oor my spekskietery.

Deleted: lidmate

Deleted: ,

"Ons sal 'n stokkie daarvoor moet steek," het hy gesê. Omdat dit hom net meer laat skater het, het ek nie gedink hy was ernstig nie. Maar hy was.

"Jy moenie te ver gaan nie, weet jy."

"Maar sekerlik is dit baie veilig met jou in die omtrek, Chris?" het my ma opgemerk, wat heel ongewoon haar breiwerk in die kamer gaan haal het terwyl sy wag vir die kos om te kook.

"Wat ek bedoel is hy moenie... wat is die woord... te betrokke moet raak by dinge nie."

Deleted: dat

Ek was oorbluf. Hoe het hy geweet? Hy moes my dopgehou het terwyl ek die meisies afloer. Wat anders kon hy bedoel het? 'n Diepe skaamte het my oorkom: Ek was steeds nie in staat om myself in toom te hou nie, en was bestem om 'n ewige sondaar te wees. Dis soos om op die rugbyveld te draf met die wete dat jy minstens vier strafskoppe gaan afstaan, nie net twee nie.

Deleted: onder oë gehad

Deleted: het

Ek is uit my introspeksie geskud deur nog 'n "so-o-o-o".

"Ek hoor jy's nogal 'n rugbyspeler. Oefen baie."

Ek kon maar net my kop knik.

© University of Pretoria

"Ons gaan jou nodig hê. Daar is te veel Engelse in die eerste span."

Ek het vinnig na my ma geloer. Sy het 'n frons op haar gesig gehad, maar dit kon van konsentrasie op die breiwerk gewees het.

Harmse het verduidelik: Die span het nie die getalle weerspieël nie - daar is minder Engelse kinders in die skool, wat dubbelmedium is omdat daar nie genoeg Afrikaanse kinders in die kontrei was om 'n aparte skool vol te maak nie.

En toe was daar Annchen. Haar pa was 'n Duitse dokter, maar sy het Afrikaans grootgeword. Op my eerste dag in die nuwe skool het die klasonderwyser haar aangesê om my te help om my tuis te maak, omdat sy toevallig langs my gesit het. Sy was blond met blou oë, maar dis haar maklike lag en lewendigheid wat opgeval het; haar skoonheid het afgehang van hoe jy na haar kyk.

Eenmaal, om 'n stuk werk te kan verduidelik, het sy eenvoudig haar lessenaar teen myne geskuif, en dis hoe ons dit gelaat het. Toe ons dit weer doen, het die onderwyser, 'n jong ou met krulhare en 'n dikraambril, sy wenkbroue gelig en gelyk of hy iets wil sê, maar ons laat begaan. 'n Groter frons het gekom van een seun, Pierre Vos, wat groot en sterk was, en wie se eie blou oë en mop blonde hare baie beter by Annchen gepas het as my vaal hare en bruin oë. Hy het rotsvaste wenkbroue en 'n dikkerige neus gehad - hy moes 'n rugbyspeler wees, en ek het besluit om hom nie verkeerd op te vryf nie.

Maar Annchen se vrae het so vinnig op mekaar gevolg, ek het skaars tyd gehad om te antwoord.

"Hoekom is jy so spesiaal?"

"Wie sê ek is spesiaal?" My reputasie. "Ek's nie spesiaal nie."

"Ja, jy is. Moenie die waarheid misken nie. Dis sonde."

"Wat maak enigiemand spesiaal?"

"Rugby!"

Ek het gelag. "Ek speel rugby, ja. 'n Bietjie."

**Deleted:** ,

**Deleted:** en had

**Deleted:** helder

**Deleted:** die aandag getrek

**Deleted:** hom amper voorgeskryf het aan Annchen/amper voorgeskryf het dat hy 'n aanspraak op Anchen sou he, of dit so sou sien .

**Inserted:** /amper voorgeskryf het dat hy 'n aanspraak op Anchen sou he, of dit so sou sien

**Deleted:** Daardie oë van hom het diep in hul kaste gesit, onder

**Deleted:** . H

**Deleted:** het

**Deleted:** met die eerste behoorlike blik op hom daa

**Deleted:** daardie eerste dag al

**Inserted:** daa

**Deleted:**

**Deleted:**

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

“ ’n Bietjie, né? Hoekom vat elke wedstryd dan so la-a-ank.”

“Dis net lank as jy nie daarvan hou nie.”

“Sê my dan, ek wou altyd nog weet. Hoekom speel julle dit met pap. Omdat dit net so vervelig soos pap is?”

“ ’n Mens speel nie rugby met pap nie. Jy speel dit met ’n bal.”

“Hoekom skree hulle dan altyd by wedstryde, ‘die man het pap in sy hande’?”

“Dis net wanneer hy die bal laat val.”

“Maar is die bal dan warm?”

Ek het gelag en gelag, ek kon nie ophou nie.  Ek moes my lessenaar se deksel lig om agter te skuil, en om die snot van my geproes af te vee met my sakdoek. Ek het na haar geloer. Sy het sonder meegevoel, met geligte wenkbroue na my gekyk. Sy wou regtig weet. Dis toe dat ek verlief raak op haar.

Deleted: t wa
Deleted: op
Deleted:
Deleted: ge
Deleted: het

Was die bal warm? Natuurlik nie, maar toe ek my vir my eerste oefening aanmeld, en ons aangesê is om ’n wedstryd te speel om ons lus te maak vir die seisoen, het ek ontdek hoe warm rugby werklik is. En dat dit nie met die hoë humiditeit van die Noord-Natalse kusstreek te doen gehad het nie.

Deleted:  aan te steek
Deleted: e

Sommer in die eerste losskrum is my hare amper uit my kop getrek, het iemand sy vingernael in my dy probeer begrawe, en toe ek opstaan, was daar ’n plat klap teen my kop. Ek het omgeswaai, gereed om terug te slaan, maar almal het anderpad gekyk, en ek kon die sondaar nie herken nie.

Deleted: klap
Deleted: net
Deleted: nie

Dit was die eerste keer dat ek my humeur op die veld verloor het. Selfs toe Derek my aanhou in die grond bly dril het, het ek kopgehou. Ek was woedend, en so ontsenu dat ek die bal twee keer laat val het – soos pap in my hande.

Deleted:
Deleted: –

Die res van die oefening was ek onsigbaar in my posisie op senter, waar ek gesit is omdat daar nog nie ’n ander plek oop was nie. Selfs daar

© University of Pretoria

het ek gou geleer dat rugby in Natal anders gespeel word. En dat ek op myself aangewese sou wees.

Pierre Vos was die nuwe Derek, behalwe dat waar laasgenoemde my openlik getakel het, Pierre dit klandestien gedoen het. Dit was die manier van doen in Zoeloeland.

Jare later is ek gevra om 'n onderhoud met Uli Schmidt te voer, een van die grootste Springbokke van alle tye, op dieselfde vlak as Jan Ellis. Hy was op die punt om uit te tree uit die spel. Hoekom die besluit, was my eerste, voor-die-hand-liggende vraag.

"Pyn," is al wat hy geantwoord het. Uli Schmidt, die gevreesde vegter, wie se naam amper sinoniem met vuiste in die skrum was? Ek was maar lomp met die bandopnemer, sodat dit nog nie aangeskakel was nie. Maar dit was so 'n hemelse sound-bite dat ek hom gevra het of ons die vraag kan herhaal — ek het sy antwoord neergeskryf terwyl hy toekyk, sodat hy dit nie agterna kon ontken nie.

"Pyn," het hy herhaal. Het hy bedoel, het ek versigtig gevra, dat hy belangstelling verloor het weens die geweld inherent in die spel? Die tydskrif wat my betrek het, het voorgestel dat ons hom probeer oorhaal om vir 'n foto te poseer met 'n paar bokshandskoene agter hom teen die muur.

"Jy bedoel al daai fights wat ek gehad het?"

Ek het my kop geknik.

"Nee," het hy gesê. "Dit was alles net ter wille van die skare. Ek het hierdie reputasie gehad dat ek graag baklei het, en 'n mens moet die mense entertain, jy weet. Die pyn waarvan ek praat was iets veel erger."

Ek het geweet waarvan hy praat. Kontakspel op sy hardste en vinnigste was erg genoeg vir my, wat losskakel gespeel het. Hoeveel te meer nie vir 'n haker soos hy, die man in die middel van die skrum? Dis waar rugby meer gemeen het met diepseeduik. Of 'n reeks ligte hartaanvalle, met suurstof wat van jou brein afgesny word. Dink net, het Uli verduidelik, wanneer 'n skrum in duie stort, of 'n losskrum oor en om jou vorm, lê tien reuse bo-op jou bors vir veertig, vyftig sekondes, soms langer as 'n minuut, en jy kan niks daaraan doen nie.

**Deleted:** anders

**Deleted:** /aangewys

**Inserted:** /aangewys

**Deleted:** het

**Deleted:** selfs beter

**Deleted:** was

**Deleted:** weer

**Deleted:** , en

**Deleted:** dit

**Deleted:** het

**Deleted:** onmoontlik

**Deleted:** in die sport

**Deleted:** nie

**Deleted:** . M

**Deleted:** lê,

**Deleted:** dikwels

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit was nie heeltemal hoe Houdini moes gevoel het nie, die gewag dat die boonste spelers een vir een van die skrum afskil nie. Maar dit kon nie so ver weg wees van sy geduldige en stelselmatige bewegings om homself te bevry nie, om altyd op die nippertjie te ontsnap, wanneer daar ’n millisekonde tyd en suurstof oor is nie. Rugbyspelers sou die Titanic-ramp kon oorleef, en die rolprent ook.

In Zoeloeland het ek geleer dat daar ’n bykomende gevaar was, die wrewel van jou teenstanders. Miskien het dit met al daardie insekte te doen gehad. Jy kon nêrens gaan kamp of piekniek hou sonder dat iets in jou slaapsak kom kruip nie, skarrelend oor jou arm, knypend aan jou tone, gereed om jou met ’n ywerige honger te begin vreet nie.

Dis hoe ’n ineengestorte skrum in Zoeloeland gevoel het.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Hoofstuk 10

DIE ENGELSE van Zoeloeland was anders as die Engelse van die Hoëveld. Of as my eie familie aan my ma se kant. Om mee te begin, het hulle baie meer Engels gepraat. Eintlik is dit al wat hulle gepraat het.

Vergeet van Zoeloeland as Zoeloe, dit was Engels. Ons het 'n bediende gehad wat 'n bietjie Afrikaans kon praat wat sy op 'n plaas naby Vryheid geleer het. Die meeste Zoeloemense wat jy teëgekom het, kon nie een van die twee tale praat nie; maar as hulle wel probeer het, was dit in Engels. Ons het Afrikaans net tuis en op skool gepraat. Die Engelse kinders het die gutturale klanke van Afrikaans en Zoeloe nageboots in 'n kalkoenagtige gewurg, en gesê die twee tale is daarom dieselfde. “Yebo” was die enigste Zoeloewoord wat hulle geken het, en dit was hul antwoord op alles, selfs as hulle “nee” bedoel het.

“Afrikana, vrot banana,” sou die bure se kinders op die Hoëveld sing, en op en af spring op hul garages se dakke waar ons hulle nie kon bykom nie. Maar dit was net wanneer ons 'n onderonsie gehad het en nie meer by mekaar gespeel het nie. Ek het vir hulle gelag: Ek het myself nie as 'n Afrikaner gesien nie; ons het nooit oor so iets tuis gepraat nie, en buitendien, hoe kan jy iemand ernstig opneem wat nie kon spel nie?

Maar dit was ook nou weer beperk tot die bure. As my Engelse kleinneefs sulke dinge agter my rug gesê het, het ek dit nooit agtergekom nie. Miskien is hulle verbied om dit te doen. Maar dit was waarskynlik omdat hulle op plekke soos Krugersdorp of Pretoria gewoon het, waar hulle net so oorweldig was deur Afrikaanse getalle as ons deur die Engelse in Zoeloeland.

Cliff Richard het die verskille tussen die Transvaalse Engelse en die kusbewoners die beste gedemonstreer. In Krugersdorp sou my kleinneef Billy, toe hy 'n tiener was, die hele dag lank met toegetrekte gordyne op sy bed na Cliff Richard lê en luister. Hy wou nooit dat ek die plate omruil of die platespeler opvou en in sy spesiale kissie pak nie; hy was bang ek krap die plaat. Maar hy sou my toelaat om na die omslag te

**Deleted:** niggies en nefies en ooms en tannies
**Deleted:**
**Deleted:** aan my ma se kant
**Deleted:** ver weg
**Deleted:** en tuis
**Deleted:** sing
**Deleted:** ,
**Deleted:** Meer waarskynlik was dit /
**Inserted:** /
**Deleted:** ewe
**Deleted:** nog
**Deleted:** het
**Inserted:** het
**Deleted:** na Cliff Richard
**Deleted:** ,
**Deleted:** met toegetrekte gordyne op sy bed
**Deleted:** .
**Deleted:** te
**Deleted:** te

© University of Pretoria

kyk. Mens moes dit skeef hou om te kan sien in die bietjie lig: Daar was hierdie ou wat soos 'n haarkapper se handlanger lyk en duidelik 'n klampaffêre soos my ma s'n gebruik om sy hare te "teaze".

My Transvaalse familie het nie eens na die Beatles of die Rolling Stones geluister nie. Eintlik het hulle ewe veel as my pa en my Afrikaanse ooms met hulle die gek geskeer, en name uitgedink soos die Stokinsekte, of die Ringwurms, of, na 'n paar biere, die Moerige Bloues.

Vir die Zoeloeland-Engelse was Cliff Richard 'n diepe verleentheid. Hulle was anderkant die Beatles verby — dit was net Led Zeppelin en Uriah Heep en underground. Hulle het gedurig oor die "beach" en "surfing" gepraat, en hul hare was permanent verbleik, behalwe wanneer hulle dit gekleur het. Een van hulle was altyd iewers besig om 'n kitaar aan sy nek vas te hou, in sy vuis soos 'n Zoeloe wat 'n hoender aan sy pote laat hang. Maar niemand het meer as drie akkoorde geken nie. Een het soms sy tromstokke skool toe gebring en tydens pouses 'n groot lawaai op twee lessenare gemaak, met 'n trek op sy gesig asof hy malaria het. Vir die eerste keer in my lewe het ek 'n daggazol gesien toe hy eendag een doodluiters rol, sommer daar in die klas.

Feit was, en dit moes ek erken met 'n jaloerse hart, hulle was meer selfversekerd as enige van ons "Dutchmen". Ek het hulle net tydens pouses gesien, maar het nietemin beledig gevoel deur die Engelse seniors se "pose". Hulle het hul ekstra-stywe broeke se pype in stewels met ritssluiters gestop en parmantige lang hare tot bo-oor hul boordjies gedra, ver anderkant die skoolreëls. Net een of twee Afrikaanse seuns het dit gewaag. En ek het hard probeer om nie die lang bene te sien wat die Engelse meisies onder hulle kort rokkies gewys het nie — hulle het bruiner, leniger en vryer as die Afrikaanse meisies s'n gelyk.

In die wiskundeklas kon ek die Engelse onderwyser langsaan uit *Sons and Lovers* van DH Lawrence hoor lees — dit was die titel wat Annchen vir my gefluister het, haar lippe vlugtig teen my oor. Ons moes regkom met 'n jeugroman oor 'n Boesman wie se naam Renoster was om 'n rede wat niemand kon onthou nie en al was daar nie baie renosters in die woestyn nie.

**Deleted:** Maar hy was nie so erg soos die Beatles nie, laat staan nog die Rolling Stones.
**Deleted:** neefs
**Deleted:** húlle
**Deleted:**
**Deleted:** -
**Deleted:** Hulle het die gutturale klanke van Afrikaans en Zoeloe nageboots in 'n kalkoenagtige gewurg, en gesê die twee tale is daarom dieselfde. Hulle het "yebo" geantwoord op alles, selfs as hulle "nee" bedoel het.
**Deleted:** gepraat
**Deleted:** ,
**Deleted:** ongekamde
**Deleted:** Jy kon altyd e
**Deleted:** kry wat
**Deleted:** en dit uit
**Deleted:** die
**Deleted:** laat hang
**Deleted:** pote laat hang.
**Deleted:** van hulle
**Deleted:** gemaak
**Deleted:** tegelyk
**Deleted:** sy oë toe en
**Deleted:** van pyn
**Deleted:** vaagweg
**Deleted:** –
**Deleted:** hoor lees
**Formatted:** Font:Italic
**Deleted:** -
**Deleted:** ondanks die feit dat
**Deleted:** is

© University of Pretoria

Ek het my ore toegestop. Ruie woorde oor liefde en liggame en sinnelike dinge. Sonde. Sonde. Sonde.

Annchen het nie opgehou terg nie. Ons lessenaars het teen mekaar geskuif gebly, want ons het verskeie klasse in daardie klaskamer gehad. Wanneer ons elders moes heen, en hul weer apart gekry het met ons terugkeer, het ons hulle weer teen mekaar geskuif. Daar was 'n geskinder, natuurlik, maar dit was net kole op die vuur.

**Deleted:** na mekaar

Sy het my een voor oor rugby gebly.

"Is jy ook 'n mes?" het sy eendag gevra.

"Hoe kan ek 'n mes wees? Ek's 'n me-n-s-like wese."

"Wel, ek het oor die radio gehoor..." (hier het sy dit soos die bron van alle wysheid laat klink) "... dat die een of ander ou deur 'n gaping..." (sy het die 'aa' uitgerek en haar hand voor haar mond gesit en kamma gegaap) "... gesny het soos 'n mes deur botter."

"Dis net om te wys hoe vinnig hy was."

"Wel, hy sal moet wag vir die botter om eers sag te word."

"Nie hier nie. Dis te blerrie warm."

Blerrie was die een vloekwoord wat ons tuis gebruik het, en wat ek myself ook toegelaat het.

"Die botter hier is altyd hard, idioot. Want jy moet dit die hele tyd in die yskas hou."

Dit was waar, het ek verwonderd gedink. Vandag is dit selfs nog waarder; die vergelyking kan dien om moderne fasespel te verduidelik: Wag tot die botter 'n bietjie smelt voor jy begin lyne sny. 'n Bietjie meer sonde met die laatvatte en obstruksie ...

**Deleted:** ge
**Deleted:** /sag geword
**Inserted:** /sag geword
**Deleted:** gepleeg is

Sy was ver van klaar met my.

"Hoekom sê julle altyd sulke sissierige goed oor rugby?"

"Soos wat?"

"Julle praat van pap, julle wil botter hê om deur te sny, en julle noem die skrum 'n oond."

© University of Pretoria

Dit was mos 'n oond, het ek verduidelik, met die rowwe lot hier in Zoeloeland.

"Dis alles dinge uit 'n kombuis. Julle moet almal huishoudkunde draf."

Al wat ek kon antwoord was: "Dis selfs warmer as 'n kombuis."

"Ons oond het 'n waaier in."

Dit was die jongste model uit Duitsland, natuurlik.

Maar dit was ook waar, oor die skrum wat 'n oond is – in die oomblik net nadat die skrum sak, hou die skrumskakel die bal voor hom soos 'n brood wat hy in twee wil breek. Ek kon my ma, vatlappie in die hand, gebukkend sien staan en tuur by die oond in. Nes ons in die agterlyn, ons seine klaar gesein vir die volgende beweging, met ons hande op ons knieë om beter te kan sien wat in die skrum gebeur.

Ek het daarvan gehou om die some van my kortbroek te houvas, met my duime in my vuiste soos 'n meisie s'n. Ek het soms gevoel ek moenie, maar dit het my gehelp fokus, dit was onwillekeurig. Annchen het my vir 'n oomblik laat wonder: Was daar meer daaraan?

Daar was genoeg sissierige dinge vir haar om op te pik, wat ons almal ons bes gedoen het om weg te steek. Wanneer iemand 'n drie gedruk het, sou ons mekaar nie omhels en hare deurmekaar vryf nie, laat staan nog boude wikkel of lendene pomp of mekaar soen soos hulle vandag vir die kamera doen nie. Jy het jou plesier net met 'n vinnige knik van die kop of met 'n handdruk gewys, asof jy 'n transaksie beklink.

Maar Annchen het my net 'n paar oomblikke lank van stryk gebring. Ek 'n sissie? Derek het my soos 'n tafelmes vol konfyt oor 'n sny brood in die gras gesmeer, maar ek het hom tog nie gaan verkla nie. Nie dat ek te veel aan hom gedink nie, want daar was dele van die storie wat liefs vergete moes bly.

Op die kampus het my ma oor die "gebrek aan beskawing" begin kla. Sy moes die hele dag lank tuis sit, alewig besig om kos te maak, met net

Deleted: veral
Deleted:
Deleted: , n
Deleted: gebeur
Deleted: vas te hou/
Inserted: vas te hou/
Deleted: so staan nie
Deleted: mekaar se
Deleted: jou
Deleted: jou
Deleted: gewys
Deleted: in die gras gesmeer
Deleted: liefs vergete moes bly.
Deleted: begin kla
Deleted: .

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

haar breiwerk en haar susters op die foon as afleiding. Ons kon sien dit gaan nie werk nie.

Daar was baie twiste. "Hier is daar net kaffers, kakkerlakke, koelies en geen kuiergaste," het sy een keer geskree.

Ek het geweet ons sou die een of ander tyd dorp toe trek, en het soveel tyd moontlik aan die plekke rondom die kampus bestee. Ek het Port Durnford toe gery op my fiets, dertig kilometer ver. Onder die dak van die reusagtige dennebome, en tussen die varings en plate bruin naalde en bolle het ek gesoek na die Gaboenadder, waarteen almal my gewaarsku het. ("Hierdie is sy wegkruipplek," was Chris Harmse se woorde, terwyl hy skater van die lag.)

Ek het nooit een teëgekom nie, net 'n paar werkers wat om 'n vrag dik stompe staan. Hul suur en moeë gesigte en die skoon lemme van hul byle het my vinniger laat trap.

Ek het by die stroom geboer wat verby die kampus in die rivier geloop het. Naderhand het die ou likkewaan sy tyd geneem om van sy rots af te gly wanneer ek naderkom. My skuilplek was tussen die rotse bokant 'n klein watervalletjie waaroor dik takke in wye lusse gehang het. Ek kon 'n reeks bewegings uitwerk om daar uit te kom, met my voete op net die regte holtes in die rotswande en met net die regte swaaie aan die takke, soos 'n wafferse gimnas. Dit het gewoonlik in die poel geëindig waar ek my sondige gevoelens van trots kon afspoel.

Tot die dag dat ek 'n perdebynes versteur het wat oornag onder een van die takke gegroei het. Een het kalmpies besluit om op my keel te kom sit, en ek het doodstil bly hang, maar dit het die insek net meer tyd gegee om my met die presisie van 'n sjirurg te steek.

Onwillekeurig het ek daarna geklap met my een hand, maar die veeragtige tak het so gewieg dat ek die greep in my ander hand verloor, en op die lys van die waterval beland het. Ek het van die een glibberige rots na die ander gebons; my naels kon geen klouplek op die swart algeslierte kry nie. Ek is by die stroomversnellings af, en met 'n helse slag teen die kant van my kop het ek my bewussyn verloor.

**Deleted:** ,
**Deleted:** s
**Deleted:** vir haar
**Deleted:** o
**Deleted:** deur getuur vir
**Deleted:** .
**Deleted:** hy my sien
**Deleted:** '
**Deleted:** geneem
**Deleted:** te steek
**Deleted:** het
**Deleted:** ek het
**Deleted:** ,
**Deleted:** met
**Deleted:** wat
**Deleted:** kon kry

© University of Pretoria

’n Donker gewoel wat kom en gaan het my weer laat ontwaak. My oë het gesukkel om te fokus, maar toe kyk hulle vas in die ogies van ’n jong meisie, swart en rond soos lukwartpitte.

**Deleted:** ,

**Deleted:** ,

Haar mond was oop van die skrik en sy het oor my geleun met borste wat effens swaai aan beide kante van ’n verdraaide halssnoer. Ek het my hand na hulle gevoel reik, maar toe is ek skielik heeltemal by my positiewe.

**Deleted:** ,

**Deleted:** gevoel reik

Die meisie het iets in Zoeloe gesê en haar hand uitgesteek om te help, maar ek het my rug op haar gedraai en die krag gekry om by die rotse op te klouter, swaaiend aan nuwe takke stroom-op, tot ek haar nie meer kon sien nie.

“Bly weg van my! Weg!” het ek geskree en beduie, en omgedraai sonder om te kyk hoe sy reageer. My sakdoek was nog netjies opgevou in my broeksak, en ek het dit teen die wonde aan my kop en bo-arm gedruk tot dit opgehou bloei het.

Dit was net wat my ma nodig gehad het. Ons moes dorp toe trek, of anders val ek my nog dood. “Ons is mos gewoond aan trek,” het sy my pa tot stilte verwyt.

Ek het hom nie durf vertel dat dit my skuld was nie, weer eens nie, omdat ek verkeer het met mense, vrouens nogal, met wie ’n mens nie eens veronderstel was om te praat nie. Hoe kon ek so iets beken… dit moes my geheim bly.

**Deleted:** alles weer

Gelukkig het ek weer ’n kans gekry — op die dorp sou ek by die Christelike Leerlinge kon aansluit. Dit was nie genoeg dat ek uur na uur geoefen het om strafskoppe reg in die middel van die pale deur te stuur nie.

**Deleted:** -

Ons het na ’n mooi huis op die boog van ’n singel getrek, met ’n uitsig op ’n valleitjie van die balkon af. Dit was nie ver van die skool af nie, en toe Annchen instem om saam te kom na die godsdienstige groep se vergaderings saans, was die koeël deur die kerk.

**Deleted:** vanwaar ons van die balkon af

**Deleted:** gehad het

© University of Pretoria

Ons het in kringe gesit, en ek was die enigste een wat nie 'n Bybel op my skoot gehad het nie. Ek het die lede van my kringetjie deurgekyk, en besef hulle is almal van die stiller, meer bedeesde soort kinders. Elke groep is deur 'n matriek gelei. Ons s'n het homself as George Maarschalk voorgestel en hy het my half opgewonde welkom geheet, en 'n stoel nader gesleep. Hy het selfs sy hande teen mekaar gevryf!

Ek het gou anders as dié kinders begin voel; ek het besef ek was agter by hulle. Behalwe die ding van hul eie Bybels, het hulle van Boekevat saans na ete gepraat, en die Bybel op enige plek oopslaan om daaruit te lees. Ek het met wrewel aan my pa gedink: Waarom het ons nie dieselfde gedoen nie? Hoe kon hy so konserwatief wees as wat hy is maar nie uit die Bybel voorlees nie? Dit was nie my ma se skuld nie; sy was Engels.

Toe dit my beurt word om te lees, het ek die woorde laat oorneem, my stem het vanself dieper geword, en ek het 'n toon van waardigheid daarin ontdek. Maar toe ek my geleende Bybel aangee na Annchen, het haar romp skielik oor haar knie gelig, want dit was 'n groot Bybel wat 'n briesie kon maak. Vir 'n oomblik lank was die kurwe van haar dy ontbloot. Die stywigheid in my broek wou nie sak nie – was dit van Annchen langs my of omdat die Bybel my so meegesleur het?

Wat ookal, ek was duidelik met sonde deurtrek. George het begin praat van God se genade en hoe net die regverdiges vir verlossing sou kwalifiseer. Dit het my moed net verder laat sak: Met 'n agterlosige pa soos myne en my kriminele ingesteldheid was my kanse maar skraal.

En daarby kon ek net nie my oë van Annchen afhou nie. Haar poniestert het in die hoek van my oog gewip wanneer sy haar kop draai. Ek het na haar gevoude hande in haar skoot geloer, na die tartan-patrone van haar dik romp, en die woord "skoot" langs die woord "beproewinge" laat huiwer.

Ek het so min gekonsentreer dat dit my heeltemal onverhoeds betrap het toe sy, na die laaste gebed, skielik met lang treë dwarsoor die half-leë skoolsaal stap. Ek het verbouereerd na die ander gekyk. George

**Deleted:** die /onder
**Deleted:** in die skool
**Inserted:** die /
**Deleted:** ,
**Deleted:** vir my
**Deleted:** by
**Deleted:** het gepraat
**Deleted:** oopslaan
**Deleted:** was, kon 'n mens nie so iets van haar verwag nie
**Deleted:** ontdek
**Deleted:** opgelig
**Deleted:** deurtrek van
**Deleted:** sou kwalifiseer
**Deleted:** daal
**Deleted:** kort-kort gewip
**Deleted:** ,
**Deleted:**

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het gesteurd gelyk, en ek het gewag dat hy ons eers verdaag voor ek haar volg.

Ek het haar gekry net voor sy in die Mercedes-Benz klim waarin haar pa vir haar gesit en wag het. Sy het die venster laat sak, maar net gesê: "Ek gaan nie weer na hierdie gemors kom nie."

"Watse gemors?" wou ek vra. Het sy die Bybel bedoel? Maar die venster het weer toegeglip en hulle is daar weg.

**Deleted:**

'n Standerd Ses het verby gesluip gekom, maar my oë vermy. Ek het voor hom ingetree. Hy het verskrik na my opgekyk.

"Ek gaan nie jou kop afbyt nie."

Hoekom het ek skielik soos 'n matriek geklink? Hy het nie geantwoord nie.

"Het julle vanaand baie geleer?"

**Deleted:** baie geleer

"Net die ou goed."

"Dit het alles nuut geklink vir my."

"Ons het dit laasweek al gekry."

"Hulle het julle iets gegee?"

Hy het sy Bybel oopgemaak en 'n vel papier oopgevou. Dit was vol aanhalings en afbeeldings van tekens. My oog het op een geval: "Ons is meer beroemd as Jesus Christus," deur John Lennon. Net daarna het die bose kommunis VI Lenin gevolg: "Een stap terug, twee stappe vorentoe."

**Deleted:** .

**Deleted:** .

Ek het dit terug gegee. Was dit hieroor wat Annchen haar ontstel het? Waarom het sy nie gesê nie? Sy kon haar pa vir 'n minuut of so laat wag het.

**Deleted:** vir my

Op pad huis toe het ek met myself geworstel. Ek wou doen wat reg was. Ek wou verlos word van my sonde. Ek was nie aan die Beatles se kant nie. Hoekom wil hulle meer beroemd wees as Jesus Christus, die Drie-enige God? Sekerlik net weens hul eie sondigheid en ongeneeslike verwaandheid? Iets wat ek nooit wou wees nie.

Afgesien daarvan dat die Almagtige God nie roem nodig het nie, want hy was almagtig, het ek hom gesien as die sagte en nederige man wat teen swakhede soos roem en verering was. Wat 'n onnosele ding om te sê. Maar hul liedjies was erg onnosel ook.

© University of Pretoria

Die een-stap-agteruit ding het meer sin gemaak. Zoeloeland was ’n streek vol reën, vloedwater en modderpaaie. Land Rovers het die hele tyd moes agteruit ry om ruimte te kry vir die spoed wat hulle moes opbou om oor ’n heuwel te kom. En wat van rugby? Ek het ons skrumskakel gewys hoe om twee vinnige treetjies agtertoe te gee om sy opstormende teenstanders te ontduik wanneer hy die bal self wou uitskop.

Daar was ’n ander wêreld, kon ek aanvoel, waarvan ek niks geweet het nie. Sekere mense het toegang daartoe gehad en was daarom in gevaar. ’n Wêreld wat jou net dieper in die sondigheid kon intrek. Maar ook die wêreld waarin groot dinge gebeur.

**Deleted:** ,
**Deleted:** en niks wou weet nie
**Deleted:** ,

Onderwysers het die hele tyd met tekens uit daardie wêreld vorendag gekom, seine van boosheid en sonde. Ons is gewaarsku om nie die vredesteken te teken nie, want dit was ’n kraaivoet, gebruik deur sataniste. Soos ringe in die ore. Van die Engelse het snedig geraak, maar die meeste van hulle het tog geluister, want hul ouers was ook Christene.

Dit was waarskynlik waar dat die Engelse meer in gevaar was. Byvoorbeeld: Die haasoortjiegebaar wat hulle gemaak het met die pinkie en die wysvinger, met ’n “howzit, ek sê”, wat hulle amper soos “sa” laat klink het. Afgesien daarvan dat dit te uitspattig was, moes dit iets sinisters beteken het, al het ek nie presies geweet wat nie.

By die huis gekom, was ek nat gesweet. Dit was ’n warm nag, ja, maar dit het eerder gevoel soos die neerslag van my worstelinge, my sonde wat maar net nie wou wyk nie. My hart was in my skoene, die nuwes wat my ma vir my uit my pa se dun beursie gepers het. Ek het nog so ver gehad om te gaan.

**Deleted:**

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Hoofstuk 11

KERNKRAG. Dis waarmee ek deurgebreek het na Annchen se hart. Om so baie rond te trek, het 'n paar voordele gehad: Omdat ek 'n nuwe leerling was, met hoë punte by my vorige skool, en 'n opkomende rugbyster, is ek tyd en ruimte gegee om aan te pas. Op Empangeni is ek toegelaat om in die biblioteek te gaan sit, waar ek deur die min skoolwerk kon draf en die oorblywende tyd agter my neus aan tussen die boekrakke kon snuffel.

Ek het gereken Annchen, self onder die topleerlinge, sou vatbaar wees vir al die boeke oor fisika, waarin Duitse towenaars soos Einstein, Heisenberg en Planck die een wonder op die ander geproduseer het... Om van spesiale relatiwiteit tot 'n kosmologiese konstante te vorder met haar - dit was min of meer my begeerte.

Sy het nie maklik ingegee nie. Sy was genadeloos.

"So wat het fisika met rugby te doen?"

Ek het geaarsel, want ek was self nie seker nie, maar toe oor haar kladboek geleun en 'n soort slap parabool geteken, soos dié van meisies wat lusteloos touspring, en haar wysneusig vertel hoe die agterlyn altyd reguit trek omdat die vleuel altyd die vinnigste speler is.

"So?"

Ek het na my skets gekyk. Inderdaad, so?

"Dan sal hulle nie saambondel teen die kantlyn nie."

"Wat is so belangrik aan die kantlyn?"

Ek het my hande gelig uit gemaakte moedeloosheid. Maar sy het iets beetgehad. Alles is skeef en krom omtrent rugby. Die bal word dikwels na die hoeke geskop, en die spel beweeg van kant tot kant, asof krappe dit speel of die slakke in die biologielab. Maar ek moes 'n antwoord hê, al moes ek een fabriseer.

"Alle fisika, veral in die subatomiese wêreld," het ek geleerd gesê, "het te doen met die kantlyne. Kyk, hier's 'n prisma. Sekere golflengtes bons terug. As jy te vinnig langs die kantlyn afhardloop, word jy

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

uitgedruk of geduik; jy moet stadiger hardloop sodat jy na binne kan sny, in die prisma in. En jou ware kleure wys."

Ek het haar effens uit haar lessenaar getrek asof ek haar by 'n kantlyn wou uithelp. Sy het gemaak of sy haar balans verloor, en ek moes haar vang, en haar bra het 'n plof-geluid teen my bo-arm gemaak.

"Nie baie rugbyspelers sal hulself golwe noem nie."

"Golwe kan partikels word, net so."

Die onderwyser het opgekyk toe ek my vingers klap. Iemand het gegiggel. Ons moes vir 'n ruk lank voorgee dat ons werk. Maar sy kon dit nie lank hou nie.

"So wat is jy, 'n golf of 'n partikel?"

Ek het deur 'n biblioteekboek geblaai en vir haar gewys: Die veeragtige krulhaartjies en dowwe spirale wat deur botsings in die borrelkamer van 'n partikelversneller gemaak word. Die onderwyser het nou in die gangetjie afgestap wat in ons dubbeldoor lessenaars agter in die klas geëindig het. Ek het my rofwerkboek met die nuwe kurwes en grafieke wat ek geteken het vir hom gedraai, maar nie verduidelik wat dit beteken nie. Dit was vir haar oë en ore alleen. Weer het hy ons laat begaan.

"Die agterlyn wat vorentoe beweeg van diep agter af," het ek gefluister, "is soos 'n swiepende golf wat met net die regte interferensiepatroon nuwe golwe sal skep."

Ek was besig om te improviseer asof my lewe daarvan afhang, maar later jare sou ek die een of ander patent kon uitneem met sulke idees, toe rugby so wetenskaplik geraak het.

"Ek dink jy is 'n brander as jy daai ding doen wanneer jy die bal uitgee en dan omhol sodat jy dit weer aan die ander kant kan vang."

Sy het in my oë gekyk, en haar blik het nie gewyk nie. Ek kon my gesig voel rooi word. Ek het nie meer gebloos as iemand my prys nie, maar hier was ek nou, en my wange het so begin gloei Annchen moes dit gevoel het, want haar gesig was feitlik teen myne en haar lippe was effens oop. My hart was buite beheer: Sy het my dopgehou wanneer ek speel.

© University of Pretoria

Ek het voortgebabbel oor rugby en kernwapens. ’n Mens het interkontinentale ballistiese missiele wat regstaan die hele wêreld vol, en die patrone van hul geprojekteerde aanvalle was soos twee agterlyne wat mekaar in die middelveld kruis. Ek het nog diagramme getrek, klein ontploffinkies wat lei tot meer ontploffinkies, en meer paraboïliede vorms. Toe ek begin stamel want ek het nie regtig die wiskunde verstaan nie, het ek eenvoudig die res uit my duim gesuig. Dit het ineengestort in my eie losskrum van verduidelikings, sodat ek nie kon merk dat sy haar begin onttrek, dat sy haar blik begin wend na die onderwyser en die ander, en haar hare om haar vinger begin draai nie.

“Ek glo nie in kernwapens nie,” het sy gesê toe my praatjies uiteindelik opraak.

“Hoekom nie?” het ek gestotter, onkant betrap. “Wat is daar om nie te glo nie?”

“Hulle gaan die menslike beskawing uitwis.”

“Nie hier in Suid-Afrika nie.”

“Natuurlik sal dit hier ook uitslaan. Bestraling versprei oral.”

“Nie in streke soos suidelike Afrika en Australië nie.”

“As Suid-Afrika hulle nie self maak nie.”

Ek het gelag. Sy het nie.

“Ons weet nie hoe om atoombomme te maak nie.”

“Hoe weet jy?”

“Ek weet dit net. My oom is ’n generaal en hy het gesê ons sal nooit so ver gaan nie. Ons is te beskaaf.”

“Te beskaaf! Suid-Afrikaners beskaaf!”

Sy het dit so hard gesê die onderwyser moes ons dié keer stilmaak. Ons het nie weer gepraat voor die einde van die periode nie. My kop was in ’n warboel. Nie net oor wat sy presies bedoel het nie, maar wat sy van my gedink het. Was dit omdat sy so Duits was? Tog nie. Sy was net so Afrikaans as enige ander leerling in die klas.

Ek het dit probeer deurdink op pad huis toe. Hoe kan ons Suid-Afrikaners nie beskaaf wees nie? Wat van al die swartmense om ons? Hulle was tog die lewende bewys dat ons op ’n hoër vlak was? Onder

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

blankes was daar dronkaards en moordenaars en mense wat vuil gebare maak in die strate, maar hulle kon onder beheer gebring word. Swartmense kon nie.

Het Annchen gedink ek was ook onbeskaaf? Omdat ek rugby speel? Maar rugby doen presies die teenoorgestelde: Dit vat jou onbeskaafde impulse en toor dit om in ’n spel waarin alles draai om regverdigheid en om by die reëls te hou.

Daardie nag het ek weer van God gedroom. Hy het nog steeds soos ’n songebrande padwerker gelyk en sy wit baard was nog nie korter gesny nie, maar dit was ook nie langer nie. Hy het op sy fluitjie geblaas en almal na hom toe gewink.

“Vandag het ek Reël Nr 231 gemaak, oor die klap van die bal. Dit mag alleenlik gedoen word deur die skrumskakel voor die skrum sak. Dit moet met twee vingers gedoen word, só.”

En God het Sy middelvinger oor sy wysvinger getrek, asof Hy ons voorspoed toewens. Ek het my hand opgesteek.

“God,” het ek gesê, “ ’n mens kan nie eens ’n meisie so klap nie.”

“Meneer Blignaut,” het God gestoom, “ ’n mens klap in elk geval nie vrouens nie.”

Toe ek wakker word, het ek terneergedruk gevoel. Hoekom het ek gedroom dat ek Annchen wou klap? En hoekom droom ek sulke dinge van God? Dit was die duiwel, ja, my sondigheid wat my maar net nie wou los nie.

God het ook gesê ek moet my Duits verbeter. Ek het na hom geluister, en die onderwysers ingelig ek wil biologie verruil vir Duits. Maar toe ek my nuwe plek in die Duitse klas inneem, het Annchen nie opgekyk nie. Sy het gemaak of ek nie eens daar was nie.

”Jy het van vak verander nadat jy ’n droom gedroom het?” wou my ma weet.

Ek het my kop geknik, maar nie genoem wie in die droom my dit beveel het nie. En niks oor Annchen gesê nie.

© University of Pretoria

"Duits maak mense beskaaf."

My pa en Chris Harmse het in die oopplan-sitkamer gesit.

"Want dit maak mense minder Engels," het Harmse luid gesê.

"Jy kan spot so wat jy kan. Hierdie is die Last Outpost van die British Empire en sal dit altyd wees," het my ma teruggekap.

"Nie nadat ons die verkiesing gewen het nie," het Harmse gesê. My pa het die kans gebruik om die gesprek in 'n ander rigting te stuur. Hulle het van die komende botsing gepraat waarin die Nasionale Party se sittende Afrikaner Lid van die Parlement verslaan sou word deur 'n Griekse kruidenier van die Verenigde Party. Maar hulle het dit nog nie geweet nie, en was vol planne en bravade.

"So, Jaco," het Harmse uit die bloute gevra. "Gaan jy ons nie help nie?"

Ek het my skouers opgehaal; hoekom nie?

Harmse het opgestaan en by my en my ma aan die eetkamertafel kom sit. "Ek bedoel nie met papierwerk nie. Jy kan 'n paar toesprake vir ons skryf."

Toesprake skryf? Dit was 'n nuwe een. Wanneer my pa vir die hofsake voorberei het wat hy nog so nou en dan in sy vrye tyd gedoen het, sou hy lang aantekeninge maak, en wanneer hy weg was, het ek sy studeerkamer binnegesluip en hulle deurgegaan uit pure nuuskierigheid, na 'n teug uit die bottel brandewyn wat hy agter die woordeboeke weggesteek het. Sy handskrif was kwalik leesbaar, maar ek kon sien hy het net hier en daar 'n frase van sy eie neergeskryf, tussen al die verwysings na die ry op ry blou hofuitsprake op sy boekrakke.

"Maar hy is tog te jonk daarvoor?" het my ma probeer keer.

"Te jonk! Dis wanneer jy hulle moet vang. Jonger seuns as hy het teen die Engelse geveg, onthou," het Harmse gesê. "En ek sal hom betaal."

Ek het nie geantwoord nie. As hy so dom was om my 'n hele toespraak te laat skryf, sou ek dit doen, veral as daar ekstra sakgeld betrokke was.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Maar dit was nie genoeg vir Chris Harmse nie. Hy wou na ons rugby-oefening kom, want die storie dat ek ’n rugbygenie sou wees, het ook by die kollege uitgekom. Ek het na my ma geloer, dié keer het sy ’n wenkbrou net effens gelig, maar ek kon sien dit het haar heimlik plesier verskaf. My ma had ’n sagte plekkie vir roem.

Daar was nog meer onderwysers by die oefening, en hulle het Harmse met ’n lang geskud van hul hande gegroet, met die ernstige houdings van belangrike staatampenare of afslaers. Ek het nie veel daarvan gemaak nie, ek was gemaklik met al die aandag.

Annchen het nooit na ons oefeninge gekom nie. Dit was nie nodig nie. Sy het op wedstryd-dae gekom, maar altyd eers met rustyd, saam met ’n bondel maats. Sy het nooit gewuif of laat blyk sy is daar vir my nie, maar ook dit was nie nodig nie. Ek het geweet sy was.

Want sy het steeds opgedaag vir Bybelstudie. Sonde, sonde, sonde, het ek myself berispe wanneer ek haar knie, die ronding daarvan, die deining van haar dy beloer het deur my blik net ’n duim te laat verskuif van die Bybel tussen ons. Dan het ’n stryd hom in my kop afgespeel: as ek myself die hele tyd vertel alles is sonde, sou ek nie meer kon konsentreer op dit wat nie sonde was nie. Soms sou ek op ’n ander plek gaan sit, maar dan sou ek begin twyfel: laat sy my nie net te maklik van haar wegskuif nie?

Bidure was ’n verligting. Ek kon my oë sluit, in die eerste plek, en ‘n mens moes konsentreer op wat jy gaan sê as jou beurt om te bid kom. Ek het ook ontdek ek kon maklik verslaaf raak aan die vreugdes van ontboeseming, van belydenis, die klank van my eie stem, die soetigheid van my eie innigheid. Nie dat ons in besonderhede ingegaan het op ons wandade nie. Dit was vir Katolieke.

Dit het my weerhou daarvan om te onthul dat ek eintlik ’n dief en ’n leuenaar was. Waarskynlik met ‘n misdaadrekord. En ’n lafaard ook nog.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Teen die einde van die rugbyseisoen het die hoofafrigter my eendag by die huis gebel. Natal se losskakels vir die Cravenweek het opgeraak. Hulle het daaraan gedink om my te nomineer, maar hy wou eers seker maak ek sien kans daarvoor.

“Ek sal my ouers moet vra, Meneer,” het ek geantwoord, my stem so neutraal as moontlik, asof dit ’n alledaagse ding was dat ’n onderwyser my by die huis bel.

“Ek het reeds met jou pa gepraat, en hy het sy toestemming gegee. Ek sal jou môre ’n vorm gee wat hy moet teken.”

“Goed, Meneer,” het ek gesê. Ek het die gehoorbuis versigtig op sy mik geplaas, en toe by die deur uitgestorm tot in die straat, en weer terug met die oprit op, en om die huis gehardloop, en op die dak geklouter om oor die dorp te kyk met my arms in die lug, en Oubaas die kollie wat onder my soos ’n dolfyn die lug inspring van opgewondenheid.

My ma het in trane uitgebars toe sy die nuus hoor.

“Ek het jou al in Pietersburg gesê ons moet hom stop.”

“Niks sou hom gekeer het nie, jy weet dit tog,” het my pa gesê.

Maar daardie aand al het sy gevra oor die erebaadjie wat ek nou sou kry en gewonder of sy sommer die volgende dag al die regte goue koord sou kon koop wat om die rand vasgewerk moes word.

Op skool die volgende dag het die kleiner kinders om my saamgedrom en my op hul skouers probeer tel. Die hoof, nog van die outydse Engelse soort wat altyd ’n mortierbord gedra het tydens die skool se rituele, het my laat opstaan in die saal.

Agter die saal het ’n matriekmeisie my gegryp.

“Ek wil jou gelukwens,” het sy gesê.

“Sure,” het ek my skouers opgehaal. Voor ek weet wat aangaan, was haar lippe op myne en het sy haar tong in my mond gesteek.

“Nou moet jy my gelukwens,” het sy gesê, snakkend na asem.

“Sure,” het ek gesê, “waarvoor?”

“Ek was vyfde in die gewigstoot.”

Dit het so vinnig gebeur en sonder enige teken  dat dit sonde was, en sy het so ’n onweerstaanbare glimlag gehad, en haar vel was so bruin

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en glad dat ek oorgeleun het en my tong in haar mond gesteek het. Vinnig, sodat ek nie kon weggee dat ek nog nooit so iets gedoen het nie. En toe het ons na ons onderskeie klasse gestap.

Annchen het gemaak asof sy die onverskilligheid self was. Maar ek het oor die tasse geklim en die banke weggeskuif sodat ek amper teenaan haar kon gaan staan. Haar blik het nie vir myne gewyk nie.

“Ek wil jou soen,” het ek gesê. Sy het ‘n ruk lank na my gekyk voor sy geantwoord het.

“Waar?”

“By jou huis. Vanaand.”

“My pa…”

“Sê hom net… ons moet werk aan ’n taak.”

Nog steeds het haar oë nie gewyk nie. Dit het gelyk of sy iets in haar kop uitwerk.

“Nou maar goed,” het sy gesê. “Maar kom eers na aandete.”

Ek was die res van die dag in ’n beswyming. Alles het binne ’n dag bymekaar gekom. My nominasie vir ’n provinsiale span, al was ek net vyftien jaar oud. My toetrede tot die wêreld van volwassenes met die toespraak vir Harmse. My eerste soen met ’n tong. My eerste… Die eerste ware sonde wat ek sou pleeg. Of was dit wel? Ek kon dit nie uitwerk nie, maar ek wou ook nie.

Chris Harmse het gebel net voor ek na Annchen toe is. Ons het haastig op ’n tyd ooreengekom vir hom om die uitgeskrewe toespraak te kom haal.

Daardie aand het ek en Annchen in ’n alkoof van die sitkamer van hul huis gesit en gepraat en gepraat. Hoe ons op die onderwerp afgekom het, kon ek nooit daarna onthou nie, maar naderhand was ons besig om ons eie politieke party te beplan. Dit sou almal vrystel en gelyk maak aan mekaar. Iets soos die Franse revolusie wat ons besig was om te behandel, maar miskien is dit net hoe my geheue dit wil hê.

Ek kon my bloed voel pols in my nek en my tande het teen mekaar getik-tik toe ons uiteindelik onder die lamppaal in die straat staan. Die

© University of Pretoria

oomblik het aangebreek. Annchen het haar gesig al hoër na myne gehou, en sy het ook gebewe, en sy het so naby aan my gestaan, o so naby.

Ek het vir ’n lang ruk in haar oë gekyk. En sy het teruggekyk na my, en alles in die wêreld was daar. Ons kon nie wegkyk van mekaar nie, nie eens vir ’n millisekonde nie. Haar lippe was vol, die paar sproete op haar neus was teer, en ek kon vir die eerste keer die minuskule haartjies om haar mondhoeke sien.

“Goeienag,” het ek gesê, my mond sentimeters van hare.

“Goeienag,” het sy gesê, en haar asem het oor die V van my kraag gevee.

Ek het omgedraai en begin aanstap huis toe. Dit was nie nodig om haar te soen nie, ek sou dit die volgende keer doen. En die volgende. Dat dit nie saak gemaak het wanneer nie, het my nog meer wolke gegee om op te loop.

Ek het omgedraai en gewuif. Sy was steeds onder die straatlamp, en het teruggewuif.

Die toespraak was oor die nodigheid om die wetenskappe in Suid-Afrika te ontwikkel. Ek het ’n paar ou koerante in die besemkas opgediep en deur hulle geblaai tot ek ’n hoofartikel oor die wetenskappe gekry het, hoe Suid-Afrika die leier op soveel gebiede al was. Ek is geboei deur die argument: Dat ons land ’n mikrokosmos was waarin ons ‘n beleid sou toets wat ’n model vir die wêreld gaan verskaf.

Ek het geweet dit was wat Harmse wou hê; hy het nie net belang gestel om wetenskaplikes vir die toekoms te werf nie. My weersin in hom het gegroei, nie net omdat hy ’n skoolseun sy toesprake laat skryf het nie, maar omdat hy so lui was dat hy nie eens die materiaal in sy eie besemkas kon opdiep nie.

Hy het die toespraak kom haal, op twee velle wat ek uit my groot kladboek geskeur het. Eers die volgende week, aan etenstafel, het ek weer daarvan gehoor.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Dit was nogal 'n toespraak wat jy daar geskryf het," het my pa uit die bloute opgemerk. "Ou Chris is van oral af geluk gewens."

"Ten minste het hy my genoeg betaal vir nuwe toks."

"Wel, hy praat alreeds van sy geheime toespraakskrywer. Almal dink hy spot, maar eintlik is daar regtig een."

"Hoekom kan hy nie sy eie toesprake skryf nie?"

My ma het geantwoord: "Want hy is net 'n glorified poot. Al wat hy kan doen is slaan, skiet en die deure van strooise afskop."

"Dis nie al wat hy doen nie," het my pa geprotesteer, "hy is 'n gesiene man op die kampus."

"As dit so is, waarom doen hy nie iets aan die manier waarop die studente eet nie?"

"Hoe eet hulle?" het ek gevra.

"Met hulle hande!"

"Moslems eet ook met hul hande," het my pa terug gekap.

"Van wanneer kom jy op vir die swartes?"

"Die punt is dat beskaafde mense ook met hul hande eet. Dis nie as sodanig 'n teken van barbarisme nie."

"Van wanneer af is Moslems beskaaf?"

"Hulle maak so want hulle word so beveel deur die Koran, wat soos die Bybel is."

"Wel, nie in my huis nie. As hulle so wil kom maak hierso, sal hulle buite moet sit."

"Jy sal buite moet gaan sit," het my pa gelag. "Jy's 'n vrou!"

"Wys jou net," het sy getriomfeer, "hulle is ook barbare."

Dis nie waar dit geëindig het nie. Die ding met die toespraak. Een aand het my pa my kom roep in my kamer, waar ek besig was met uitgestelde huiswerk. 'n Matriekonderwyser, een van die groot kokkedore, het in die sitkamer gesit.

© University of Pretoria

"Meneer Uys het 'n versoek, of dis meer soos 'n uitnodiging," het my pa gesê, na die stywe groetery en praatjies oor die Cravenweek, waarvoor selfs ek begin moeg raak het.

Uys het verduidelik daar was 'n soort debatsvereniging wat allerhande politieke idees uit die ware wêreld bespreek het. Hy het gehoor ek het onlangs 'n toespraak vir iemand geskryf en die persoon het gedink ek het belofte getoon. Hy het gewonder of ek sou belangstel om van die vergaderings by te woon.

My eerste gedagte was aan Annchen. Dit sou 'n veel beter plek wees om haar te ontmoet as Bybelstudie. Sonder huiwering het ek gesê dit klink opwindend en belowend.

Dit het ietwat van 'n probleem geword, die volgende dag toe Uys my toevallig alleen in die toilet kry. Die volgende vergadering, het hy gesê, was op dieselfde aand as die swemgala.

Ek was geen swemmer nie, nie naastenby so goed as enige van die Engelse surfers nie, want op die Hoëveld was die vaal gras wat dein in die Winternagwindjie die naaste wat ons aan branders kon kom. Maar Annchen was in een van die spanne, en ek kon nie wag vir die lang tog terug huis toe saam met haar nie.

Maar Uys het volgehou, soos net 'n senior onderwyser kon, dat ek daardie aand moes kom. Of dit dan maar los. Ek was dalk die skool se rugbyster, maar ek was net vyftien, en ek het dus my kop geknik op 'n manier wat my teësin nie sou wys nie.

Dit het my hart wild laat klop toe Annchen nie haar teleurstelling wegsteek nie, maar ons kon mekaar darem vir 'n deel van die gala sien tot dit tyd word vir die debatsding.

"We want Jaco! We want Jaco!" het die kleiner kinders die aand van die gala op 'n kol begin skree. Annchen moes by haar span gaan aansluit, en ek het na vore getree op uitnodiging van die rasieleiers. Ek moes 'n staffie met linte rondswaai, die singery lei en 'n wawiel of twee doen op die gras.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ek het myself oorgegee aan alles, en uit volle bors saam geskree, gedans en met die onderwysers gespot. Wanneer ons gerus het, af en toe, of stil was vir ’n nuwe item om te begin, het die rook van die pistoolskote onder die bome gehang, en die tyd stil laat staan, asof in ’n miswolk ver daarvandaan. Die reuk van kruit het gemeng met dié van die chloor, skerp en viriel, en die oorweldigende damp verdryf van die broeiende suikerriet wat die dorp op warm nagte gesmoor het.

Ek het die histeriese kinders laat skree: ”Annchen is ons Mädchen!” Sy het gewuif, en toe die pistoolskoot klap, het ek met die swembad langs geloop, ondanks die pogings van die onderwysers om my te keer, en haar aangespoor. Sy kon net die vierde plek behaal, maar ek het ’n handdoek swierig aan haar voete neergelê, en toe nog een op ’n speelse manier by ’n onderwyser gegryp om om haar te drapeer.

Sy het geril in die briesie terwyl ek haar weglei na die gangetjie agter die pawiljoen waar al die swemmers hul sakke aan die balke gehang het. Ek het haar ’n koejawel gegee wat ek op pad na die gala uit ’n tuin gegaps het, en sy het dit met groot smaak geëet, sodat die sap oor haar ken geloop het soos ’n dogtertjie.

Toe het sy gebuk om iets op te tel en haar kostuum het oopgeval om haar bors te onthul. Haar tepel was styf en daar was ’n bruin kring daarom, en druppels water het klein stroompies na binne gevorm. My impuls was om af te buk en hulle af te lek, maar ek het asof versteen gestaan.

Sy het gesien hoe ek staan en staar, en het teruggekyk met ’n effense oop mond, en my kyk erken, en dat dit reg was vir my om dit so openlik te doen, voor sy stadig, o so stadig die bandjie van haar kostuum oor haar skouer getrek het.

“Ek het jou lief,” het ek vir haar gesê, my stem hees van al die geskree. Ek het oorgeleun en my lippe oor haar wang geskuur. “Ek moet nou gaan,” het ek bygevoeg, omgedraai en weggestap na die opening in die heining, die suikkerrietland in waardeur ek ‘n kortpad sou moes baan, want ek was reeds laat.

© University of Pretoria

© University of Pretoria

# Deel 2

© University of Pretoria

# Hoofstuk 12

OOK HIER op Lavoute-sur-Loire honger my liggaam na oefening. Daar is geen oefenfiets nie, die eienaar is ‘n pensioenaris wat seker na die Bois Noir se hek en terug stap voor hy sy glasie wyn langs die pruimboom sit en drink. Ek self was nou al ‘n paar keer tot by die top van die koppie in die bos met sy Madonna-ikoon onder die afdakkie.

Afwisseling help altyd; kort voor lank het ek my na die kasteel buite die dorp begewe, nie so ‘n lekker klim soos die Bois Noir nie, maar straf genoeg. Die familie Polignac s’n, wie se bekendste lede ‘n kardinaal en ‘n beeldskone hofdame van Marie Antoinette was. Die kardinaal het sittend in sy bed geslaap uit vrees hy sal sterf as hy plat lê, en die beeldskone hofdame het selfmoord gepleeg toe die gepeupel haar koningin se kop afkap.

Iemand het my vertel daar is 2 500 kastele in Frankryk en dis onder die goedkoopste eiendom in die land. Onder die Franse is dit lankal passé om een te koop, want dit vereis te veel werk: Hulle maak sarkastiese aanmerkings oor al die buitelanders wat so ywerig herehuise renoveer.

Maar die Polignacs interesseer my en daarom besluit ek om hul ander kasteel naby Lepuy-en-Valey ook aan te durf. Veral omdat dit soos die hekellapiepatroon op een van my ma se koekblikke lyk. Dis bo-op ‘n vulkaniese uitstulping in die vallei gebou en die pad na bo stel nie teleur nie, by die sesde hek hyg ek al lekker.

Die kasteel is maar ‘n kasteel, dit toring oor die vallei. Daar is mure reg rondom, ruim kwartiere vir die hertog en ‘n donjon om mense in te martel. ‘n Mens kan sien hoe dit werk as jy jou in die skoene van ‘n pagter daaronder plaas: jy breek jou rug op die landerye, en wanneer jy regop kom om ‘n bietjie asem te skep, kan jy die toring op die ou vulkaan nie miskyk nie, en dan werk jy maar liewer voort.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die piece de resistance is ‘n put van 400m diep. Ek staan en luister wanneer twee kinders ‘n klip afgooi: Jy kan die eerste reël van die Marseillaise sing voor dit die bodem tref.

Die Polignacs het hulself as ‘n magtige familie in die laat Middeleeue met ‘n eenvoudige skelmstreek gevestig. In Romeinse tye is offerandes aan Apollo op die vulkaan gebring; dis nie onmoontlik dat dit mense gevang deur die wilde stamme in die omgewing was nie. Apollo het dan vanuit die dieptes van die vulkaan met hulle gepraat.

‘n Millennium later het die Polignacs – wat hulself na ‘Pollo laat hernoem het – die orakel laat herleef en kort voor lank het pelgrims daarheen gestroom om God met hulle te hoor praat. Aan die voet van die vulkaan moes hulle teenoor ‘n priester bieg wat hulle dan van God wou hê. Die klimtog het die adrenalien en dopamien laat vloei en die biddende pelgrims in ‘n toestand van euforie na bo gebring, waar hulle enigiets geglo het. Die priester onder het beloftes oor hul wense deur die welluidende lawatonnels na bo laat weergalm. Alles teen die gepaste dankoffer.

‘n Uitstalling by die donjon het die verhaal deurgetrek na moderne tye. Daar is reusagtige, luuksueuse portrette van aristokrate opgedres soos Lodewyk die soveelste. ‘n Man wat langs my staan, lyk beledig, hy is met ‘n frons op sy gesig daar weg.

So magtig het die familie geword dat hulle in die Grimaldi’s van Monaco ingetrou het. Een van hulle was die groot finansierder van die Diaghilev-teater wat die gang van Westerse musiek en dans verander het. So ingenome is hulle met hulself, dat hulle nie die ironie raaksien nie: Igor Stravinsky se *Lenterite*, die werk wat onluste op straat veroorsaak het, is moontlik gemaak deur bloeddorstige offerandes twee millennia tevore.

Die ander claim to fame van die familie was dat een prinses ‘n beweging aan die gang gesit het in die 1930s om geld in te samel om die grafte van gevalle soldate van die Eerste Wêreldoorlog te versorg. Daar is foto’s van aristokrate voor rye en rye kruise, tienduisende van hulle. Glunderend, asof die grond aan hulle behoort.

© University of Pretoria

Het hulle dan nie genoeg geld gehad om die versorging van die grafte self te befonds nie? Van alle Europëers het die Franse, die gewone Franse, die meeste onder die geweldige katastrofe van daardie oorlog gely. Op elke dorp se plein is daar ‘n gedenkteken met dosyne name van die gevallenes. Dit was ‘n trauma wat amper erger as die Franse Revolusie was. En die Polignacs reken hulle kan hul aandadigheid afkoop met ‘n fondsinsameling by ‘n maskerbal of twee?

Die koninkryk van rugby is ook op ‘n skelmstreek gevestig. Nie dieselfde soort nie, maar ‘n skelmstreek bly ‘n skelmstreek. Dit was nie ‘n uitvindsel van ‘n aristokratiese skoolkind in Engeland wat kwansuis uit ongeduld met sokker die bal opgeraap en daarmee begin hardloop het nie. Dit was andersom. Enige aap kan sien dat ‘n skop die vinnigste en regverdigste manier is om ’n bal veld-op te kry.

Rugby, of ‘n vorm daarvan, is eeue voor sokker al gespeel, reg hier in Frankryk, deur die gepeupel in die dorpe van die campagne. Die eerste skeidsregters was die plaaslike edelman, wat uit sy kasteel kom afdaal het daarvoor, of ‘n plaaslike biskop.

Die naam van die spel was “la soule”, vernoem na die soort stewig toegewerkte leerkussing, dikwels met fyn gevlegte tossels versier, wat tussen ‘n skare deelnemers ingegooi is. Onder hulle was etlike mans van die buurdorp, of selfs twee, drie dorpe, wie se doelwit dan was om “bal” na hul eie biskop of edelman te dra.

Dit was ‘n gewelddadige spektakel. Reëls was rudimentêr, meestal ‘n verbod op die gebruik van messe, of teen weerwraak deur familielede van die spelers, op wie se getalle daar geen beperking was nie. Vandag nog noem die Franse die skrum ‘n “melée”. So erg het dit gegaan dat die koning self dit soms vir jare lank verbied het.

Dit was ook die geval toe dit na Engeland versprei. Edikte is gereeld uitgevaardig teen “mob football”, “Shrovetide ball” of “camp ball”. Die woord “skrum” was aan “scrimmage” verwant, wat weer afgelei is van “skirmish”, of skermutseling.

© University of Pretoria

Sokker het eers na eeue, in die negentiende eeu in die groeiende stede van die Engelse industriële revolusie ontstaan, toe die eienaars van die eerste sportvelde – wie se enigste doelwit was om geld te maak – die spel wou verfyn tot iets wat makliker sou wees om te volg. Sokker was die toepassing van die beskawing op rugby, en nie andersom nie.

Die meer aristokratiese tipes, wat neergesien het op die nuwe vulgariteit om geld te wil maak uit sport, want hulle het nie self sulke geld nodig gehad nie, het weggebreek. Die kardinale reël, die verbod op die hantering van die bal met die hande kon hulle nog aanvaar, maar die verbod op die skop van maermerries het te ver gegaan.

Die posh skole in Engeland het voortgegaan om mob football tydens pouses, of na skool, te speel. Elkeen het sy eie reëls gehad, en toe hulle teen mekaar begin speel, was dit die gebruik om die eerste helfte die een skool se reëls te volg en die tweede helfte die ander s'n.

Eers laat in die negentiende eeu toe sokker in volle swang was en reuse-skares onder die werkersklas begin trek het, want dit was die "beautiful game", het 'n groep onderwysers bymekaar gekom en 'n eenvormige stel reëls vir die oorspronklike "mob football" probeer opstel.

Hulle kon nie erken dat die werkersklas hulle vooruit was nie en daarom is die William Webb Ellis-legende gefabriseer. Dit was eenvoudig 'n teenvoeter teen die "vulgariteit" en eenvoud van sokker, bedoel om die meerderwaardigheidskomplekse onder Engelse aristokratiese kinders in hul private skole te versterk.

Die wortels van rugby strek tot in die tradisies van die feodale gehug tydens die Middeleeue. Vir eeue lank het die pagters en later die plaaswerkers in die modder voor die kerk agter die tosselbal aan geploeter. Met die aristokrasie wat op hul perde sit en toekyk, en hul lus nie kon hou nie. Dikwels pas van die jag af, aangehits deur die gespring oor heinings en slote.

Wanneer hulle deelgeneem het, is daar uiteraard ruimte gemaak vir hulle – jy kon nog die belhamel van jou straat terugkry deur sy been te breek onder die hoop mense, maar met die edelliede moes jy versigtig werk – en so het die agterlyn ontstaan.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Merendeels het dit ’n deurmekaarspul gebly, en dit was ‘n onbegonne taak om regverdigheid af te dwing. Want dit verg nie veel vernuf om die “soule” te behou deur dit toe te val nie, en pagters was juis geroepe om hul lywe vir hul meesters in die stryd te werp. Hulle kon vir ure lank in die modder stoei vir die tosselbal, mekaar hiernatoe en daarnatoe trek.

Eers toe die pagters dit kon regkry om van Europese klasse-onderdrukking na die kolonies te ontsnap, kon hulle die spel na iets meer rasioneel aanpas. Die Amerikaanse revolusie teen die Engelse aristokrasie, kan ‘n mens selfs beweer, is in die spel van “gridiron” volvoer. Die eenvoudige reël is neergelê dat die eierbal met sy onvoorspelbare gespring “dood” is sodra dit die grond raak.

Pleks daarvan om vir besit van die bal te grou — soos jou nasate in die volgende eeu in die laaste loopgraaf van ‘n triestige modderveld in Vlaandere — is dit veel slimmer om die bal dood te verklaar en van voor af te begin. Pleks van obstruksie aan bande probeer lê, het dit die aksie geword waarom die hele spel gedraai het. Die meeste spelers in gridiron se taak is om die ander spelers van die baldraer af weg te hou.

Terug in Engeland, in die imperiale sentrum, het ’n bietjie rede ook in die private skole en universiteite begin posvat. Die soeke na geregtigheid in rugby het begin. Na amper ‘n eeu en ‘n half duur dit nog voort.

Die maak van reëls om obstruksie te beperk, het ‘n permanente bedryf geword. Onderwysers het hulle al meer en al langer gemaak, asof hulle handleidings vir koninklike dinees moes opstel. Dit het ‘n drama van sonde en straf geword, wat ook die fondament van die Engelse boarding school en sy sadistiese prefekte was. Vir amper ‘n eeu lank het ‘n strafskop net soveel as ‘n doel getel. Die doel self is gereduseer na ‘n “try”, ‘n poging, ‘n eksperiment, toestemming om ‘n bonusskop te mag probeer.

Die eintlike dryfveer was die onvermydelikheid van die oortreding, die oersonde wat jy nie kon vermy nie en waarvan alles afgehang het. ‘n

© University of Pretoria

Weerspieëling van die magdom reëls wat die alledaagse lewens van die aristokrate en hul bediendes beheers het.

En die grootste sondaar was die skeidsregter. Daar was naderhand net te veel reëls en grys areas – alles het van sy interpretasie op 'n bepaalde dag afgehang. Vandag weet ons dat geen wedstryd plaasvind sonder minstens 'n halfdosyn growwe foute deur die skeidsregter nie. Voor die koms van rugby op TV is dit alles weggesteek onder die berge vleis van die skrum, jy kon dit nie eens met 'n verkyker sien nie.

Hul sonde is onmiddellik vergewe, soos die kerk sy priesters onmiddellik vergewe. Vroeg reeds het die rugbybase gesorg dat skeidsregters nie gekritiseer mag word nie. So kon die blufspel dekades lank duur, en vandag word hierdie verbod jaloerser as ooit bewaak. Rugby sou nie kon bestaan, sou nie 'n tradisie kon opbou om dit tot die huidige tyd te dra, sonder hierdie kollektiewe blindekol oor die skeidsregter se foute nie.

Ware rugby is net moontlik as jy 'n geheel ander spel speel, wat die werkersklas gedoen het deur Rugby Liga te skep, met gridiron as die model. Soos sokker was dit veel aantrekliker, met die reëls drasties uitgedun. Die laaste bietjie oersonde is verwyder deur elke span sewe kanse te gee om foute te maak. Sewe kanse! Met hierdie amper Bybelse regstelling het liga gou gewilder as die klassieke vorm geword.

Waarom het Rugby Union dan so sterk gegroei in Suid-Afrika, self die slagoffer van die Britse empire en sy aristokrasie? Onmiddellik na die Boereoorlog was daar 'n dubbele vernedering. Nie net moes Afrikaners hul verliese aanvaar en verwerk nie, hulle was op Britse regeringshulp aangewese. Rekonsiliasie was aan die orde van die dag, en regstellende aksie en kompensasie het Afrikaners werk en nuwe plase gegee.

Om die beste hiervan te maak, moes hulle meer Brits as die Britte wees. Vir baie was die nalatenskap van die oorlog 'n winsgewende een, en is nuwe geleenthede geskep. Nogtans was dit moeilik om die

© University of Pretoria

oorlogswonde, die skanddade, die konsentrasiekampe, die slagtings van diere op die plase, sommer so onder die mat in te vee.

Rugby, die spel van die Engelse aristokrasie, het gehelp om hierdie teenstellings op te los. Sokker sou nie, dit was die spel van die "ander", swartes en Portugese. Op die eerste rugbytoer na Brittanje na die oorlog het min ondersteuners besef dat die kaptein, Paul Roos, half-Engels grootgeword het; met sy Bolandse dialek het hy so Afrikaans oorgekom as wat kan kom. In hom is al hul drome en wense vergestalt.

Sy welsprekendheid, sy onberispelike kleredrag en "good manners" so uit die Victoriaanse handleidings, was die lewende bewys dat Boere nie onbeskaaf en ongeslyp was nie – nie "takhare" wat jy maar na willekeur kon jag, van hul plase kon afgooi en op verre eilande gaan verban nie.

Maar die inherente ongeregtigheid van die spel, veroorsaak deur die skeidsregter se foute, het die Boere ook toegelaat om hul ewige verontwaardiging oor die Empire en sy baie onregverdige reëls uit te druk. En vergelding kry deur te wen.

Annchen het iets van hierdie impotensie raakgesien in die taal van rugby, gewortel in die wêreld van die kombuis. Botter en pap, die mes, die oond ... dit was die plek waar soveel Suid-Afrikaanse witmans, veral die werkloses, hul vrye tyd kom deurbring het, in die jare voor die volk toegelaat is om televisie te kyk.

Veral Afrikaners, die armes in die werkersklas, wat nie net die Anglo-Boereoorlog verloor het, maar ook die 1914-rebellie, en die Groot Depressie, en dosyne verkiesings, tot hulle die Tweede Wêreldoorlog drie jaar later in 1948 gewen het ...

My oupa het in hul huis in Pretoria-Wes 'n stoel langs die koolstoof net vir homself gehad. Hy was 'n staalwerker by Yskor, en dit was moeilik om te besluit wat die swartste was, hy of die stoof. Die steenkoolstof het ingegrein geraak in die diepste groewe op sy gesig, terwyl die ronde stoofplaat van al die afvee 'n blinkgladde vel soos 'n baba s'n gehad het.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit was my Engelse oupa. My Afrikaanse een was in elk geval ’n kok. Wanneer my ooms kom kuier het, het hulle eers ’n bietjie in die kombuis gesit, elmboë op die kanariegeel panelite, en hul tee geroer met teelepels asof hulle moersleutels was. As hulle klaar was, het hulle die leë koppie eenkant gestoot vir ’n onsigbare vrouehand om te verwyder. Hulle het altyd tuis gelyk daar.

In die jare daarna, toe dit goed gegaan het met witmense, het dinge na die sitkamers met hul meubels op leeupote en ferweelkussings verskuif. Nou, in die 21ste eeu, begin dit blyk dat hul mag ’n vloekskoot was, dit kon nie langer as vier dekades hou nie. En die werklose mans is terug in die kombuis, al is dit net om nog bier te kry vir die dag voor die TV.

Die Boere-oorlog is in die spel self voortgesit. Daar was baie getuienis dat rugby oorlog met ander middele was. Dis die enigste spel met ‘n frontlinie, wat enkele meters heen en weer skuif soos loopgrawe in die Eerste Wêreldoorlog. Die struktuur van die spanne was ‘n model vir ‘n militêre slagorde, met infanterie en kavallerie en bomme wat kruis en dwars deur die lug trek. Ek en Annchen het by nog groter dimensies uitgekom – ons sou kopiereg op ons idees oor rugby en kernwapens kon uitneem.

Internasionale rugby was, inderdaad, soos ’n oorlog met interkontinentale ballistiese missiele. Elke vier jaar het Suid-Afrika sy salvo na Nieu-Seeland afgevuur, daarna het die All Blacks hierheen gekom. Die vliegtuie oor die suidelike Indiese Oseaan was soos ’n interkontinentale up-’n-under. Die invallende span se massiewe pakke voorspelers het net een doel voor oë gehad: Om die teenstand plat te vee en ’n Ground Zero van leegheid soos in die Bikini-eilande te los. Daarvandaan kon die losskakel sy wenskop van die kantlyn af loods, ná die doodsnik-drie in die hoekie.

En die skeidsregter se oersonde was onontbeerlik. In daardie jare het die spanne self die skeidsregters vir toetse uit ’n paneel van plaaslike kandidate gekies. Morné du Plessis, dink ek, het my vertel hoe skeidsregters sou kom gatkruip op die dinee ná die toets. Op die veld was

© University of Pretoria

hulle God, maar vir hul wederopstanding tydens die volgende wedstryd het hulle die kapteins se steun nodig gehad. Hul amper obsessionele begeerte om weer in ’n toets te blaas, het die fouteskaal ten gunste van die tuisspan laat swaai. Die kuns was om dit nie te ooglopend te maak nie, om ’n whitewash te vermy, want dit sou te veel wenkbroue laat lig. ’n Reeksoorwinning was genoeg.

En dus het veral die uitslae van die epiese botsings tussen die Springbokke en All Blacks soos ’n swaar en langsame pendulum geswaai, van die een land na die ander, van die een toer na die volgende. Wie sal ooit vergeet, in 1981, toe die Springbokke op die rand van ’n reeksoorwinning in Nieu-Seeland was?

Naas Botha en Ray Mordt het drie drieë teen die verloop van die spel geskep — dit wil sê teen die trant van interpretasies van die skeidsregter — en die Springbokke was met ‘n enkele punt voor. Waarop die Nieu-Seelandse skeidsregter die skrumskakel Divan Serfontein gestraf het vir ’n oortreding wat mense vandag nog nie verstaan nie. Dit kon alleen vir sy oersonde gewees het. Die skraal, tweederangse heelagter David Hewsom is toegelaat om die All Blacks tot ’n naelskraap-oorwinning te skop. As die skeidsregter daardie strafskop nie toegeken het nie, sou hy nooit weer in sy tuisland geblaas het nie.

Die mense wat die toutjies trek, het seker gemaak dat hierdie onuitgesproke kontrak die raamwerk vir internasionale rugby bly. Dekades lank het die internasionale rugbydiktator Danie Craven, aanvoerder van ‘n eenheid genaamd die Springbokke in die Tweede Wêreldoorlog, die pogings afgeweer van die estetiese tipes wat wou wegkom van die brute krag van vervelige skrums en die moedbrekers van lang strafskoppe.

Craven het amper man-alleen die hele wit Suid-Afrika se moraal in stand gehou. Nasionale diensplig het die res gedoen. Reusagtige dienspligtiges is na die stedelike basise gestuur en vol weermagaartappels, biefstuk en karringmelkbeskuit gestop. Hulle het hul eie subkontinentale oorlog gehad, tussen Noord-Transvaal en Westelike Provinsie, albei om weermag- en polisiespanne gebou.

© University of Pretoria

Uli Schmidt se pa, Louis, ’n mindere speler, dog self ‘n legendariese figuur, was ’n bioloog in die weermag. Vandat hy vyf jaar oud is, het Uli my vertel, is hy ’n militêre bioloog se lesse oor die lewe geleer: In die skrum moet jy soos die laagste vlak van lewe wees, soos ’n amoeba - prik iets jou, slaan jy onmiddellik terug. Dit was die spel, ’n oog vir ’n oog op die een toer, ’n tand vir ’n tand op die volgende. Louis was berug die wêreld deur as ‘n “vuil speler”.

Met sy weglê-snor het Louis self van die prikkelende beskrywing “bul” gehou, en kort voor lank is sy span, Noord-Transvaal, die Blou Bulle genoem. Louis se seun was van kleinsaf die gelukbringer, die een op die Pathe-nuusflieks, met sy klein helm met horings op soos ‘n Viking s’n. Toe hy grootword, het hy sy eie legende op ’n berugtheid gebou wat selfs groter as sy pa s’n was, en was hy dikwels in die moeilikheid weens sy bakleiery. Uli die amoeba.

Die Blou Bulle se oorheersing onder die mank polisieman Buurman van Zyl met sy af-oor het die lang dekades van internasionale rugby in sy Koue Oorlogse bulfase verteenwoordig, die spel van polisie- en weermagte oral in die Weste: Wys die rooi vlag dan storm hulle.

Maar bulle wen selde die bulgeveg. Dis nou maar eenmaal nie hul lot nie. En dis hoe dinge afgeloop het. Die finesse van die matador, die mesmeriserende rooi vlag, en die uitputting weens die gedurige teistering van die lafhartige picaro’s, het die wit bewind op sy knieë gebring.

Die reëls van rugby het verander. En sy militêre logika. Craven se dood en die val van die apartheidstaat het saamgeval met die opkoms van televisie, en die ontdekking dat rugby tog ’n aantreklike skouspel kan word, wat na die vloeiendheid van die “beautiful game” van sokker kon strewe.

Die eintlike geheim van rugby is dat hierdie ideaal – om soos sokker te word - ‘n historiese onvermydelikheid was.

Maar ek wyk af.

Ek wyk af.

© University of Pretoria

# Hoofstuk 13

EK HET my rug met ‘n gebaar van beslistheid op Annchen gedraai en my in die wilde suikerriet in die oop stuk veld anderkant die munisipale swembad begewe. Uys se huis was verder teen die heuwel op, in ’n straat wat van die kloosterskool heelbo af singel soos ‘n stywe das om ‘n nek.

Gewoonlik moes ’n mens jou pad deur die riet oopbeur, maar daardie aand het dit gevoel of ek sweef oor die blare, die nagloei van Annchen se sagte wange op my lippe. Ek het sterk genoeg gevoel om ’n tropiese woud te takel, en die taai lug, en die geknars en gekrakel van droë suikerrietblare en polle onder my skoene het my net aangespoor.

By Uys se huis het ek ’n oomblik gaan staan om my asem terug te kry, terwyl ek besluit watter stel trappe on na die balkon te neem, linksom of regsom. Daar was twee motors in die oprit. Draai om, loop terug, het iets vir my gesê, dringend, draai om na Annchen! Ek het teruggekyk oor die dorp, en in die laaste bietjie lig die roete probeer natrek onder die blaredak waar sy saam met haar maats huis toe sou stap.

Ek het die regterkantste stel trappe gekies, leiklip met lelike relings van platyster in wit geverfde krullewerk. Ek het geklop, maar daar was geen antwoord nie. ’n Dowwe lig het deur die geëtste glas geskyn; dit het my weer laat klop. Terselfdertyd het die deur oopgegaan, sodat ek met my vuis in die lug gestaan het in ’n soort saluut.

Dit was George Maarschalk, die matriek van die Bybelstudiegroep. Hy het strenger as gewoonlik gelyk, en moes pas sy hare laat sny het – daar was wit halfmane om sy ore. Agter hom kon ek ’n kers sien flikker in die luggie deur die oop deur.

“Kom binne,” het hy gesê, en met sy kop na die sitkamer beduie. Daar was nog meer kerse, party in drievurkige kershouers.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 'n kateder was daar 'n ekstragroot Bybel en nog 'n boek, albei in rooi leer gebind, met goue blaaie wat in die flou lig glinster. Agter die kateder het twee figure gestaan, hul gesigte bedek deur swart kappe waarin gate vir hul oë gesny is.

Ek het onwillekeurig gemik om my hemp in my broek te steek, en aan my das gevoel om dit reg te trek, maar my hande liewers langs my sy gehou. George moes my na die kateder stuur, en sag druk op my skouers. So verstom was ek dat hy moes beduie ek moet my linkerbeen buig, sodat ek op my knie kon staan. 'n Deel van my wou my nog steeds laat opspring en laat spaander. Maar 'n ander deel het my beveel om te gehoorsaam, dat wat nou gaan gebeur onvermydelik was, deel van die lot wat iemand iewers besig is om vir my te skryf.

"Sê agter my aan," het een van die figure in die kappe gesê. "Ek sweer plegtig..."

"Ek sweer plegtig..." het ek herhaal. Ek moes my keel koonmaak so skor was my stem.

"... om myself te onderwerp aan die kodes en prosedures wat hierop volg..." het ek voortgegaan, en bewus geword van my bewende liggaam.

In die jare daarna het ek probeer onthou wat ek daardie nag onderneem het. Ek kon nooit meer as die eerste paar woorde oproep nie. Maar die eed het gegaan oor 'n ware Afrikaner wees, wat behels het om 'n getroue Christen te word en die sending te aanvaar waarvoor God Afrikaners op die aardbol gesit het. Van daardie oomblik af, het ek belowe, sou elke handeling van my, elke uitspraak, in diens van hierdie sending wees.

"So help my God," het die eed geëindig, en ek het my twee vingers plegtig gelig.

Toe is die ligte aangeskakel, en tot my verbasing het etlike meer mense na die middel van die groot sitkamer getree. Ek het orent gesteier, my bene het gevoel of hulle slaap, en my knie was

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

rou soos ek dit onbewustelik op die harde hare van die deurgetrapte Persiese tapyt geskuur het.

Die hoofseun was daar, en die hoofprefek, en een of twee ander prefekte… die kaptein van die krieketspan, atletiek se victor ludorum, en drie of vier ander matrieks en standerd neges wat ek nie geken het nie. Almal het hul aan my voorgestel, en dit laat volg met 'n warm "welkom!" en hier en daar 'n klop op die skouer. Dit het my 'n ruk geneem om te ontspan tussen sulke belangrike mense.

"Tee? Koffie?" het Uys agter 'n toonbank gevra wat die sitkamer geskei het van 'n klein kombuisie. 'n Glydeur het ons van 'n tweede sitkamer afgesonder, seker bedoel vir Uys se gesin. In die agtergrond kon ek die radioprogram Sake van die Dag hoor.

"Koffie!" het almal gekoor, en gelag.

"Tee is vir Engelsmanne," het George gesê. 'n Paar stukke Boerebeskuit is rondgestuur, en Uys het my elmboog in sy hand geneem om my eenkant te gaan laat sit. Die ander het met 'n houding vol respek om ons verby gestuur.

"Jy wonder seker wat aangaan," het Uys begin. Ek kon net knik, my wange bollend van die beskuit.

"Jaco," het hy plegtig vervolg, "jy het 'n groot toekoms voor jou. Ek het nog nooit nie, en ek is nou al vir twee dekades 'n onderwyser, 'n seun met soveel talent ontmoet nie. Sport, akademie, kultuur, 'n godsdienssin, dis alles daar. Jy is soos 'n geskenk aan ons volk."

Ons volk… twee woorde wat ek selde gebruik het, nooit kon verbind met myself nie. Dit het my opgewonde laat voel, oor die moontlikheid dat ek nou uiteindelik iets gaan bereik in die lewe. Ek het weer begin bewe.

Uys het dit raakgesien. Hy het nader geskuif.

"Dit is nodig," het hy amper gefluister, "dat jy nou verder die wye wêreld inkyk, verby skoolsake. Daarbuite is 'n desperate stryd aan die gang, en ons Afrikaners is besig was om dit te wen, maar

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om aan te hou wen, moet ons aanhou oefen, onsself aanhou voorberei vir die stryd.

"Die Aanhouer Studiegroep, soos in die spreekwoord 'aanhouer wen'," het hy met onverbloemde trots in sy stem gesê, "is op die been gebring om hierdie stryd te bespreek, en sekere besluite te neem, op 'n demokratiese wyse deur die hele groep, waarvan al die lede gelyk met mekaar is."

Ek, 'n Standerd Agt, vyftien jaar oud, op dieselfde vlak as 'n matriekseun? Dit was hierdie besef wat die skaal laat swaai het, wat my laaste bietjie twyfel laat verdwyn het.

Op pad terug huis toe het ek weer op lug geloop, om heeltemal ander redes. Mag. Dit was die poort tot mag hierdie. Ek het vir die eerste keer vir iemand gesê ek is lief vir haar, en ek het 'n voorsmakie van mag gekry. Ek het geweet my lewe sou nie weer dieselfde wees nie.

Ek het die nuwe spel instinktief verstaan. Net 'n week of wat nadat ek 'n aand lank saam met Annchen aan 'n nuwe politieke party beplan het, een vir vryheid, was ek gereed om my lewe op die spel te plaas vir die teenoorgestelde.

Daardie selfde naweek is ek al getoets; miskien was dit toevallig, meer waarskynlik was dit so bedoel, sodat ek gou kon agterkom wat bedoel word met "aksie". "Sessions" was die woord wat ons vir mekaar gesis het: Ons moes die meisieskoshuis se "sessions" gaan hokslaan. Die idee met "sessions" was om 'n eetsaal leeg te maak vir koshuiskinders om te kom sokkiejol, met "civvies" uit die dorp as bonus. Sodat mense mekaar kon ontmoet, het die kennisgewing op die bord in die voorportaal van die skool eenvoudig gesê.

"Om wat te doen?" het George retories gevra terwyl ons die donker strate in marsjeer van sy huis af, waar ons eers bymekaar gekom het. Ek het nie durf antwoord nie: Soen? Vry? Hande onder

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die rokke? In die donker kon ek wegsteek dat ek geen benul van sulke dinge had nie.

Maar dit was ook nie waarom dit vir ons gegaan het nie. Die middernagtelike besoeke deur die seuns en meisies in mekaar se kamers is in elk geval deur die skoolhoof bestry, al was hy Engels.

"What did I find in my swimming pool on Sunday?" het hy eenmaal in die skoolsaal gevra, met sy mortierbord skeef op sy kop en die tossel wat sy oor kielie. Die gemaak-eerbiedige stilte is verbreek deur ’n geproes en ’n gegiggel ná sy antwoord: "A condom!" Ons het saam gelag, want as Engelsman was dit sy verdiende loon. Wat presies ’n "condom" was, het ek nie geweet nie – ook nie juis toe die fluistering "effie, effie" deur die saal loop nie.

Nee, ons wou verder gaan. Ons het nie net losse sedes geteiken nie, maar wat daaragter lê. Wat Uys gesien het as ’n aanslag van buite af deur sinistere magte. Hoe presies hierdie aanslag werk, moes hy nog verduidelik, maar ek het geweet John Lennon was betrokke.

Nie dat ‘n verduideliking nodig was nie, ek was reeds oortuig Uys was reg; soos die ander het ek twyfelloos en standvastig probeer lyk terwyl ons langs mekaardie straat afmarsjeer, asof dit aan ons behoort. Voorheen het ek nie regtig geweet wat die woord "belangrik" beteken nie. Nou het my bors geswel, en ek het my vuiste gebal sodat my spiere kon span onder my moue.

Die koshuis was ’n gebou van maroen bakstene wat in hul eie onderaardse skakerings gegloei het in die oordadige groen van die honderde heuwels om ons. Ons het eers tot stilstand gekom op die trappe van die eetsaal, waarvan die glasdeure wyd oop was. Op die paar Engelssprekendes wat opgedaag het, het ons ons rûe gedraai. Maar die Afrikaanssprekendes het ons een vir een voorgekeer, ons arms beslis oor ons borste gevou.

Wat doen jy hier?

Het jy gedink aan die gevolge?

© University of Pretoria

Sal jy jou katkisasieklasse in die kerk deurkom?

Het jy geweet John Lennon het gesê hy is gewilder as Jesus Christus?

Het jy geweet die kommuniste gebruik popmusiek om die regering te ondermyn?

Jy kan die vraelys self verder voltooi. En ja, in jou mou lag vir ons, of selfs hardop. Maar ons het goed geslaag in ons doel – die "sessions" het 'n flou affêre geword, waartydens al die soet seuns en dogters probeer wals of two-step het, en van mekaar weggebly het met stywe arms asof hul mandjies wasgoed vashou.

Maar ons kon die organiseerders nie laat afsien van die "strobe lights" nie, wat duidelik bedoel was om die dansers te hipnotiseer om subliminale boodskappe te kan plant. (Nee, ons het nie plate getoets deur hulle agteruit te speel nie, ons was te gesofistikeerd daarvoor.) Hulle het beweer hulle het nie geweet hoe om die ligte uitmekaar te haal nie, en sou spesiaal 'n elektrisiën moes laat kom.

Tydens ons volgende vergadering het ons besluit om 'n afvaardiging bymekaar te kry, insluitende minstens een ASG-lid, om 'n petisie aan die skoolhoof op te stel. George het sy dienste aangebied en ek het my hand ook laat opskiet.

Hy het die petisie geskryf, en ons het dit onder die goeies en regverdiges van hart, of dié wat so voorgekom het, gesirkuleer. Ons het dit na die hoof geneem, met my as die segsman.

"Jaco!" het hy uitgeroep. "Wat 'n verrassing."

Ek het gebloos en begin stotter terwyl ek na die ander name wys en sê dit was 'n kollektiewe poging. My hart het vinniger geklop toe die hoof skepties na my kyk.

"Well, I don't like strobe lights myself. They're so tacky. So from now on, they're banned."

Dit was my beurt om na hom te staar. Het hy gespot met ons? Het hy dwarsdeur ons gesien? En wat het "tacky" beteken? Maar omdat ons in 'n kort tydjie bereik het waarvoor ons gekom

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het, kon ons nie regtig “um” en “aa” oor die saak nie, en ons het weer vertrek.

Die voorsitter van die ASG was ’n matriek, Paul Wolvaardt, so ernstig van aard dat sy bynaam “eerste minister” was. Hy kon kies watter van die skool se liggame hy wou beheer. Nommer een op sy lys, natuurlik, was die debatsvereniging… elke tweede, derde sin uit sy mond het na politiek geneig.

Paul het my uitgesonder. Ek het gou besef dit was omdat hy my moes grootmaak as ’n toekomstige leier van die sel. ’n Mens het nie jou maaltafels nodig gehad om dit uit te werk nie – daar was geen ander Standerd Agt nie. Die onderwysers het hom geprys as “’n goed versorgde jongman”, en daarom het ek ook een probeer word. Omdat hy sy hare laat sny het met ’n “sideburn” so reguit soos ’n sypaadjie en ’n “crew cut” met staalvylsels, het ek my hare in dieselfde formasie probeer dwing. Wat hom spesiaal gemaak het, was dat hy fluit kon speel, en daarom het ek ook ‘n geduikte beuel in die garage opgediep en myself voos geblaas daaraan, tot die bure kom kla het.

Ons het mekaar eers regtig tydens die kadetperiode gevind. Die ASG-onderwysers het daarvoor gesorg dat ons lede die hoofkadette was. Ons het ‘n speletjie gespeel wat net ons verstaan het, iets wat bedoel was om die gevoel van beheer en mag te versterk. Die periode het altyd die dieselfde patroon gevolg: Paul, netjies in sy kakie kortbroek, het die orkes laat aantree en hul instrumente laat rig, en het hulle selfs vir ’n rukkie gedirigeer terwyl die res van ons die plek vol marsjeer. Dit was waar dat die orkeslede altyd ’n bietjie regopper vir hom gestaan het, omdat hy hulle werklik beter laat speel het, en ten minste nie vals nie. Dan sou hy ons troep kadette laat halt.

“Oop orde mars!” het hy gegil soos ’n geoefende samjoor, met sy stem wat op die regte plek breek in presies die regte

© University of Pretoria

falsetto. Dan sou die speletjie begin, ’n subtiele opstel van die orde, die hiërargie, met die manne van die ASG aan die bopunt. Dit was eenvoudig: Almal moes oombliklik reageer op sy lukrake bevel, en dié wat die verkeerde beweging uitvoer, het uitgeval. Tot net een oor was.

Vir die meeste seuns was daar niks aan nie, hulle wou net die periode omkry. Dit was dus maklik vir ons groepie om met sterker konsentrasie geselekteer te word as die bestes. Wanneer Paul die spel gelei het, het ek elke keer gewen. Was dit telepatie, het ek selfs gewonder, Afrikanertelepatie?

“Links…” Paul sou die bevel in die lug laat hang… sou dit “om!” of “rig” word? Soms sou hy sy kop net effens in my rigting draai, en ek sou ’n krul sien vorm in die hoek van sy mond, en ek sou daardie fraksie van ’n sekonde vroeër swaai wat nodig was vir hom om MY te volg en die ander kadette tot foute te dwing.

My lewe het inderdaad verander. Ek het my skoene elke dag begin politoer, of elke tweede dag dan, en probeer om op te hou om gruisklippe te skepskop op pad skool toe. By die laaste bult het ek die skurwe dele van my skoene met spoeg opgefix. Ek het minstens twee keer per dag my das bewerk en herbewerk, en die klein flappie van die knoop verder teen my strot probeer aftrek.

Voorheen was die prefekte daar om die spot mee te dryf, en soveel moontlik te dwarsboom. Maar nou het die paar ASG-lede onder hulle die fokuspunt van ‘n ander onuitgesproke komplotjie geword.

“Hande uit jou sakke, Jaco,” sou George skree, met ’n knipoog wat net ek kon sien. Ek sou my hande dadelik agter my rug vashou, en regopper staan. George was iemand wat ’n mens moes gehoorsaam, was die boodskap. Hy en ek sou dan ook nie met mekaar verbind kon word nie. Die ASG was net vir seuns, maar dit was gou duidelik watter meisies deel van ons kringetjie

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sou kon gewees het. Hulle is dus ook, veral die prefekte onder hulle, met oordadige respek en gehoorsaamheid behandel.

Ek het begin om koerant te lees. Hulle het nie meer in die besemkas verdwyn nie, maar bly rondhang in die sitkamer. Selfs al was hulle ’n dag of twee laat, want hulle is uit Johannesburg na Durban ingevlieg, en verder aangery, omdat Natal te Engels was vir ’n Afrikaanse koerant. Ek het hulle van begin tot einde en deurgelees en begin om ’n kladboek van hoofartikels te hou.

Dit alles het dit makliker gemaak om die opdrag te gehoorsaam om niks aan niemand te vertel nie, “veral nie jou aster nie”. Geheimhouding het sy opwindende sy gehad. Dit het jou spesiaal laat voel, jy het jouself betrap dat jy na die ander kyk en dink, as julle maar geweet het...

Nogtans, toe ons weer vertel is nie eens ons ouers moes weet van die ASG nie, het ’n ander soort behoedsaamheid ingetree: Het dit nie ’n mate van minagting van hulle behels nie? Wanneer agting vir jou ouers een van ons vernaamste deugde as Afrikaners was nie?

Maar ek het ook ontdek ‘n mens kon jouself uit tawwe situasies uit redeneer. Ek kon alleen ongehoorsaam wees as dit teen hul wens was, en wie sê hulle sou nie my betrokkenheid goedkeur nie? En as daardie moontlikheid bestaan, sou dit nie ’n geleentheid tot hul goedkeuring kelder deur hulle in te lig nie, om nie te praat van ’n kans vir ongehoorsaamheid aan my kant te skep as hulle my tog die ASG sou verbied nie?

Het die onderwysers geweet, behalwe die twee wat ’n ogie oor ons moes hou? As ek nou na al die jare terugkyk, is dit moeilik om te glo niemand kon deur ons sien nie, maar toe was daar geen teken dat enigiemand wel het nie. Enige kennis van die ASG sou tog soos ’n brand deur droë suikerriet versprei het.

Daar was geen rokie wat ek kon bespeur nie.

© University of Pretoria

# Hoofstuk 14

EN Annchen?

Dit spook by my, haar gesig die dag na my induksie. Die dag na die gala. Haar oë het geglinster, haar wange het gegloei, haar poniestert was vreemd los en slordig, sodat ‘n lok oor haar voorkop gehang het. Toe ons mekaar in die klas sien, het sy stil gaan staan en gelyk of sy sê: “Hier is ek nou vir jou.” Ek het haastig weggedraai om my boeke uit my tas te pak.

Ons kon veral nie vir ons “asters” sê wat ons doen nie. .. Ek kon haar net nie in die oë kyk nie, en my hart het woes begin klop. Toe ek uiteindelik weer vlugtig na haar loer, was haar glimlag weg. Sy het my nog steeds vol aangekyk, maar die verwarring was reeds op haar gesig te lees, en dit het gevoel of sy haar wil terugtrek. Ek het afgekyk en my oë toegemaak.

“Wat het gebeur?” het sy dit uitgestotter. Op my beurt het ek verbouererd geraak en stokstyf langs my lessenaar bly staan.

“Niks nie,” het ek haastig gefluister. Voor sy kon antwoord, het die onderwyser om stilte gevra.

Wat het regtig gebeur? het ek myself afgevra, in ‘n dwaal. Was dit nie so duidelik soos daglig dat ek so hittete gefaal het nie? Wat my haar ... haar bors, haar naaktheid laat sien het nie? Het dit nie vanself gevolg op my afloerdery van die Zoeloemeisies nie, en nog verder terug? En was dit nie ’n ingryping van Bo wat my kom red het nie?

Daar was by haar ook geen teken dat sy onthou het van die toneel onder die pawiljoen nie; verdere bewys dat dit ’n ongeluk was, nie so bedoel nie. Nogtans, in my eerste ware daad vir die ASG het ek, aan die begin van die volgende periode terwyl sy weg was kleedkamer toe, my lessenaar weer terug na sy plek in die ry geskuif. Sy het net vir ‘n oomblik ontsteld gelyk, maar toe doodstil agter haar eie gesit en voorbeeldig aantekeninge gemaak.

© University of Pretoria

In die dae en maande daarna het sy nog steeds Bybelstudie toe gekom. Tot my verligting. Ten minste sou iets van haar nie weer per ongeluk wys nie. Ek het my hande in my sakke gehou om te keer dat hulle vanself na haar gaan, terwyl ons wag dat haar pa haar kom oplaai. Eers wanneer sy in die Mercedes Benz gesit het, het ek my gesig na hare gedraai, met wat ek gehoop het brandende oë was, en sy het teruggekyk, haar gesig steeds oop en helder en ontvanklik.

Van nou af moes ek konsentreer in die kerk. Toevallig was die tema daardie tyd die mag van verleiding en jou liggaam as die tempel van God, en hoe meisies hulle moes rein hou vir die huwelik. Huwelik! Dit was die eerste keer dat ek aan so iets dink. Man en vrou. Saam. Dit het beelde van Annchen se boesem laat opdoem, haar fyn-fyn sleutelbeen, haar kloppende keel, die plek onder die soom van haar romp waar die binnekante van haar dye bymekaar kom ... ek het besluit om nie eens meer na die dominee te luister nie.

Maar ek kon haar gloeiende lyflikheid nie uit my kop kry nie. Ek was gedurig styf in my broek. Uit desperaatheid het ek vir haar ’n Bybel gekoop, as ‘n soort boodskap, maar eintlik sodat ons nie een hoef te deel nie. Sodat die rugkant van my hand nie meer teen haar dy hoef te skuur nie. Sy het my bedank daarvoor en ek het gemaak of ek nie hoor hoe kortaf dit was nie.

Die ASG het ander werk gehad. Ek moes die Christelike Vereniging se weeklikse biduur elke Vrydag tydens die grootpouse begin bywoon en die leiding met die gebede neem. Dit was nie so sleg nie, dit was ’n hawe teen die hitte op die skoolterrein waar selfs die reusagtige jakarandabome nie die smorende damme soutgegeurde lug kon weghou nie.

© University of Pretoria

“O God, leer ons om ons sondige natuur te ken,” was my tema, soos ek bly terugdink het aan my eie onderonsie met die wet, daardie dae so ver terug in Wes-Transvaal, maar nog so na aan my, nog so deel van my diepste en my vlakste wese. Soms sou my hart begin bons wanneer my gewete my aanpor: Bieg! Bieg oor alles! Die misdaad wat ek gepleeg het…

Ek het nooit nie, want ek was eenvoudig te bang vir die gevolge — agter my toegeknypte oë kon ek my ’n teleurgestelde, woedende Uys verbeel wat my die deur wys tydens ’n ASG-vergadering. Of ’n hele skoolsaal wat geskok na my kyk wanneer ek die dag aan die kaak gestel word.

Rugby het skielik ‘n groter ding geword, dit het van pure genot in my sending verander. Om daarin uit te styg sou nie meer om myself gaan nie: My groeiende bekendheid sou dien alleen ter bevordering van die saak waartoe ek myself gesweer het. Niemand het dit uitgespel nie, dit was amper instinktief, maar ek het goed besef rugby is die rede hoekom ek so vroeg in die ASG opgeneem is.

Ek het gesorg dat ek eerste by oefeninge opdaag en die laaste was om te loop. Ek het myself voortgewil, wanneer die sub-tropiese hitte en Orkaan Jordaan, die afrigter, ons uitgemergel het, om aan die voorpunt te bly ten spyte van die vlekke voor my oë en krampe in my maag. Die matriekspelers het my aangekyk met wat ek verkies het om te glo ’n groter goedkeuring was as tevore, selfs ’n soort bewondering. Die junior spelers het hulle disnis gehardloop in my spore voor hulle  dronk en naar uitgesak het.

As ek kon toesprake skryf vir grootmense was dit net ‘n kwessie van tyd voor ek moes leer om hulle self te maak. Paul het al aan ‘n paar kompetisies deelgeneem en meestal gewen. Daarvoor het hy ‘n rooi baadjie met swart omboorsel gekry: erekleure. Dit was my doelwit ook, finish en klaar. Ek het nog steeds nie so veel van

© University of Pretoria

politiek geweet nie, maar die groot ding daardie tyd was toesprake. Vandag op TV probeer politici so kort en kalm as moontlik bly, saam met hul narcisme het hulle ‘n objektiewe-kompulsiewe geaardheid nodig om soundbites oor en oor te kan herhaal. Toe het jy ‘n probleem getakel deur so lank en driftig as moontlik daaroor te praat.

Ek en Paul het na ASG-vergaderings notas begin ruil oor wie die beste toesprake kon hou: John Vorster, ja, Ben Schoeman, Koot Vorster, Louis Stofberg, maar geeneen kon kers vashou by Doktor HF Verwoerd nie. Vir drie uur lank, drie ure, het hy uit die vuis gepraat in die parlement na Harold MacMillan se lamsakkige Winds of Change-toespraak, het Paul vertel. Verwoerd het voortgeleef in foto’s van sy wit kuif en opnames van sy toesprake.

Oratorskap was ook die basis van die Westerse beskawing, het Meneer Uys ons geleer. Demosthenes, Cicero, Marcus Antonius…

Eers het hy my die basiese goed geleer. Treetjies na vore agter die kateder uit. Hoe om jou wysvinger te gebruik. Hoe jy lang sinne kon laat opbou om ’n driftigheid uit te druk, (maar dan moes jy jou asemhaling beplan, soms met merkies op jou toespraakkaartjies).

Na die tweede les het hy ’n lysie in my hand gedruk: ’n Ekstra onderbroek, ’n tandeborsel (tandepasta sou verskaf word), ’n stel ou huisklere, ’n laphoed en ’n flitslig.

Ons sou gaan kampeer. Demosthenes het met die klippe op die strand gepraat, maar ons sou met die klippe in die bos gaan praat. Doer ver in die wilde wêreld van Noord-Natal, in elk geval ‘n avontuur. Dat ons dit in die geheim moes doen, deur voor te gee dat ons op ’n  veldskool van die Christelike Vereniging sou gaan, het net bygedra tot die opwinding.

Ons is in bakkies met klein skuifvensters in die kappe, seker vir groter vertroulikheid, aangery verby die laaste groot dorp, Mathubathuba. Nog verder, verby die laaste wildreservaat, tot die

© University of Pretoria

gesmelte teer swart begin glinster en vars geruik het van die min gebruik. Ons het by ’n grondpad afgedraai wat op plekke nie veel meer as gapings in die digte gras was nie. Vreemde palmbome het met hul verslonste blaretakke rondgehang.

Uit die groenbloute het ’n huis sigbaar geword deur die skuifvensters, amper heeltemal toegegroei deur die sub-tropiese bos. Ons het dapper in die nou smorende hitte onder die kappe bly sit. Toe nag ons uitklim, om die een na die ander ’n hand bak te hou onder ’n kraan aan ’n watertenk langs die huis.

‘n Groot man met ’n welige baard, van kop toto tone in kakie geklee, het kom staan en kyk, en aan ’n pyp geklou wat hy nooit weer daardie naweek sou los nie. Hy het dit of in sy kies geklamp of daarmee in sy hand gestaan en beduie. Die ander grootmense het hom met groot ontsag behandel.

“Lala-palms,” het hy die bome vir ons ’n naam gegee, in ’n donderende stem soos God self in sy volgroeide tuin. Hy het na die kegels gewys wat die plaaslike mense van die blare gemaak het om sap in te versamel: “Lalawyn.”

“Koorsbome,” het hy na die gloeiende geel stamme rondom ’n meer agter die huis gewys.

“Olifante,” was dit by die chaotiese ooptes wat ons teëgekom het, met vermorselde bome wat in alle rigtings lê en reik na hulp.

“Krokodille,” het hy lakoniek gesê toe George in die vlak dele van ’n rivier met sy stok steek-steek, en ons het almal teen die wal op laat spaander.

Ons het ons tente langs ‘n paar omgekeerde bote aan die oewer van die meer opgeslaan. Daar was ‘n hele aantal sulke mere, en net Meneer Meyer, is ons plegtig vertel, het geweet waar hulle almal is. Op baie plekke was hy die enigste witmens wat ooit daar gekom het. Toe moes ons aantree vir ’n vinnige drilparade, met stokke as gewere. En toe het dit tyd geword vir ’n reusagtige kampvuur, hoog opgestapel op Meneer Meyer se bevel.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met bekers koffie in die hand na die aandmaal, en die gebede gedoen, moes ons een vir een sê wie ons was, en vertel van ons aspirasies (ek het vroom gesê dit was om in die eerste span te bly, gevolg deur 'n groot gelag), maar ons het almal geweet dit was net die opbou tot Meneer Meyer se bydrae tot die verrigtinge. Uiteindelik het hy die as uit sy pyp geklop, en begin om vars tabak daarin te werk uit 'n twaksak aan sy gordel. Die vuur het geknetter en die vlamme het in eienaardige tref-en-trap spronge gedans, en dis waar Meyer begin het: Die guerrillataktieke tydens die Anglo-Boereoorlog.

"Die Boere het guerrillas geword want hulle was nie genoeg om tweehonderdduisend Britse troepe uit die land te hou nie. Dus het hulle die kommando aangepas, wat in klein eenhede opgetree het. Die konsep van die kommando word vandag dwarsdeur die wêreld gebruik."

"Meneer Meyer, u het gesê die kommando's aanpas ..." het ek gevra.

"Aanpas, ja, want die kommando's is eers gebruik om kaffers te jag. Moenie glo wat die geskiedenisboeke jou vertel nie. Die kaffers wil hierdie land oorneem en hulle wou dit doen van die dae van die Groot Trek af."

"Hoekom word ons dit dan nie geleer nie?"

"Baie dinge kan nie geleer word nie want dan het ons weer die liberaliste wat op ons toesak. Om kaffers te jag is deesdae taboe."

Uys het ongemaklik begin raak, en het opgestaan kwansuis om nog meer koffie te kry uit die kan wat oor die rand van die vuur gehang het. Hy het gesê: "Ons het nie die hele pad hierheen gekom vir opvoedkundige teorie nie. Laat Meneer Meyer verder gaan met sy praatjie."

Volgende was Christiaan de Wet, wat so 'n doring in die vlees van die Kakies was. Ek wou hom daarop wys dat hy self die klere dra wat die Tommies na Suid-Afrika gebring het, maar ek

© University of Pretoria

was ingetrek in die storie. Ek het vorentoe geskuif met elke beweging van hom, nes die ander, tot ons ademloos aan sy lippe gehang het.

Want Meneer Meyer het geweet hoe om 'n storie te vertel. Dis eintlik waarvoor ons gekom het, om te ervaar hoe hy dit doen. Hy het drie stories tegelyk aangepak, en die behoeftes van sy pyp en sy koffiebeker, saamgeflans van blik en bloudraad, gebruik om die spanning op te bou. Sonder om dit agter te kom, het ons geleer hoe om betekenisvolle pouserings te bewerkstellig, met die lui uitstrek van die bene, die getuur in die verte, die trek aan die oor …

"Moet nooit 'n Rooinek vertrou nie," het hy op 'n punt gesê, en geslurp aan die laaste bietjies koffie.

"Maar nie alle Rooinekke is sleg nie," het ek probeer. Wat dan van my ma?

"Dis waar, maar hoe sal jy die goeies van die slegtes onderskei?" Hy het die beker na iemand aan die anderkant van die vuur aangegee.

"Moenie mik vir 'n Engelse meisie met sproete nie," het George laat hoor, en almal het geskaterlag.

"Ierse lassies is orraait, want hulle het saam met die Boere geveg," het Meneer Meyer gesê, "as hulle net nie so Katoliek was nie." Toe het hy die toertjie van die gekrap in die sand met jou pypsteel gedoen, gevolg deur die toertjie van die uitspoeg van die sand tussen jou tande.

"In alle erns," het hy voortgegaan, " 'n mens sal nie weet wie die lede van watter geheime organisasie is nie."

Hy het die woorde in die lug laat hang terwyl hy oënskynlik met diepe konsentrasie die merke in die sand met die toon van sy massiewe stewel begin toemaak. Ons het na mekaar geloer, en toe na Uys. Het hy geweet wie ons was? Uys het net in die vlamme bly staar.

© University of Pretoria

"Jy het die Sons of England, en die Rotariërs, en die Lions International en die Vrymesselaars. Al wat jy hoef te weet, is van laasgenoemde, want hulle is die ergste."

Vir die volgende uur het ons geluister hoe Meneer Meyer praat oor die Vrymesselaars; ek sal die besonderhede spaar. Genoeg is dit dat 'n geheime aanslag vanuit vele rigtings die Afrikaner in die gesig gestaar het, en nadat militêre aksie gefaal het, moes hy van strategie verander, en met 'n teenvoeter vir die Engelsman se organisasies kom.

"Jy moet van die begin af besef waarvoor jy jou inlaat." Meyer was weer besig om sy pyp te stop. "Want so stewig is die greep wat die Vrymesselaars op sy lede het, dat hulle gereed is om moord te pleeg."

Sy onthulling het so skielik gekom dat ons nekhare behoorlik gevries het in die koelte wat die bries van die meer se boonste watertjies kom afskep het. Moord! Meneer Meyer het nie nodig gehad om enige retoriese effek te gebruik vir hierdie een nie.

"By Sint Luciabaai, naby die dennewoud," het hy met sy palms beduie asof hy 'n slot in 'n lynstaan is wat vir die bal wag, "styg die strand waar die sand vasgeklou word deur die wortels van die bome." Ons het ons asems opgehou. "Hulle het 'n man se lyk daar gekry; hy is net onder die hoogwatermerk begrawe. Sy graf is ontbloot toe die gety weer teruggetrek het."

Meneer Meyer het eers sy veter stywer vasgemaak om die bevestiging uit te stel: "Hy was 'n Vrymesselaar."

Het hulle hom doodgemaak? Hoe het hulle dit gedoen? Ons het nie durf verder delf in die raaisel nie. Dis wat gebeur as jy jou nie hou by die reëls van die organisasie waaraan jy behoort nie. Miskien het Meneer Meyer self nie durf verder delf nie.

Ons het ons na ons kampbeddens begewe, en ons flitsligte in ons slaapsakke gehou. Elke klein gerasie het ons wakker gemaak, asof daar 'n Vrymesselaar was wat ons wou wegsleep

© University of Pretoria

na... waarheen? Hul eie bakkies? Nie sonder weerstand nie, nie ons nie.

Die volgende dag moes ons leopard crawl. Dit was om ons taai te maak en ons vir die toekomstige wêreld voor te berei, bedoelende die weermag, waarheen ons almal opgeroep sou word. Ons moes die kamp vol hardloop en bloedstollende gille laat hoor. By 'n streep gebrande gras moes ons op die grond val, en, met ons stokgewere dwars oor ons arms, oor die swart polle na die winkende palms aan die ander kant kruip.

Tydens 'n spel van touch rugby die week tevore het ek 'n skrapie opgedoen toe ek vir die hoekvlag duik, en die swart stekels van die uitgebrande polle het die wond oopgeprik en verder daaraan gekou. Maar ek het op my tande gebyt en die pyn gesmoor in die gesleep van my liggaam op my elmboë.

Daardie nag om die kampvuur het ons oor die Afrikaner se roeping gepraat. Ons sou die wêreld red van al sy probleme, wat almal te doene het met ras en nasie. Ek het sulke idees tot in die diepste van my wese ingedrink.

En toe kon ons uiteindelik gaan slaap. Maar daar was nog werk, vir my, altans. Die vorige aand het ek my saam met Paul by die watertenk bevind om ons tande te borsel. Ek het hom onderlangs dopgehou, hoe hy omtrent drie minute geneem het, met 'n geskuim wat van sy lippe gebars en teen die kante van die bakkie gespat het, sodat hy dit agterna weer moes afvee.

My Engelse ma het my die rudimentêre bewegings geleer: 'n Paar sydelingse spasmas vir dertig sekondes lank met so min as moontlik tandepasta, want geld groei nie aan die bome nie. Ek het my voorgeneem om ook hierin Paul se voorbeeld te volg: Ek sou voortaan agter die agterste kiestande grawe, en die borsel op en af en in die rondte laat wentel... Dit sou nog 'n klein stappie vorentoe wees om my slordige Engelse gewoontes af te leer.

Op die laaste oggend om die brekfisvuur, eintlik maar 'n allenige tongetjie vlam wat aan 'n stomp op die groot hoop lek, het

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ek gevra: "Wat het leopard crawl  met die kuns van toesprake te make?" Ek was nog in 'n ywerige bui, en het dit sonder ironie bedoel, maar Meneer Meyer moes hom wend na die toertjie van steek na die moeilike roereier in jou blikbord.

"Dissipline," het hy gesê, na 'n paar angstige oomblikke. "Dissipline."

Dit was genoeg vir my. Sulke dissipline soos dié van die naweek sou ons goed te pas kom op die rugbyveld, op enige veld, terwyl ons hierdie hoër sending van ons uitvoer.

© University of Pretoria

# Hoofstuk 15

NABY Lavoute is daar ‘n plekkie genaamd “le beach” waar jy langs die Loire kan lê in die bietjie sand tussen die wal en die rivier, of op ‘n opdrifsel van klippertjies, waarin jy kan rondrol vir ‘n soort vertroulike massering. Die Loire is hier meer gemaak om na te kyk as om in te swem, maar die munisipale swembad daarnaby het soveel reëls, dit voel jy gaan ‘n soort skrobbering by jou ouma kry as jy te lank daar bly.

Maar dit het ‘n herinnering losgemaak, ‘n onverwagse een, van ‘n Engelse skoolmaat wat so een of twee keer kom probeer rugby speel het. Dennis was sy naam, en sy van kan ek nie onthou nie, want sy bynaam was “the Menace”, wat hy by die Engelse meisies en ‘n paar Afrikaanses ook gekry het. ‘n Permanente aanwesigheid op die strand, met sy breë skouers, gebleikte good looks en sonbruin vel.

Ek het op die sand gesit en hy het daar naby gelê en na my geloer, tot ek my hande moes lig in ‘n gebaar van, “what?” Toe het hy hom na my toe gemeermin oor die sand, en ‘n ruk lank stip na my gekyk, voor hy gesê het, “I don’t get it.”

“What?”

”I just don’t get it,” het hy herhaal. Hy het opgestaan en sy branderplank gaan haal, dit op sy skouer gelig en weggestap die sakkende son in. ’n Bikinimeisie was heel gou aan sy hand.

Wat het hom so verwar? Kon hy deur my sien? My valse voorwendsels? Ek kon glad nie agterkom wat hy bedoel nie. Nie dat ek my veel daaraan gesteur het nie; ek het eers weer daaroor gewonder toe Dennis my begin ignoreer. Hy sou skoon anderpad kyk wanneer hy my teëkom. Dit het naderhand gelyk of hy my soos die pes probeer vermy. Maar die Engelse was mos maar so ongeskik.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nou ontstem die vraag my van voor af. Of my eie interpretasie daarvan. Ek probeer verstaan hoe dit kon gebeur het, dat ek so fanaties geraak het.

Was daar ander soos ek? Selfs nie eens my kamerade in die ASG het so oorboord gegaan nie. Onder die res, wel, daar was 'n hele paar toegewyde Christene. Dit was 'n tyd vir Christene. Maar hulle was nie meer as ywerige Christene nie.

Brigitte, byvoorbeeld, Brigitte Oosthuizen. Dit was onmoontlik om haar te vergeet, van daardie selfde dag op die strand af. Al was dit net omdat sy so groot was.

Wat het ek op die strand gedoen? Dit was die wurm wat my soontoe gedryf het, die wurm wat aan die kern van my wese bly vreet het: Twyfel. Nie in die saak nie, maar in myself.

Wanneer die dominees hul kansels bestyg en oor "uitverkiesing" gepreek het, dat sekere Christene hemel toe sou gaan en ander nie, was dit duidelik dat God net witmense in gedagte gehad het. Maar dit het my nie gekeer om in my pak klere te sit en sweet nie, want 'n goeie klomp van ons sou dit ook nie maak nie.

Dit het beteken dat ek harder as enigiemand anders moes arbei ... Selfs buite die ASG. Soos om meer dikwels strand toe te gaan. My een swak punt was dat ek nie goed kon swem nie, laat staan nog branderplank ry. Maar dit het net die uitdaging groter gemaak toe ek die idee in my kop kry dat God my tot diens aan die rand van die Indiese Oseaan opgeroep het.

Annchen het aangekondig hulle sou die Junievakansie weg wees, na hul Kaapse vakansiehuis, waar al die lede van hul Duitse familie, ook van oorsee af, sou byeenkom. Dit was 'n verligting, dit het my vrye teuels gegee om my opdrag aan myself uit te voer. Dus was ek vroeg en laat op die strand, aan die werk onder die troppe Transvalers, wie se taal ek minstens kon praat. Ek kon

© University of Pretoria

myself aanspoor dat al die gestrompel in die sand my kuitspiere sterker sou maak.

Die eerste dag of so was daar die spottende kyke van die skool se surfers, meestal Engels soos Dennis, om te oorkom. Hier was ek, die ontluikende rugbyster sonder enige dress sense, in my kort swembroek soos ‘n tipiese “rock spider” s’n, en ’n katoenhemp met ’n kraag. Op die hemp was daar nie eens tonele van palmbome uit Hawaii nie, net strepe uit Pep Stores. En daar was altyd ’n Bybel onder my arm.

Ek was nie die gewone strandprediker nie: Ek my soos ‘n nar gedra met die kleintjies, om so by hul ouers uit te kom. Dit was nogal prettig om ’n wawiel te doen, soms op net een hand, Bybel in die ander. Of ’n agteroor-bollemakiesie te probeer, gevolg deur die voordra van ’n Bybelversie oor bekering, nadat jy jou disnis geval het.

Ten spyte van die skaretjies wat ek kon aanlok, kon ek net daarin slaag om drie en ’n halwe mense te bekeer. Waarom daar nie meer was nie, het vir my duister gebly. Daar was kwalik ’n beter resep. Ek kon net die afleiding maak dat mense nie strand toe gegaan het om bekeer te raak nie.

Die Christelike Vereniging sou strandwerk die volgende jaar amptelik afkeur, want dit was te veel in die styl van die apostoliese kerke. Maar vir my het dit in elk geval geëindig met Brigitte, wat ten spyte van haar Afrikaanse van in die Engelse deel van die skool was. Sy het golwende, eekhoringbruin hare en groen oë gehad, en kon vlot Afrikaans praat.

“Ja, ja,” het sy my een middag laat skrik, so skielik het sy dit uitgeroep, as deel van ’n luierige groep piekniekgangers: “Ek kan die Here in my voel kom. Ek kan Hom voel werk in my hart.” Haar ruim boesem het gedril soos sy haar vuis daarteen gedruk-druk het.

Terwyl die son sak, het ons in die sand gesit en gelees uit die Bybel, en sy het gelyk of sy aan my lippe hang, selfs nadat die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ander mense naderhand geloop het. Die volgende dag het sy haar weer by my aangesluit, en ek was ‘n bietjie ontsenu oor my aangetrokkenheid tot haar. Haar passie het my aangevuur, haar vreeslose bereidwilligheid om na mense te stap, om sommer met hulle te begin klets. En die klein kringetjie wat sy vergaar het, saam met haar te laat bid en ’n bietjie Bybelkunde te laat doen.

Daardie aand het sy voorgestel dat ons ’n kortpad vat tussen die duine deur, die surfers s’n. Ridderlik het ek haar vooruit laat loop, en gaandeweg het ek bewus geraak van haar soepelheid. Al was sy so swaar en breed, was daar ’n gimnas se gemaklikheid in haar stap terwyl sy die duin met ’n standvastige voet klim. Dit het gelyk of haar ronde kuite nog vlesiger word in die vlak strale van die son. Ek het die impuls gevoel om die sout van die sweet agter haar knieë af te lek. Ek moes maak of ek uitasem vooroor buk toe sy omdraai, sodat sy nie my swembroek kon sien span nie.

Maar na aan die top van die duin moes sy iets gemerk het. Haar blik was onbeskaamd, en ek het na haar gestaar: Haar lippe was vol en het op net die regte plekkies gebars. ‘n Gloed het om haar rooi, gepofde wange gestraal.

“Ek’s so warm,” het sy gesê, en voor ek kon keer, het sy haar bloes oor haar diepbrons borste oopgeknoop, een, twee, drie, knope. Hulle het oopgespring en ’n straaltjie sweet het tussen hulle deur en weer onder uit geloop. Ek het myself boontoe getrek aan haar arms, en my lippe net bokant die spleet tussen haar borste gedruk, op haar kuiltjie, sag en teer van al die sout en son. Dit het soos geskroeide vlees geruik. Toe het sy skielik teruggedeins, sodat ek my balans verloor en op my knieë in die sand beland het.

“Nee!” het sy oor en oor uitgeroep, “Nee!” en so uitasem geraak dat sy die woord begin insluk het voor sy omgedraai en die res van die duin uitgeklim het. Ek het bly tuur na die plek waar sy tussen ’n gaping in die geil plante verdwyn het, en toe na onder

© University of Pretoria

geval-loop, van voor af verpletter deur my swakheid en my onvermoë om die toets wat die Here gestuur het raak te sien.

Die ASG wou kandidate in die laer standerds identifiseer wat ons vir lidmaatskap in die toekoms kon nader. Een so ‘n outjie was Jasper, ’n skraal, intelligente Standerd Sewe wie se pa vriende was met Meneer Uys. Jasper het gereeld Bybelstudie bygewoon. Toe dit dus blyk dat hy nie die petisie oor “sessions” onderteken het nie, het George en ek hom eendag in die biblioteek vasgepen, tussen die rakke waar niemand ons kon sien nie.

“Hoekom het jy nie geteken nie?” wou George weet.

“Ek het dit te laat gekry,” het Jasper gejok.

“Nee, jy het nie, jy was die eerste een aan wie ek dit gegee het,” het ek hom herinner. Ek het skielik lus gevoel om hom aan sy lapelle te gryp, en hy moes iets daarvan in my oë gesien het, want hy het begin bewe soos ’n riet.

“My ma wou nie hê ek moet nie.”

Dit was genoeg! Om agter sy ma se rokspante weg te kruip! Ek het met my vinger in sy bors gedruk, sodat hy agtertoe gesteier het, teen die rak met Afrikaanse romans vas. En weer, en weer. George het my nie gekeer nie, Jasper net met ’n klipgesig aangekyk, en ons stadig in die nou ruimte gevolg.

Jasper het teen ’n muur tot stilstand gekom.

”Is jy ’n Afrikaner?” het ek gevra. ”’n Regte Afrikaner?”

Jasper het geknik, totaal onseker van homself.

“Nou gedra jou soos een,” het ek gesê. “Ons is in ’n stryd teen die res van die wêreld gewikkel en sekere opofferinge moet gemaak word in daardie stryd.”

Jasper wou net ontsnap. Hy het aangehou kopknik, na aan trane, wat my net aangespoor het.

“As jy nie vir die Afrikaner is nie, is jy teen hom!”

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Jasper het nou sy arms oor sy bors gevou gehad en het sy skouer opgedraai asof hy ’n veeghou van my wou afweer.

“Ek gaan jou nie slaan nie,” het ek gesê. “Maar ek gaan jou dophou. En jy gaan vir niemand hiervan vertel nie, anders kom ons jou haal. Toe, weg is jy!”

Jasper het laat spaander, en ek het my na George gedraai. Vir ’n oomblik het ek iets twyfelends op sy gesig gesien, maar toe het hy sy kop geknik en gesê: “Wel gedaan.”

Ek het George se behoedsame blik gou vergeet. Dit was tog baie rowwer op die rugbyveld.

Dominate! Dominate! Julle moet ‘n domineringsdrang aankweek! Die Orkaan Jordaan het dit van ons geëis tydens spanpraatjies en met die kant van sy vuis op die palm van sy ander hand geslaan, soos ‘n Zoeloevrou wat mielies maal met ‘n stamper. Dit was een van die opwindinge dinge omtrent die eerste span, die groot woorde, dekverdediging, spelpatroon, skoptaktiek, lynstaankode, skrumtegniek… in Engels ook partykeer want die paar Souties onder ons se Afrikaans was nie so goed nie.

Nuwe dimensies. Nuwe wapens. Tydens een wedstryd het ek probeer om ’n gaping te vat tussen die losskakel en binnesenter van Ixopo Hoër, toe ek my arms lig om hulle bokant die tackle te kry. Ek het die senter net onder sy oog met my elmboog getref, en bloed het uit die wond gestroom. Hy is van die veld af en ek het later gehoor hy moes sewe steke in die hospitaal kry.

Bloed word eers regtig ’n faktor as jy vir die eerste span speel. Dis een van die dinge waarvoor ek my moes staal, aangesien ek pas sestien geword het, tussen ouens wat soms agttien en selfs negentien was, baie van hulle van die verkeerde kant van die spoorlyn af. Maar die probleem was nie of ek dit kon hanteer of nie, dit was veel erger.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nee, toe ek wegstap van die vermorselde senter wat sy kop vashou asof hy geskiet is, het ek myself in 'n toestand van euforie bevind. Die adrenalien het deur my gepomp, ek kon skaars stilstaan. Ek kon my bors voel swel; ek het my asem uitgeblaas om die genot te probeer wegsteek. Ek het die elmboog wat die skade aangerig het, liggies aangeraak, maar meer uit respek as vir die bietjie pyn wat ek gevoel het.

Ek kon skielik sien waarom sommige voorspelers die spel aanhou speel. Waar anders kan jy die kans kry om iemand blou te knyp onder jou vingers, sy testikels in sy alie op te druk, sy dy oop te vlek met jou naels, sy oor te verfrommel met jou voorkop? Hulle het die drieë en die glorie vir die agterspelers gelos, en die plesier van die geveg vir hulself gehou.

Tot op daardie punt het ek altyd agter rondgedrentel wanneer die voorspelers sekere taktieke bespreek. Maar na die voorval met die elmboog, het ek ook nader gestaan, en ook begin deelneem aan die bakleiery.

Ons het 'n reputasie gehad: Rowwe suikkerrietboere, al was die meeste van ons dorpenaars en kollegemense se kinders ook nog. Ons het 'n wagwoord gehad, Bulawayo, vir wanneer ons teenstanders ons probeer bykom van die bal af. Dan moes almal inklim, met vuiste, stewels, kniekoppe, stywe vingers en tande.

Eendag het Paul my vertel dat die ASG "Bulawayo" geplant het, sodat ons 'n konneksie kon kry met die stryd teen die terroriste in Rhodesië. Waarby Afrikaners ook betrokke was, het hy my verseker.

Bulawayo! Eintlik het dit ons spelpatroon ook opgesom: ons sou ons bes probeer teen die oormag wat die ander spanne gewoonlik was, en dan begin om te Bulawayo. Ons enigste kans was as ons die ander span kon uitlok tot foute en strafskoppe, wat ek dan sou oorklits.

© University of Pretoria

Dit was ‘n vergeefse stryd. Ons kon net nooit die voorspelers oplewer om die groter skole met tradisie soos Voortrekker en Port Natal verby te steek op die punteleer nie. Dit was hoe Orkaan Jordaan sy bynaam gekry het. Met die eerste oefening na ‘n wedstryd, veral een wat ons verloor het, sou hy woedend opdaag, half vooroor gebuig met arms wat woes rondswaai. Hy sou toesak op die arme vaste vyf en hul rondjaag van die een doellyn na die ander asof ‘n groot wind op die veld losgelaat is.

Ek het die vaste vyf jammer gekry. Foutlose rugby! was Orkaan se ander slagspreuk, saam met “eendrag maak mag!” No mistakes rugby! Dis iets wat ek op losskakel kon nastreef, dit is moontlik om ‘n hele wedstryd te speel sonder om ‘n voet verkeerd te sit, veral as jy die hele tyd moet skop. Maar vir ‘n voorspeler was dit onmoontlik. As Pierre Vos maar weer sien, het hy skeef ingeslaan in die skrum. As Arnold die slot hom weer kom kry, lig hy sy maat Desmond in die lynstaan.

En laatvatte. Elke tweede tackle op my was ‘n poging tot ‘n laatvat. Elke tweede voorspeler het my probeer slaan, al wou hy nie. Dit was die losskakel se vloek – wat hy ook al met die bal doen, skop, pass of breek, die skeidsregter moet sy knieë dra om die bal te volg en het nie tyd om te sien hoe die flanke agter hom jou gesig in die kwartlyn se kalk druk nie.

Maar die voorval met die elmboog, die eerste bloed wat ek laat vloei het, was my deurbraak. Pleks van om te Bulawayo, het ek geoefen hoe om my arms in die skopbeweging so te laat swaai dat ‘n laatvatter in ‘n vuis vashardloop. Of as iemand my smeer, sou ek oor hom val en spartel en agter op sy knie trap in my kammahaas om weer orent te kom.

Aan die einde van die seisoen het ek begin rus kry vir my siel, die idee van oersonde was moeilik genoeg om te verstaan, maar my posisie op losskakel het gehelp. Ek kon die drama van die lynstaan en skrum tot in detail volg. In die

© University of Pretoria

eerste span het hulle natuurlik veel beter gewerk, maar die voorspelers het soms nog steeds geen idee gehad hoekom nie. Ons het in 'n gebroke wêreld geleef, het die dominees gepreek, niks wat ons doen kan dit regmaak nie.

Ons kon nie help dat ons mekaar laatvat nie, en ons kon nie help om goed te steel in winkels nie. Dis hoekom dit werk dat strafskoppe so baie moes tel – rugby is 'n eerlike spel waarin jy erken dat daar baie sondes is om te vergewe. En hoe meer strafskoppe jy oorklits, hoe groter is die vergifnis.

Alles is moontlik deur die oervorm van die eier gemaak, die bal wat nie kan help om skeef te spring en jou geneigdheid tot foute, jou oersonde, aan die kaak te stel nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Hoofstuk 16

EK SAL jok as ek probeer ontken dat dit nie een van die gelukkigste tye in my lewe was nie. Alles was aan die uitwerk, amper perfek. Annchen was oral, soms haar gesig en haar kuif, of net haar oë, haar wang, keel, haar oor so fyn soos porselein.

Wanneer ek langs die kantlyn af gehardloop het onder die haastige vleuels en die lui voorrymanne uit om in die hoekie te gaan druk, het ek haar gesoek onder die toeskouers, al het sy gesê sy gaan nie daar wees nie. Wanneer ek gekwyl het oor diagramme van kwarke en muone en gluone in die biblioteek, was dit haar gloeiende wange wat my verlos het van die moeilike wiskunde.

Dit was wat ek eendag wou doen in die wye wêreld daarbuite: enigiets te doen met kernfisika. In daardie wye wêreld was ek reeds ‘n onderdeel in die opwindende projek wat alles sou verander, nie net in Suid-Afrika nie, maar Amerika, Europa, Antarktika. Ons was aan die voorpunt van vooruitgang, ons kon verder dink as net ons eie volk se klein belange na dié van ander. Een groot bewys daarvoor was die feit dat die ouer geslag aan die uitsak was, agter geraak het. Mense soos my pa.

Soos ek ouer geword het, het ek agtergekom my pa was in elk geval nie heeltemal, hoe sou ek dit kon stel, wat ‘n pa kon wees nie. Hy was ‘n man vir die agtergrond, en beslis nie gereed vir enige soort konfrontasie nie. Selfs langs die rugbyveld, het hy maar bedees gesit en kyk – ek het skaars agtergekom hy was daar.

Hy was nie altyd gesond nie.  My ma het eendag in my deur kom staan. Toe ek haar aanwesigheid aanvoel en opkyk van my boeke het sy gesê: “Hy hallusineer, weet jy.”

“Wie?” het ek gevra. Die antwoord was reeds in die manier waarop sy aan haar hare gedruk het, van agter af, asof sy haarself “presentabel” wou kry vir ’n werksonderhoud.

© University of Pretoria

Sy het my nie geantwoord nie, net skielik haar vuis voor haar mond gehou. Ek het probeer dink aan iets om te sê.

“Ek het hom eenmaal gesien,” het ek begin, maar opgehou toe dit voel ek is besig om te klik.

“Jy het hom gesien wat doen?” het sy geëis.

“Niks nie. Hy was aan die slaap op sy elmboë.”

“Aan die slaap.”

“Ja, ma weet … soos wanneer jy … dagdroom in die klas.” Ek het my weer na my boeke gedraai, want ek wou nie by die herinnering vertoef nie: Die uiterste verworpenheid en wanhoop in my pa se houding terwyl hy met sy kop in sy hande op die lessenaar lê, sonder om te reageer toe ek hom groet.

My ma wou my voorberei daardie dag, het dit vir my gelyk. Maar op ‘n ander aand, aan die etenstafel, het iets heeltemal anders uitgebars.

“Ek dink jy behoort Jaco te vertel,” het sy uit die bloute gesê. Ek was besig om te konsentreer op my vurk, waarop ek pas met groot moeite ’n paar ertjies op ’n hompie kapokaartappels gebalanseer het.

“Hom wat vertel?” My pa het regtig verras gelyk. ’n Sliert hare oor sy dikraambril het hom nog meer verstrooid as gewoonlik laat lyk.

“Van jou nuwe skuiwe.”

“Watse skuiwe?”

“Jou politieke skuiwe.”

“Hoekom?”

“Jaco word nou groot. Ek merk op dat hy in ernstige sake begin belangstel.”

“Regtig?”

Ek het myself voel rooi word. “Wel, soort van. Ons praat ook oor politiek en sulke dinge soms. By die skool.”

My pa het soos ’n uil gelyk wat sit en mik op ‘n tak.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Wat wil jy weet?"

"Wat is daar om te weet?"

"Ek werk nie meer vir die Nasionale Party nie."

Was dit al?

"Maar pa is nie daarvoor betaal of iets nie?"

"Nee, dit was vrywillig, heeltemal vrywillig." Toe hy herhaal, "vrywillig", het ek besef hy probeer homself verontskuldig.

"Hy werk nou vir iemand anders," het my ma hom aangepor. Sy het 'n servet geneem en denkbeeldige kreukels met haar palm uitgestryk.

"Wie?"

"Die HNP."

Ek het amper gestik. My ertjies het oor die tafel gerol.

"Die Herstigtes?"

Ek het besef hoekom my ma die saak geopper het. Die naam het dit alles gesê; dit kon net sowel "Gestigtes" gewees het. As Afrikaners in Natal 'n minderheid was, was die Herstigte Nasionale Party 'n piepklein minderheid van die minderheid. Hulle was teen die regering se progressiwiteit. Op skool wou niemand dood saam met 'n Herstigte ouer gesien word nie.

"Maar hoekom?"

My pa het gelyk of hy worstel met die regte vlak van verduideliking vir 'n kind soos ek.

"Jou pa glo die Natte doen te veel vir die Bantoes," het my ma hom in die rede geval.

"Dis nie waaroor dit gaan nie," het hy teruggekap.

"Waarom dan?"

"Dis oor hul skynheiligheid. Hulle sê hulle wil die tuislande ontwikkel vir die Bantoes," het hy gesê, en 'n skuldige blik na my gewerp, "maar as jy dit doen kan jy net sowel die hele land aan hulle gee."

"Maar die tuislande is 'n deel van die land," het ek uitgewys.

© University of Pretoria

"Presies. Dink jy oor dertig, vyftig jaar gaan sulke tuislandregerings, as hulle ooit op die been kom, tevrede wees met net 'n deel, veral sulke klein stukkies grond?"

"Hulle sal dan meer gegee word."

"Nee, wat sal gebeur is dat hulle hul weermagte sal gebruik, al tien van hulle, om die res van die land te beset. Soos in die res van Afrika."

Daaraan het ek het nie gedink nie. Die voor die hand liggende antwoord het in my pa se eie woorde gelê: Dit sou oor dertig of vyftig jaar gebeur.

"So hoekom gaan pa nie oor na die liberaliste en gee die hele land aan hulle nie?"

"Dit sal die eerlike oplossing wees. As jy hulle wil laat ontwikkel, moet jy die hele land aan hulle gee."

"Maar pa dink nie dit moet gebeur nie."

"Want hulle is nie gereed daarvoor nie. Nie eens vir tuislande nie."

"En as hulle gereed is?" het my ma volgehou.

"Hulle sal eers oor vyftig jaar gereed wees."

"En wat van pa se studente?"

Dié keer het my pa glad nie onseker gelyk nie.

"Van hulle sal gereed wees, maar nog nie genoeg nie."

"So hulle moet dus die bediendes en slawe in ons huise bly," het ek gesê, 'n bietjie te driftig.

"Party van hulle is net so slim as enige van ons. Maar net party van hulle. En omdat hulle 'n minderheid onder hul eie mense sal bly, sal hulle net die res uitbuit en onderdruk en in 'n staat van onderontwikkeling hou. Hulle sal ons almal saam met hulle na onder trek."

Ek kon voorspel hoe my pa se redenasie sou eindig: In so 'n raamwerk moes witmense, en veral Afrikaners, na hulself omsien. Maar ek het stilgebly, en gemaak of ek nie verder belangstel nie. 'n Paar details tydens ons ASG-inligtingsessies het nou duideliker

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

omlyn geraak. Die ondubbelsinnige seine van Uys-hulle dat die Herstigtes as afvalliges behandel moes word. Dissidente. Rebelle.

Hier was nou hierdie skielike uitdaging van my eie pa. Ek het nie ’n oomblik gehuiwer nie. My pa is duidelik mislei, en ek moes myself een of twee stappe van hom verwyder, ten minste wanneer dit by politiek gekom het.

Maar dit was ook nie so maklik nie. Hy het my, en my ma seker ook, verwar. Hy het dikwels aande lank weggebly van die huis af. Dit was om sy studente te help, het hy gesê, met ‘n skuldige klank in sy stem.

“Ek kan nie sien waarom jy soveel tyd met hulle moet spandeer nie,” het my ma op ‘n ander aand agterdogtig gevra.

“Hulle vra my om hulp.”

“Waarvoor woon hulle dan lesings by?”

“Hulle is agter. Hulle het ekstra hulp nodig.”

“Maar nou die dag het jy gesê swartmense sal altyd agter wees.”

“Net party, het ek gesê. En dit beteken in elk geval nie dat ‘n mens hulle nie moet help nie.”

“Ek dag jy’s teen die tuislande.”

“Die tuislande is korrup. Hulle is net daar vir ’n klein klompie shysters om ’n paar vinnige fortuine te maak. Wit en swart.”

My ma het begin skottelgoed aandra  na die kombuis. “As dit nie vir die tuislande was nie, was jy nou sonder ’n werk.”

En so het hulle in sirkels gestry. Ek het aan my eie konfrontasie gedink – ek kon dit nie as ’n ontmoeting beskryf nie – met die swart meisie by die waterval destyds. Sekerlik moes ‘n mens sorg dat jy nie te na aan swartmense kom nie? Maar my pa het volgehou ek moes hulle “Bantoes” noem, anders as my “kommunistiese” tante wat hulle “the blacks” genoem het. “Bantoe” het “menslike wese” beteken, terwyl “blacks” net die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

teenoorgestelde van "whites" was. As "whites" rassisties was, was "blacks" ook.

Dit het nie sin gemaak het dat hy sulke soorte rassisme verwerp, maar nie ander nie. Hy wil die Herstigtes help, maar hy weet nie eens hoe om 'n regte regse te wees nie, het ek vies gedink.

Afgesien van sy nuwe politiek, en sy ouderwetse gewoontes, soos die grys flannels en wit hemde wat hy die hele tyd gedra het, het ek min rede gehad vir my afkeer in hom. Hy het nou elke Dinsdagaand na die rugbyterugskou geluister, en elke Saterdagmiddag na die kommentaar deur Gerhard Viviers. Daarvoor het hy 'n draagbare radio aan 'n doringtak gehang terwyl hy tuinmaak.

Dit was 'n groot stap om 'n draagbare radio te koop, want om musiek sommer enige plek te speel, het hy as onbeskaaf beskou, iets wat swartmense doen. Dit het gewys hy is trots op my, en om die een of ander rede het dit saak gemaak, al het sy opinie oor niks anders getel nie.

Hy het darem my pa gebly, en as ernstige ASG-lid moes ek ten minste voorgee dat ek hom respekteer. As balans teen die politieke breuk wat nou moes kom, het ek het hom dus gehelp om die skottelgoed te was.

Die laaste strooi was die storie met die suikerpaleis. My ma, met haar Pretoriaanse Engelsheid wat klaar half-Afrikaans was, het goed ingeskakel by die Afrikaanse kringe rondom die kollege, die kerk en die skool. Al kontak wat sy regtig met Engelse mense gehad het, behalwe in winkels en so, was by haar brugklub.

Mrs Joan Kempson-Smithers, die vrou van 'n skatryk suikerrietboer buite die dorp, is die naam wat sy kort-kort genoem het. Last Outpost of the British Empire het my pa geterg, oor die gerugte van die paleis waarin hulle sou bly.

"Dis nie 'n paleis nie," het my ma haarself verdedig.

© University of Pretoria

“Hoe weet jy? Jy was nog nie daar nie,” het my pa geantwoord. Met te veel van ’n angel, het ek stil gefrons.

“Sy sal my nog eendag uitnooi,” het my ma probeer terugkap, met ’n bewerigheid in haar stem.

Mrs Kempson-Smithers het ’n wa van ’n Jaguar elke week stadig die dorp in bestuur vir die brugparty. Sy het drie of vier keer per jaar oorsee gegaan, en duur rokke en handsakke teruggebring waarmee die plaaslike high society nie kon hoop om mee te ding nie.

Die kompetisie was nie oor die jongste mode nie, maar wie sy eendag sou oornooi vir tee, ’n regte Engelse tee, volgens wat Mrs Kempson-Smithers laat val het, met kaviaar en komkommertoebroodjies om vyfuur. Al was dit so ’n onvanpaste tyd wanneer die son regmaak om soos ’n guillotine te sak.

“Dis net ’n herehuis,” het my ma dikwels verduidelik. “Ek weet nie hoekom mense die hele tyd van ’n ‘sugar palace’ praat nie. Sy het familie vanoor die hele wêreld wat wil kom kuier. Hulle moet ekstra kamers hê om die familie… bymekaar te hou.”

Sy het beduie asof sy ’n paar handevol deeg in ’n bol vorm.

En toe, eendag, gebeur dit. My ma het aangekondig: Ons is oorgenooi, vir tee op ’n Saterdag. En franties begin raak soos sy probeer uitwerk het hoe ons na die wedstryd daardie middag op die buurdorp, weer terug op Mrs Kempson-Smithers se plaas kon kom.

“Ons moet ’n oefenrit doen, om uit te vind hoe lank dit sal vat,” het sy kortasem gesê.

My pa het vasgeskop. “Hoekom wil jy Jaco saamvat? Om met hom te gaan spog?”

“Patricia het oor hom uitgevra.”

“Wat wou sy weet?”

“Sy wil self eendag sien of hy so aantreklik is soos almal sê.”

“En jy reken dit is ’n uitnodiging?”

My ma het aan haar hare gedruk-druk.

© University of Pretoria

“Dit was ’n skimp, en dit sal swak maniere wees om dit nie op te volg nie.”

“En as sy dit nie as ’n skimp bedoel het nie?”

“Is jy nie trots op jou seun nie?”

“Natuurlik is ek. Maar hy is nie ’n trofee nie.”

Nou het hy te ver gegaan, het ek in stilte gestoom. Dit was weer sy regse ding, het ek wrewelrig gedink, om te dweep met nederigheid. Het die Bybel dan nie gesê ’n mens moet jou talente nie onder ’n maatemmer wegsteek nie?

Nie dat ek so danig daarna uitgesien het nie, maar sy opmerking het my bereid gemaak om saam te speel met my ma se planne. Sy het ou handdoeke opgediep wat ons agter in die kar, onder die boog van die agterste venster, kon instop en in die syvensters kon vasknyp, waaragter ek kon verklee in my “teaterpak”. Dis wat sy my blou baadjie, rooi blokkieshemp en bruin broek, met beige leerskoene as afronding, genoem het.

Na die wedstryd die Saterdag is ons in ’n japtrap weg. Dit het ons ’n halfuur geneem om die gehug naby die plaas te haal, en toe het my pa probeer om Mrs Kempson-Smithers se instruksies te volg. Ons het verdwaal, en teen die tyd dat ons ’n groot gebou sien wat soos ’n outydse stasiesaal lyk, was my ma in ’n toestand.

“Ons is laat, ons is laat! Wat gaan ek doen? Wat gaan ek sê?” het sy aangehou, en ’n programmetjie van die wedstryd as ’n waaier gebruik teen die ondraaglike hitte in die kar; ons kon die ruite nie afdraai nie want dit sou haar hare bederf. Die hitte het gelyk of dit oor die suikerriet se blare blits.

Ons moes ‘n hele paar keer by stinkende  werkers met geskeurde lappe vir klere stop. Sommige het aan stukke riet gekou en die bolle vesels luidrugtig uitgespoeg, eenmaal sommer teen die wiele van die motor. Toe ons uiteindelik tussen die hoë riet op ’n oop ruimte afkom, het my pa eers die motor afgeskakel.

Ons het verstom gekyk na die toneel voor ons. Dit was nie ’n paleis nie, maar dit was gewis net so groot soos die skoolsaal.

© University of Pretoria

Daaromheen het ’n ruie tuin gegroei, met ’n pagoda op elke punt, en ’n glashuis eenkant. Die glashuis het loodvensters gehad… “art deco” het my ma met ontsag in haar stem gefluister. Ek het die skoorstene getel: Twintig altesame, twee-twee soos soldate met Pruisiese helms.

“Wat maak ’n mens met so baie skoorstene in hierdie hitte?” wou ek weet. My ouers het nie geantwoord nie, natuurlik omdat hulle self nie geweet het nie.

Daar was twee hekke, en ’n gruispad wat in ’n boog van die een na die ander geloop het, om ’n boord vol poinsettias wat pas op daardie vroeg-uit-die-blokke wyse van Natalse plante begin blom het. In die middel het die gruis na rooi trappies opgeloop, soos dié van ’n plaashuis, maar bokant hulle was ’n paar kort namaaksels van pilare soos dié van die hof in Durban.

Ons het na die linkerhek gery. Soos die regterhek was dit toe. Dit wou nie meegee toe ek teen die twee vleuels druk nie. In die pilare was daar geen teken van ’n klok of ’n knoppie wat iets binne moes laat lui nie. Van naderby kon ek sien dat onkruid in die krake van die pilare groei, en die gras het gelyk of dit langer as ’n week laas gesny is.

Ons het maar na die ander hek gery, vir die wis en die onwis.

“Dis leë kamers daardie,” het my pa gesê, en na die boonste verdieping gewys, waar die dalende son die verlate vertrekke verlig het, kamers wat nie eens gordyne gehad het nie.

“Ek kan dit nie glo nie,” het my ma gesê. Ek het onder my wenkbroue deur geloer hoe sy haar lippe tuit, en toe, sonder enige verdere omhaal, in trane uitbars.

My pa het ’n gesig getrek asof hy wou sê, “kyk nou wat het jy gedoen”, en haar in sy arms geneem, terwyl hy haar op die rug klop. Na ’n paar oomblikke het my ma haarself reggeruk, en na haar handsak gereik. Sy het ’n poeierkwassie opgediep sodat sy

© University of Pretoria

die spore oor haar wange kon dooddruk in die Volvo se truspieëltjie.

"Ek was nog nooit so verleë in my hele lewe nie."

"You've been stood up, at your age," het my pa haar geterg.

"Dis nie snaaks nie," het sy gemopper.

En wat van my, het ek gedink. Hier was ek op die punt om uitgestal en geparadeer te word, net om myself alleen op 'n verlate paradegrond te bevind, om dit so te stel.

Ek het sommer met die pad af geloop uit viesheid. Aan die verste ent van die landgoed, as dit is wat 'n mens dit kon noem, het 'n dak tussen die riet uitgesteek. Ek was nog 'n ent daarvan toe 'n skraal jong seun aangehardloop kom.

"Hei, Jaco," het hy gesê, en sy hand half gelig, asof hy onseker was dis toelaatbaar. My eerste reaksie was om terug te draai, maar ek het goeie maniere gehad.

"Is dit regtig jy?" het hy gesê toe ons na genoeg aan mekaar was. "Wie't gewen?"

Ek het hom ingelig ons het met 'n enkele punt verloor.

"Hoeveel drieë het jy gedruk?"

"Net een." Dit moes arrogant geklink het.

"Hoeveel strafskoppe het jy oorgeskop?"

"Drie."

"Drie! Jislaaik."

"Ons moes minder strafskoppe oorgeskop het en meer drieë gedruk het."

"Wat was die verste een?"

"Van die tienmeterlyn."

"My onnie sê jy kan selfs verder as dit skop."

"Hy sê so?" Dit het my skielik verontrus dat my vaardighede in ander klasse bespreek word.

"Hei, Jaco, wys my hoe ver jy kan skop. Wag, ek gaan my pa kry."

© University of Pretoria

En toe het hy teruggenael in die pad af. Ek het ’n bietjie skaapagtig gestaan en wag, en myself verwens dat ek in hierdie situasie beland het. Hoeveel keer in my lewe sou ek dit nog moes doen? Ouers was, veral in die rowwe Natalse platteland, ’n fanatieke spesie, dit het ek al geleer. Langs die kantlyn word alle inhibisies oorboord gegooi. ’n Mens kan selfs sê die kantlyn is soos ’n streep in die sand, soos die grens in die oorloë in Suidwes of Rhodesië.

Die ventjie het terug gekeer met ’n rugbybal en twee ouers, een met krullers in haar hare. Die pa het ’n sigaret vasgeplak aan sy lip gehad. Hy was in ’n kakie-kortbroek en vellies geklee, waaroor ’n paar swart sokkies die dag tevore al gesak het.

Die seun, nou met ’n houding van die uiterste erns en belangrikheid, het mooi gemik met reguit arms en die bal na my geskop. Ek moes twee treë na regs neem om dit te vang, versigtig dat dit my baadjie nie raak nie, want ek kon al in die lug sien hoe vuil die bal was.

“Waarheen moet ek dit skop?” het ek so ongeesdriftig as moontlik gevra. Die pa het vaagweg die pad af gewys, die enigste opsie eintlik, en toe sy stompie in die riet gegooi. Sou dit nie ’n brand begin nie? het ek gedink. Moes ons in die ASG brandweerman ook speel?

Om die rokery te probeer verplaas, het ek na die paleis met sy oper ruimte beduie. Die seun het gevolg en ons het die bal heen en weer na mekaar oor die pad gegooi. Sy ouers het aangesuiker en die wêreld begluur. Hulle het saggies met mekaar gepraat. Ek het ’n onverwagse vrees in my voel opkom.

“Ek sal dit hiervandaan skop,” het ek aan die seun gesê, en ’n posisie net agter die een pagoda ingeneem. Op die pagoda se vloer was ’n eensame snoeiskêr, die lemme vol roesvlekke.

“Jy beter die bal reguit skop,” het die man gesê.

“Ek gaan nie vir ’n nuwe bal betaal nie,” het sy ma skril bygevoeg.

© University of Pretoria

Die seun het bang na my gekyk. Toe het hy ’n trek van soveel verworpenheid op sy gesig gekry dat ek, sonder om verder daaroor te dink, die bal op ’n molshoop staangemaak het op die gras wat onder die heining uitkruip.

Ek het my vinger natgemaak en die briesie probeer toets, die bal effens gestel, en toe tydsaam teruggetree, met oordrewe gebare om al die lesse van die stelskop vir hom ten toon te stel. Ek het vorentoe getree en die bal het die lug in gevlieg, oor die boog van die gruispad, oor die rye pointsettias, en oor die pagoda aan die ander kant. Dit het met ’n hol klank op die sinkdak in die ruigte beland.

“Goeie fok!” het die pa uitgeroep, steeds in die kurktrekkerhouding wat hy aangeneem het om die vlug van die bal te volg, asof daar ’n bottel wyn tussen sy bene was. Sy vrou kon nie besluit of sy my moet begin uittrap of ook “goeie fok” moet sê nie, toe sê sy maar “Gods!”

Toe draai hulle om en stap na my ouers, wat uit pure beleefdheid uit die kar geklim het. Die man het sy hand na my pa uitgesteek, en toe die ma, terwyl hulle hulself voorstel: Piet Gerritse, en Vroutjie Gerritse, nou die ene vriendelikheid.

“Kom, laat ons ’n dop gaan maak,” het Piet gesê, en wink-wink begin aanstap in die rigting van die sinkdak. Hy het my pa aangeraai om die Volvo nader te bring. “Hier is die kaffers nog nie so mak as in die Transvaal nie,” het hy gesê.

My pa het onder ’n boom stilgehou, ’n ent van die houthuis op sy stelte. Onder die vloere was die tekens reeds daar: Stapels versplinterde planke, geroeste bedrame, halfleë blikke verf, onderdele van onbekende stukke masjinerie, en minstens drie pap leerballe. Dié was so verfrommel en vol sand ’n mens kon nie sien vir watter sportsoort hulle bedoel was nie.

Op die grasperk het spriete kniehoogte gestaan, ryp van die saad, in ’n getande silhoëet teen die blouer groen van die riet, soos in ’n osilloskoop. ’n Stukkende fiets was op sy saal staangemaak

© University of Pretoria

onder ’n koejawelboom, en sy gebuigde wiel het gelyk of dit ‘n Moebiuslus wou word.

“Oppas vir die trappies,” het die man gesê, outomaties. My pa het desondanks amper sy balans verloor soos hy die tande van ’n stukkende plank probeer mistrap het. Die sitkamer was donker, en nadat my oë daaraan gewoond geraak het, kon ek sien binne was daar nog meer chaos.

‘n Plekkie is op ’n sofa vir my ouers gemaak. My ma het versigtig gaan sit en ’n brawe front voorgehou. Toe die sofa nie inmekaar sak nie, en iets onder die deurmekaar deken daaroor gedrapeer nie na haar hap nie, het sy ’n bietjie ontspan. Piet het vir almal brandewyn in ‘n paar glase geplons.

Net my pa het syne geneem. Skielik was Piet se bedagsaamheid weg. “Nou wat de fok wat moet ek hiermee…” het hy vies gemompel, en toe die een ekstra glas weggeslaan. Hy het ‘n bietjie gewag, en sy kop met ‘n geril en ‘n gebrul geskud wat my ma laat wip het van die skrik.

’n Baba het in die gang aangewaggel gekom en toe hy ons sien, begin skree en sy arms vir sy ma gelig, sy verskrikte oë die hele tyd op ons gerig.

“Jy het nou net wakker geword en jy begin reeds,” het Vroutjie geskree, en die kind op sy hande geraps, wat net tot ’n gegil in ’n hoër oktaaf gelei het. ’n Aaklige stank het ons van die kombuis af bereik.

“Ons kook suikerrietrotte,” het Piet gesê. “Jy moet hulle ’n bietjie uitcheck; hulle maak slange dood met hul hol tande.” Hy het sy bolip gelig soos ’n vampier s’n.

“Ons kan nie lank bly nie, ons verwag mense,” het my ma haastig gesê.

“Hei, maar julle het ’n genius hier, hé?” het Piet haar geïgnoreer. Tot my konsternasie het ek begin bloos.

“Hy’s skaam,” het die man gegiggel en ‘n lang sluk uit die tweede glas geneem.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"So waar is hierdie Engelse?" het my pa tot almal se redding gekom, hoewel ek die ongemaklike gevoel gehad het dat hy nie regtig omgee dat ek deurloop nie.

"In Durban, waar anders?" het die antwoord gekom, asof almal dit moes weet.

"Vir die naweek?"

"Vir die hele blerrie week, as jy my vra."

"Hoekom… wat maak hulle daar," het my ma voortgegaan, die wind uit haar seile.

"Hulle woon daar."

"Woon daar?"

"Die ou lady, die madam," het Piet met Patricia Kempson-Smithers gespot, "kom net eenmaal per week hiernatoe om die huis 'n bietjie te kom lug, jy weet, 'air'. En vir haar brugklub."

"En ... ek het gedink sy doen ons almal 'n guns," het my ma amper met haarself gepraat.

"En wat doen jy hier…"

"Ek's die voorman, soort van. Hulle wou nie 'n kaffer die boss man maak nie, toe kry hulle maar vir my."

"En waar kom julle vandaan?"

"Ek het naby Ellisras gewerk, maar toe word ek van die plaas afgeskop, want dit is gekonsolideer vir Bofoeta… Bopoetswa…

"Bophuthatswana," het ek hom reggehelp.

"Juistement," het Piet gesê.

My pa het gelyk of hy belangstel.

"En hier is ek nou weer," het Piet gesê, en sy hande in die lug gegooi.

"Weer?" het my pa gevra.

"Ja… Ou Smithers wag nou vir die konsolidasie van KwaZulu om deur te gaan, en dan kry hy 'n groot pakket van die regering."

"Maar die planne is reeds bekend gestel."

© University of Pretoria

"Is hulle?"

"Ja, verskeie plase is reeds verkoop."

"Nooit! Is jy seker?"

"Dis my gebied, die regte. Ek doseer by die kollege."

Die man het gefluit, opgestaan en sy glas halfvol met brandewyn gegooi, en toe 'n bietjie Coca-Cola bygevoeg.

"Vroutjie," het hy in die rigting van die stinkende kombuis geskree. "Ek het jou gesê, niks gaan hier gebeur nie. Sweet blow-all."

"Hulle sal tog nie geld aan Engelse boere gee nie," het my pa beaam.

"Wat beteken dat ons 'n ruk langer hier gaan bly, blerrie hel," het Piet gesê. Dit was moeilik om agter te kom of dit 'n goeie of slegte ding was. Sy tong het al meer gesleep terwyl hy 'n tirade loods teen die regering, en dit in dieselfde asem prys. Toe draai hy skielik na my pa en steek 'n vinger na hom uit.

"En jy, jy leer die kaffers om smarter as ons te wees, om windgat te word."

"Dis maar 'n job. Dit hou die pot aan die kook."

"Wel, ek sal julle kafferboeties wys hoe 'n mens 'n pot moet stook!"

Terwyl die man op sy voete sukkel, het my ma angstige gebare agter sy rug gemaak, en klankloos die woorde op haar lippe gespel: "Kom ons loop, kom ons loop!"

Piet het sy pad deur 'n klomp stoele, wat tot teen die plafon gestapel was, na 'n hoë staalkabinet in die hoek gebeur. Hy het na binne gereik en half teen die stoele gesteier, sodat my hande onwillekeurig omhoog gegaan het om te keer dat hulle omval. Toe hulle ophou swingel, het ons aandag weer na die man verskuif. Hy het nou skielik 'n haelgeweer oor sy knie geknak gehad. Hy het hard probeer om 'n patroon in die loop te prop.

My ma het gegil en my pa het verbouereerd opgespring. Sy het na haar handsak gegryp, my beveel om haar te volg en by die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deur uitgestorm. My pa was soos blits op die grasperk. Ek het in die deur bly staan om vir die man te wys… wat presies het ek nie geweet nie, maar ek het bly staan.

Agter my het my pa die man probeer paai: “My vrou, weet jy, is nie gewoond aan sulke dinge nie,” maar Piet kon hom nie hoor nie, hy was te ver.  Ek het met die lendelam trappies na onder getree, wat vir Piet toegelaat het om in die deur te gaan staan, dubbel gevou oor die geweer op sy kolf tussen sy voete, aan die skaterlag.

“Waarnatoe gaan julle? Ek dag ons maak ‘n bietjie Boeresports vandag! Lekker rugby en skyfskiet!” het hy geproes. Met sy oë komies toegeknyp in ’n kammavrees, het hy die geweer die lug ingehou en die sneller getrek.

Die skoot het my ore amper laat toeslaan. My ma het weer gegil, en my pa het haar in die rigting van die Volvo onder die boom gedu, en self agter haar aan gedrafstap. Hulle het agter die kar gekoes. Die man het nou op die trappe gesit en nog steeds gehyg en geproes van die lag.

“Eina, bliksem,” het hy geskel toe hy per ongeluk aan die loop van die geweer vat, sodat dit op die sementblad aan die voet van die trappe neerkletter. Ek was ’n paar treë van hom af en het hom nie gehelp om die geweer op te tel nie, net my rug gedraai en so kalm as moontlik teruggeslenter na die Volvo.

Op pad terug huis toe was ons almal doodstil.  Ek was diep teleurgestel met die mak, selfs lafhartige manier waarop my pa opgetree het. Mense soos Piet Gerritse moet op hul plek gesit word.

Ek het myself afgevra of ons by die ASG vir sulke mense, sulke Afrikaners, ook moet opstaan. Maar ek het die gedagte onderdruk as een van hoogmoed. Wat tot ’n val sal kom.

© University of Pretoria

# Hoofstuk 17

MISKIEN was dit na die affêre by die Gerritses dat dinge begin skeefloop het. Om die vraag te herhaal; hoekom het ek so saamgespeel? Met my ma, en met die outjie en sy bal? Hoeveel keer sou ek nog myself so moet uitstal?

My liefde vir my ma het toegeneem in omgekeerde eweredigheid tot my respek vir my pa. Maar ek kon ook soms erg verleë oor haar ywer voel. Sy het verrassinkies in my kosblik gepak, liefderik my wit kortbroeke en rugbytruie gewas en die geskeurde moue sorgvuldig herstel.

En hoekom moes die onderwysers my so tegemoet kom? Ek het maklik hele periodes af gekry om te vergoed vir die tyd wat ons moes bestee om Durban toe te ry vir die Natalse span se oefeninge. 'n Regte witbroodjie. Hoewel ek maar te bly was: Ek kon nie genoeg van al die nuwe boeke oor kernfisika in die biblioteek kry nie.

Annchen... dit het soms by my opgekom dat sy nie veel saampraat oor politieke dinge nie. Soms het sy gelyk of sy nie weet wat sy by Bybelstudie doen nie. Ek het haar hand dan stywer vasgehou, as 'n gebaar van besit. Sy het haar vingers soms ontstrengel uit myne, om die sweet af te vee, het ek myself vertel.

My ma was nog net so erg teen rugby as voorheen en het nooit wedstryde bygewoon nie, maar wanneer dit by my toenemende roem gekom het, was sy onbeskaamd skynheilig. Ek het die indruk gekry sy het soms na kerkbyeenkomste op weeksdae gegaan om tydens teetyd elke moontlike loflied oor my op te teken.

Daar was die ding met die foto's. Die *Coastal Observer* het 'n klasfoto van my toe ek tien jaar oud was, kom haal. Daar was nie juis ander nie, want my pa was teen fotografie as "te self-koesterend". Dit het saam met dié van twee ander Cravenweek-spelers verskyn, twee matrieks met hardebaarde waarmee hulle

© University of Pretoria

die vyand kwansuis wou bewerk in die losskrums. Daar is gemeld dat ek Umhlaleni vir nog twee jaar in die nuus sou laat bly.

"Mevrou Engelbrecht sê 'hoofseun' staan reeds op jou voorkop geskryf," het sy kom rapporteer. As sy maar geweet het.

My ma was nie heeltemal verkeerd nie. My manewales op die rugbyveld het my in 'n klein legende omskep. Hoeveel losskakels ken jy wat sy teenstander met die regtervoet kan chip, die bal met een hand optel en dan die heelagter met die linkervoet chip?

Ek moes selfs sover gaan as om die klaskaptein van die standerd sesse eenkant te neem en te help keer dat sy skoolmaats "chips!" uitroep elke keer as ek die bal kry. Ek het hom speels agter die nek gevat en sy arm agter sy rug in gedruk. Standerd Sesse hou van dié soort ding ...

"Julle sein aan die vyand wat ek gaan doen!"

"Ek sal dit nie weer doen nie! Ek sal dit nie weer doen nie!"

"Moenie 'chips' sê nie, sê 'aartappels' of "Worcestersous'!"

"Orraait, chips, ek bedoel, aartappels!"

Dit het beter as 'n bom gewerk. Ons het 'n nuwe vleuel gekry, Damien van Aardwyk, wie se ouers na Umhlaneni verhuis het van Amanzimtoti af. Nie lank daarna nie het ons teen sy ou skool gespeel.

Toe ek op 'n slag die bal kry en steelkant omgaan, het 'n klomp  standerd sesse, net 'n paar meter weg op die kantlyn, begin skree: "Aartappels! Aartappels!" Die vleuel van Amanzimtoti het gedink ek gaan die bal na Van Aardwyk aangee en net daai bietjie te veel vir hom gemik. Hy het 'n lieflike gaping op die middellyn oopgemaak waardeur ek kon glip soos 'n mes deur Annchen se botter om onder die pale te gaan druk.

In elk geval, my ma kry dit toe in haar kop ons moet behoorlike foto's van my laat neem – agter my pa se rug.

"Operation Goodlooking," het sy dit genoem, en dit gate uit geniet om al die geheime reëlings te tref. Sy het my by die syhek

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die skool kom haal, ingeval die seuns en dogters van vriende ons sien. Ons het in die agterplaas van die winkel geparkeer en vinnig na die agterdeur gehardloop, waarvandaan ons deur die kombuis na die winkel se portrettekamer is. Alles is vooraf gereël.

Ek het verleë gevoel. Was dit die soort van ding wat ons in die ASG gedoen het? Al die cloak en dagger speletjies? Nee, het ek myself verseker, ons planne was op 'n hoër vlak, waar baie meer op die spel was.

Op die spel vir my ma was haar foto-album, wat alreeds oorgeloop het van koerantknipsels, gelukwensinge en rugbyprogramme. Nog 'n verleentheid, maar ek kon altyd daarin slaag om te ontkom wanneer sy dit vir besoekers uitgehaal het. Al daai skoolwerk wat ek moes doen.

"Jou pa wou nie eens gehad het ons moet foto's by ons troue neem nie. Ek het 'n fotograaf probeer insmokkel, maar die aap het 'n flits laat pop en toe gooi jou pa hom uit."

"Regtig?"

"Hoekom dink jy het ek nie behoorlike troufoto's nie? Ek moes hulle almal by die gaste bedel. Ons het ook niks van jou as baba nie. Net enetjie wat Aunt Sally stilletjies geneem het."

Wat sy my nie vertel het tot vele jare later nie, was dat my pa toe al tot ander insigte gekom het. Eendag het hy haar plegtig om vergifnis gevra en 'n spesiale sessie by die fotograaf gereël waartydens sy haar trourok weer kon aantrek. Maar sy het my nooit die foto's aan my gewys nie, nie terwyl ek nog op skool was nie; die storie van haar verontregting het haar beter gepas.

Daar was die ding met Jasper. Eendag het Uys my na 'n ASG-vergadering laat agterbly. Hy het my uitgevra oor Jasper, en ek het vertel van die konfrontasie in die biblioteek, hoewel met sekere detail weggelaat.

© University of Pretoria

“Ek het gedink dis ‘n bietjie erg om so agter sy ma se rokspante weg te kruip.”

Uys het my stip aangekyk. Na ‘n ruk het hy gesê: “Wel, sy ma het kom kla.”

Ek het myself voel koud word. “Waaroor, meneer?”

“Jy was blykbaar ‘n bietjie rof met hom.”

“Maar hy het gejok, oor sy ma se sogenaamde verbod,” is al verduideliking wat ek kon uitkry.

“Ek dink nie so nie,” het hy gesê. “Sy is ’n Cape Liberal Nat. Sy het hom waarskynlik wel aangesê om nie enige petisies by die skool te teken nie.”

Ek was onthuts. Was ek dan verkeerd? Ek het regtig gedink hy wou ons aan ons neuse probeer lei. Uys het stil gesê: “Wees maar versigtig. Julle tawwe rugby-ouens dink dis niks nie, maar moenie jou hand lig vir enigiemand nie.”

Ek het stert tussen die bene weggesluip. En wat was ’n Cape Liberal Nat? Paul moes later aan my verduidelik: Hulle was die sogenaamde “oopkop” Afrikaners wat te ver gegaan het, wat apartheid wou hervorm om dit meer verkoopbaar in die buiteland te maak. Omdat die Kaap so Afrikaans was, kon hulle nie verstaan waarmee ons in ’n Engelse provinsie te doene het nie.

“Hulle dink ons het die res van die wêreld nodig. Maar dis net sodat hulle geld kan maak met produkte wat ons oorstroom, goed en modes wat ons nie regtig wil hê nie,” het Paul gepreek.

Die gedagte het opgeduik: Was Annchen so iemand? Dit het my genoeg ontsenu om op te staan en nog koffie te gaan kry, om my aandag van die moontlikheid weg te lei dat die liefde in my lewe... wel, soos Jasper was. Ek het myself oorreed: As Annchen soos hy was, ’n swak mens, moes ek haar beskerm.

Die feit dat ek haar nie kon vertel wat aan die gang was nie, van die projek waarby ek betrokke was en wat ons almal gaan red, het my liefde vir haar net verdiep.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

En toe kondig Annchen uit die bloute aan sy gaan weg. Ek het na haar gestaar onder die lamplig op die stoepie van die skoolsaal. Duitsland. Waar anders? Ek moes die inligting uit haar trek.

"Net vir drie maande," het sy uiteindelik gesê, in 'n vreemde, onwillige toon, nadat sy nie meer kon wegsteek dat sy my misnoeë kon sien nie.

"Drie maande! En die klasse wat jy sal mis?"

"My pa het met die skoolhoof gepraat."

Ek het die toon probeer peil waarin sy dit gesê het, asof dit 'n formaliteit was, 'n vanselfsprekendheid. Was die skoolhoof en haar pa pelle? Wat wel onteenseglik was, was dat sy al 'n ruk moes geweet het, maar my nie gesê het nie.

"Maar ek gaan jou mis," het ek gestamel.

"Is jy dan nie bly vir my part nie?"

"O ja," het ek haastig gesê. "Wat 'n kans." Ek was selfsugtig, ja. En toe het nog implikasies my getref.

"Maar wat as jy nie terugkom nie?"

"Ek sal moet terugkom. My Duits is nie goed genoeg nie."

"Ek het gehoop jy sal sê jy wil terugkom."

"Natuurlik wil ek."

Maar ek het haar onverhoeds betrap; die gebrek aan oortuiging in haar stem was moeilik om nie te merk nie.

"Wil jy regtig?"

Sy het weggekyk, en my moed het in my skoene gesak. Die hol kol op my maag het gegroei, soos die besef tot my begin deurdring het dat sy... ek kon dit nie vir myself sê nie, nog nie. Toe het sy haar rug gedraai en stroef in die donker gestaar. Ek het my vraag nie durf herhaal nie.

"Jy het verander," het sy gesê, uiteindelik.

© University of Pretoria

Ek het my mond oopgemaak om haar te weerspreek, maar dit weer toegemaak. Natuurlik het ek verander. Ek het die amper oorweldigende drang gevoel om haar alles te vertel, dat ek móés verander om hierdie sending uit te voer waarop ek was. Maar die sekondes het verbygetik, ’n minuut geword, twee minute. Annchen het half na my gedraai.

“Jy het,” het sy eenvoudig geantwoord, en toe het sy na die hek gestap. Haar pa se motor was besig om in die straat af te ry en sy sou hom dié keer buite die skool ontmoet. Ek het daar gestaan, so verlate as wat ek ooit in my lewe was, vir nog ’n minuut, en toe die bult op gestap huis toe. Ek het myself probeer gelukwens dat ek vas gestaan het, niks ontboesem het nie. Maar my geknypte hart het gesê: Watter absolute onsin is dit nie. Want die verskriklike moontlikheid het voor my opgedoem: Ek sou Annchen nooit weer sien nie.

Ons het klaar eksamen geskryf, dit was die laaste week van die skooljaar. Toevallig het ons klasse nie die volgende dag oorvleuel nie. Ek het na die plekkies gedrentel waar ons mekaar soms ontmoet het tydens pouses, wanneer ek nie besig was met die een of ander vergadering nie. Maar sy was nêrens nie.

Ek het na haar huis toe gebel die middag, maar haar ma het gesê sy was nie tuis nie. Sy het stram geklink, en gesê hulle was almal hard aan die pak vir die tog, asof sy my wou ontmoedig om weer te bel. Die vermoede het vir die res van die dag aan my gerem en my  daardie nag laat rondrol.

Die volgende dag was Annchen glad nie by die skool nie. ’n Onderwyser het dit bevestig: Hulle sou dieselfde dag nog na die lughawe in Durban vertrek. Dit het my van voor af onthuts en seergemaak, dat sy my nie eens gesê het hulle sou so gou vertrek nie. Ek kon die vermoedens nie meer ontken nie: Sy het haar van my losgemaak?

© University of Pretoria

'n Nuwe gedagte het begin posvat: Sy hét my laat probeer weet, daar was genoeg seine, maar ek was te besig met ander, groter dinge om daarop ag te slaan.

Daar was die ding met die winkel.

My ma het weer probeer om, vertroulik, haar twyfel oor my pa te lug. Hy is in die kantien van die universiteit gesien – met sy swart studente. Sy had geen probleem daarmee as sodanig nie, maar was dit nodig om die universiteit se reëls so openlik te verontagsaam? En wanneer hy tuisgekom het, het hy haar van die ergste dinge denkbaar beskuldig. Sy het 'n betekenisvolle pouse tussen ons gelaat.

"Watse dinge?"

"Dinge, jy weet," het sy verdedigend gesê, en voortgegaan met haar naaldwerk. Ek kon nie gou genoeg na haar sin aan 'n antwoord dink nie.

"Wel, gaan jy nie vra nie?"

"Wat vra?"

"Waaroor ons gepraat het!" Sy het van stryk af gelyk, asof sy iets in haar gemoed wou lug.

"Wat pa van ma sê?"

"Ja!"

"Dis iets tussen ma en pa."

Sy het op haar lip gebyt. Ek het gemik om op te staan en te loop, want ek was nou ook verleë.

"Daar is niemand anders wat ek in my vertroue kan neem nie."

"Vertroue waaroor?"

"Wat hy van my sê..."

Ek wou sê ek is geleer om nie my neus in die sake van grootmense te druk nie. Maar sy het die gaping van my aarseling gevat.

© University of Pretoria

"Hy sê ek steel goed."

"Steel ma goed?"

Dis nie hoe ek dit bedoel het nie, dit was uit voor ek kon keer. Ek kon my nekhare voel rys, my hart was in my keel: Was ons dan in dieselfde bootjie? Was sy besig om vir my te sê ek was net soos sy, dat my eie neigings in haar gene ook was?

"Nee!" het sy gesê, weer van stryk af.

"Waarom sê hy dit dan?"

Sy het aangehou naaldwerk doen vir 'n paar oomblikke, en toe versigtig verder gepraat. Dit was duidelik moeilik, en my hart het uitgegaan na haar,  ek het tog my eie ondervinding van sulke dinge gehad.

"Daar was 'n geleentheid in Bullinger's laasmaand toe ek vergeet het om vir 'n pakkie knope te betaal. Die bestuurder het my eenkant toe geneem en my daarvan beskuldig dat ek dit wou vat."

"Winkeldiefstal?"

"Dit was nie hoe dit was nie. Ek moes hulle in my handsak gesit het terwyl ek na my inkopielys gesoek het, en 'n … 'n Zoeloe het dit opgemerk."

"Zoeloe?"

"Ja, 'n swart wag. Wat my die meeste ontstel het. Hoe kon hy geweet het wat ek met die knope wou doen? Hy moes die kans gesien het om 'n wit persoon, 'n vrou nogal, in die moeilikheid te bring."

"Maar ma moes dit tog net verduidelik het?"

"Dis wat ek gedoen het. Ek het 'n scene gemaak, net daar in die winkel. Hoe kon hulle 'n swartman se woord bo 'n wit vrou s'n vat, wou ek weet? Ek het begin praat van net-nou voel ons wit vrouens nie meer veilig hier nie en moet ons elders gaan, en toe het die bestuurder my laat gaan."

"Waar pas pa in die prentjie?"

© University of Pretoria

“Wel, terwyl ek my moes… op my regte moes aandring, het ek gedreig om Bullinger’s hof toe te neem vir laster. Ek het gesê jou pa doen nog baie sake al is hy ’n lektor.”

“En?”

“Jou pa weier. En hy was vies vir my.”

“Hoekom?”

“Want hy wil nie hê almal moet weet hy doen ekstra werk nie.”

“Is dit dan teen die wet?”

“Wel, die kollege laat net ’n sekere kwota buitewerk toe, anders is dit al wat die lektore die hele dag doen.”

“Maar as ma in die prentjie kom is dit tog ’n ander storie.”

“Presies, Jaco, presies. Maar hy weier net eenvoudig. Hy sê ek moet so gou moontlik vergeet daarvan.”

“Hoe kan ’n mens so iets vergeet?”

“Presies,” het my ma gesê, met ’n tikkie blyheid in haar stem, dat ek die kern van die saak kon snap. “Hoe gaan dit lyk as ek nie my belofte nakom om hulle te dagvaar nie?”

Ek het stilweg onderneem om die saak met my pa te bespreek. Die kans het gou gekom, toe my pa my na ’n wedstryd op ‘n buurdorp neem.

“Hoekom vat pa nie vir Bullinger’s hof toe nie?”

Hy was onkant betrap. “Bullinger’s?”

“Ja, die mense wat ma valslik beskuldig het.”

“Sy het jou daarvan vertel?”

“Ja, moes sy dan nie?”

“Sy het my gevra om dit nie teenoor jou te noem nie.”

Want jy is ’n lafaard, het ek innerlik gestoom, voor ek bars gesê het: “Wel, sy wou duidelik die teenoorgestelde hê. Ek dink ’n man moet by sy vrou staan en haar naam skoonmaak as dit nodig is.”

© University of Pretoria

My pa het geamuseerd na my gekyk, en ek het gebloos oor my voortvarenheid.

"Dit sal nie werk nie," het hy eenvoudig gesê.

"Hoekom nie?"

"Dit sal net nie."

"Maar hoekom nie?" het ek volgehou.

"Ek het 'n bietjie ondervinding van die hof, ek behoort te weet."

Ja, net 'n bietjie, het ek wrewelrig gedink, want jy moes die hele tyd rondtrek want jy kon nog nooit die pas vat nie.

"Wat help daardie 'bietjie ondervinding' Pa as Pa nie vir Pa se eie vrou in die bresse kan tree nie?"

Dit was die eerste keer dat ek so met hom gepraat het, en ek kon aanvoel dat hy seergemaak is daardeur. Hy het gelyk of hy nie weet wat om te sê nie, en naderhand het hy net stilgebly, en ons het gespanne voortgery.

© University of Pretoria

# Hoofstuk 18

BANG was ons in die ASG vir niemand nie. Ek het veral nie die geleentheid laat verbygaan om die streep voor die Engelse te gaan trek, selfs nie, veral nie, wanneer hulle onderwysers was.

“Hoekom moet hy ’n skaakbord op sy kop dra?” sou ek my klasmaats teen die hoof aanhits. “Want hy is ’n square’gebore en sal ’n square doodgaan.” ‘n Flou grappie, ja, maar dit het gewys hoe erg uit voeling hy met ons moderne Afrikaners in sy belaglike toga was.

En toe daag Miss Ogilvie op en trek haar eie streep in die sand. Sy was die nuwe onderwyser vir Engels, in die plek van die een wat so van *Sons and Lovers* gehou het, wat bedank het omdat sy nie meer die oorwig aan Afrikaners kon vat nie, volgens Uys self. Miss Ogilvie was die lewende vergestalting van ’n woord wat nog nuut was: “Sexy.”

Sy het kort rokkies sonder blik of bloos gedra. Een van haar gunstelinge het glimmerende skubpatrone soos ’n op slangvel gehad, en om haar soepel bobene en heupe gegly soos ’n waterstroom om ’n rots. Soms het sy wit sokkies en tekkies gedra, teen die reëls vir onderwysers, volgens Uys. By die vorige skool, het hy ons meegedeel op ‘n ASG-vergadering, het sy ‘n reputasie vir politieke praatjies in die klas gekry.

Sy het inderdaad gelyk of sy iets wil wegsteek. Sy het beslis te veel grimering aangehad, wat in die moorddadige hitte spore gelaat het asof van trane. Haar ooglede was oorlaai met maskara, sodat sy kort-kort wou knipoog.

Anders as ander onderwysers het sy met die skoliere gemeng; ’n mens kon haar soms druk in geselskap met matrieks op die speelgrond sien. Sy het haar nie deur al die gulsige aandag en blikke van stryk laat bring nie. Ook nie toe Flip Slenter Venter, die klas se nar, eendag na die eerste ry skuif en sy ma se

© University of Pretoria

poeierdosie onder haar rok probeer hou terwyl sy op die bord skryf nie.

"Ek kyk na my dosie," het hy gefluister en almal het geproes van die lag. Ek het maar saam gegryns en niks gedoen nie; die ASG het beslis ons moes nie by onbenullige dissiplinêre sakies betrokke raak en onsself onthul nie. En buitendien, Miss Ogilvie was Engels.

'n Paar seuns het na vorentoe gekruip om ook in die spieëltjie te kyk. Sy het rustig omgedraai, haar na Flip gewend en met haar vingers gewink vir die dosie.

"What a beautiful little powder puff," het sy gesê, "so quaint! And you can see so much with it!" Sy het omgedraai en die woord "quaint" op die bord geskryf.

Die eerste onderonsie het taamlik onbeplan gebeur. Ek het daardie dag net half geluister na haar, maar dit was onmiskenbaar: sy het die woord "equality" gebruik. Ek was soos blits op my voete.

"Miss Ogilvie," het ek begin, "waarom praat u van gelykheid wanneer u vak Engels is?"

Dit het haar onverhoeds betrap. Sy het haar leesbril hoër op haar neus geskuif, en teruggedrentel na haar lessenaar, om tyd te probeer wen. Sy het netjies in die strik getrap. Want Miss Ogilvie was een vir die bul by die horings pak.

"Gelykheid is een van die fondamente van wat 'n mens die Engelse kultuur kan noem. Dit is 'n waarde wat deur Engelse mense dwarsdeur die wêreld onderskryf word. Maar 'n waarde wat, soos jy teen hierdie tyd behoort te weet, ook na ons gekom het via ander mense, die Franse byvoorbeeld."

"Maar is Engelse kultuur....", en hier het ek 'n sarkastiese toon in my stem gebring, "... nie ook een van ongelykheid, u weet, die werkersklas wat nie op dieselfde vlak as mense van Eton College is nie?"

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ek het Miss Ogilvie in die ekwivalent van 'n dubbele Nelson gehad. Vrou of nie.

"Sure," het sy geïmproviseer, en gevroetel tussen die leggers en handboeke op haar lessenaar, " 'n mens moet ook na die klassegemeenskap kyk. Maar hier, in Suid-Afrika, is dit nie die groot probleem nie."

Ek kon sien sy keer haarself om te sê wat sy dink die groot probleem in Suid-Afrika is.

"Maar as u by Suid-Afrika wil hou, behoort u nie na Suid-Afrikaanse pogings te kyk om gelykheid te bewerkstellig nie?"

"En wat sou daardie pogings wees?"

"In die tuislande wil ons regering swartmense ontwikkel sodat hulle hul eie regslui en dokters kan voortbring."

Sy kon nie protesteer dat dit politiek was nie, sy het dit dan self opgehaal. Maar sy was 'n grootmens, en ek was 'n jongeling wat te groot vir sy skoene was.

"In die Westerse kultuur is wat saak maak nie die doel waarvoor jy werk nie, maar die middele wat jy gebruik om dit te bereik. En wanneer dit by hierdie middele kom, faal die tuislande fabelagtig."

Die streng toon het my genoop om iets tartends in my vraag te sit: "Hoe weet u hulle is mislukkings?"

" 'n Mens hoef net jou koerant te lees."

"Ek lees ook koerant, maar daar is niks oor die mislukking van die tuislande daarin nie."

"Wel," het Miss Ogilvie gesê, en haar vingers ongeduldig gelig van die rug van die stoel wat moes dien as haar kruk, "dis waarskynlik omdat jy nie die Engelse koerante lees nie."

""But, Miss," het ek gesê, en dit soos die Afrikaanse "mis" laat klink, "is die koerante wat u lees nie so krities omdat hulle Engels is nie?"

"Ek volg nie..."

© University of Pretoria

"Gebruik hulle nie Engelse beginsels soos gelykheid, soos u verduidelik het, om die regering se beleid te verwerp omdat die regering nie vol Engelse sit nie?"

"Dit maak nie saak dat dit 'n Engelse perspektief is nie, die slegte gevolge van die beleid is daar vir almal om te sien."

"Maar Miss, hoe kan 'n mens besluit 'n doelwit is met die verkeerde middele behaal wanneer daardie doelwit nog nie behaal is nie?"

Hierdie argument het haar die kleinste gaping gebied, en sy het die uitwisser opgetel en die bord begin skoonvee die oomblik toe sy klaar gepraat het.

"Dit is 'n saak vir die filosofieklas, wat die regering besluit het nie goed is vir jou nie."

Ek moes gaan sit, maar ook omdat ek nou dronk was van my voortvarenheid. My asem het gejaag. Hier kon ek dit weereens voel, die onsigbare konstruksies agter ons aksies, agter die skool, selfs agter 'n klein debatjie met 'n Engelse onderwyser. En hulle was ontsagwekkend, hierdie groot, ingewikkelde masjiene van mag wat binne grypafstand vir my was om te begin beheer.

Maar ek kon ook sien dat die ander leerlinge nie juis oorweldig was nie. Inteendeel, hulle het begin papiervliegtuie gooi, mekaar met peashooters geskiet en selfs huiswerk begin doen. Ek het besef: as hulle my stoel dramaties hoor agteruit skraap vir een van my skermutselings, was die klas vir die dag verby.

Miss Ogilvie was beslis anders. Engelse onderwysers het geweet hulle moes in hul spore trap met politiek. Maar sy het geen tree agteruit gestaan nie. Dit het my gekeer om Uys te gaan vertel. Dit sou lafhartig wees, het ek skielik besef, vir die eerste keer.

Die ASG moes tydens sy eerste vergadering van die nuwe jaar besluit wie ons in die prominente posisies in die skool gaan kry. Geeneen was 'n uitgemaakte saak nie; ons moes nog taktieke

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

uitwerk hoe ons ons mense aangestel gaan kry. Behalwe die rugbykaptein. Almal se koppe het na my gedraai toe Paul die kwessie opper.

"Die enigste vraag," het Uys gesê, "is of jy kans sien daarvoor." Ek was darem nog in Standerd Nege.

Ek het waardig my kop geknik. "Ek dink ek kan dit doen, Meneer Uys. Vir die saak."

Maar hy wou volledigheidshalwe na die alternatiewe kyk. Ons het hulle bespreek: Henk Vorster, 'n matriek, wat ons beste voorspeler was, maar nie te slim nie. En Johnny van der Mescht, die onderhoofseun.

"Daar is net een probleem met Johnny," het Uys gesê. Hy het 'n oomblik dramaties stilgebly.

"Sy ma is Engels."

Gelukkig het die lepel in my koppie daardie oomblik gekies om grond toe te kletter. Ek kon my onthutsing wegsteek in 'n apologetiese gebuk langs 'n glaskas vol standbeeldjies van Boerevegters en Voortrekkers.

Het hulle dan nie geweet my ma is Engels nie? Maar dit was duidelik hoekom mense dit nie kon sien nie. Sy was meer Afrikaans as baie Afrikaners, om die waarheid te sê. Nogtans... hoe kon Uys nie weet nie? Of het hy besluit om anderpad te kyk?

Ek kon hom gevra het, natuurlik, maar ek het nie gedurf nie. Wat as hy nie geweet het nie? Van iewers het 'n ander gevoel gekom, dat ek verraad pleeg teenoor haar, maar daar was nie kans om daaroor te tob nie. Omdat Johnny se ma Engels was, is daar besluit ek sou die kaptein van die eerste rugbyspan word, al was ek nog nie in matriek nie.

My selmaats het my gegryp en by die deur uitgeboender. Hulle het my na die grasperk gedra, op hul skouers gehys en een of twee keer die lug in gegooi, voor Uys ons kom stilmaak het, ingeval die bure sou begin vrae vra.

© University of Pretoria

My kapteinskap is natuurlik nie dadelik bekend gemaak nie. Maar Uys en sy vriende onder die onderwysers kon begin om die afrigters te bewerk. Om dinge makliker te maak, het ons besluit Johnny moet die Victor Ludorum van die atletiekspan word, en 'n sekere Engelsman wie se ouers die Nasionale Party steun, die kaptein van die swemspan. As "bargaining chips", het Uys gesê.

Dit was Uys se kans om ons ander tegnieke ook te leer. Johnny was 'n roker. Dit het hy om die een of ander rede net buite die skool gedoen, maar 'n ASG-lid het hom eendag oorgehaal om 'n sigaret in die toilette te gaan opsteek. Uys het Johnny op heterdaad gaan betrap.

"But I don't smoke at school, Sir!" het Johnny geprotesteer, tevergeefs. Rook het hy gerook. Die hoof, het Uys vertel, het om sy lessenaar na Johnny gestap en sy regterhand dramaties in die lug gehou – dit was al geel van al die Texans.

Ons het daarop gereken dat Johnny nie 'n verklikker soos ons sou wees nie, en nie die ASG-lid se naam sou noem nie, en hy het ook nie. Uys het die lid natuurlik misgekyk toe hy Johnny gevang het.

Uys het gemaak of hy eintlik aan Johnny se kant was, en die hoof sover gekry om hom te laat gaan met 'n waarskuwing. Maar toe Johnny voorgestel word as rugbykaptein, kon niemand stry teen die opmerking van 'n Uysgenoot dat hy miskien nie tagtig minute lank kan speel nie.

Ek het myself betrap dat ek my ma dophou, om te probeer bepaal of daar wel 'n iets te veel Engels aan haar was.

Sy het tee gedrink smiddae, maar met die jongste *Sarie Marais* op haar skoot. Soos vele Afrikaanse moeders. Op die

© University of Pretoria

telefoon met haar suster en niggies, het sy Engels gepraat, met daardie geronde Pretoriaanse klinkers. Beslis nie in die faux Oxford van die laaste tiekieboks van die Britse empire nie. Sy het nie meer vis en skyfies by die Portugese gekoop as enige ander Afrikaanse huisvrou nie. Sy het haar eie beskuit gebak, weliswaar asof hulle Engelse muffins was. Die enigste dis waarvoor sy haar neus opgetrek het, was boerewors en pap, maar nogal baie Afrikaners het ook.

Daar was wel haar hekel in rugby. Sy het dit nie gesê nie, maar sy het steeds gehoop dat ek deur die een of ander wornderwerk in ‘n sokkerster sou verander. En dan was daar haar pogings om met Mrs Smithers-Kempson op te pellie. Geen ware Afrikaanse vrou sou so omgee nie.

Maar haar veldtoggies het misluk, het dit nie? Want sy was nie Engels genoeg nie. As dit by keuring vir ’n Afrikaanse organisasie moes kom, sou daar geen rede wees om haar te verwerp nie – nie ten gunste van ’n rookbewalmde feeks met krullers in haar hare en ’n snotneuskind op die heup van haar crimplenerok met die skewe soom nie. Ek het gesidder terwyl ek aan Vroutjie Gerritse dink.

En toe kom Annchen terug. ’n Vriendin van my ma het kom teedrink, en dis hoe ek daarvan gehoor het. Die dokter was ‘n week al weer op diens. Ek was van voor af seergemaak; sy het my nie gebel nie, laat staan nog kom opsoek nie, niks nie. Sy was ook nie terug skool toe nie; dit het vir my gevoel sy doen dit om te verhoed dat ek die middag saam met haar huis toe stap.

Ek het besluit sy wil hê ek moet na haar toe te gaan, maar op pad na haar ouerhuis, verby al ons ou plekkies, het ’n angstigheid my oorkom, sodat ek moes stadiger loop, en die minute probeer uitrek, om my kans te gee om uit te werk wat ek aan haar wou sê. Asof nog ’n toespraak op ’n verhoog voorgelê het.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Welkom terug, sou ek begin, maar ek het myself onmiddellik verwens. Sy het tog nie ’n komitee verwag nie. Of het sy? Stap vir pynlike stap in die smorende hitte het ek gewonder wat die effek sou wees van ’n eenvoudige, “Hallo Annchen, ek het jou gemis.” Die sweet het my afgetap. Ek het nie meer geweet hoe om met haar te praat nie. Hoekom was daar hierdie beeld voor my van ’n koel, slap hand wat na my uitgesteek word?

Of moes ek sê, “dit was ’n lang tyd, Annchen,” en die bal in haar baan slaan? Waarom al hierdie sportagtige taal?

Annchen se ma het nie bly gelyk het om my te sien nie, maar ek het dit verwag. Ek kon net sowel die koerant kom aflewer het. Sy het my na hulle ekstra sitkamer gelei, gewoonlik gereserveer vir kinders wat wag vir hul ouers om klaar te maak by die dokter.

Ek moes minute lank daar sit, en die lawwe plakkate oor kieme en handewas  en die Superman en Batman en X-men comics probeer miskyk. Amerikaanse indoktrinasie. Teen die mure was geraamde waterverftekeninge deur kinders. Een was ’n helder geel sirkel met spekerige oranje hare soos wortels, en ’n groen glimlag, in ’n kronkel soos die Umhlatuzirivier. Daar was ’n beeld in my agterkop van ‘n naakte Zoeloemeisie by ‘n waterval.

Waarom het ek nou sulke herinneringe gekry? En hoekom het ek gevoel dat kindertekeninge teen mure verkeerd was? Omdat dit primitiwistiese kuns bevorder het, nog ’n deel van die aanslag teen ons?

Toe Annchen uiteindelik verskyn, haar hare deurmekaar, asof sy nog in die bed was, het ek haastig orent gekom, amper gespring. Sy het in die deur teen die kosyn geleun, haar arms gevou. Sy het verander, dit kon ek onmiddellik sien.

“Hallo Annchen,” het ek gesê.

“Hallo.”

“Hoe was die vlug terug?”

© University of Pretoria

Sy het haar skouers opgehaal, en verby my by die venster uitgekyk.

"Ek is as die rugbykaptein aangewys."

Waar op aarde het dit vandaan gekom? En dit is nog nie eens bekend gemaak nie … Wat ek bedoel het, was om te sê dat rugby die fokus van my lewe was die afgelope tyd; dis hoekom ek nie opgelet het sy was al terug nie … My gesig het warm geword van ergernis met myself.

"Dis oulik," het sy geantwoord, en afgekyk na haar vingernaels. Tot my ontsetting het ek besef sy staan en wag dat ek weer loop. Ek het na haar gestaar, en nie die skok en pyn op my gesig probeer wegsteek nie.

"In elk geval," het ek voortgegaan, en 'n lomp gebaar gemaak, "ek het gedink ek sal jou terug verwelkom."

"OK," is al wat sy gesê het, en toe gemompel, "dankie."

"So ek gaan maar weer."

"Yep."

Sy het op haar tone sydelings verby my getree sodat sy my nie hoef aan te raak nie, en die deur gaan oopmaak, al kon ek dit self doen.

"Bye," het ek gesê, in ons ou groet, en my hand halfhartig gelig.

"Tot siens," het sy gesê, en die deur in my gesig toegemaak, sodat ek 'n paar sekondes lank daar bly staan het, voor ek omgedraai en my sak oor my skouer gegooi het.

Ek kon nie slaap nie, ek kon nie eet nie, ek kon nie reguit dink nie. Ek kon nie eens behoorlik oefen nie, ek moes na een sessie van naellope tussen die kwartlyne gaan staan, naar tot op die been toe.

Toe ek die tweede keer eindig met 'n brak gesig, het Orkaan Jordaan by my kom staan terwyl ek my toks uittrek. "Probleme met 'n meisie?" is al wat hy gevra het.

© University of Pretoria

Hoe het hy geweet? Maar dit was ’n verligting dat hy dit in sulke eenvoudige woorde vir my kom stel het. Ek kon skielik normaal begin voel, al was dit net ’n tikkie. En ek kon die krisis erken met ’n wrang knik van my kop, as iets wat ons manne maar mee moes worstel wanneer dit opduik.

“Jy sal oorleef,” is al wat hy gesê het.

Sou ek dit oorleef? Ek was glad nie seker nie. Iets vreesliks het gebeur, was die dowwe gedagte wat in my kop bly hamer het. Annchen het my nie net verwerp as haar ou nie, sy het my vermy. Sy het nie meer Bybelstudie toe gekom nie, en het plekke in die klasse geruil sodat sy so ver as moontlik van my kon wees. Eenmaal het ek haar betrap dat sy met soveel woede na my kyk, dat ek onwillekeurig in my stoel geskuif het, en toe ek weer na haar loer, het sy haastig na haar boeke afgekyk.

Daardie middag het ek soos ’n struikrower agter ’n heining gaan wegkruip op haar roete huis toe. Sy het botstil gaan staan toe ek voor haar intree. Sy het links om my probeer gaan. Ek het ’n halwe stappie in daardie rigting geneem, en sy het weer gaan staan. Toe het sy gemaak of sy regsom wil gaan. Ek het soontoe getree.

“Kan ek verbykom, asseblief,” het sy vies gevra.

“Nee, jy kan nie.”

“Wat gaan jy doen, my lak?”

“Dit hang af.”

“En as ek gil?”

“Jy kan gil soveel as wat jy wil. Ek sal saam met jou gil.”

Sy het my probeer omgluur. Soos die sekondes verby tik, het dit duidelik geword, vir haar ook, dat net een interpretasie van haar houding moontlik was, dat sy my verag het met ’n passie wat ’n verduideliking nodig gehad het.

“Wat wil jy hê?” het sy gevra.

“Ek wil hê jy moet my vertel wat in Duitsland gebeur het.”

“Hoekom.”

© University of Pretoria

"Want ek het jou lief." Dit het gehelp dat die woorde by my mond uit getuimel het, sodat dit nie so gerepeteer geklink het as wat dit was nie.

"Wel, ek het jou nie lief nie."

"Jy het, eens op 'n tyd. My liefgehad. Jy't so gesê."

"Ek het nie."

Ek het omgedraai en my tas opgetel en die straat af begin loop, sonder om na haar te kyk. Ek moes 'n hele paar treë neem voor sy reageer.

"Jaco, wag!"

Ek het gaan staan, en gewag tot ek haar agter my hoor. Toe ek omdraai, was haar arms oor haar bors gevou.

"Dis waar. Ek het jou lief gehad. Eenmaal. Maar dit het nou verander."

Ek het duiselig gevoel. Ek wou gaan sit, maar ons was reg voor 'n oop erf, waar daar net polle uitgedroogde suikkerriet was.

"Is daar iemand anders?"

"Nee," het sy dadelik gesê, en toe met 'n blik in die verte bygevoeg, "miskien."

"Wie?"

"Dis nie enigiemand wat jy ken nie. En dit het nie te doen met... liefde nie."

Ek het aan daardie onwillige woorde van haar gehang asof hulle 'n tak bokant 'n afgrond was.

"Dis 'n seun wat ek in Duitsland ontmoet het."

Ek wou haar daarop wys dat sy al snaaks opgetree het nog voor sy weg is, maar ek was te bang vir wat sy sou sê.

"Hy's in Duitsland. Ons is hier," het ek gesê.

Sy het haar na die straat bly rig.

"Sy naam is Gilberto. Hy's 'n sokkerspeler."

"So jy hou tog van die sportiewe soort." My stem was te yl vir die grappigheid om te werk.

"Hy is swart."

© University of Pretoria

Swart? Vir ’n oomblik het ek gedink sy bedoel hy het swart hare. Maar toe ek dit registreer, het ek ook besef ek het geen idee hoe om haar voor te stel met ... ’n swart ... ou ... in Duitsland nie. Ek het my hare regop voel staan.

“Het jy hom gesoen?”

“Nee, ek het nie, dit was glad nie so nie.”

“Nou hoe was dit dan?”

Sy het verder weg gedraai van my skril stem, en ’n paar treë die straat af geneem. Sy het vir ’n lang ruk stil gestaan, voor sy weer gepraat het, sag, so sag.

“Hy was so normaal.”

“Wat bedoel jy, normaal?”

“Hy was net soos ons, net soos my nefies. Hy het Duits gepraat net soos hulle.”

“Wat probeer jy sê?”

“Hy het sulke pragtige hare. Hy is ’n mooi seun. My niggies het daarvan gehou om sy hare te streel. Dis so sponserig.”

Sy het ’n beweginkie met haar plat hand gemaak om te wys hoe sponserig, en toe weer haar arms gevou. Ek kon my afsku nie wegsteek nie.

“Het jy sy hare gestreel?”

“Nee. Ek wou, maar ek kon nie.”

“Want ’n swart persoon hier is ’n heeltemal ander storie as in Duitsland.”

Sy het skielik na my toe geswaai, en my in die oë gekyk. Sy het my blik in haar lieflike gesig gehou, dit vasgegryp soos net sy kon doen met my, soos in daardie eerste paar dae toe ek op haar verlief geraak het.

“Daar is iets vreesliks verkeerd in hierdie land.”

Haar oë was stil en oop, sodat ek kon sien wat sy besig is om te sê, kom van êrens diep in haarself waartoe sy my uiteindelik toegang gegee het. Miskien vir die eerste en laaste keer?

Ek het my weggedraai.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Jy het ingegee teenoor die propaganda teen die land. Ek kan jou baie daarvan vertel."

"Ek wed jou jy kan. Dis alles deel van 'n komplot in jou oë."

"Ek het toegang tot sekere inligting…"

"Toegang! Toegang! Jy's die een wat gebreinspoel is."

"Die Duitsers sal vir ewig skuldig voel oor wat hulle aan die Jode gedoen het. Hulle sal altyd teen ons beleidsrigtings wees, en hulle sal altyd … Bantoes met ekstra voordele behandel, en maak asof hulle dink ons is almal dieselfde."

"Dit het niks daarmee te doen nie," het sy geantwoord, maar so onverwags onoortuigend dat ek moed gekry het, dat ek gevoel het ek kon dalk steeds terugveg, en haar terugwen.

"Sê my, is jou ouers nou ook teen die regering?"

"Nee hulle is nie."

"So hoe gebeur dit dat jy val vir Duitse propaganda en hulle nie?"

"Van wanneer af dink jy meer van my ouers as van my?"

"Miskien weet hulle 'n bietjie meer van die lewe af as jy."

"Wel, hulle het ook teen kernkrag gedraai. As gevolg van jou sogenaamde Duitse propaganda."

"So nou gaan jy my haat omdat ek van kernfisika hou."

Sy het na my gegluur. Het sy my gehaat? Terwyl ek teruggluur, kon ek 'n glimlag oor my mond voel kruip. Die moontlikheid dat sy my kon haat, so 'n sterk gevoel kon hê, het my 'n eienaardige plesier gegee.

"Ek haat jou nie," het sy naderhand gesê, vies omdat sy dit moes erken.

"Is. Jy haat my. Ek kan dit sien."

"Jy het verander, Jaco. Toe jy hier aangekom het, was jy so … Nou is dit moeilik om te hou van die persoon wat jy geword het."

Daardie een het my tussen die oë getref. Skielik kon ek 'n waarheid omtrent myself sien: Mense het nie van my gehou nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nie meer nie. Dit was nie haar skuld nie. Sy het die pyn op my gesig gesien, en my hand geneem en dit weer laat val.

"Ek wil jou nie seermaak nie," het sy sag gesê, "maar ek hoor al hierdie dinge omtrent jou."

"Watter dinge?"

"Dat jy die kleiner kinders boelie."

Het ek 'n boelie geword? Ek wou lag, maar was dit nie hoe mense my moes sien, wat nie die nodige inligting oor my het nie? Die voorval met Jasper het voor my oë geflits, en ja, dit sou soos 'n geboelie kon lyk.

"Dit was 'n fout."

"Waarmee is jy besig?"

Moes ek haar vertel? Alles omtrent die ASG, die belangrike werk wat ons besig was om te doen? Kon ek haar vertrou?

"Ek is nie besig met enigiets nie. Maar ek het seker verander. Sekere dinge begin insien."

"En ek is een van jou insigte."

Ek het nie geantwoord nie, net by die straat af getuur, skeel teen die son. Toe sy die ander rigting instap, wat nie haar gewone roete was nie, het ek myself gedwing om nie soontoe te kyk nie.

Ek het in 'n dwaal huis toe gestap. Met my hand oor my linkerbors gehou, want dis waar my hart was. Iets soos 'n wolk het my brein binnegedring, en dit het daar gebly tot ek myself op my bed kon werp. Onder my een ooglid was daar wat 'n mens as 'n traan kon beskryf, maar ek het dit weggevee, en onderneem om my ma te vra dat die bediende die kamer 'n bietjie beter afstof.

© University of Pretoria

# Hoofstuk 19

HIERDIE LAND. Hierdie land. Haar woorde, die manier waarop sy hulle gesê het, asof daar ‘n slegte smaak in haar mond was, het deur my kop bly flits. En haar naam. Ek het my sit-ups getel, dertig, een-en-dertig, twee-en-dertig, maar die frase het ontsnap met elke steun wat ek gegee het: Hierdie land. Asof sy haar losgemaak het daarvan. Een-en-sestig, twee-en-sestig, het ek gesnak, en baie meer star-jumps gedoen as wat nodig was.

Kon sy reg wees? Ek het die vertwyfeling probeer wegnael op die atletiekveld van die laerskool, met ’n ekstra honderd treë by net om seker te maak. Annchen, Annchen, het die dennebome in die verte gesuis. My kop het geklop, my bors het gebrand, ek kon die bloed op my tong voel. Hierdie land. Dit was die duiwel besig met sy werk, het ek myself probeer oortuig, maar ek was ook nou te oud om aan die duiwel te glo.

Dit het so vir dae en dae aangegaan, waarskynlik vir weke. Ek het elke taak met voorbeeldige deeglikheid uitgevoer, en toe begin iets anders posvat, ’n soort kalmte. Haar naam, haar woorde, haar gesig was steeds daar, maar onder beheer.

Ek sou haar verkeerd bewys, het ek besluit. Ek sou net meer standvastig in my roeping word, sterker, en my sondige gemoed skoonmaak van hierdie nuwe onkruid van twyfel. Ek het op my knieë gesak snags, en gebid dat God haar oë sou open en haar haar verkeerde weë sou laat sien.

Die res van die tyd was dit rugby, die oefening van my sterk punte, die nuwe vermoë wat ek ontdek het om ’n torpedoskop te laat land op die rif gras gelaat deur die kalkspoor van die kantlyn. Ek het die gesnak van verbasing en die bewondering met pligsgetroue nederigheid ontvang.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Rugby sou my red, het ek geglo. Dit was voor dit in ’n slang verander het wat my aan die hakskeen kom byt het. Toe ek eendag vir ’n wedstryd opdaag en sien hoe Andrew Donaghue, ons linkervleuel, vir Annchen ’n piksoen op die wang gee voor hy na ons toe aansuiker.

Ek kon skaars konsentreer terwyl ons litte losmaak en het die bal twee keer laat val in die oefenkringetjie, nie in staat om Donaghue in die gesig te kyk nie. Aangesien sy my gelos het, was dit heeltemal natuurlik om iemand anders te kry. Maar Donaghue? ’n Engelsman? Donaghue? Hy was ’n matriek, het twee Vs in albei kante van sy ekstrakort kortbroek gesny, sodat die wit spiere kon wys bokant die sonbrandlyn van sy bobene. Hy het hom nie gesteur aan ons gespot met hom (“Flash Gordon!”) nie, want hy het geweet watter uitwerking dit op die meisies op die pawiljoen het, wanneer hy langs die kantlyn afpyl met flitsende dye na ’n steek- of hoekskop van niemand anders as ek self nie.

Tydens die wedstryd kon ek net een strafskop oorskop. Met die vierde poging het daar ’n stilte op die pawiljoen gedaal, en toe dié ook heeltemal verby die pale trek, was daar ’n kollektiewe kreun: Ek het ‘n af dag gehad.

En toe moes ons skrum op die kwartlyn. Die blindekant was groot genoeg vir ’n sak vol truuks, en Donaghue het aan my gesein met sy duim dat hy ’n bietjie gaan terugval vir ekstra spoed. Ons het skoon bal gekry vir ’n verandering en ek het laag om die skrum gehardloop sodat die teenstanders se agterlyn nie betyds kon sien wat ek doen nie.

Die heelagter het my dopgehou vir die fopaangee, wat ek dan ook gemaak het. Maar nadat ek half deur die gaping is, het ek die bal tog na Donaghue gegooi, wat intussen effens geswenk het om my te kom help met die losbal, soos ons so dikwels geoefen het.

Donaghue het die bal nie verwag nie, maar dit nogtans gevang, want hy het goeie hande gehad. Die teenstanders se

© University of Pretoria

vleuel, wat moes remme aanslaan, het sy arm instinktief uitgeslinger, en Donaghue het soos ’n koedoe onder ’n telefoonlyn neergeslaan. Die skeidsregter het skril op sy fluitjie geblaas en ’n paar vaders, en moeders, het van die kantlyn af geskree: “Stuur hom af! Sit hom in die tronk!”

Die arme vleuel het sy hande bymekaar gesit in ’n biddende gebaar van jammer sê, en ’n flou hand na Donaghue uitgesteek, waar hy oor die kantlyn gelê het, uit soos ’n kers. Ek het ’n ent weg gestaan, hande op my knieë en voorgegee ek was besig om my asem te herwin.

Ek kon nie help om op te loer na die pawiljoen toe nie. Annchen het regop gestaan, haar hande in die sakdoek wat sy oor haar mond gehou het, haar gesig na die beroering op die kantlyn gekeer. Toe voel sy my oë op haar en draai na my, en dit was duidelik sy besef wat eintlik gebeur het. Met ’n blik van die uiterste wrewel na my het sy aan die kant van die pawiljoen gaan staan, in die arms van ’n paar vriende afgespring en weggestap.

Eers toe het ek die omstanders weggedu en gedruk om te kyk hoe Donaghue lyk. Hy was nog bewusteloos, en iemand was besig om sy voorkop en wange met ’n nat sakdoek te bestryk. ’n Hele ry meisies het aan die een kant gestaan, sommige met hul skooltruie oor hul monde getrek, ander met hul hande oor hul ore, asof hulle niks verder wou hoor nie, snaaks genoeg.

Toe Donaghue weer tot verhaal kom, is hy op ’n draagbaar weggedra en het hy dronkerig by Orkaan Jordaan gaan sit terwyl ons die wedstryd voltooi. Ek het my goed in my sak gepak en huis toe gestap, alleen. Die oomblik toe ek die skoolterrein verlaat, het die miserabelheid my oorval.

Rondom my was die suikerriet aan die verrot oor die stuk grond waardeur ek ’n kortpad geneem het. Wanneer sou ons ooit ontslae wees van die reuk? Vrot, dis hoe ek gevoel het. En Annchen het dwarsdeur my gesien. Haar wegstappery het gewys sy het nie regtig in Donaghue belang gestel nie, maar die manier

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waarop ek hierdie waarheid afgedwing het, sou net haar nuwe taksering van my bevestig het. Nou sou ek haar beslis nie terugkry nie.

Na net ’n paar seisoene het ek die sirkel voltooi, was ek waar ek begin het, niks beter as ’n ander Engelsman nie, wat my gelak en geloop het tot ek hom sy meisie teruggegee het. Agter Annchen was Esther se oë ook nou, spottend oor my lafhartigheid.

Ons het ’n paar ASG-vergaderings teen daardie tyd gehad, en ’n paar debatte. Die boodskappe wat ons wou oordra, het oorwin: Moet ons nasionale diensplig vir almal hê? (Ja.) Word Suid-Afrika bedreig deur die kommunisme? (Absoluut.) Ons het ‘n lesing oor die regering se jongste voorstelle vir tuislande by Uys se huis bygewoon. Hoe kon ‘n mens die opwinding van al die ontwikkelingsplanne ontken, die ontsaglike poging om die honderde stukkies grond in Natal in ’n hele nuwe Zoeloenasie te omskep?

Ek het begin skool toe gaan met kaarte in my tas, ingeval ’n Engelse onderwyser weer met my wou stry.

Maar die eerste een om my aan te vat, was my pa, aan die etenstafel een aand.

“Nou wil hulle die Zoeloes onafhanklikheid gee! Kan jy dit glo!”

“As hulle hul eie stamme kan bestuur, hoekom kan hulle nie dieselfde met ’n tuisland doen nie?”

“Hulle sal net diktators word. Soos in die res van Afrika.”

“Stamstrukture laat dit nie toe nie.”

“Wat weet jy van stamstrukture?”

“Ek het… ons het ’n paar…ons praat oor sulke goed by die skool.” My wange was aan die warm word.

“Regtig? Waar? In die geskiedenisklas?”

“Ja.”

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Klink soos indoktrinasie vir my."

Annchen se woorde. Ek het begin afdek.

"En wanneer jy al hierdie onafhanklike tuislande met hulle diktators het, wat sal julle doen as hulle hul kragte saamsnoer teen ons, die wittes?"

Dit was 'n ou een, maar dié keer kon ek net stotter: "Ons sal… die weermag… ons sal seker maak hulle sal nie."

"En wat as hulle 'n kernbom in die hande kry?"

Ook Annchen se soort redenasie.

"Ons het nie kernbomme hier in Suid-Afrika nie."

"Hoe weet jy?"

"Die regering sou ons vertel het."

My pa het minagtend gesnork, en toe het hy opgestaan om op sy beurt die laaste skottelgoed aan te dra na die kombuis. Ek het onwillekeurig opsy gestaan, verneder. Was dit so maklik om my in 'n hoek te dryf in die ware wêreld, die een buite die skooldebatte en geheime lesings waartydens 'n mens te veel koffie drink en te veel Boerebeskuit eet?

Soos die blondine met haar *Sons and Lovers*, het Miss Ogilvie ook nie by die sillabus gehou nie. Sy het ons gereeld verras; nadat sy deur die praktiese Engelse oefeninge gejaag het wat ons oor en oor moes doen, sou sy 'n boek uit haar sak haal en vir ons lees.

Daar was *Hamlet*, byvoorbeeld. Shakespeare is nie vir Afrikaanse kinders in Natal voorgeskryf nie – miskien was hy te na aan die hart van die Britse empire, en hy was beslis te onverstaanbaar vir die meeste van ons, of die meeste mense oor die algemeen, Engels ofte nie.

Ek het ontdek ek identifiseer met die storie, of ten minste wat Miss Ogilvie daarvan gemaak het. Hier was 'n prins wat weet wat hom te doene staan: Om die moordenaar van sy pa dood te

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maak. Maar hy kon nie, pleks daarvan het hy gesit en tob daaroor. Ek ook, sou ek ooit kon doen wat ek weet gedoen moes word? Het ek nie te veel aan sonde gedink nie, wat 'n mens mag doen en wat jy nie mag doen nie? En het rugby nie hierdie proses aan die gang gehou nie, 'n proses wat verseker dat jy altyd foute maak?

Aksie was daar tog wel, van ‘n ander aard. Hoewel ek net kywie gehou het toe twee ASG-lede Miss Ogilvie se Kewer se bande afgeblaas het agter haar woonstel langs die laerskool.

By een vergadering het Paul opgedaag met 'n kwaartaalblad van die kollege. ‘n Dosent in sielkunde het ‘n artikel oor Pavlov se kwylende honde en BF Skinner se eksperimente met duiwe geskryf. Paul het die foto's gewys van diere by deurtjies, wat hulle oopstoot vir kos na die regte sein: Dit neem vyf keer langer om positiewe kondisionering in te prent as om straf uit te deel.

“As jy 'n sweep gebruik op mense, werk dit baie vinniger. Maar 'n mens kan dit nie altyd doen nie. Ons is modern en meer beskaaf, en daarom weet die Russe hulle kan nie net die land binneval nie. En daarom gebruik hulle popmusiek.”

Luister na die doef-doef-doef van die tromme… dis net 'n tikkie vinniger as 'n mens se polsslag, dit jaag dit op sodat jy opgewonde raak. “Seksueel opgewonde,” het Paul gesê, met 'n betekenisvolle ondertoon in sy stem.

Dit was so duidelik soos daglig, die kondisioneringsmeganisme het die ritmes van “die geslagsdaad”, soos Paul dit genoem het, nageboots. Nadat die dansende tiener ingetrek is, is die ondermynende boodskappe – Back to the USSR! Sympathy for the Devil! – in die onderbewuste oorgeplant.

Wie onthou nog Pavlov se honde? Toe – ek tas rond hier op soek na ‘n verduideliking – was dit in die middel van die Koue Oorlog. Alexander Solsjenitsjin se onthullings oor die goelags in Rusland het pas verskyn, en was in die CNA op die rakke. Dat ‘n sielkundige die artikel geskryf het, ‘n kenner, ‘n outoriteit, het my gehelp om myself van voor af te oortuig  dat ons besig was met ‘n

© University of Pretoria

bittere stryd teen ‘n geweldige oormag. En ons kon nie twyfeling of weifeling soos Hamlet s’n bekostig nie.

Die provinsiale proewe was ietwat van ’n formaliteit. Ek het by die vorige jaar se Natalse skole-oefeninge al gewonder: Hoeveel van die ander spelers was ook in ‘n sel soos die ASG s’n? Eers wou Paul niks sê toe ek hom vra nie, maar toe fluister hy eendag vir my: “Daar is twintig sulke groepe soos ons s’n by ander skole.” Ek het gehoor van geheime tekens en maniere van groet, maar het dit nie verder gevoer nie.

Daardie jaar, tot my ligte verbasing, het Pierre Vos as loskopstut by my aangesluit in Natal se Cravenweek-span. Pierre het my soms aan ’n pilaar laat dink, een wat nooit beweeg nie, selfs nie as jy daarteen leun nie. Hierdie oënskynlike introversie het gesorg dat hy selfs as kandidaat vir die ASG oorweeg is, maar ons het besluit daar was te min van ’n Afrikaner in hom.

Pierre en ek het begin gesels agter in die kombi’s waarmee ons almal aangery is: Hoekom Pierre appels bo pere verkies het, waarom meisies nie meer Alice bands dra nie, hoe om wakker te bly in die kerk, die onnoselheid van die bewaarders by die tronk, ’n boek oor die ontstaan van fabrieke se voerbande, hoe om ’n telefoonlyn te tap...

In die kapsule van die kombi was ek vir ’n ruk lank van my lewe bevry, en ek het begin uitsien na die paar uur wat ons saam op pad na oefeninge spandeer het.

Pierre het eendag sy diepste geheim onthul. Hy het aanvanklik nie van my gehou nie, het hy begin, uit die bloute.

“Hoekom?” het ek gelag.

Pierre het geaarsel. Hy was aan die bloos.

“Jy het my  meisie gesteel.”

Dit het ’n rukkie geneem om die kloutjie by die oor te kry. Ek het ’n sekere vyandigheid onthou toe ek pas in Umhlaleni

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aangeland het, wat ek geïgnoreer het, want ek was te besig om al die ander mense te beïndruk.

“Jy bedoel Annchen.”

Pierre het verleë geknik.

“Wel, ek het haar nie meer nie.”

“Ek weet,” het hy gesê. Dit het ons vriendskap net verdiep. Deur dieselfde meisie gelos. Ons was amper soos broers.

“Sy’s nogal iets.”

“Sy’s nogal iets,” het ek beaam. En ons het in stilte na die glimmerende, jong suikerrietlande gekyk, na die wilde piesangbosse, die riviere waarheen ons uit gewoonte soos klein seuntjies terug gekyk het ingeval daar krokodille op die sandbanke lê.

Ons het voorwedstryde by die groot provinsiale wedstryde begin speel, en selfs voor ’n toets. Rugby het nog ‘n nuwe dimensie betree. Die gras, om mee te begin. Niks meer duwweltjies nie, hierdie was ernstige, dik gras, baie meer gelyk en goed versorg. Dit het jou ’n tikkie vinniger gemaak, want jou toks kon ’n lekkerder byt in die kikoejoe kry. As jy ’n Gary Owen op ’n skoolveld afvuur, kon die bal op ’n oop kol so groot soos ‘n leë erf val. By King’s Park het die pawiljoene rondom weergalm van die skop en dit diepte en betekenis gegee.

Op ’n skoolveld kon die bal maklik vir ’n ruk lank ronddobber en enigiets kon gebeur. Ons skool se agterlyn het gelyk of hulle so baie ruimte het dat die vleuel jare gewag het voor die bal by hom kom. Teen daardie tyd is hy al so uitgekyk dat hy eenvoudig omgedompel is met arms en bene wat oral heen vlieg.

Op King’s Park was die verdediging veel vinniger op ons, en die oorkantste kantlyn was ook veel vinniger op jou tydens ’n beweging. Pleks van rieme neerlê om weer by die agterlyn aan te sluit, soos op skool, moes ek ’n meer taktiese spel speel, meer terugval vir skoppe van die ander losskakel of heelagter en van dinge soos kanale leer, en hoe om die kruisverdediging as

© University of Pretoria

aanvalswapen te gebruik. Ek moes nog meer oor rugby dink as voorheen.

Eendag, op die planke van die banke in die kleedkamers, deurdrenk met die sweet van spelers soos Jan Ellis en Frik du Preez, om nie te praat van al daardie Britse Leeus en All Blacks nie, het Pierre stil gesê: “Miskien sit jy nog eendag hier as ‘n Springbok.”

“Wag so ‘n bietjie, wat van jou?”

“Nee, ek is nie goed genoeg nie. Ek weet dit. Maar jy. Ek sien jou in die groen en goud. Maklik. Jy het die beste kans van ons almal.”

“Baie water moet nog in die see loop.”

“As die bal net reg spring vir jou.”

Die spring van die bal? Die bal is klaar besig om reg te spring, wou ek sê. Maar sy woorde het my skielik ongerus laat voel. Die bal spring die een of ander tyd verkeerd, is dit nie? Maar dis mos waarvoor ‘n mens oefen, het ek myself gerus gestel. En my bewustheid van my sondigheid het my gehelp: Wees nederig, het ek myself berispe, hou daardie ego dop.

Die meisies in hul skoolbaadjies en jurke buite, van ’n babel van skole, het dit nie makliker gemaak nie. Hulle aanbiedinge van slap chips en burgers, hot dogs en eskimo pies was duidelik bedoel om toegang tot hul geneentheid en hul lywe te bied. Maar ek het net verby hulle geskuur, al het sommige my by die naam genoem.

My gebroke hart was nog ver van heel.

Na een wedstryd het ek by die stadium uitgekom, my kop weer laag gehou, sodat ek amper in ’n grys broek vasgeloop het wat skielik bekend gelyk het. Dit was Paul Wolvaardt, wat al ’n halfuur lank vir my gestaan en wag het. Hy was in Durban vir ’n Engelse debatskompetisie die vorige aand. Die beoordelaars het hom

© University of Pretoria

tweede geplaas, nog steeds ’n groot prestasie, maar ons was blind daarvoor, ‘n onreg is gepleeg.

Hy wou hê ons moes ’n vergadering van die Progressiewe Party daardie aand gaan bywoon. Die Progge? Die vyand? Maar ek het hom vertrou en die idee nie bevraagteken nie. Ons was besig om die politiek te bestudeer, nie waar nie? Hy sou reël dat ons by ’n familielid van hom oorslaap, wie se strandhuis leeg was. Op die ingewing van die oomblik het ek gevra of Pierre Vos kon saamkom. Paul het geweifel, maar toe sy kop geknik. Op sy beurt sou hy my vertrou.

Ons is in ons skooluniforms na die stadsaal, ek en Pierre in ons erekleure. Durban se voorste en skitterendste mense het hulself uitgedos vir die geleentheid. Swart chiffon was die in-ding. Die rokke was nog kort, al was hulle net millimeters bokant die knie, ’n toegewing aan die waardigheid van die aand. Hare is gedoen in stapels golwe asof die gety besig was om in te kom. Elke kort-kort het ’n grys snor geblink soos ‘n fiets sonder handvatsels, en dikwels was dit die enigste manier om die mans te onderskei van die kelners, so styf en regop het almal gestaan.

“Blerrie liberale pikkewyne,” het Paul gemompel.

Ons is nie binnegelaat nie, ons had nie kaartjies nie. Paul het nie geweet dit was ’n geldinsamelingsfunksie en nie ’n openbare vergadering nie. Die man wat voor ons ingetree het toe ons omloop na ’n sydeur, was eers bedagsaam, maar toe hy ons aksente hoor, het hy kortaf begin raak.

“This event isn’t just for everybody,” het hy geblaf.

“Wel, ons is nie enigiemand nie, ons is van ’n politieke organisasie by ons skool.”

Die man het gesnork.

“Julle glo mos in afsonderlike ontwikkeling, so gaan doen julle afsonderlike ding,” het hy gesê.

“Hoe weet jy waarin ons glo?” het Paul teruggeskiet.

“Ek het oë in my kop.”

© University of Pretoria

"Nee, jy het ore wat besig is om rooi te word. Jy dink omdat ons 'n sekere aksent het, ons sekere dinge moet glo," het Paul voortgegaan, nou erg opgewerk.

Daarmee het die man ons begin wegbondel van die deur af. Ek was gewoond daaraan om in losskrums rondgestoot te word, en wou net begin stamp aan hom, maar ons het in stilte die kollektiewe besluit geneem om bes te gee. Ons het aangeslenter na 'n ry palmbome aan die anderkant van die parkeerterrein.

"Wag jy maar net," het Paul gesis van woede.

Ons het op die gras gesitlê en na die nuwe aankomelinge gekyk terwyl hulle by die ingang toustaan. Naderhand het die verrigtinge begin. 'n Stilte het op die motors neergedaal, al die Benze en BMW's en Audi's, en selfs 'n Rolls Royce, die chroom glinsterend soos 'n duisend glimlagte.

"Luister," het Paul gesê, sy hand agter sy oor.

"Wat?"

"Hulle speel nie die volkslied nie."

Ons het gewag, maar dit het nie gekom nie. Toe het Paul aan ons beduie ons moet op ons hurke gaan sit, waarop ons ge-aaploop het tussen 'n ry motors deur sodat niemand ons kon sien nie. Hy het 'n dosie vuurhoutjies gehad, een uitgehaal en dit na aan die kop afgebreek. Hy het langs die voorwiel van 'n Mercedes-Benz gehurk en die klep se doppie afgedraai. Hy het die vuurhoutjie ingesteek en met 'n stadige pssht het die band begin afloop.

Hy het ons 'n klompie vuurhoutjies gegee en ons het dieselfde gedoen met, ag, dit moes tien motors gewees het. Tot ons 'n luide uitroep hoor: "Hei!"

Ons het laat spaander, gebukkend, met ons koppe onder die vensters van die motors tot by die end van die parkeerterrein. Ons het oor die gietysterheininkie gespring en om die hoek gehardloop, waar ons pleks van weg van die saal af, terug daarheen beweeg het.

© University of Pretoria

By ’n koffiewinkel skuins oorkant die saal het Paul tot ‘n halt gegly, en binnegestorm. Hy het sy das oopgepluk en sy baadjie afgestroop, en ons het nie op ons laat wag nie. Hy het alles by ons gegryp en is by die kleedkamer in. Toe hy terugkeer, besig om sy kraag af te slaan, was hy die kalmte vanself.

Ons het gemaak-lui om die tafel gesit, en diep en stadige asemteue geneem om minder te probeer hyg. Dit het gehelp dat Vos en ek ekstra fiks was; ons het skaars gesweet.

Uiteindelik het die man verbygehardloop gekom, en by die koffiewinkel ingeloer. Net toe hy wou verder gaan, het hy ons raakgesien, op sy hakke gedraai en reguit na ons toe gekom.

“You!” het hy gesê. Hy het ’n wit serp oor sy een arm gehad en vreeslik gehyg, sodat hy nie meer as een woord na mekaar kon sê nie.

“You talking to us?” het Paul astrant gevra.

Die man het wantrouig na ons gekyk, en effens oorgeleun om te sien of ons baadjies nie agter ons op die vloer lê nie.

“Julle moet saam met my kom.”

“Hoekom?” wou Paul weet.

“Moenie speletjies speel met my nie, julle weet hoekom.”

Ons het met gemaakte afgryse na mekaar gekyk.

“Miskien verwar jy ons met ’n paar skoolseuns wat hier verby gehardloop het, nou net,” het ek voorgestel.

“Met rooi baadjies,” het Pierre bygevoeg.

“Waar is julle baadjies?”

“In ons hotelkamers,” het Paul geantwoord.

“Watter hotel?”

“Ons is aangesê om nie ons name of dié van ons hotel aan vreemdelinge te verstrek nie,” het Paul beleefd gesê.

“Julle sal nie hiermee wegkom nie,” het die man gesê, en sy vinger dreigend gelig. Paul het die palms van sy hande na bo gelig, die woord, “wat?” op sy lippe gevorm, en gemaak-verward na ons gekyk.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Toe hy weg is, moes ons onsself keer om nie uit te bars van die lag nie. Maar ons moes wegkom en het haastig gaan betaal vir die koffie. Die man agter die toonbank het vir ons geknipoog, en gesê: "Hou koers."

Daardie nag het dit my nie lank geneem om in te sluimer na die lang, uitmergelende dag nie, maar toe het Pierre se stem opgeklink.

"Jaco!"

"Wat?"

"Omtrent vandag..."

Wat van vandag? Wou hy praat oor die rugby? Hy was 'n voorspeler, ek in die agterlyn... ons kon seker wag?

"Mmmmm..." het ek gemompel.

"Dink jy nie..." Pierre het geaarsel, en ek het begin wegdryf.

"Dink jy nie... wat ons gedoen het... was verkeerd nie?"

My oë het oopgespring. Ek het verstyf en roerloos bly lê, wawyd wakker. Ek het nie geantwoord nie.

"Hei, Jaco, het jy my gehoor?"

"Ek het gehoor."

Ek het hard probeer om die gebons van my hart nie te verraai nie. Hoekom het ek, of my lyf dan, so gereageer? Pierre was geen engeltjie nie, hy het dagga gerook in sy kamer, het hy beweer, en het gepraat van dronkword, al het hy altyd so ernstig voorgekom. Moes ek hom in my vertroue neem? Alles vertel?

"So wat sê jy?"

"Ons leef in snaakse tye," het ek gesê. Dit kon hom nie tevrede stel nie, maar hy wou seker nie 'n filosofiese gesprek begin nie. Hy het omgerol en gou was hy lustig aan die snork.

Ek kon nie slaap nie, vir 'n ruk lank nie. Hoekom het ons so 'n belaglike ding gedoen soos om bande af te blaas? Kattekwaad... in ons erebaadjies? In die donker het my gesig gegloei van skaamte, nie soseer oor die oortreding nie as oor die verbeeldingloosheid daarvan.

© University of Pretoria

En dit het my gepla dat Pierre ook nou krities begin raak het. Soos Annchen, my beeldskone, lieflike Annchen, die onwillige besitter van my hart. By die gedagte aan daardie woorde van haar, “hierdie land,” en haar oë priemend in myne, het ek my gesig in my kussing gedruk, en ek wou huil.

© University of Pretoria

# Hoofstuk 20

DIT KON in hierdie tyd gewees het dat my drome van God as ’n skeidsregter begin het. Waar Hy besig is om sy seine te oefen. Toe was daar nie so baie nie, net die basiese stel vir ’n strafskop, ’n drie, of die merk vir ’n skrum, hak-hak in die gras. Maar deur die jare het die seine aangeteel, teen min of meer dieselfde pas as die gewildheid van aerobics. Vandag het rugbyskeidsregters maklik die grootste aantal besluite om te neem en voer hulle die grootste verskeidenheid bewegings uit op die veld, meer as die spelers self. Sit dit alles in ’n video en verhaas die filmspoed soos in ’n Charlie Chaplin-rolprent, en jy het ’n wenner op YouTube.

In my drome het God begin hyg na asem, want hy was onfiks, tot hy naderhand net ’n onbeskofte klank uit sy fluitjie kon kry. Ons het met hom probeer praat, maar hy het so gekonsentreer om die seine reg te kry, dat hy ons nie eens raakgesien het nie.

Maar uiteindelik kon ek in sy oor skree: “Hoekom is jy ’n skeidsregter, God?” Ek het verwag hy sou antwoord, “sado-masochisme”, en ’n strafskop toeken, maar hy het opgehou woel met sy arms en minagtend gesnork: “Sodat ek aan ’n geheime organisasie kan behoort.”

Nou is dit die ding met drome: ‘n Mens onthou hulle mos nie reg nie. Wanneer jy hulle oorvertel, vee jy die oorspronklike inhoud uit, en vervang jy dit met iets wat in die eerste plek oorvertel kan word, en in die tweede plek sin gee aan die storie in die droom.

So dis heel moontlik dat ek God se motivering eers in later weergawes van die droom in sy mond gelê het — toe ek ontdek dat skeidsregters inderdaad ’n geheime organisasie is, wat op hul eie besluit hoe die reëls in ’n bepaalde jaar aangepas gaan word. Met die Internasionale Rugbyraad wat hulle jaloers bewaak.

© University of Pretoria

Die teenvraag was natuurlik: “Waarom wil jy in ’n geheime organisasie wees?” Sy antwoord het my soms laat wakker skrik, en laat regop sit in die nag, terwyl ek probeer om die kloutjie by die oor te kry: “Sodat ek mense beter kan oordeel. En hulle kan straf.”

Dit kon ook my ma gewees het wat die drome aan die gang gesit het. Een aand, toe my pa laat was van die kollege af, het sy my gevra om my huiswerk eers te los, en my in die sitkamer laat sit. Sy het nie doekies omgedraai nie.

“Het jy al gehoor van die Broederbond?” het sy gevra.

“Nee,” het ek gejok. Ek moes torring aan die kussing op my skoot om weg te steek hoe onkant ek betrap is.

“Dis ’n geheime organisasie vir Afrikaners,” het sy gesê, met ’n klem op die áners, asof sy my wou herinner dat sy self nie een was nie.

“O, daai goed.”

“Hulle is baie magtige mense. Hulle is eintlik die mense wat die land regeer.”

Ek het my skouers opgehaal.

“Hulle kan dinge baie moeilik maak vir ’n mens.”

Was sy in die moeilikheid by hulle? Hoe kon so iets moontlik wees? Sy het vorentoe geleun en haar knie in haar hande geneem, ’n teken van spanning.

“Jou pa het my... iets vertel,” het sy gesê, steeds in daardie lomp houding, asof sy die eienaardigheid van wat sy aan die vertel was, wou onderstreep.

“Maar jy moet my belowe jy sal hom nooit vertel dat ek jou vertel het wat ek nou vir jou gaan vertel nie.”

Ek het ‘n voor- en wysvinger teen my mond gedruk en hulle in die lug gesteek: “Op my woord van eer.” Ek moes saamspeel, ter wille van die ASG.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Wel, hy is gevra om by die Broederbond aan te sluit."

Ek het goed weggesteek hoe absoluut verras ek was. Hier was ek, o so ernstig oor my eie geheime bedrywighede ...

"Maar toe het hulle hul uitnodiging weer teruggetrek."

"Hoekom?" het ek gevra, nog meer oorbluf.

"Want ..." sy het geaarsel, en 'n traan het in haar een oog opgewel. Sy het dit stadig afgevee, en sag gesnuif: "Want ek is Engels."

Ek het opgestaan; ek kon myself nie keer nie. Ek het na die venster gestap en daaraan gedruk-druk, al was dit reeds op sy verste oop.

"Hulle het dit eers ontdek nadat hulle hom lidmaatskap aangebied het."

In my verbluffing kon ek net daaraan dink om na haar te gaan en haar in haar stoel te omhels, versigtig om nie te styf teen haar te druk nie ingeval sy my hart vinniger voel klop.

"Hulle sal tog niks aan Ma doen nie?"

" 'n Mens moet maar uit hulle pad bly."

Sy het 'n tydskrif opgetel en driftig daardeur geblaai. En so kon ek my verdere konsternasie wegsteek: Wat het dit vir my beteken? Dat ek ook nie 'n toekoms in die strukture het nie, eenvoudig omdat my ma Engels is?

"Maar... hoe het Ma geweet?" het ek dit naderhand tog gewaag.

"Daai Chris Harmse het eendag hier aangekom en my vertel. Sommer net so. Ek kan die man nie uitstaan nie. Het jy geweet hy werk vir die veiligheidspolisie?"

Nog 'n onthulling. Ek moes een en een bymekaar getel het. Ek kon my die toneel voorstel: Harmse sit opgedaan met homself in sy stoel, en vat sy tyd met sy koppie tee, terwyl hy oor ditjies en datjies praat, die tuin, die weer, my rugbyloopbaan. Dan leun hy vooroor, in 'n gebaar van nederige dienswilligheid, om haar oor die ongelukkige verloop van sake in te lig.

© University of Pretoria

Was die Broederbond en die veiligheidspolisie dan kop in een mus? Hoekom sou hulle nie wees nie? Dit beteken dat hulle alles omtrent my sou weet, en my sou dophou, vir daardie een misstap wat sou bewys dat my bloed nie suiwer is nie en my hart nie reg klop nie.

Maar ek het dit alles in my agterkop ingevee. Die getuienis was tog daar, voor my oë, dat daar 'n rol en 'n toekoms vir my in die hart van dinge was. 'n Rol wat ek buitendien vir myself sou skryf, en in die proses sou ek alle twyfelaars oorhaal na my kant toe, deur myself nog meer toegewyd in die stryd te werp.

Die geluk was aan my kant met beserings; ek het hulle opgedoen wanneer die seisoen amper verby was. Daardie jaar was dit weer so, en my voet was in gips vir 'n paar weke. Dit het my toegelaat om my fokus permanent van sport na die ASG te verskuif. Ons het nog 'n suksesvolle debat gehou, en ons standpunt het ver gewen, met die nodige voorbereiding van die gehoor.

Dit het ook beteken ek kon meer dikwels tuis wees Saterdagaande, die tyd vir partytjies. Ek kon hulle nooit juis ontwrig nie, want die meeste van my klasmaats het van beter geweet as om my na hul huise te nooi vir ruk en rol in die garage en dagga in die middel van die straat, waar almal die polisie betyds kon sien aankom.

Miskien het Susan de Lange my as 'n trofee gesien, miskien was sy net nie heeltemal by met alles nie, maar sy het my na haar sewentiende verjaardagparty genooi. Haar pa was die nuwe bestuurder van 'n suikermeule buite die dorp, en hul luukse drieverdiepinghuis is deur 'n Johannesburgse argitek ontwerp. Uys het 'n hoë dunk van Marius de Lange gehad, en ek het dus besluit om te gaan. Ook omdat Susan se vriendin Annchen daar sou wees.

© University of Pretoria

Dit was ’n groot affêre. Ek het my ou kant weer gewys, happy go lucky, ingestel daarop om dinge te geniet wanneer ek kon. Gou was ek omring deur klasmaats wat hul ding doen met my knoets van ‘n voet. Miskien was dit die rede dat Annchen ’n bietjie skiet gegee het. Sy het by een groep aangesluit wat op die gips kom teken het, maar ’n groot glas met ‘n vinger daaroor soos ’n pistool tussen my en haar gehou. Cane, passion fruit en limonade, dit was die mode daardie dae.

“Jy’s welkom om ook iets te skryf,” het ek aangebied. Sy het haar skouers minagtend opgehaal.

“Njee, ek is nie ’n goeie skrywer nie.”

Ek het gelag, en sy het weggekyk, asof sy ’n glimlag van haar eie onderdruk.

“Jy kan langs my kom sit, of is jy nie ’n goeie sitter nie?”

“Ek’s alright met staan. Ek vat net ’n breek van dans.”

Sy het my nie vergewe nie.

Toe het ons ons skielik alleen by mekaar bevind, nadat die gipskunstenaars deur ander partytjiegangers gegryp is om te gaan rondsteier op maat van “I can’t get no satisfaction”. Sy het begin wegdraai, heeltemal bereid om my alleen te laat by die tuintafel langs die swembad.

“Annchen,” het ek gesê, “kan ons nie net praat nie.”

Sy het geaarsel, en toe besluit. Sy het reg langs my kom sit.

“Wat is daar om oor te praat?” het sy nors gevra.

Ek het nie dadelik geantwoord nie.

“Kyk, ek is jammer oor hoe dinge uitgedraai het,” het ek gestamel, en soos ’n goedkoop held in ’n goedkoop romanse gevoel.

“Hoekom?” het sy gevra.

“Hoekom?” het ek herhaal. Ek kon myself nie so ver kry om te sê, omdat ek jou nog liefhet nie.

“Ek glo jou nie,” het sy gesê. “Jy’s nie jammer oor hoe dinge uitgedraai het nie.”

“Hoe kan jy so sê?”

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Wel, come on, jy's 'n sportheld, jy's 'n groot skoolpolitikus, en jy het 'n groot toekoms voor jou. Groter as enigiemand anders hier."

Was sy bekommerd oor haar toekoms?

"Ons lewe in spesiale tye..."

"Ag, moenie met daai kak kom nie," het sy my in die rede geval. Dit was die eerste keer dat ek haar 'n vloekwoord hoor gebruik het, en sy het dit met soveel gemak gedoen dat dit pynlik was omdat dit 'n sy gewys het wat ek nie geken het nie. Sy het opgestaan, en haar arms vies oor haar bors gevou.

"Sê 'n bietjie vir my, want ek verstaan nie, wat is verkeerd met popmusiek en dans?"

Sy moes tog geweet het wat ons argumente was?

"Dis die dun end van die wig."

"Wie se wig?"

"Die wig wat ons vyande in ons swakhede dryf."

"Wat is hierdie nuwe ding waaroor jy aangaan? Pavlov, en wat is die woord, kondies..."

"Kondisionering."

"Wat weet jy van sulke goed af?"

Ek het myself voel bloos. Wat, inderdaad?

"Ek... het 'n paar... sielkundeboeke in die hande gekry."

"Maar kan jy sielkunde spel?"

Haar woorde was soos spiese. Sy was besig om die spot te dryf met my. Ek het die woord vir haar gespel, stadig, sag, terwyl ek haar in die oë kyk. Sy het te ver gegaan. Maar sy het deurgedruk.

"En wat het seks met kommunisme te doen?"

Ek het harder begin asemhaal. Seks. Daardie woord. Geuiter tussen my en haar.

"Seks is die gereedskap," het ek gehakkel. "Saam met musiek sal dit..."

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Maar wat weet jy van seks af?" het sy gevra. "En moenie dit spel vir my nie, dis te kort."

'n Woede het my oorval. Ek het haar aan die pols gegryp, en haar na my getrek. Ek het gevoel hoe die impuls opstoot om haar deur haar gesig te slaan.

"Wys my jou hand," het ek gesê. Pleks daarvan het sy net 'n vuis gemaak. Ek het haar geskud. "Wys dit!"

Sy het ingegee, waarskynlik sodat ons nie die ander se aandag sou trek nie. Ek het my greep laat verslap.

"Maak nou 'n ring met jou duim en voorvinger, asof jy sê iets is chic."

Sy het haar hand weggetrek, haar hande in haar oksels gesteek, asof sy haarself wou beskerm. Daar was vrees op haar gesig.

"Nou goed, ek sal dit self doen." Ek het 'n ring met my vingers gemaak, en die wysvinger van die ander hand daarin gesteek. Ek het dit in en uit beweeg.

"Sien, dis wat seks is. Wat is daar om te weet? En luister nou na die Rolling Stones, die ritme is dieselfde. Ek kan vir jou wys met my onderlyf, maar my voet is in gips."

Toe ek weer na haar kyk, was haar gesig stil. Die skok het net in haar oë gewys. Toe het sy stadig omgedraai en weggestap, verby 'n paar ander wat weer op pad na my kant van die swembad was. Sy het nie na links of regs gekyk voor sy tussen die dansende bende in die De Langes se trippelgarage verdwyn het nie.

Ek het gesit en bewe, van skok van 'n ander aard. Wat het my besiel? Ek het myself regop probeer trek deur teen die rand van die opslaantafel te druk, maar dit het inmekaar gesak. Susan se studentesuster het tot my redding gekom. Verbouereerd het ek gevra dat ek huis toe geneem word, my kop in 'n dwaal. Ek het oorwin, het ek myself probeer vertel, ek het Annchen gewys. Maar op pad terug in die motor, kon ek nie praat nie. Susan se suster het my gehelp uitklim en rondval op my swaar voet en my kruk,

© University of Pretoria

my verbouereerdheid het my die teenoorgestelde vertel: Ek was die een wat verloor het.

In die kerk die volgende dag kon ek nie op ’n enkele woord konsentreer nie. Al wat ek voor my kon sien was my vingers in ‘n ring gevorm, Annchen se geskokte gesig, die vrees, haar gebaar van weerloosheid toe sy haar hande in haar oksels steek en haar skouers krom. Ek het myself probeer oorgee aan die rituele van die diens, van opstaan vir die gesange, met ’n treetjie vorentoe sodat jy teen die bank voor jou kon leun, die vasmaak en losknoop van my baadjie, vroetel aan my das, die gesangeboek plaas teen net die regte hoek in die houer in die bank sodat dit nie deurval nie, die Bybelversies vir die preek opsoek in my eie Bybel.

Ek is met ’n swaar hart skool toe, met ’n paar moeë planne om Annchen te probeer ontwyk. Een van die meisies in my klas, Nolene, het ’n blou nota in my hand kom druk. Tog nie nog ’n briefie nie. Ek het dit eers in die volgende klas gelees: ’n Groep meisies wou met my praat. Tydens die langpouse.

Ek was nie lus om enigiets te help reël nie, al was dit dalk ‘n kans om die ASG se agenda te implementeer. Maar my swaar voet het elke verskoning waaraan ek kon dink, simpel laat lyk. Daar was geen manier om dit vry te spring

Nolene het haar deel bygedra deur my te verseker ons sou bymekaar kom in die klaskamer waarin ek net voor pouse sou wees. Ek het my huiswerkboeke oopgeslaan om my besig te laat lyk. Hulle het nie net binnegekom soos gewoonlik nie, maar eers aan die deur geklop. “Kom in,” het ek geïrriteerd gesê, soos ’n onderwyser.

Nolene en vyf ander het nie een gelyk of hulle juis daar wou wees nie. Annchen was die laaste, en toe eers het ek besef iets heeltemal anders as praatjies oor buitemuurse bedrywighede was

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aan die gang. Sy was die enigste wat agter 'n lessenaar gaan sit het, na aan die deur, asof sy die eerste wou wees om te loop.

Nolene het na die ander gekyk, daar was 'n teken, en toe het sy begin praat. Sy het gou tot die punt gekom, sy was daardie soort meisie.

"Ons wil met jou praat oor die dinge wat jy by Susan se party gesê het."

Ek het die bloed uit my gesig voel dreineer.

"Ek het nie enige toespraak gemaak nie," het ek probeer lag, en na my voet gewys. "Ek het 'n bietjie afgevat." Die poging tot 'n grappie het glad nie gewerk nie: Die stroewe uitdrukkings op hul gesigte het gebly.

"Ek praat van die goed wat jy vir Annchen gesê het," het Nolene voortgegaan.

Ek het na haar gestaar, sprakeloos. Het Annchen werklik met hulle gaan praat? Hoekom sou sy so iets doen? Was dit nie genoeg om my hart te breek nie? Was dit nie 'n soort verraad nie? Ek het gevat-vat na die lessenaar agter my om myself orent te hys. Nolene het geen genade betoon nie.

"Ons dink die goed wat jy haar vertel het was van 'n obsene aard."

Dit het my finaal getref. Vir 'n oomblik was ek duiselig; net die kruk het gekeer dat ek terugval in my stoel. Ek het toe onteenseglik geweet ek was verkeerd, dat ek die een was wat haar verraai het, haar geskend, haar onteer het.

.Nolene het met 'n besliste stemtoon gepraat wat my net verder neergevel het.

"En die manier waarop jy dit gedoen het, was nog meer obseen. Dit was soos..." hier het sy net effens vasgehaak, "'n seksuele aanval."

'n Aanval. Verkragting. Nog 'n flits voor my oë. Ek het blindelings gegryp na wat oor was van my vermoë om kalm te bly,

© University of Pretoria

om te bly staan teen so ’n aanslag soos hierdie. Ek het eenkant toe gehobbel, om ’n soort gebiedsvoordeel te kry.

“Aanval!” het ek gesê. “Nou gaan jy darem te ver.”

Nolene het haar nie van stryk laat bring nie.

“Jy weet wat jy gedoen het. Ons wil hê jy moet verskoning vra. Vir Annchen.”

Ek het my na Annchen gedraai.

“Is dit wat jy hulle vertel het, dat ek jou aangeval het?”

Sy het my net aangegluur.

“Het ek jou aangeval?”

Sy het stilgebly, haar arms gevou. Ons oë het in mekaar gebrand. Hierdie land, hierdie land, het hulle gesê. Ek het na die ander gedraai.

“En as ek nie verskoning vra nie?”

“Dan sal ons nooit weer met jou praat nie. En die ander meisies sal dieselfde doen.”

Ek kon nie help om lag nie. My ignoreer? My ostrasieer? Maar my hart was woes aan die klop.

“As ek so iets hoegenaamd gaan oorweeg, sal julle die kamer moet verlaat,” het ek vasgeklou.

“Ons het ooreengekom jy sal moet verskoning vra in ons teenwoordigheid.”

Ek het die kleinste opening raakgesien, ’n kwart van ’n gaping wat ek gevat het soos ’n losskakel met geen ander opsies nie.

“Julle wil hê ek moet vir ’n sogenaamde aanval verskoning vra in die openbaar? Dit het sekere wetlike implikasies.”

Ek het nie geweet waarvan ek praat nie, maar Nolene was ook nie ’n kenner op die gebied nie. En haar pa was nie ‘n regsdosent nie. Dit het my die kans gegee om tot reg voor Annchen te beweeg, sodat ons skaars ’n meter van mekaar was. Daar was nou iets uitdagends in Annchen se houding.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

“Dink jy ook dat ek in die openbaar moet erken dat ek jou aangeval het?”

“Ek het nie die woord aanval gebruik nie.”

“Wel, moet ek dan in die openbaar bieg,” en ek het ’n fleurige gebaar met my hand gemaak, “dat ek seksuele ... wat, teistering, gepleeg het? Wat presies?”

Sy het vol woede na my gekyk, maar nie geantwoord nie. Ek het omgedraai op my kruk om hulle almal saam aan te spreek.

“Aangesien julle nie kan ooreenkom wat julle van my wil hê nie, kan ek julle besware nie ernstig opneem nie,” het ek gesê en by die deur uitgestrompel.

Ek het voort gehinkepink, half oor die tasse in die gang geval, en die kinders wat my wou probeer help ru van my weggestoot. Toe ’n groep aan die end van die gang en ’n onderwyser omdraai weens die steurnis, het ek die kruk by die trappe af laat kletter. Met die reling as ’n soort bok het ek die trappe twee-twee na onder geneem, en ek is na regs in die toilette in. Ek het myself in ’n hokkie toegegrendel.

Die snikke het onbeheerbaar uitgebars, en ek het my hande in my mond gedruk en hulle te probeer keer, maar dit het dit net vererger. My hand was naderhand papsopnat; ek het besef die trane stroom by my arms af, en deurweek my moue.

Verkragting, ja, hulle was reg, dit was wat dit was. Al was dit net omdat ek Annchen so lief gehad dat dit die enigste woord daarvoor was. Hoe meer ek aan my daad gedink het, hoe meer het ek geweet ek het haar meer lief as enigiets anders op aarde, en tog het ek haar onteer.

Die toneel by die party het voor my oë verby gegaan, oor en oor, die skok in haar oë, die manier hoe haar liggaam slap geword het. Hoe sy net weggeloop het. Ek kon my voorstel hoe sy van ontsteltenis eenkant gaan sit, en toe in trane uitgebars het, en hoe alles so op die lappe gekom het.

© University of Pretoria

"Jaco, jy kan nie net by die klas uitstap nie," was die woorde van die onderwyser later die dag, nadat ek my tas gepak en by die klas uit gehink het, sonder om verlof te vra. Ek het besluit om die tog huis toe alleen aan te durf, as die straf vir my sonde, wat dié keer uitgeslaan het op 'n heeltemal ander manier as wat enigiemand kon voorspel het.

Naderhand het my been so gepyn ek moes op my tande byt en myself keer om nie op die naaste stuk grasperk op 'n sypaadjie neer te syg en die gips, nat om die rand van die sweet, te probeer afskeur nie. Ek is reguit na my kamer, waar ek die gordyne toegetrek het en vir die res van die middag op my bed gelê het.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Hoofstuk 21

EK HET eers probeer om die TV te ignoreer, hier in Lavoute, maar my gasheer het ‘n groot platskerm waarin ek my dowwe figuur kan sien op en af loop soos ek dink. Einde ten laaste skakel ek die sportkanaal aan. Daar is ‘n sokkerwedstryd tussen langhaar Italiaanse tipes en borselkop-maar-nie-skinhead Engelse tipes.

Die paradigma van oersonde is nie van toepassing op hulle nie. Toegegee, dis onvermydelik dat hulle vryskoppe teen hulle gaan kry, en selfs geelkaarte, maar strafskoppe is ’n seldsaamheid. Die risiko dat jou Cat’s cradles van verdedigingslyne, al jou aanvalsdriehoeke gaan skeeftrek, is groter as wanneer jy ’n foul veins. Om bo uit te kom moet jy ‘n akteur se talent hê, om ’n kitsdrama van pyn en verontregting te skep wat die skeidsregter kan swaai.

‘n Rugbyspeler sal nooit werk in ’n skildery van Christus aan die kruis nie, daarvoor moet hy te stoïsyns wees in die kontakspel, terwyl sokkerspelers, veral die Italiaanse tipes, feitlik met spykers in hul hande speel.

Sokkerspelers het pyn in ’n kuns verander, wat eintlik verhul dat sokker wel pyn is. As jy ’n teenstander in rugby pootjie, iets wat normaal is in sokker, kan jy vir tien minute afgestuur word – want jy kan hom erg beseer. Ek het nog nooit in ’n sokkerwedstryd gespeel nie, maar ek weet wat dit is om plat op jou gesig op die veld te val. In sokker doen jy dit aanhoudend, ’n dosyn of twee keer per wedstryd, vir twee wedstryde per week, vir verskeie maande elke jaar… dis ’n masochisme van ’n baie spesifieke aard. Dalk is hulle mense wat gesukkel het om te leer loop in hul kinderjare, en nodig het om die trauma onbewustelik in hul volwasse jare te herhaal.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Maar ek wyk af. Ek wyk te maklik af. En dis duidelik waarom: Ek het ’n tyd van pyn binnegegaan, fisies en geestelik, wat ek nog nooit oor kon skryf of praat nie, nie met enigiemand nie. Na al die jare is dit nog moeilik vir my om die skaal of die aard van my oortreding te bepaal. Dit bly te intiem daarvoor. Was dit net nog ’n gebaar wat ’n mens kon teëkom op honderde skoolterreine? Of was dit ’n ekstreme geval van obseniteit juis omdat so ’n vulgêre gebaar verhef is tot epiese proporsies, wat wet en orde, die lot van die volk en die uitkoms van die Koue Oorlog omvat het?

Tóé, so lank gelede, het ek nie getwyfel dat dit ’n bose daad was nie. Die toneel met Annchen het hom onophoudelik in my kop afgespeel. Dit het ander getuienis omtrent my bose inklinasies laat herleef, soos om messe te steel en naakte swart meisies af te loer. Weens my ooreisinge het my been langer geneem om te herstel. Nadat die gips afgesny is, het ek nuwe pyne gekry, maar die dokter het gesê hulle was spookpyne. Ek was besig om myself te straf soos ’n Italiaanse sokkerspeler.

Die dag na my “ultimatum” deur Nolene en haar span, het ek gedink dit sou net ’n kwessie van tyd wees voor die woord sou versprei dat ek ’n verkragter was. Die volgende dag moes ek al my moed bymekaar skraap om skool toe te gaan, maar ek het besluit dit was die enigste manier om staande te bly, en ek was bang my ouers sou sien daar is fout as ek tuis bly. Ek had geen benul hoe ek myself sou verdedig nie; ek het stip gekonsentreer op my voet in sy gips, en nie links of regs gekyk toe ek klas toe hink nadat my pa my afgelaai het nie.

Maar niks het gebeur nie. Daar was geen gegiggel of geen vingers in my rigting nie. ’n Junior het aangehardloop gekom om my tas te kom dra.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ek het die meisies in Nolene se groep probeer vermy, maar dit was nie nodig nie. Hulle het gemaak of ek nie bestaan nie. Teen die einde van die dag het hul swye ook na die ander meisies versprei. Toe ’n onderwyser eenmaal na ’n rugbybeweging met my daarin verwys in ’n flou poging om iets te illustreer, was daar net ’n doodse stilte. Dit was inderdaad so: Ek was besig om geostraseer te word. Ek het my daaraan onderwerp. As dit my straf was, het ek dit verdien.

En so het dit voortgegaan, vir ’n week, en nog ’n week. Die geheim tussen my en Annchen, en die meisies in my klas het gebroei in die stilte, en gesweer.

“Wat het oor jou lewer geloop?” het my ma ’n paar keer gevra. Ek het ’n afwysende ophaal van die skouers ontwikkel om vele soortgelyke vrae te beantwoord. Onderwysers het iets aangevoel en opgemerk, nie sonder ’n tikkie ironie nie: “Jy is ongewoon stil deesdae.” Die meisies het geswyg.

Ek het oor en oor aan Annchen gedink. Aan my mond wat nooit op hare was nie, dat ek nooit weer haar wang onder my lippe sou voel nie. Maar meer as enigiets anders het haar helder blou oë die warboel in my kop binnegedring terwyl sy sê: “Hierdie land”. Hierdie land, het die frase homself herhaal en sy eie loop geneem, en iets ronds en vlesig geword, soos wat ’n mens met jou duim en wysvinger kon vorm, iets wat aan die brand slaan, en verander in die wegvallende eerste stadium van ’n vuurpyl wat ’n kernmissiel dra, soos in die nuusfilms in die bioskoop waar ek Saterdae gaan wegkruip het.

Die gebrek aan rugby aan die einde van die seisoen het dinge net vererger. Ek kon die negatiewe adrenalien nie uit my liggaam spoel nie. Natuurlik, soos dit enige jock betaam, het ek ook krieket gespeel, toe my gips eers af is, maar krieket, wel, is nie so ’n intelligente spel soos rugby nie. Dit het net te veel tyd in die glippe en voor die paaltjies gelaat om oor dinge te tob.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In daardie eerste paar weke, veral terwyl ek agter almal aanploeter met my voet in gips,  het ek 'n ander perspektief begin kry. Ek kon sien hoe die meeste kinders my maklik as 'n arrogante bliksem kon takseer. Vol van homself, het ek iemand hoor sê. Die spesiale behandeling van onderwysers, die gedurige grasie met die laat indien van take, die af-periodes, die gevlei voor die klas wat ek naderhand as vanselfsprekend beskou het, moes heelwat afguns geskep het.

En ek kon sien dat sommige van my ASG-genote nie 'n baie inspirerende lot was nie. Willem met sy onderlangse kyk het pal gelyk asof hy betrap gaan word as 'n lid van 'n geheime organisasie. Pieter het die hele tyd gefrons en die juniors het altyd agter sy rug gelag wanneer hy een van hulle probeer dissiplineer. Kobus was so 'n niemand ek kon nooit sy van onthou nie.

Een Saterdagaand is ek na 'n session. Selfs die onderwyser aan diens het my bra ongeesdriftig gegroet: Jy gaan nie kom moeilikheid maak nie, gaan jy, het die onuitgesproke vraag tussen ons gehang.

Dit was maklik om 'n wallflower te wees. Ek was "bad news", wat na die ander standerds ook gesprei het, hoewel hulle nie kon geweet het hoekom nie.  My bleek, gepynigde gesig was waarskynlik genoeg. Toe 'n sexy standerd agt by my kom staan en flikflooi, het haar matrieksuster haar kom wegtrek.

Die dansers self het gemaak of hulle nie daar is nie. Almal het so lui as moontlik probeer lyk, en hul arms rondgeswaai soos kleuters of die bejaarde inwoners van 'n ouetehuis wat gesoebat moet word om oefeninge te doen. Een meisie het bly val oor die ekstra wye flappe van haar bell-bottoms. Skaam kyke het agter lang gordyne hare teruggekoes, en 'n paar het poniesterte gehad wat styf teen die koppe gespan het. Die meisies het net opgewonde gelyk wanneer hulle in 'n trop na die toilette is.

© University of Pretoria

Die parketvloer was die enigste ding met enige glans, die werk van ’n honderd skoonmakers deur die jare, so huislik as wat ’n mens kon kry. Daar was ’n strobe light; die ASG se aksietjie het misluk. Alles was in psigedeliese kleure gespoel, maar dit het my meer aan die weerkaatsings van ’n oorversierde Kersfeesboom as ’n Sataniese dwelmsessie laat dink. Sessions moes verbied word omdat hulle so vervelig was...

Die seun in beheer van die platespeler, wat gelyk het of hy die hele tyd besig was om tafel te dek, het “A whiter shade of pale...” opgesit. Sommer die titel al sou beter propaganda vir ‘n regse saak as vir die kommunisme kon wees.

Die saak. Tog kon ek nie daarin slaag om my gevoelens van lojaliteit af te skud nie. Ek sou jok as ek sê dat ek toe die lig gesien het. Dit het baie tyd gekos, waarin ek geleer het om ’n dubbele lewe te lei.

Dit het om my eie platespeler gedraai, ’n klein draagbare model. Toe ek dit koop het dit ek  in my skooltas huis toe gesmokkel, ingeval die ander ASG-lede my sien. Daarna het ek my oor die bult gehaas na die nuwe CNA-tak en toe niemand kyk nie, het ek in die plate-afdeling ingeglip. Ek het die “Best of the Bee Gees” met sy oranje-geel omslag gekoop, want die  “Best of the Beatles” was uitverkoop, en toe, omdat die ASG almal teen hom gewaarsku het as die duiwel self, “The Best of Bob Dylan Volume I”. Laasgenoemde het ek onder ’n stapeltjie stukkende plate gekry, asof iemand dit daar weggesteek het.

Ek sal graag wil onthou ek het Dylan bo die Bee Gees verkies. Maar ek het nie. Soos miljoene tieners die wêreld deur, het ek my opgekrul op my bed in die fetusposisie en die stroopsoet woorde ingedrink: “When I was small, and Christmas trees were tall...”

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

’n Ernstige komplikasie het ingetree toe die ASG my tot voorsitter verkies. Paul sou die volgende jaar universiteit toe gaan en die gevoel was dat ek voor die tyd moes oorneem om aan die nuwe posisie gewoond te raak.

’n Paar weke vantevore sou dit nog ’n spits in my briljante loopbaan gewees het, nou het dit ook my laat rondrol snags. Ek het aan redes probeer dink om dit nie te aanvaar nie; dat ek die af-seisoen wou wy aan rugby, dat ek eenvoudig nie opgewasse gevoel het daarvoor nie, maar ek het geweet ek sou niemand kon flous nie.

Ek het daarom ja gesê, om my nog meer tyd te gee om te dink, en ek het op my knieë gesak en God om leiding gevra. Dit was die eerste keer, het ek besef, dat ek dit regtig doen: Hom vra dat Hy my moes verlos van my dubbelslagtigheid, as ’n erge sondaar wat nou die pad moes aandui vir ander wat suiwerder Afrikaners as ek was. Maar God het net in my drome verskyn, vermom as ’n skeidsregter wat die reëls net interpreteer, en hulle nie meer opstel nie.

Ek het nodig gehad om met iemand te praat, maar daar was niemand nie. Ek kon uiteindelik insien wat Meneer Uys regtig was: ’n Goor konkelaar wat skoolkinders gebruik om sy pad by die politieke leer te probeer opbaan. Paul... sedert die aand by die Prog-vergadering was hy nie meer my held nie. My ouers? Nie na wat my ma my vertel het nie. Om na die skoolhoof te gaan sou onteenseglik verraad wees.

Annchen....

Neerslagtig, my been vol spookpyne, het ek my eendag in Miss Ogilvie se Engelse klas vir ’n toets bevind. Nie eens haar slangvelrok wat oor haar bobene glimmer kon my opkikker nie. Ek het na die waterige blou lyne van my antwoordboek gestaar — asof hulle merke was gelaat deur opgedroogde trane. My moed het

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verder in my skoene gesak toe sy die onderwerp op die bord skryf: A day that changed my life.

Kon sy nie iets beters kry nie? Toe sy agter haar lessenaar gaan sit, het sy my gesien frons. Sy het haar wenkbroue gelig en vir my geglimlag, van alle dinge. Ek het verbouereerd die onderwerp neergeskryf en dit onderstreep.

Miskien was dit die meganiese bewegings wat iets losgemaak het. Die dag toe ek rugby ontdek het. Maar ek het nie begin by die wedstryd self nie, wat ek al in soveel kleur en geur vertel het vir onderwysers, Cravenweek-spelers, afrigters, klasmaats, familielede…

Ek het by die gebeure voor die wedstryd begin. Alles was herinneringe wat ek net vaagweg geweet het iewers in my geheue was, nooit belangrik genoeg om aan aandag te gee nie. Maar toe ek eers begin, het meer en meer daarvan opgeduik, sodat ek naderhand sinne begin doodtrek en oorskryf het, om nog meer detail in te werk.

Ek het vertel van die stadion wat bokant ons toring, hoe ek gewonder het wat sou gebeur as die mense van die pawiljoen afval. Ek het geskryf oor die bytende son, en die nartjies.

“Die tou het nou in die laaste straat af geslang,” het ek geskribbel, so vinnig as wat ek kon. “Party van die mense het begin uitsak en op die randsteen gaan sit, hul hoede teruggeskuif om die son uit hul nekke te hou. Die nartjieverkopers het flink sake gedoen.

“Oorkant was ’n pas geverfde muur aan die agterkant van ’n klein fabriek. Iemand het na die muur gegaan en daarop begin teken. Maar die ander het so ’n kabaal opgeskop dat hy naderhand opgegee het.

“ ’n Swartman het om die hoek gekom. Hy was haastig, dit kon ek sien, maar het vasgesteek toe hy die lang, wye ry witmans sien, verveeld en geïrriteer.”

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit was ’n enorme deurbraak om te skryf, “witmans”, en dat hulle verveeld en geïrriteer was. Skielik het ’n hele nuwe veld oop voor my gelê, ’n hele vlakte, ’n kontinent.

Ek het geskryf hoe die eerste nartjie spat. Die nartjiegooiery was nie so moeilik nie, maar toe ek by die slanery kom, moes ek eers ophou, en diep asemhaal. Ek moes Annchen se geskokte gesig, haar arm geklem in my hand, eers uit my kop dwing voor ek kon voortgaan.

“Voor jy kon sê, mes, het twee mans hom onder die arms beetgekry en hom oor die sypaadjie tot teen die muur gestoot. Hulle het hom in die maag geslaan en sy hoed het afgeval en by die straat afgewiel. Een het hom met sy voorkop in die gesig gestamp.”

Ek sou eerlik wees, het ek myself voorgeneem, presies skryf wat gebeur het. En ek het finaal besef, met die knop wat groei in my keel en trane wat ek probeer wegwil, dat ek self ’n geweldenaar was. Ek kon so goed onthou hoe ek vir Annchen wou slaan dat ek eers vir ’n volle minuut moes wag dat my hand ophou bewe.

Miss Ogilvie het aangekondig die tyd was om, maar ek was nog nie by die finale toneel nie. Hoe meer die herinneringe losgekom het, hoe meer slagoffers het tevoorskyn gekom. Die klok vir pouse het gelui en die klas het leeggeloop. Miss Ogilvie het by my kom staan, in ’n skielike glimmering wat my laat skrik het. Ek kon nie ’n plek kry om op te hou nie, en ek het teruggesit terwyl sy die boek vir my toemaak en bo-op die stapel in haar arms plaas.

En toe, skielik, het daar nog ’n beeld gevorm, nog ’n voorval wat ek uitgelaat het.

“Miss! Miss!” het ek uitgeroep, toe sy halfpad by die deur uit was.

“Yes, Jaco,” het sy gesê, en haar kop geskud om haar kuif uit haar oë te kry.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"I haven't finished... I have to add something."

"Time's up Jaco. Surely there's enough to mark you on."

"But I've left out something. It's important."

Sy het gehuiwer.

"Please," het ek gevra, en gehoor hoe my stem breek. Sy het my takserend aangekyk.

"I'll bring it to you. I won't cheat."

Dit het haar laat glimlag en sy het in stilte my boek vir my teruggegee en die deur agter haar toegetrek.

Ek het geskryf hoe die man in die vangwa gegooi is, met sy skoen agterna. Vir die eerste keer, na al die jare, het ek dit behoorlik onthou. En die bloed wat oor sy gesig stroom. Vir die eerste keer was bloed iets vreesaanjaends, iets euwelagtigs vir my.

Om my voet behoorlik kans te gee om te herstel het die afrigters besluit ek moet liewer nie oral hop, skip en jump nie in die atletiekseisoen nie. Maar na die dans by die koshuis wou ek meer weet van ... gewone kinders? (Het dit nie van voor af arrogant geklink nie?) Ek het as 'n toeskouer saamgegaan na die laaste byeenkoms in Durban.

Die meisies in my klas het 'n bietjie skiet gegee. Een het stroef "Hallo," gemompel toe sy my skielik in die gangetjie van die bus teëkom. 'n Halfuur op die pad na Durban het Martha Reynecke my kom vra om 'n probleem oor orbitale uiteen te sit, hoewel sy my nie in die oë kon kyk nie.

Op die veld langs Port Natal Hoër het ek beleefd gejuig en op die regte tye hande geklap, soos dit 'n Afrikaanse kind betaam. Ek het 'n warmbrak gaan koop. Die meisie agter die stuk karton wat sê NG Gemeente Durban-Noord-Strand, het oor haar voorskoot en onder haar wimpers deur na my geloer.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ek het op die grasbank agter die doelgebied gaan sit en probeer onthou van waar presies ek ’n skop deur die pale gestuur het vroeër in die jaar. ’n Paar happe later het ek ’n paar koel hande oor my oë gevoel, effens nat, soos van iemand wat hulle pas gewas het.

“Is jy nie daai ou wat vir Natal rugby speel nie?”

“Nee.”

Die hande het onmiddellik gelig. Ek het omgekyk. Dit was die warmbrak-meisie.

“Oeps. Skies. My fout.” Sy het haar hand op haar mond gesit en haar oë groot en rond gemaak van kamma afgryse.

“Soek jy hom?” het ek gevra.

“Nie regtig nie,” het sy gesê, met net die regte mate van huiwering. “Ek het hom sien speel op King’s Park.” Die lang krul langs haar gesig het oor haar wang geval soos sy haar kop in die stad se rigting laat kantel het. “Ek het gedink hy is baie, hoe sê ’n mens, aantreklik. Hy lyk nes jy.”

Sy het my so soet aangekyk ek het amper gestik aan my warmbrak.

“Hy’s ’n bietjie van ’n pyn in die gat.  Eintlik baie.” Gat… ek het die woord gat gebruik. Sommer net so.

“Hoekom?” Sy het haarself ekstra verbaas laat klink.

“Ag, hy’s ’n regte soetseun, ’n goody two shoes.”

“Hy het baie belangrik gelyk. Soos ’n prokureur of iets, iemand met baie geld.” Spottend.

“Belangrik?” Ek het my moed verder voel sak.

“Hou jy dan nie van hom nie?”

“Nie meer nie. Ek het eenmaal. Maar nie meer nie. Hy dink die son skyn uit sy gat uit.”

Weer.

“Wel, dis nogal jammer, want ’n paar van ons dink hy’s baie sexy.”

© University of Pretoria

Sy het opgestaan, en haar knieë het rooi kris-kras merke van die grasstingels gehad. Sy het gemaak of sy die sprietjies van haar bene afswiep met haar kort rokkie, maar dit was sodat ek haar bruin, vlesige bobene kon sien, en haar swart broekie.

Ek het bly sit, en die styfheid in my broek laat groei, en dit nie probeer wegwil nie. Agter my toe oë het ek my hande oor daardie bene sien streel, onder die kort rokkie, onder die rek van die broekie in, en ek moes eers op die een boud, dan op die ander skuif voor alles bedaar het.

Op pad terug, op my eie in 'n sitplek in die bus, wat taamlik leër was want baie leerlinge het in Durban agtergebly, het ek onder my swaar ooglede na al die bedrywighede in die donker geloer. Die meisies het, wanneer die onderwyser sit en visvang voor in die bus, agtertoe gesluip en geklouter. Ek kon sien die onderwyser weet wat aangaan wanneer hy registreer mense sit nie meer op die plekke waar hulle oomblikke tevore was nie, maar dat hy anderpad kyk. Dit was so normaal ...

Party van die paartjies agter in die bus het komberse oor hulle gehad — waar het dié vandaan gekom, gesmokkel in toksakke? — al was die hoogsomer op pad. Ek het myself op my bank uitgestrek , ter wille van my voet, jy weet, en geloer terwyl hulle in mekaar verstrengel raak vir kilometers aaneen in die dieptes van die nag in. Ek het jaloers gevoel; dis presies wat dit was, jaloesie, en die pyn het my van voor af oorspoel. Ek en Annchen kon daar gesit het, en ek kon my lippe oor die gerondheid van haar skouer, haar bors laat gaan het onder ons eie kombers, in die kurwende lig van die motors wat agter die bus aanslang tussen die glansende heuwels deur.

In die skoolvakansie het ons het ooms en tantes in Johannesburg en Pretoria gaan besoek. Ek kon my vertwyfelinge verskans in 'n

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

meganiese en pligsgetroue speel van my rol as die ster van die familie. Ek het onophoudelik rugby gepraat met my ooms, hoewel dit altyd met hul eie speeldae geëindig het. Almal het my aangemoedig om my diensplig voor universiteit te doen, want die weermag sorg beter vir rugbysterre as universiteite.

"Meld net by my aan, na basies," het my oom die generaal geblaf.

Toe ons terug is, moes ek by 'n vriend hoor Annchen is Duitsland toe. Vir minstens 'n jaar, en daarna waarskynlik universiteit toe. Sy het die uitruilbeurs waarvoor sy al maande tevore aansoek gedoen het, gewen. Alles het op die nippertjie gebeur. Die nuus het deur my geruk, maar toe was ek weer rustig. Ek sou haar tog nie weer terugkry nie, of sy nou in Heidelberg in Europa, of Heidelberg in Antarktika was.

Hierdie land.  Toe ek eers my opstel geskryf het, was hulle nie meer haar woorde alleen nie. Dit het myne ook geword. Ek hoef net te gaan stap het om dit te ervaar, soos wanneer my ma my kafee toe gestuur. Op pad dorp toe kon ek verby die gevangenis ry, onder die hoë mure met sy smal tralievensters. Ek het soms daar stilgehou om te luister. Die bandiete het die hele tyd gesing, en jy kon die pyn en lyding hoor. maar dit het die diep stemme van die mans en die hoë note van die vroue laat swel. Die verlange in die diep stemme van die mans en die hoë, trae note van die vroue het vertel van 'n ander tyd, 'n ander land, wat ten spyte van die mure van die tronk bly voortbestaan.

Bandiete! Waarom is hulle so genoem? Hoeveel van hulle was mense soos daardie dag op Ellispark, net op pad huis toe, toe die wrewel van die wit skare en die wit polisie toeslaan?

Ek het gedink aan die nuwe jaar wat voorlê, al die geprekery en omrokkelary, die gekomplottery en konfrontasies met afvallige onderwysers. Terug by die huis het ek my lendelam plastiekplatespeler tot teen my bed geskuif sodat ek Bob Dylan se "How many roads must a man walk down*"* (wat anders?) kon speel

© University of Pretoria

sonder dat my ouers hoor. Dit het gevoel of hy ook langs daardie tronk sit, met daardie permanente knop in sy keel en sy skor stem. Jy sou hom nooit in ons skoolsaal betrap nie, eerder langs die paaie met hul smeltende teer of hardgebakte grond waar die spoegsels opgekoude suikerriet lê.

Polities was dit die maklikste. Hierdie land, inderdaad. Dit was nie moeilik om te sien hoe absurd die groot plan was om honderde stukkies grond aanmekaar te probeer las, soos 'n legkaart waarvan die helfte van die stukke, nee, driekwart, weg was nie. Geen wonder daar was al hierdie geheimsinnigheid, al die messe in die rug, die kleinlike aksietjies nie. Dit sou nooit anders kon werk nie. En hoe stompsinnig was ons sogenaamde "beheerde" debatte nie. Ons het nie gewen nie, maar verloor, want niemand het uit eie wil deelgeneem nie.

Dit was 'n wêreld waarin daar bowenal geen plek vir my sou wees nie, want my ma, my ma vir wie ek so lief was, was Engels.

My essay was die sleutel, het ek besef, ek moes dit verder vat. Maar hoe? En waarheen? Die voor die hand liggende volgende stap was om met Miss Ogilvie self te gaan praat. Dis nadat sy my nege en 'n half uit tien gegee, en my na die klas laat bly het.

"This is not really an essay, Jaco, you realise that," het sy gesê. "What counts is telling it like it is. It will be tough for you."

Maar dis waar dit gebly het. Daar was geen uitnodiging nie. En om met 'n Engelse mens te gaan praat? Dit het nog steeds soos verraad gevoel.

Ek het daagliks sprints en rondtes by die laerskool gaan doen om fiks te bly. Dit was die een konstante waaraan ek kon vasklou. My toekomstige rugbyloopbaan. Eendag het ek Miss Ogilvie sien stilhou by die onderwysers se woonstelle; sy het nog steeds daar gebly.

© University of Pretoria

Was dit nie ’n antwoord uit die hemele nie? Ek kon maak of ek in haar vashardloop wanneer sy weer te voorskyn kom. Ek het my rondte aangepas sodat ek om die woonstelle ook moes hardloop, kamma om oor struike en muurtjies te spring vir ekstra oefening.

Maar na twee sulke sessies het alles nog net so roerloos in die hitte bly staan. Met die volgende een het ek gemaak of ek uitasem raak reg voor haar woonstel. Ek het op die Beetle geleun, kwansuis vir balans. Nog geen teken van haar nie, hoewel die deur oop was.

Ek het dom gevoel: Moes ek nie eenvoudig na haar gaan en met die hele sak patats vorendag kom nie? Ek kon later vir haar verduidelik wat die frase “hele sak patats” beteken. Met al die gedagtes aan haar, haar sexy klere, haar soepel lyf, het iets begin roer in my broek, en ek het maar nog ’n rondte gedraf.

Toe ek weer by haar motor aanland, kon ek dit nie meer hou nie, en ek het haar deur versigtig oopgestoot, gereed om te roep: “Miss Ogilvie?”

Daar was ’n beweging in die sitkamertjie. Ek kon ’n man sien regop kom, aan die worstel met iemand onder hom. My hart het in my keel gespring: ’n inbreker? Maar hy was wit. Ek het nader beweeg.

Die man het probeer om sy hemp oor sy skouers te werk, of so het dit gelyk.  Ek kon nou oor die toonbank van die oopplan-kombuis sien. Hy het gebukkend oor Miss Ogilvie se rusbank gestaan, en haar naels het aan sy hemp geklou. Sy broek het om sy hakskene gebondel.

Net toe ek wou skree hy moet haar los, het haar dy eenkant toe geval en sy het haarself ontbloot. Daar was ’n groot klomp hare, en in die middel iets glimmends en rooi. Die man het sy hand daaroor geplaas, en sy vingers daarin gedruk, haar vasgehou asof hy ’n krieketbal in sy hand klamp.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ek kon haar hoor snak na asem. Sy het haar onderlyf op ’n absurde manier gelig asof sy ’n omgekeerde push-up wou doen van haar skouers af. Die man het nou haar bloes van haar skouers af weggetrek, en haar tepel met sy nat vingers geknyp sodat dit rooi en regop bly staan het toe hy hulle weer in haar onderlyf steek.

Ek het teruggetree, bang dat my eie kortasem hul aandag sou trek. Toe ek weer tot verhaal kom, was ek besig met nog ’n rondte. So dis wat seks is. Dit was ... kru, vulgêr, ja. Hulle was soos diere. Maar ek het aan my broek se band gevat om te voel hoe groot my ereksie was; ek sou enigiets gee om in die man se plek te wees.

Ek het teruggeloop huis toe, met iets soos verslaenheid, en toe weer begin hardloop. Verby die huis. Ek wou my skaamte weghardloop, my veragting vir myself, dat ek al die maande, al die jare kon optree asof ek alles van sulke dinge geweet het. Hoe kon ek enigiemand ooit weer in die oë kyk?

Ek het weer die jaloesie vol opstoot, soos in die bus, gedink aan al die kinders wat by die skool gespog het met hul seksuele avonture.  Ek het skielik besef ek kon sulke praatjies hoor, want hulle was bedoel vir my om te hoor. Watter minagting moes hulle nie vir my gevoel het nie.

By die huis het ek gaan stort. Ek was doodmoeg, maar ek het so woes gemasturbeer dat my dyspier begin kramp het. Ek het neergesak op die vloer, die warm water by my mond in en uit laat loop. Ek het myself verbied om enige skuldgevoel te hê.

Die volgende dag was my kop nog vol van Miss Ogilvie. Miskien om myself te troos het ek maar my toetsboek oopgeslaan en die essay weer gelees. Hier en daar het ek foute reggemaak en ’n sin bygevoeg. En toe, skielik, het nog ’n voorval losgekom, en dit het gevoel of dit iets te doen het met haar oopgevlekte lyf, haar pienk binneste, en, nog verder terug, met Bettie en die vrou in die

© University of Pretoria

straat met die rooi lippe. Want dié dag op Ellispark was daar 'n vrou ook.

Ek het weer begin skryf:

"Then someone who had been scouting came running up to the main crowd. ''n Meid,' he shouted, 'hier kom 'n meid!'

"The woman came clicking around the corner, on high heels. There was the abrupt halt. I felt my father grow even more rigid next to me. He stood in front of me, but I lurked around his white shirt. She had a hat on, which was like drawing a line in the sand, even if it was tar. That the hat had a piece of lace around the top, like the smartest white women would wear to church, only made it worse.

'Whore!' shouted the man next to us, who had been fairly subdued all the while. He reached for the paper bag of naartjies he had been guarding under his folded jacket, and threw one at her. Several hit her at the same time. The hat rolled over the pavement and her hair shifted. There were howls of laughter at the revelation: Under the wig her hair was short, the same pepper-corns as any other black person's.

She said something in Zulu, and looked like she wanted to collapse in shock. Indeed, she went down on her knees, ducking as the naartjies hit her. She crawled on her knees towards her wig, and sat back. The volleys stopped, as everybody waited to see what she would do next.

She sat with her head under her elbow, and it looked like she was whimpering. But then she stopped, wiping her nose with the palm of her hand. She slowly got to her feet. She held her wig in front of her, and picked some grass and dust out of it. Then she took the pins out of her hair, and holding them between her teeth, just like my mother would, she pulled her wig over her hair. A naartjie flew, and dislodged it again, but she calmly readjusted it.

© University of Pretoria

Another burst of fruit came, with shouts of, 'Go back to the location,' but she did not flinch once, not even when one hit her full in the face. Then she reached for her handbag and a small mirror, and calmly began putting on lipstick.

I watched fascinated as her lips grew redder, and she rolled them against each other, just like my mother would. They were full, her lips, and I licked my own as I watched her step into her shoes. Then she walked down the street, head held high.

More naartjies rained on her, with waves of shouts and laughter diminishing down the street as she walked on. After that, the fizz suddenly went out of the whole business. It was not only that the gates had opened.

It was something else as well: The black woman with the straight European wig, and the full red lips, and handbag and proud high heels, had won.

Die vrou het gewen, Annchen het gewen, en Nolene en al die ander. Die gedagte het my tevrede laat voel.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Hoofstuk 22

DIE OPSTEL was naderhand vol potloodmerke en smeersels waar ek iets uitgevee het om nuwe detail en aanmerkings in te voeg. Iewers moes iets meegee.

Een middag is ek na Pierre Vos; hy het my genooi om ’n bier of twee te kom drink. Dit was onverwags, maar ek het lankal agtergekom dat Pierre se kop op ander maniere werk as wat dit lyk.

Van buite af het hul huis altyd doodgewoon gelyk, ’n affêre van swart leiklipteëls wat in ’n heuwel gesink is. Pierre het die deur oopgemaak na ’n voorportaal vol Italiaanse beeldjies, en ’n skielike spieël waar ek in die lokval van my stroewe gesig geloop het. Pierre se kamer was heelwat groter as myne, meer gemaak om in rond te mors, en ’n skuifdeur het oopgemaak op ’n swembad waaroor nog ’n falanks naakte Dawids wag gestaan het.

“So wat doen jou pa vir ’n lewe?” het ek gevra, en besef dit was iets wat ek lankal moes geweet het.

“Hy’s ’n bouer,” het Pierre geantwoord, half verskonend, asof hy my wou tegemoet kom in my onkunde.

“Is hy ’n beeldhouer ook?”

“Dis van ’n vorige projek,” het Pierre gesê. “Sy kliënt het bankrot gespeel, en al wat my pa uit hom kon kry was ’n paar duisend rand en fokken dosyne van al hierdie standbeelde. Die kliënt wou ’n veiling hou in Durban, maar my pa het ’n span kaffers gekry en die goed gaan oplaai. Toe hy wou keer, toe bliksem my pa hom.”

© University of Pretoria

Kaffers… die woord het nou my kopvel laat kriewel. Ek het besef ek het nie meer geweet wat om te doen as sulke taal gebruik word nie, maar terselfdertyd wou ek meer van Pierre se soort taal hoor, van donner en bliksem en opfok.

Daar was ’n klein koelkassie… wat ’n goeie idee. Het hy sy tone daarin gesteek op daardie verstikkend warme dae wanneer die skool ons huis toe gestuur het?

Hy het net gelag, en ’n bier na my gegooi. Nog ’n eerste. Ek het dit gevang om my rug om asof dit ’n rugbybal was.

Pssht! het die kannetjie gesê. Prost, het Pierre laat waai.

“Het jy al begin oefen?” het hy gevra. Ek het my kop geknik.

“Hoekom?” het Pierre gevra, met soveel onskuld dat ek gestik het. Terwyl hy my op die skouer klop het ek gewonder of ek hom moet vertel van Miss Ogilvie se… se…. Of dalk die roete om haar woonstel aanbeveel?

Maar pleks daarvan het ek gevra, op die ingewing van die oomblik: “Het jy al ooit van die Aanhouer Studiegroep gehoor?”

“Nee. Wat is dit? Om te blok vir die eksamens?”

“Dis ’n geheime organisasie,” het ek eenvoudig gesê. Pierre het na my gekyk, met daardie verwilderde uitdrukking van ’n vaskopstut wat al weer iets verkeerd gedoen het.

“Watse geheime organisasie?”

Ek het diep asem gehaal, en toe begin vertel, alles, onsamehangend en half koorsagtig. Al daardie opleiding in toespraaklewering het nie ’n jota gehelp as dit by hartoopmaak kom nie.

Hy het aan my lippe gehang, dit het gelyk of die kuif oor sy voorkop langer word hoe meer ek praat. Hy het net af en toe sy wenkbroue gelig, of gevra, amper met ’n laggie:

© University of Pretoria

"Regtig?" Ek het die meeste aangespoor gevoel wanneer hy net sê: "Fokkit."

Hy het sonder om te kyk sy hand na sy lessenaar uitgesteek en 'n pakkie sigarette na my uitgehou. Hy het die aansteker vir my geflik-flik tot die bolle rook gestaan het.

Met my eerste teug het ek gehoes, maar ek het bly praat, tussen die geproes en gespat van spoeg, met trane wat oor my wange loop. Pierre se oplossing was om my nog 'n bier aan te bied. Toe ek vertel van die eed, en hoe ek nie kon onthou wat presies ek gesweer het nie, was daar 'n oomblik van twyfel.

Was ek besig om die regte ding te doen? 'n Eed is 'n eed... ek was besig om hulle in die steek te laat. Die woorde het voor my oë geflits: Verraad. Maar ek het die gedagte weggevee. Die gevoel van verligting, van verlossing selfs, was oorweldigend, dit het my liggaam ingeneem.

"En Annchen?"

"Wat van Annchen?"

"Weet sy? Van hierdie ASG-ding?"

"Nee."

"Jy moes."

Ek kon 'n snik in my stem nie keer nie, het my hand voor my mond gehou. Ek moes. Haar vertel het.

"Sy's weg, Pierre. Ek sal niemand weer so lief hê soos Annchen nie."

"Ek ook nie."

Dit was 'n oomblik wat in 'n omhelsing moes geëindig het, of selfs 'n uitbars van trane in mekaar se arms, so diep het ons vriendskap geword in net 'n uur of twee, maar ons was rugbyspelers in die jare sewentig, en ons het ons gevoelens teruggesluk.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

“Zol?” het Pierre gesê, asof hy ’n dis van sy ma se etenstafel aanbied.

“Ek het dit nog nooit gedoen nie,” het ek gesê, en skaapagtig bygevoeg, “en ek het in standerd vyf laas gerook.”

Pierre het nie geantwoord nie, net na die bedkassie gereik en ’n blikkie met ’n plastieksakkie uitgehaal waarin die militêre groen van die dagga sigbaar was. Hy het ’n bietjie daarvan geneem asof hy hare trek uit ’n oopgebarste matras, en dit op ’n rizla gesprei. Toe het hy dit geduldig gerol  en dit gelek soos ’n fluitspeler voor sy solo in die simfonie-orkes.

“Moenie dit inasem soos ’n sigaret nie, hou dit eers in jou mond, en sluk dit dan in. Maak of dit Oros is.” Soos miljoene ander maagdelike daggarokers, het ek gehoes tot my longe brand. En soos miljoene ander, het ek na ’n tweede, meer suksesvolle probeerslag gesê: “Niks gebeur nie.”

Pierre het net die zol vir nog ’n trek aangegee. Hy het die skuifdeur oopgemaak vir ’n bietjie vars lug, en dit weer toegemaak. Hy het onthou iemand sou iets kon ruik en die polisie bel. Toe onthou hy weer hulle bly langs ’n oop erf.

Maar die effense gevaar was opwindend. Daardie dae kon ‘n mens nog in die tronk beland met ’n geruïneerde toekoms net omdat jy ’n bietjie mary jane onder die old oak tree saam met pretty belinda kon spliff… die liedjies uit Pierre se bandopnemer het in my kop gespin.

Toe skielik was daar ’n suising in my kop en ek moes die skuifdeur weer ooptrek. Ek het nie geweet waar ek was nie, watter kant links of regs is nie. Die son het van die standbeeldjies af geskram in botterige geel strepe en die blou water van die swembad het ’n pienk tint gehad; dit het voor my oë in ’n wasbak met opwasseep verander.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ek het blindelings verby die swembad gestuur, tot ek weer onderdak was; ek het geweet ek is terug in die huis, maar had geen benul waar, en of ek op ’n stoep of in ’n storthokkie was nie. Ek het Pierre se sterk arms my gevoel vang toe ek my balans verloor. Om my was duisende kussings op lae banke in ’n gesinkte vloer, en die beeldjies het skielik gegroei tot lewensgrootte. Hulle het sonder ooglede na ons gestaar.

Pierre het my weer na buite gestuur, tot ons terug by die swembad was. Het my gesig ook soos die beeldjies s’n gegroei? Ek het vooroor gebuk om dit in die water te probeer sien en soos ’n klip wat uit Pierre se hande glip in die swembad geval.

Weer het ek nie geweet wat om my aangaan nie, waar bo was en waar onder nie, en alleen aan die swaar getrek aan my broek kon ek instinktief voel ek moet in die teenoorgestelde rigting swem, na die oppervlakte toe. Filamente lig, soos flitsende spiese, het in my oë gesteek. Toe ek deurbreek na die lug, was Pierre besig om my kop omhoog te hou. Eers toe ek sien hy staan regop, het ek besef ons was nie aan die diep kant nie. Ek het water en snot gehoes.

“Moenie gaan staan en verdrink nie,” het Pierre gelag. “Ons het ’n skopper nodig.”

Dit het so snaaks geklink dat ek ook begin lag het, ek kon nie stop nie. Ja, dit was nog ’n geval van die ontdekking van hashish-humor, maar ek is seker dat ek toe ook iets gevoel het wat ek in geen maande, selfs jare gevoel het nie: Ek was gelukkig.

Ons het ons klere uitgetrek en dit op die slasto probeer droogslaan, sonder sukses, maar ons het dit weer en weer gedoen want die klapgeluid was mooi. Toe het ons langs die

© University of Pretoria

swembad gesit en kyk hoe die son die wolke kleur in nog meer tinte van coconut ice.

© University of Pretoria

# Hoofstuk 23

EK HET uit die ASG bedank twee weke die nuwe skooljaar in. Uys het nie verbaas gelyk nie, net onvergenoegd, asof hy 'n kompetisie in 'n koerant verloor het. By die vergadering waar ek my besluit aangekondig het, het ek dit probeer motiveer, maar ek het so gestotter dat ek geen sin gemaak het nie, en ek het uit Uys se ekstra sitkamer gevlug terwyl my gewese selmaats frons en anderpad kyk van verleentheid.

Op pad huis toe het ek geen gevoel van vryheid ervaar nie, net 'n benouendheid, vrees selfs. Wat gaan hulle aan my doen? Hulle sou dit tog seker nie net so aanvaar nie? Maar ek het myself nogtans verwens vir my swak vertoning, en ek moes die gedagte wegwil dat ek 'n groot fout gemaak het, dat ek net 'n bietjie meer geduld moes beoefen het, dat ek moes aanbly om dinge na my kant toe te swaai. Ek het opgekyk die lug in, en die bollende wolke het woedend gelyk.

Maar toe het 'n bries opgesteek, en die blare net effens laat fladder. Daar was die reuk van reën. Moes ek begin aandraf voor die subtropiese stortvloed losbars? Ek wou nie, en skielik het die besef deurgedring: Ek hoef nie. Laat die stortvloed maar kom. Niks het my meer gedryf nie, na dié of daardie kant toe nie. My stap het lig geraak; kort voor lank het ek begin sweef bokant die grond. Ek het dit gedoen! Die las het van my skouers afgeval, morsdood; ek kon amper die doefgeluid agter my hoor.

Toe die reën besluit om weg te bly, het ek op my hakke gedraai en al die pad terug na die koshuis gestap om 'n spel raakrugby te organiseer in die koelte van die oortrokke lug. Ons het gespeel en gespeel tot dit te donker was om die bal raak te vang.

Eendag die volgende week het Uys my aangesê om na skool te bly. Hy het my gevra om my besluit te heroorweeg, aangesien ek

© University of Pretoria

dit aan my land verskuldig was en 'n groot toekoms gehad het, wat ek goed vir ons saak kon aanwend. Die negatiewe gevoelens wat ek ervaar het was net tydelik, dit sou weer oorwaai. Hy het geklink asof hy al ontelbare male deur dieselfde ding was.

"Dinge gebeur in jou lewe waaroor jy geen beheer het nie; jy moet net vasbyt en deurdruk. Aanhouer wen. Dis ons leuse. Solank jy nie jou beginsels oortree nie."

"Dis presies wat ek ook dink, Meneer," het ek gesê.

Ek kon sien hy snap nie die ironie nie: "So ek wil hê jy moet alles weer versigtig oordink, en dan kyk of jy wil voortgaan met hierdie besluit wat so skadelik vir jou kan wees."

Ek kon die rilling by my rug af nie keer nie. Ek het maar te goed verstaan wat hy bedoel. Ek het gesê ek sal weer oor my besluit dink, en ek het ook. Weer het die gedagte opgekom dat ek moes aanbly om dinge van binne af te probeer verander, maar dit het net te verwaand geklink, dieselfde soort verwaandheid waarvan ek nou wou ontslae raak. En ek het nog iets geweet: dat ek nie in staat sou wees daartoe nie.

Die wêreld was skielik 'n ander plek, heeltemal anders, baie harder, moeiliker, waar niks meer gewaarborg was nie.

Paul Wolvaardt het my een aand uit 'n manskoshuis in Pretoria gebel. Ons het stywerig probeer praatjies maak oor sy eerste paar dae op universiteit, hoe anders die stad was, voor hy tot die punt gekom het.

"Ek het gehoor iets het met jou gebeur wat alles verduidelik."

"Wat het jy gehoor?"

"Ek wil dit uit jou mond hoor."

"Ek is nie meer 'n ASG-lid nie, so ek hoef jou niks te vertel nie."

"Ek dag ons is vriende."

"Dis nie 'n persoonlike ding nie."

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Nie persoonlik nie? Ek het hierdie ASG begin, en nou wil jy dit vernietig, my ASG!"

Ek was oorbluf. Sy ASG! Ek het gedink dit was ter wille van die land, van ons almal...

"Jou ASG," het ek na nog 'n ongemaklike stilte gesê, "sal beter werk sonder ongelowige Thomasse soos ek."

"Hoekom wil jy my nie sê wat gebeur het nie?"

"Dis 'n private aangeleentheid."

"Dus was daar iets."

"Ja, daar was," het ek maar ingegee.

"Wat?" Paul het soos Meneer Uys geklink, asof hy lank geoefen het om die woede uit sy stemtoon te hou.

"Dis tussen 'n sekere onderwyseres en ek." Ek het op my tong gebyt om Miss Ogilvie se naam nie te laat uitglip nie.

"O." Hy het regtig geskok geklink. "Maar hoekom moes jy die ASG verlaat?"

"Het jy geweet my ma is Engels?"

"Jou ma is Engels?"

"Haar nooiensvan is Williams."

"Baie Williamse is Afrikaans."

"Sy is Engels."

Daar was 'n lang stilte, en ons het na mekaar se asemhaling geluister, wat ons albei vlak probeer maak het, sodat ons naderhand begin uitasem raak het. Toe hy weer praat, was sy stemtoon heeltemal anders, asof hy probeer het om iets oor te dra, iets soos 'n onderdrukte afkeer.

"Wel, dit verduidelik alles. Jy's 'n halfnaatjie, 'n baster."

Ek het my asem skerp ingetrek, en ek het lus gevoel om op hom te begin vloek, met elke vloekwoord wat ek ken, selfs dié wat ek nie geken het nie. Maar toe het 'n groot kalmte oor my gedaal. Ek kon maklik saamleef met die idee dat ek 'n halfnaatjie, 'n baster was. Die klank van vryheid, die ruimtes van vryheid was

© University of Pretoria

iewers in sy betekenisse verskuil. Ek het die foon op sy mik gesit sonder om ’n verdere woord te sê.

Die volgende week is ek op ’n spesiale vergadering afgedank as voorsitter van die debatsvereniging. Ek is ook as die aanvoerder van die rasieleiers vir die swemseisoen aangewys, seker om my ’n gek van myself te laat maak. Tydens die verkiesing van die hoofseun het ek vierde gekom, wat so onverwags was dat meer as een onderwyser hul koppe geskud het.

Die ASG kon nie keer dat ek minstens ’n prefek word nie, en ek het dit maar aanvaar as ’n klein oorwinning, hoewel ek glad nie meer so ’n rol wou speel nie. Ek het so dikwels met my hande in my sakke geloop, dat ’n onderwyser my eendag voor die ander matrieks aangespreek het daaroor.

Die meeste leerlinge het geen snars omgegee oor my of enigiets buite hul hormonale wentelbane nie. Maar ’n paar het gemerk dat ek verander het, en ook dat ek nie dieselfde selfvertroue as vantevore gehad het nie. Mense wat wye draaie om my geloop het in die verlede, het my nou uitdagend in die oog kom kyk.

Ek het dit alles verwelkom. Dit was dus die ware wêreld. Al hierdie mense wat ek nie tevore geken het nie, skaars opgemerk het. Ek het soos hulle begin optree, soos die potensiële juvenile delinquents wat ons almal was. Ek het begin wegbly van die haarkapper, nes die ander seuns. Ons hare het so lank geword dat ons soos die meisies moes sit en wip aan ons kuiwe in die klas.

“Gatecrashing,” het Pierre nog ‘n woord bekend gestel. Dit het beteken ons sou in sy pa se kar ry na waar daar volgens gerug ’n partytjie was, en dan die dy-hoogte tuinhekkie met sy gekrulde ysterwerk oopstoot, wat selde moeilik was. Daarna sou die gasvrou of –meisie uitgevlieg kom, vuiste in die sy en diep gebelgd. Dit was alles skyn, want die aankoms van enige matriek, laat

© University of Pretoria

staan nog twee provinsiale rugbyspelers, het jou partytjie se sukses verseker.

Pierre was ’n ander man terwyl hy mense daag om hom uit te gooi. Hy het soos ‘n rofstoeier by die reguit sementpaadjies met hul getande rande van skuins gepakte bakstene en die Barberton daisies afgeslenter. Die seuns en meisies wat hulself op die gepoleerde rooi stoepe oor die geelbaksteen muurtjies gedrapeer het, het liewer gewyk wanneer hy op hulle afstap. Hy het skielik ’n komplekse mens geword.

Die partytjies was meer dekadent as wat ek of die ASG ooit kon vermoed. Donaghue se dye het weer geblink terwyl hy en ‘n meisie onder ‘n kombuistafel besig was. Op ‘n ander naweek het ‘n meisie doodluiters haar bloes afgetrek sodat ‘n paar seuns wat gevra het aan haar tepels kon lek.

Hoe meer vulgêr, hoe beter. By een party het die gasheer, wie se ouers liewer vir die naweek verdwyn het, homself in die karavaan langs die motorhuis tuisgemaak en die woord laat versprei hy is beskikbaar vir ’n “naai”. Elke kort-kort het ’n meisie ingegaan, al giggelend terwyl hy die deur agter hulle sluit, en my oë het kort-kort na die silhoeëtte agter die kort valletjiesgordyne gegaan.

Na ’n ruk het hy verskyn, sy hare deurmekaar en sy gesig rooi, terwyl hy kreun: “Ek kan nie meer nie.” Toe hy dit die tweede keer kom sê, het Pierre my vorentoe gedruk: “Vat sy plek.” Ek wou teëstribbel, maar die twee het my beetgepak en by die trappies van die karavaan op gedu.

Binne was alles deurmekaar, met halfvol bierbottels  wat rondstaan, en die kombers en laken opgetrek soos ’n onderrok oor ‘n boud van beige sponsrubbermatras. In ’n staander met ’n asbakkie op vasgesweis het ’n drietal kondome uitgemergel gelê oor ’n hopie stompies. Voor ek my afsku behoorlik kon registreer; het die deur oopgegaan en ’n meisie met oë amper toegeplak van die maskara is ingestoot.

© University of Pretoria

Die ruimte was so klein sy het reg voor my kom staan, sodat ek moes terugsak toe sy my ’n ligte stampie op my bors gee. Sy het wydsbeen bokant my kom staan, vuiste in die sy. Oor haar vol borste het sy ’n halternek aangehad wat ’n mens in ’n ommesientjie kon losknoop.

“So wat kan ek vir jou doen?” het sy gevra, en half skeef, van onder haar ooglede na my gekyk, asof haar wimpers te swaar was.

“Wil jy naai?” het ek verbouereerd gevra. Dit was die eerste keer dat ek die woord gebruik.

“Hang af.”

“Waarvan?”

Sy het my getakseer, en haar skouers net effens dan dié kant toe dan daardie kant toe gedraai. Iemand het aan die karavaan kom wieg, sodat ons albei half oor ons skouers na nêrens gekyk het tot dit ophou.

“Jy’s bang,” het sy gesê. Ek het nie geantwoord nie, net my hande uitgesteek en hulle oor haar onderlyf laat gaan. Ek het aan die groot gespe in die middel gepluk-pluk, maar haar denim het so styf gesit dat dit soos die skulp om ’n seedier gevoel het, kliphard.

Sy het haar hand uitgesteek na my broek, en my stywe penis deur die materiaal in haar wysvinger en duim geneem, asof sy ’n stukkie Turkish delight tussen ander lekkers probeer uitlig. Sy het ‘n bietjie gedruk en ’n bietjie getrek, en nog ‘n paar keer, terwyl sy my uitdagend in die oë kyk, en toe skielik het ek gekom, in rukkende bewegings wat my laat opkrul het. Sy het giggelend by die deur uitgetrippel.

“Wat het gebeur,” het Pierre gevra toe hy inloer.

“Ek weet nie,” het ek gesê, en bygevoeg, “Skote Petoors.”

Ons gasheer kon nie ophou lag nie, en vir die res van die jaar was dit wat hy sou sê wanneer hy my teëkom.

Dit was seker my eerste seksuele ervaring, maar dit was my laaste oomblik van bravade. Want alles het my diep verwar, en ek

© University of Pretoria

het my in die skaduwees gehou: Sulke bedrywighede was te veel vir 'n nuweling soos ek, maar terselfdertyd was my polsslag in my ore, en ek kon dieselfde bloed voel pomp en dieselfde reuk het my neusvleuels gevul as toe ek Miss Ogilvie en haar lover gesien het. Niemand het dit verstaan nie, want dit het hulle nie getraak nie, of hulle het net die verwarde rugbyster gesien staar na alles. Hulle moes my as 'n eierkop en 'n jock tegelyk geklassifiseer het. Too much.

Pierre het my na die Royal Hotel geneem en nog 'n Engelse spel, snoeker, geleer speel, en hoe om 'n houding van manlike dreigendheid aan te kweek deur jou rum en coke op die regte manier op die lysie rondom die snoekerkamer neer te sit, en die as van jou sigaret onverskillig weg te flik. Gelukkig kan ek rapporteer dat die onuitputlike bron van my talente uiteindelik 'n bodem bereik het, en dat ek telkens aan die kortste end getrek het.

Toe, eendag by die skool, het Pierre my eenkant geneem.

"Ek hoor mense praat oor jou."

Ek het my skouers opgehaal, wat's nuut daaraan?

"Hulle sê jy het die kluts kwyt geraak."

Ek het nie gehou van die manier waarop Pierre dit gestel het nie, maar dit was nie verkeerd nie.

"Hulle sê jy is nie meer geskik as rugbykaptein nie."

Ek het opgestaan uit die bank waarop ons gesit het, nie in staat om my misnoeë weg te steek nie. Ek kon al die ander afdankings aanvaar, maar hierdie een was te na aan my hart. Ons was nog weke weg van die eerste oefeninge vir die nuwe seisoen, en hulle was alreeds besig om voorbrand te maak... gaan hulle dit nou ook van my wegvat? Aan die ander kant, was dit nie die vanselfsprekende volgende stap nie?

"Ek's jammer," het Pierre gesê, "maar ek het gedink ek moet jou vertel voor jy dit self hoor."

"Dis die ASG," het ek gesê, onnodig.

Pierre het sy arms in 'n gebaar van moedeloosheid gesprei.

© University of Pretoria

“Maar hulle kan dit nie doen nie. Dit gaan nie werk as jy nie die kaptein is nie. Ons sal almal teen mekaar werk.”

“Hulle gee nie om vir rugby nie, Pierre. Hulle wil my net wys wie’s baas.”

“Bulawayo,” het Pierre probeer grap, en ’n gorillafiguur met sy vuiste na binne gemaak. “Ons moet iets doen.”

“Dis nie jou fight nie.”

“Dit is. Ek wil jou as my kaptein hê.”

“Ons kan nie wen nie, Pierre.”

“Hoekom gaan ons nie net na hulle en fok hulle op nie.”

“Hoe? Deur ’n vergadering te gaan gatecrash?”

“Ek’s game,” het Pierre gesê.

Ek het hom aangestaar. Hy was nog steeds besig om die gek te skeer, maar ek het hom aan die kraag gegryp.

“Pierre, jou genius. Dis die oplossing!”

Ek het presies geweet wat om te doen. Die onderwerp van die eerste debat van die nuwe jaar sou wees: “Skool is nodig vir dissipline.” Die volgende dag is ek na die onderwyser wat toesig moes hou oor die vereniging. Ek het ek ’n pleidooi gelewer vir my deelname, en dat ek aan die kant wou wees wat die stelling verwerp.

Die onderwyser was ’n bietjie uit die veld geslaan, maar ook verheug dat die vorige voorsitter sou deelneem, veral nadat dit eers gelyk het of hy soveel belangstelling verloor het dat hy nie eens meer op die komitee was nie. Die ASG-manne sou nie kon beswaar maak nie, want ek was dan aan die ander kant.

Ek en Pierre het aan die werk gespring. Hy was pelle met die hoofprefek van die seunskoshuis, ’n Engelsman – die ASG  het hom laat inkom omdat sy pa Afrikaansgesind was. Die boere- en bosbouerkinders in die koshuis was die ideale kanonvoer vir debatte: Hulle het die kans gekry om die meisies van die koshuis

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te beloer en te betas. Die res van die gehoor is opgemaak uit die snoekerspelers van die Royal Hotel.

En so, op die aand van die debat, was die eerste verrassing vir die ASG-manne, almal op strategiese plekke in die gehoor geplaas, dat twee keer meer leerlinge as gewoonlik opgedaag het.

Die ASG het self ’n klein coup geregistreer: Hulle het ’n nuwe Engelse seun oorgehaal om deel te neem, aan hulle kant. Deel van die debat sou in Engels wees, wat die pendulum weer effens in my guns geswaai het, hoewel my Engels nie veel beter as hulle s’n was nie.

Dexter Johnson het gou geblyk ’n goed geoefende orator te wees, die produk van ’n Toastmaster-kursus. Hy het charisma gehad en kon ad-lib dat dit klap.

Maar toe ek opstaan uit my stoel op die verhoog, waar ek aan die linkerkant van die kateder met een spanmaat gesit het, het ’n oorverdowende rumoer in die gehoor losgebars. Die snoekerspelers het laat waai met ’n paar “hoera’s” en een het ’n Indiaanse oorlogskreet gegee. Die handvol onderwysers, almal in die voorste ry, het merkbaar geskrik, so onverwags en so luid was dit. Selfs ek was ’n bietjie onkant gevang: Gaan Pierre dit nie oordoen nie?

Ek het met al die goed vorendag gekom wat ons so ywerig in die ASG geleer het, die stappie agter die kateder uit, die vaspen met jou oë van een kind in die gehoor, twee keer, die kapbewegings met jou een hand, en die waai van die indeksvinger, en om nie eenmaal “um” te sê nie.

Die verskil was dat ek roekeloos was, ek het niks gehad om te verloor nie. Ek het nie vir Kobus, die voorsitter aangespreek nie, sommer die gehoor.

“Het julle geweet,” het ek retories gevra, “dat die woord ‘skool’ kom van ’n Griekse woord wat beteken om kinders besig te hou? Nee, julle het nie, want jou onderwysers – soos die geagte

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dames hier onder – wil nie hê julle moet dit weet nie, dat al die harde werk wat julle kry net moet sorg dat julle hulle nie pla nie."

"Laat hulle snoeker speel!" 'n Sekere seksie van die gehoor het hul voete gestamp. 'n Stukkie kryt uit die Royal Hotel het oor die gangetjie gevlieg.

"Waarvoor is daar dissipline? Dit is vir die onderwysers, van wie daar 'n paar hier is, om ons gevange te hou, te toor met ons, sodat hulle hulself nie hoef te ooreis nie."

Ek het nie veel sin gemaak nie, maar toe ek my kop krap, die teken vir Pierre, het die gehoor weer in 'n gejuig losgebars.

"Neem die voorbeeld van rugby. Daar is net te veel dissipline. Te veel reëls. Dit maak die spel dood. Ek word nooit moeg as ek 'n wedstryd speel nie, want die werklike aksie is nooit lank genoeg nie. Dissipline in rugby is daar vir die skeidsregters, wat besig gehou moet word."

Iemand in die gehoor het vanself gedink dis snaaks, en sy skielike brul van 'n lag is gevolg deur 'n lang gejuig en 'n tweede sessie voetegestamp. 'n Diep frons het op Kobus se gesig verskyn, en die ander ASG-lede in die gehoor se gesigte het verstrak. Hulle het besef wat aangaan. Die onderwysers het ongerus begin lyk.

"Dissipline is gif," het ek voortgegaan, "dit verander jou in 'n masjien, in iemand wat blindelings enigiets sal doen wat jou meerderes jou beveel. As sê nou maar Kosie hier," – ek het na hom met 'n gebaar van verwerping gewys – "vir jou sal sê om jou kop teen die muur te stamp, sal jy dit doen, want jy is dan so gedissiplineerd?"

Groot gelag.

"As jy gedissiplineerd is, kan hulle enige ou gemors in jou kop prop. Hulle kan die reëls van rugby verander nes hulle wil, en ons, die troepies, sal alles net opslurp," het ek voortgestoom.

"Die oproep om dissipline is die oorsaak van verskynsels soos die Nazi-vergrype."

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dexter het netjies in die strik getrap. Ontsenu deur die onverstaanbare lawaai in die gehoor, het hy vasgeval in 'n onnodige ontkenning dat hy 'n Nazi was. Wat aan my die kans gegee het om die gehoor te laat roep: "Hy is 'n Nazi! Hy is 'n Nazi!"

'n Onderwyser het nou opgespring en na Kobus gewink om oor die rand van die verhoog te leun sodat sy iets in sy oor kon fluister. Hy het sy houthamertjie op die kateder geklop en geskree: "Orde! Orde!"

Hy was duidelik nie opgewasse vir die taak nie, maar ek het aan die gehoor gesein om te bedaar met 'n oordrewe "Sjj!" en 'n vinger op my mond. Ek is aangesê om my sogenaamde beskuldiging terug te trek. Waarna ek na die leerlinge gedraai het, en begin het om hulle te dirigeer: "He's not a Nazi! He's not a Nazi!" Ek het gewys hulle moet weer stilbly, en toe bygevoeg, vol ironie: "Maar hy wil dissipline hê."

Dexter het heeltemal van stryk geraak. Hy het gelyk of hy sy hare uit sy kop wil trek. Hy kon nie praat nie. Ek het die laggende gehoor stilgemaak en hulle toe laat sing: "Dissipline, nee, dissipline, nee!"

Die kinders het hul hande geklap, in hul stoele opgestaan en met hul skoolskoene op die planke van die skoolsaal die nuwe slagspreuk uitgejil: "Dissipline, nee, dissipline, nee!"

Een onderwyser was woedend, op haar voete. Die ander het onbegrypend na my gestaar, en toe na mekaar: Moes hulle iets doen? Ek moet erken: Ek het die situasie geniet. Hulle het geen idee gehad waarom ek nou skielik dinge begin sê het wat veronderstel was om teen my grein in te gaan nie. Een het 'n uitdrukking van hoop op haar gesig gehad: Ek het 'n plan gehad, ek was besig om die gehoor op te rui om hulle na 'n ander plek in my logika te neem.

Ek het nie. Pleks daarvan het ek na die ander kant van die verhoog gestap. Ek het voor die opposisie gaan staan, en hulle spottend sover probeer kry om in te val by my variasie van die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

goosestep. Die verslaenheid was reeds op Dexter Johnson se gesig te lees.

Hy het 'n gemors van sy repliek gemaak. Hy het geen antwoord gehad nie; die rede om dissipline te verwerp was reg voor ons, in die massahisterie onder die trop kinders wat ek en Pierre sonder veel moeite opgesweep het

Toe dit my beurt was, het ek eenvoudig gevra, en hom gulhartig my ekstra tyd gegee om by syne te voeg vir die finale antwoord: "Waarom het ons dissipline nodig?" Hy kon net redeneer dat dit aksiomaties was en dat die skool die beste plek was – ek het my kop gekrap, en die gehoor het gejou – om dit aan te leer.

Ek het hom in die rede geval, en gesê hy het nie my vraag beantwoord nie, waarop hy tussen sy notas rondgesnuffel het, soos 'n prokureur wat deur 'n magistraat oor die kole gehaal word, en ek het my vraag verskeie kere herhaal.

Kobus moes maar bly sit, maar die ander ASG-lede het met groot gebaar uitgestap nog voor die stemming. Wat ons oorweldigend gewen het. Die hoofonderwyser het dié keer opgespring toe die saal weer opgewonde uitbars. "Orde! Orde!" het sy geskree, maar almal het haar geïgnoreer en by die saal uitgestroom. "Jy is verantwoordelik hiervoor!" het sy uitgeroep, en haar vinger na my gewys. Hoe reg was sy nie.

Toe ek en Pierre terugstap huis toe, onder die sterrehemel, was dit in stilte. Ek het geweet dit was 'n hol oorwinning; ons sou dit nie kon herhaal nie. En ek het minstens een nuwe vyand onder die onderwysers gemaak. Maar ek het nie meer omgegee oor my reputasie nie, en ek sou nie weer aan enige debat deelneem nie. Nooit ooit weer nie.

"Jaco," het Pierre gesê, "kan ek jou iets vra?"

"Sure."

"Dink jy regtig dissipline is so 'n slegte ding?"

© University of Pretoria

Ek het nie geweet wat om te sê nie. Was ek so oortuigend dat almal geglo het dis waaraan ek glo? Ek het skielik besef dat ek 'n sekere drempel betree het, en hierdie wete het my laat besluit: ek glo wel dat dissipline sleg is vir 'n mens, en hand en tand beveg moet word.

"Dis sleg vir 'n mens," het ek geantwoord.

"Wel, ek stem nie saam nie."

My hart het uitgegaan na Pierre. 'n Proponent van dissipline wat dagga rook, seks vir sy vriende probeer reël en 'n koelkas vol bier in sy kamer aanhou. Mag ek altyd sulke teenstellings in my eie persoonlikheid hê.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Hoofstuk 24

EN TOE is my pa dood.

Tydens al die geharwar was my ouers taamlik uit die prentjie. En hulle het gelyk of hulle al meer hul eie paadjie loop. Veral my interaksie met my pa het verskraal tot die geleenthede wanneer hy ongenooi my kamer sou binnekom, om die omslae van die rock-plate wat ek begin versamel het met ’n diepe kommer op sy gesig te lees. Toe ek een nag na middernag tuiskom, doodmoeg van rondstaan en drink rondom die Royal Hotel se kroegtoonbanke en snoekertafels, was daar ‘n vreemde spanning in die huis, maar omdat my pa nie daar was om vir my te kom frons nie, het ek verlig gevoel.

My ma het in die deur verskyn. Haar betraande, witgeskokte gesig het my op my voete laat kom.

“Waar was jy?” het sy gevra, met ’n  amperse histerie in haar stem.

“Wat het gebeur?” het ek gevra, my hart in my keel.

“Jou pa… daar was ’n ongeluk.”

Eers het dit gelyk of sy my gaan beskuldig van iets, maar toe het haar gesig versag, voor sy begin snik het. Ek het haar vasgehou.

“Is hy…?” Ek het haar haar kop voel skud op my skouer.

“Hy’s in ’n koma,” het sy gesê, nadat sy haar sakdoekie, in haar polshorlosie se band gedruk, sorgvuldig oopgevou het om ’n laaste droë stukkie te probeer kry.

“Van wanneer af?”

“Omtrent sesuur.”

“Maar wat het gebeur?”

“Ons weet nie. Harmse het die Volvo skielik eenkant toe sien ry en toe tref dit ’n boom.”

© University of Pretoria

“Harmse…” My eerste reaksie by die noem van sy naam was dat iets onderduims moes gebeur het. “Wat het hy daar gedoen?”

“Hulle was op pad huis toe van die universiteit af. Elkeen in sy eie kar, seker net toevallig. As Harmse nie daar was nie…” haar stem het weer oorgegaan in snikke. “Hy het hom hospitaal toe geneem.”

My pa, gered deur ’n veiligheidspolisieman?

“Maar wat het gebeur?”

“Die dokters dink dit was ’n trombose.”

“Maar…”

Ek was ontsteld, maar die rede vir my “maar” was iets anders. My eerste gevoel was dat my pa besig is om my in die steek te laat. Tot ses maande gelede was alles meestal “orraait” in my lewe, alles reg. My ouers was soos ouers, met hul hebbelikhede en kwintighede. Maar wat ookal my jongste projek was, my groot skemas om die wêreld te red, of om die kuns van oratorskap en losgemale te bemeester, hulle was dáár.

Nou…

In my ander lewe, die nuwe een, was dit ook nie veronderstel om te gebeur nie. Ek kon dit onder my nuwe kennisse en vriende sien: Dit was natuurlik om te rebelleer. Ek het dit op my eie manier gedoen, ja, maar my pa was nog meer as ooit deel van die muur waarteen ek myself moes slinger; en nou het hy skielik gedreig om net … weg te val.

Ek het gevra om hospitaal toe te gaan. My ma het gesê dit was te laat in die nag. Ek het sonder ’n woord die motorsleutels van hul hakie afgelig en by die trappe af gestap na die garage. Teen die tyd dat ek die motor met ’n groot gesukkel uit die garage gekry het, want ek het eers kort tevore leer bestuur, het my ma langs die oprit gestaan, ’n Doris Day-serp onder haar ken vasgemaak.

My pa het in die intensiewe sorgeenheid gelê met ’n oop mond, en dit het gelyk of hy liggies snork. Ek kon hom net deur

© University of Pretoria

die glasafskorting sien, maar ek was dadelik oortuig hy gaan dit nie maak nie. Iets in die erns van sy frons het dit gesê.

Hulle het ons tog toegelaat om ’n rukkie by hom te sit. Ek het hom stip dopgehou, en ek het ’n sterk drang ondervind om sy hand te neem. Maar sy arms was albei onder die laken. Die vrae het in my kop saamgetrek in ’n soort kraaines waarin die vingers van my brein verstrengel geraak het. Waar is jy, vader, in hierdie uur van my nood? Ek het ’n traan oor my wang voel biggel terwyl ek hom blindelings sit en beskuldig het.

Ek het ons laaste paar minute saam onthou, toe hy my eendag skool toe gevat het op pad werk toe. Hy het diep ingedagte gelyk, asof in ’n trans. Waaroor? Was dit ’n manifestasie van sy epilepsie? Hy het die laaste tyd amper werktuiglik gevra hoe dit met my rugbyvoorbereidings gaan, al het ek hom die vorige dag al vertel. Dit het my geïrriteer, maar ek het dit as nog ’n blyke van sy outydse wêreldvreemdheid afgemaak.

Daarna kon ons buite die eenheid sit en wag in ’n rolstoel wat die enigste sitplek was, en hom deur die dowwe ruit dop te hou. Ons het beurte gemaak, of soms net in die wagkamer gaan sit, half aan die slaap.

Iemand in die gang af was besig was om in die vroeë oggendure na radiokommentaar oor ’n boksgeveg aan die ander kant van die wêreld te luister, tussen ’n Suid-Afrikaner en ’n Suid-Amerikaner. Die kommentator het verskeie kere gesê ’n nuwe dag gaan aanbreek vir Suid-Afrikaanse boks, asof ‘n oorwinning vir ons ou net ’n formaliteit was.

“Ons vyande is hard aan die werk om boks ook in die politieke arena te sleep, waar dit blootgestel sal wees aan die genade van die anti-Suid-Afrikaanse magte, magte wat wettelose betogers gebruik om die regering te ondermyn. Wel, vandag sal Peet Wilkens hulle wys dat Suid-Afrikaanse boks net te sterk is en die aanslag sal weerstaan.”

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit het my naar laat voel, bo-op al die jenewer van vroeër die aand. Ek het my kop in my arms op my knieë laat sak. My ma het haar kop op my skouer laat lê, en probeer voorgee sy merk nie die reuk van alkohol en rook en dagga nie.

Ek kon ontsnap van die idiotiese kommentaar in die rolstoel, agter die styf toegetrekte deur van die intensiewe sorgeenheid. Maar ek is in ’n hoek gedruk deur die herinneringe wat deur my brein kom flits het. Van ons struwelinge rondom die etenstafel. Sy neus in my adolessente sake. Ek het, terwyl ek nog ’n opwelling van naarheid probeer onderdruk, weer besef ek het hom glad nie verstaan nie.

Terug in die wagkamer het die geveg begin. Die eerste twee rondtes was in Wilkens se guns, en die kommentator het baie in sy skik met homself geklink. “Volgens ons tellings is ons man reeds verskeie punte voor.”

Wat was my pa se groot ding in die lewe? Ek was glad nie seker nie. Hy was ’n regse, ’n ver-regse, was hy nie? Waarom was hy dan so gewild by sy swart studente in die boskollege? Hoe kon hy ’n ultranasionalis wees as hy met ’n Engelse vrou getroud was? Ek wou hom hierdie vrae vra, reguit, voor dit te laat was. Maar hy het het daar gelê, in sy gerieflike koma.

Ek het deur die ruit met sy patrone soos ‘n veld vol ryp s’n getuur. Ons was so heeltemal anders. Hy was altyd ’n tingerige man, wat krom en skeef groot geword het weens sy swak gesondheid, iets waaroor hy nooit gekla het nie. Ek was so gesond en oorontwikkel, ek het nie geweet wat om met al my spiere te doen nie. Wat het my ma na hom aangetrek, so sterk dat sy in ’n Afrikanervrou verander het? Ek het die effense stories oor hul hofmakery probeer herroep, maar kon nie verder kom as roosbome by die Uniegebou snoei nie.

Ek moes met haar praat oor hom, maar toe was natuurlik nie die regte tyd nie. Sy het, soos ek, gewag dat die einde moes kom, en die trane het elke af en toe oor haar wange geloop. Die

© University of Pretoria

verpleegster aan diens het ’n doos sneesdoekies gebring en ek het my eie neus snotterig geblaas.

Terug in die wagkamer was daar nou ’n toon van ongeloof in die kommentator se stem. Skynbaar het die Suid-Amerikaner, natuurlik met ongeoorloofde taktieke, ons man ’n bietjie geskud.

“Die skeidsregter moet nou iets doen,” het hy desperaat gesê, sy stem ekstra bewerig in die telefoonkabels onder 15 000 kilometer oseaan. Asof hy nie besef as die skeidsregter tussenbeide tree, is die geveg verby nie. Die kommentator was darem pligsgetrou genoeg om nie ’n beskrywing van die stroom bloed uit ons man se voorkop te probeer ontduik nie.

Ek het teruggedink aan ons dag saam by Ellispark. Ek kon nou skielik nog iets onthou: My pa se ongemak oor die hele besigheid. Die diamantdraad voor die palissadeheining, waarin hy my gedruk het sodat ek nie moes kyk nie. Ek het my hand in ’n vuis gemaak soos ek die flannels onthou het waaraan ek geklou het. Maar waarom het hy niks gedoen nie? En die verdere gedagte het by my opgekom: As hy iets gedoen het, sou ek ooit rugby gespeel het? Sou ek nie by sokker gehou het nie? Was sy kennis van sulke tonele die rede waarom hy my nooit wou laat speel het nie?

Peet Wilkens het nog ’n hele vier rondtes uitgehou voor hy uitgeslaan is, en die luggolwe was nog gevul met die kommentators se uitsprake van ongeloof en verslaenheid toe ons na my pa se bed geroep is. My ma het sy wang sag gestreel en sy naam gefluister, en hy het gelyk of hy worstel om iets te sê. En toe het hy sy laaste asem uitgeblaas.

Ek het die hele tyd ’n knop in my keel gehad, maar dit het nogtans gevoel asof die trane van nêrens af ontspring. Ek het hulle vrye teuels gegee, en die snot het oor my bolip tot in my mond geloop. Die verpleegster, nou self ontsteld, het nog meer sneesdoekies gebring, maar ek het haar hand weggestoot. Sy en my ma het gedink ek huil soos dit van enige seun verwag kon

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word om te huil oor ’n pa wat pas gesterf het, maar dit was oor veel meer.

Na ’n paar minute, nadat die soet reuk van die dood die kamer begin vul het, kon ek dit nie meer hou nie. Ek het met groot treë deur die eenheid se swaaideure gebars en na die nagbeampte se hokkie aan die end van die gang gestap. Voor hy kon reageer, het ek die radio van sy lendelam tafeltjie met sy keteltjie en teepotjie af gegryp en dit teen die muur stukkend gegooi. Hy het opgespring, na sy knuppel gegryp, en ek het my vuiste gelig.

Die verpleegster was teen daardie tyd by ons en het my van agter vasgegryp, terwyl sy die beampte van onder my skouer uit probeer paai. Dié was skoon bewerig van die onverwagsheid van die aanval, tot hy genoeg bedaar het om luidkeels te begin eis dat ek ’n nuwe radio koop.

“Bly net kalm, Claus,” het sy hard gefluister. “Die seun het nou net sy pa verloor. Ons sal dit later uitsorteer.” Uitsorteer, uitsorteer, het die frase bly hang, terwyl sy my na die leunstoel lei voor sy my sagkens daarin laat sit het.

Ek was vir ’n lang ruk in ’n dwaal. Die hele familie het afgevlieg of afgery en rondgestaan in hul swart pakke, heelparty van my ooms met die wit dasse van ouderlinge, party met hul hoedens permanent oor hul harte, of so het dit gelyk, my tantes met handskoene aan ten spyte van die onmoontlike hitte, want begrafnisse was die geleenthede waar hulle handskoene kon dra.

In die begraafplaas het die chroomkontrêpsie onder die kis ‘n paar keer geblits in die son, en na enkele minute was almal besig om die sweet van hul nekke met hul sakdoeke af te vee. Ek kon een van my meer ontaktvolle ooms hoor sê, waarskynlik sodat ek kon hoor, dat ek baie bruin gebrand was, seker van al die rugby.

© University of Pretoria

‘n Ander het opgemerk dat ek nogal baie stil was. “Ek hoop dit gaan nie sy rugby affekteer nie, sy vorm, jy weet.”

Ek wou omdraai en hom foeter, maar die nagbeampte was genoeg. Tog het dit my op ’n manier voorberei vir die onverwagse skok by die graf, toe ek en my ma ’n graaf gegee is om die eerste steek in die hoop grond te gee. My paar kluite het die deksel van die kis met ’n dowwe plofgeluid getref en die pyn het deur my lyf getrek.

By die huis het ons tee en worsbroodjies, melktert en lemoensap gekry. Harmse het oorgestap om my hand te kom skud, en ek het dit saaklik gedoen en die opwelling van weersin onderdruk. Meneer Uys het ook nader gekom, maar ons kon mekaar nie in die oë kyk nie. Al wat ek kan onthou is sy hand, wat skielik vir my ongewoon slap gevoel het.

Die ontaktvolle oom, wat homself as die grootste rugbykenner in die familie gesien het, het kom vra: “Ek hoop nie hierdie terugslag gaan jou rugby beïnvloed nie, Jaco, hé?”

Ek het vir ’n ruk lank na hom gekyk, terwyl hy my hand pomp asof hy my gelukwens met iets, en toe het ek hardop gesê, sodat almal kon hoor:

“Oom, ek het besluit om op te hou rugby speel, Oom.”

Hy het my hand gelos asof daar ’n skerpioen in was. Daar was ’n abrupte stilte in die kamer, en sommige van die begrafnisgangers het omgedraai en oorbluf na my gestaar.

“Jy bedoel, vir ’n paar weke?” het my oom hoopvol gestotter.

“Nee, vir altyd,” het ek gesê. Ek het my ma se oog gevang, en sy het so verras soos al die ander gelyk, maar daar het gou ’n uitdrukking van verligting op haar gesig verskyn, en toe een van aanvaarding, iets wat ek dikwels in die weke en maande daarna sou sien, terwyl sy worstel met die werklikhede van ’n lewe sonder my pa.

Ek het myself verskoon en na buite gegaan om die hond ’n pasteitjie te gee. Ek wou self iets soos ’n verligting voel, dat ek

© University of Pretoria

uiteindelik by die gewigtige besluit uitgekom het, al was dit op die ingewing van die oomblik. Maar daar was niks nie. Oubaas het gretig die laaste vetjies van my hand afgelek.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Hoofstuk 25

DIE ONDERWYSERS en amper elke grootmens het my gepes; elkeen het gelyk of hy dink hy het die antwoord op die raaisel wat ek skielik geword het, die sleutel na my hart. Party het meer omgegee vir rugby as vir my, ander wou keer dat die ster van die skool die pad byster raak. Orkaan Jordaan het my in ’n lokval gelei in die Aardrykskundeklas. Ek moes opstaan en op ’n kaart wys waar daar oral rugby gespeel word. Toe het hy my tromp-op gevra, terwyl hy met sy stok op sentraal-Asië tik: “Gaan jy nou ’n Mongool word, om rugby te vermy?”

Ek het my mond dig gehou, en die insinuasies van drostery afgeskud. Toe selfs die Natalse afrigter die hele pad van Durban af ry om met my te kom praat, het ek my ma gevra om by te wees. Sy het my die moed gegee om hardekop te bly en beleefd te verduidelik dat ek ’n las vir enige span sou wees. Maar met die besoek is ’n drempel bereik – almal het toe skielik onthou dat ek net ’n paar weke tevore my pa verloor het, en hulle het my begin uitlos.

Die moeilikste om te oortuig was Pierre, wat my net nie wou glo nie.

“Ag, bullshit, jy sal weer  speel,” het hy my besluit weggewaai asof dit rook en jenewerasems in die Royal Hotel was. “Al waaroor ek bekommerd is, is dat jy sulke stilstuipes het.”

“Stilstuipes?”

“Jy’t verander, Jaco. Jou hele persoonlikheid. Jy’s heeltemal te introspektief. Netnou word jy ’n skoppende losskakel pleks van een wat breek en hardloop.”

Introspektief. Dit was ’n ongewone woord vir Pierre. Hy moes dit gaan opsoek het.

© University of Pretoria

Maar hy was reg, behalwe dat dit meer soos 'n verlamming gevoel het. Ek kon sien die meisies voel jammer vir my oor my pa, en hulle het darem weer met my gepraat oor skoolwerk en so, maar die afstand tussen ons het gebly – waarskynlik meer omdat hulle nie geweet het hoe om op te hou waarmee hulle begin het nie. Want Annchen was nie meer daar om om verskoning te vra nie.

Miss Ogilvie... sy het altyd as 'n opsie oorgebly. Waarom het ek haar nie formeel gaan besoek en met daardie sak patats vorendag gekom nie? Na al die jare kan ek die vraag nie beantwoord nie. Ek het Pierre laat sweer hy sal niemand vertel van die ASG nie, en hy het nooit, nie waarvan ek weet nie. Het die Koedoebende se diefstal van die messie, toe ek my maats nie wou verklik nie, nog sy invloed laat geld? Of het ek 'n heeltemal ander soort solidariteit met my ASG-kollegas gevoel?

Net soos ek is hulle in die ding ingesleep, verlei, weens faktore buite hul beheer, hul jeugdigheid om een te noem. Ons was nou wel nie kindersoldate, of penkoppe in die Anglo-Boereoorlog nie, maar iets van daardie aard. Ek het vas geglo enige onthullings sal nie veel skade aan Meneer Uys en sy trawante doen nie, maar dalk traumaties vir die gewone lede wees. Miskien sal hulle die kop skud of selfs lag vir my as hulle hierdie nou lees.

My ander skoolmaats het nie geweet wat om van my te maak nie, en my liewer vermy. Binne 'n paar weke het ek verander van held na die alleenloper in die klas. Ek het ontdek dat dit my goed pas. Ek het ure in my pa se studeerkamer deurgebring, wat my ma net so gelaat het. Sy skatkis van boeke was 'n ontdekking; ek het hulle die een na die ander verslind: *Die Broers Karamazov, Tolstoi, Madame Bovary, The Plage*... veral laasgenoemde het my aangetrek; Suid-Afrika, kon ek sien, was deurtrek met 'n geestelike pestilensie wat niemand wou erken nie.

© University of Pretoria

As jy ’n loner word, trek jy ander loners aan;  dit was ’n nuwe wêreld, van die wegkruipers, afvalliges, eksentriekes, dwarskoppe en aweregses. En een van hulle het my lewe kom red: Brigitte. “Bridget,” het almal haar genoem, want haar enkelouerma het haar in ’n Engelse klas gesit.

Dis sy wat die eerste skuif gemaak het. Sy het soggens vroeër skool toe gekom, want haar ma het in ’n ander dorp gewerk. Dit was amper ’n ritueel; Brigitte wat aangeloop kom onder uit die skool se tuin waar sy gesit en lees het, vol en breed maar bruingebrand en met daardie soepel soort stap. Sy was so sexy dat selfs die standerd sessies soos kwispelende hondjies agter haar aangeloop het.

Een oggend toe ek aangeslenter kom vir my prefektediens was sy skielik daar, onder ’n jakarandaboom. Sy het die ene onskuld gelyk, met ’n Bybel in die hand. Die skadu het gehelp, want die volgende oomblik het ek begin bloos by die herinnering aan ons sendingsessie op die strand.

Teen daardie tyd het ek opgehou kerk toe gaan, en my ma ook. Dit was skielik nie meer ’n faktor in ons lewens nie, hoewel die ouderling en diaken soms kom huisbesoek doen het, en my ma maar beleefd bly sit het. Maar ek wou nog nie my geloof verloor nie. Ek het probeer bid in die bed, my liggaam rigied uit ’n poging tot piëteit, want ek wou ook nie meer op die glippende kamermatjie op die gladde teëlvloer kniel nie. Ek het na een of twee happy-clappy Baptistevergaderings gegaan, maar die hoofsaaklik Engelse lede het nie geweet wat om van my te maak nie, en ek het te vreemd gevoel.

Sy het die Bybel toegevou oor haar boesem, en eenvoudig gesê: “Kom doen Bybelstudie saam met my.”

Ek het net my kop geknik. Miskien was daar ander maniere as die gewone. Sy het haar adres op ’n stukkie papier geskryf.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daardie middag het sy my ’n bord gemmer-en-sjokoladekoekies en ’n glas peperment-bruismelk gegee op hul geel panelite-kombuistafel, en haar Bybel amper argeloos oopgeslaan. Sy het ’n bietjie geblaai en toe gewys na ’n hoofstuk. Die Hooglied van Salomo.

Ek het hardop begin lees, en Brigitte het die binnekant van my arm met haar vingers begin streel, en toe my hemp oopgeknoop. Die woorde was soet, en aan die einde van elke handvol versies het ek haar lank gesoen. Maar toe moes ek stop. Daar was ontsetting in my hart: Vir die eerste keer kon ek die geweld in die middelste verse sien.

Die skrywer het geskryf hoe sy, op soek na haar geliefde, deur Salamo se wagte aangerand is, verwond is. Al waaraan ek kon dink was Annchen, en my hand om haar arm, en my obsene gebaar, en die vrou op Ellispark, die sieklike klap van nartjies teen haar kop. Hier was dit, in die wortels van die Christendom self.

Ek was in ’n totale staat van verwarring toe Brigitte my na haar kamer lei. Sy het dit bemerk, maar dit heeltemal verkeerd vertolk, en terwyl sy haar bloes oopknoop my probeer gerus stel: “Toe maar, my ma is nie in die middae hier nie. Sy werk.”

Die vel oor haar borste was pienk en goud tegelyk, en toe hulle oopval bo-oor die rolletjies van haar maag, het ek geweet Brigitte gaan my red van iets, van myself. Sy het op die bed gaan lê en haar bene stadig oopgesprei, en haar vinger oor haar klitoris laat gaan, haar oë op my ereksie. Ek het nie mooi geweet wat om te doen nie, maar sy het dit gou agtergekom en my ingelei met haar hand, my aan die boude gevat om my binne in haar te laat beweeg. Sy het haar bene gelig onder my skouers in en hulle het soos kussings in my arms gevoel. Ek het geweet dis waar ek sou kom skuil van alles, in die goudgeel

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vag tussen haar bene en die gleuf tussen haar borste nadat ek haar tepels tot barstens toe gesuig het.

By die huis het ek Hooglied weer gelees, en die woorde het nie verander nie. Ek het na ander hoofstukke geblaai, en kon naderhand die Boek sien vir wat dit is: ‘n  Versameling swak geskrewe volksdokumente van ’n klomp swerwers in ’n woestyn. Hulle moes met geweld en bloeddorstigheid probeer oorleef aan die hand van onmoontlike toetse van lojaliteit, die oorsprong van ons almal se oerskuld. Ek het nooit weer daarna die Bybel gelees nie, nie ’n enkele vers nie.

Brigitte het my ook nie weer gevra om iets saam met haar te lees nie. Ons het nie veel gepraat nie, sy was vreemd teruggetrokke, en ek, wel, ek het mos verander. Wanneer ek van orbitale en spesiale relatiwiteit en kwantumspronge begin praat het, het sy in haar eie gedagtes afgedwaal. Sy het dikwels aan die slaap geraak, en dan het ek suutjies aangetrek en huis toe gegaan.

Dit was ons soet geheim, niemand het geweet van ons nie. By die skool het ons het gemaak of ons mekaar nie ken nie, sonder dat ons dit afgespreek het. Haar ma het eers sewe-uur tuis gekom; sy wou nooit oor haar afwesige pa praat nie. Die grootste gevaar van onthulling was wanneer ek kondome by die apteek gaan koop het. Ek moes rondhang by die CNA langsaan tot ek seker was niemand kon my sien nie, en dan moes ek die afkeurende gesig van die apteker gaan trotseer - hy het altyd die pakkie op die toonbank neergeplak. Soms het dit afgeval en dan moes ek dit met ’n rooi gesig van die vloer af opraap.

Ek kan nie sê wanneer presies ek my geloof verloor het nie, maar eendag het ek besef ek glo nie meer in God nie. ’n Mens kan sê dat daar ’n korrelasie was tussen hierdie proses en die afname in my skoolpunte. Nie dat ek God probeer blameer nie, want hy bestaan nie. Die onderwysers het soms

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

reguit hul teleurstelling uitgespreek, maar ek kon nie help om te dink hulle was net begaan oor die kans wat verlore sou gaan om die provinsie se top-presteerder te hê nie. Die uitsondering was fisika, waarin ek myself verdiep het; ek kon nie genoeg kry daarvan nie, en het naderhand universiteitshandboeke uit Durban laat pos.

Ek het nie gewag vir my matriekuitslae nie. ’n Paar dae na die eksamen was ek in Engeland, waar my onmiddellike uitdaging was om in sulke bittere koue te probeer oorleef. Ek het Brigitte nie gegroet nie, en ek het nie gedink sy sou my vreeslik mis nie. Al waaroor ek skuldig gevoel het, was dat ek Pierre nie in my vertroue geneem het nie. Ook hom het ek nie gaan groet nie.

Ek wou ’n streep onder my ou lewe trek.

Oor ons finansiële sake het ek het nie veel vrae gevra nie, want ek het nie belang gestel nie. Maar my pa se polisuitbetaling het genoeg geld gelaat sodat ’n paar maande in Europa kon “rondrits”, soos my ma gesê het. Haar idee was dat ek weer vir universiteit sou terugkeer. Sy sou na Pretoria trek om naby haar suster te wees. Haar staatspensioen was ruim en haar onuitgesproke aanname was dat ek daar sou kom bly.

Ek het net een gedagte gehad: Om so lank moontlik oorsee te vertoef. Dit het van die begin af natuurlik gevoel, om in te pak en weer uit te pak, gereed om binne ’n paar uur na die volgende plek te reis, sonder plan of metode. Ons rondtrekkery was al deel van my gene.

Ek het nie veel benul gehad van diensplig en sulke dinge nie, want ek het eenvoudig nie die briewe van die weermag beantwoord nie. Die papierwerk vir ’n visum om die land te verlaat het geblyk nie ’n probleem te wees nie en het geen rede gehad om weer daaraan te dink nie.

© University of Pretoria

Ek wou niks weet van enige politiek nie, maar toe ek my tas pak, het ek op die laaste oomblik my opstel oor die dag op Ellispark op my klere gegooi.

© University of Pretoria

# Deel 3

© University of Pretoria

# Hoofstuk 26

EK HET myself ‘n paar maande lank hier in Lavoute-sur-Loire gegee, maar dit was net ‘n kwessie van tyd voor ek rooimiere kry. Die Franse campagne is tereg wêreldbekend, maar na ‘n ruk lyk alles ook maar plat en wil die landerye nie ophou nie.

Op ‘n pamflet teen die kerk se kennisgewingbord is ‘n kunstefees geadverteer, maar dit is die naam van die dorp, St Flour, wat my beweeg om my in my tydelike landlord se Twingo soontoe te begewe. Noem dit maar serendipiditeit, maar dis ook nou nie so erg nie.

Die hoofpad van dertig jaar of so gelede het ‘n allemintige snelweg geword. Hier is die eerste item in die fees, waarvoor ‘n dosyn kunstenaars kunswerke in die strate geïnstalleer het. By die rond pointe is ‘n hele huis half begrawe, so skeef-skeef soos ‘n skip wat sink in die gras.

Die eerste plek waar ek stop, sonder om eens te dink daaroor, is die poskantoor, maar dis nie meer daar nie. In die plek daarvan is die streek se toeristekantoor. Die meisie agter die toonbank is beeldskoon op ‘n geskiedkundige manier, soos dit hoort. In ‘n agterkamer is ook die volgende item, ‘n lang video vol ongefokuseerde tonele uit die Middeleeuse argief van die nabygeleë klooster.

Hierdie deel is nog steeds die onderdorp, letterlik die ville-bas op die vlakte; al wat verander het, is dat die stalletjies en groentewaens by die mark nou lugverkoel is, en lang neonbuise hulle verlig. Die eintlike Middeleeuse stadjie met sy mure toring steeds bokant alles uit. Die toneel laat my vassteek, ek is opnuut verras hoe baie dit na ‘n prentjie in ‘n kinderboek lyk, met die mure oordrewe hoog, en op die een of manier skeuf geleun teen

© University of Pretoria

mekaar, hoewel hulle natuurlik sekuur genoeg gebou is om amper 'n millennium al te staan.

Deesdae is die motorpad behoorlik verbreed, so ek kan in 'n japtrap na bo ry om die volgende kunswerke te gaan opspoor. 'n Straat vol silwer rawe van piouter, en 'n paar narre wat onder militêre helms met verkykers van die mure af tuur na die vyand op die vlaktes. Langs een van hulle sien ek waarvoor ek eintlik gekom het: die rugbyveld net buite die onderdorp.

Dis 'n pragtige, helder groen, so gelyk soos 'n snoekertafel, geen modder en saagsels te sien nie. Mooi versorg, is die woorde wat by my opkom. Daar is nou 'n klein pawiljoentjie, netjies afgewerk in blou en die kalk is so vars ek kan dit van hier af sien wit.

Die ander kunswerke is nie iets om oor huis toe te skryf nie. 'n Handvol is by die begraafplaas en sy kapel, wat destyds geskei is van die dorp met 'n weiveld vol koeie, maar nou met voorstedelikheid toegegroei is. Die kapel is halfpad op teen sy deur bedek met opdrifsels, asof hier 'n sondvloed was wat tot oor die eskarp gereik het.

By hierdie kunswerk kan ek sien hoekom die fees 'n flop is. Omtrent elke kunstenaar het dit nodig gevind om na die Bybel te verwys, asof hulle bang was om aanstoot te gee aan die kerk. Dis asof daar 'n onuitgesproke armdrukkery tussen die Katolieke Kerk en die Franse kunsakademie is.

Die kerk wen met die linkerhand terwyl hy die burgery seën met die ander hand. Die installasie by die kapel is verbeeldingryk, maar dit doen niks aan die eenvoudige dog treffende prag van die kapel self nie. Langs die kapel is daar 'n hoë kruis met 'n Christusfiguur wat deur Michelangelo geskep kon gewees het.

'n Ou tannie sit daaronder en prewel in die wind. Sy lyk versteurd en ek vra haar of sy OK is. "Mais, oui, Monsieur," sê sy met soveel geluksaligheid op haar gesig dat ek maar liewer wegkyk.

© University of Pretoria

Die begraafplaas is oorweldig met begrafniskitsch. Honderde Christusfigure is uitgespalk op die grafstene en mausoleums asof hy nie gekruisig is nie maar vir die miere gevoer word.

Ek begewe my weer na die dorpsplein, waar die hotel altyd die beste restaurant het. Daar onthou ek te laat dat die middagmaal bedoel is om twee, selfs drie uur te duur, en na die hors d'ouevre besluit ek om eers die plein te gaan verken.

Ook hier oordonder die katedraal alles. Die muwwergheid slaan my die oomblik dat ek by deur ingaan. Dis donker, die diep alkowe en figure van heiliges is net deur kerse verlig, hoewel daar honderde is. Die toeriste dwaal deur die magtige gebou in stilte, fluister skaars. Een modieuse vrou lyk so skepties dat ek die perke van dekorum oortree en te lank na haar kyk, en sy draai haar rug elegant op my.

Maar voor sy kan wegbeweeg keer 'n jong tienermeisie haar voor en fluister in Engels: "Mom, have you got two euros. I want to light a candle for Matthew. It's not for myself." Die vrou trek haar handsak onwillig van haar skouer en krap woordeloos in haar beursie.

Geïntrigeerd, sorg ek dat ek oorkant die meisie staan wanneer sy die kers aansteek in die alkoof. Sy kry 'n uitdrukking op haar gesig wat ek net in haar eie Engels kan beskryf: "Rapture." Ek sien myself in haar, toe ek dieselfde ouderdom was, en weereens moet ek wegkyk. Nog 'n oorwinning vir die kerk.

By die hotel het 'n ander pamflet op my tafel beland: Nog 'n kunsfees, die keer van installasies deur top kunstenaars uit Parys in etlike dorpe in die Bo-Auvergne. Een item trek my aandag; dis van "Green Tim", 'n "foosbalspeler" met 'n houtbalk deur sy bolyf. Dié het kwansuis uit sy sokkerkas ontsnap toe hy sy roem nie meer kon vat nie. Die kunstenaar het die storie gefabriseer dat hy op 'n tog gegaan het om sy wortels te herontdek. Omdat hy van hout gemaak is, het hy naderhand in 'n woud beland, waar die

© University of Pretoria

sokkerkaspen deur sy bolyf hom tussen twee bome laat vassteek het.

Die woud is net op ‘n effense draai terug na Lavoute-sur-Loire, en ek besluit om te gaan kyk. ‘n Mens moet jou kar parkeer en ‘n kilometer die woud instap. ‘n Bietjie meer aksie as die St Flour-spul.

By die installasie is Green Tim nogal ‘n reus, asof hy eerder uit Disneyland ontsnap het. Maar hy lyk regtig of hy nou nie meer weet waarnatoe nie. En dan, agter ‘n paar bome, sien ‘n mens waarom hy hierdie bepaalde woud gekies het om in vas te haak. Daar is ‘n tweeverdieping-hoë kliptoring wat lyk of dit ‘n miershoop in die Vrystaat kan wees, maar dit is van soliede rots. Die naam is die Feë se Skoorsteen. Green Tim het hiernatoe gekom om inspirasie te probeer put vir sy eie feëverhaal.

Ek sit lank tussen die bome en kyk na die toeriste, amper almal Franse. Die meeste gee Tim net een kyk en verwonder hulle eerder aan die Skoorsteen. Feëverhale, dis wat ons almal soek, is dit nie?

My eie storie verder was ietwat van ‘n feëverhaal. Vir ‘n ruk lank altans. Hoewel dit allermins as een begin het.

© University of Pretoria

# Hoofstuk 27

EINDE 1973 was ek toe in Londen, en het ek besluit om daar rond te hang en uit te kyk vir werk. Hier en daar kon ek by ’n hotel skottelgoed was. Dit was nie lank nie of ek het by ’n klomp squatters beland wat leë geboue beset het. Ons s’n was ‘n council house wat op sloop gestaan het, maar die saak is hof toe gesleep en dis uitgestel. Munisipale werkers het sement in die toilet kom gooi, maar die squatters het ‘n plank met ‘n porthole en slopemmers gebruik wat hulle snags in ‘n gat onder in die tuin leeg gemaak het. Ek het met ’n halwe oor geluister na hul hippie-idees oor die boosheid van private eiendom en die verbruikerskultuur wat volgense hulle op die “electronic counterrevolution” deur televisie gedra is.

“He always keeps a slab of pounds in his jacket,” het ek een hoor sê. Op die yskoue vloer wat die dun matras nie kon uithou nie het daar nog ‘n kouer rilling by my rug afgegaan. Al het ek nie ‘n baadjie gehad nie, net ‘n dik soort anorak. Maar met my ore gespits om verby die aksente te hoor, kon ek uitmaak dat hulle ‘n rooftog op een van hulle se ouerhuise beplan. Dié se pa had die gewoonte om sy geld in sy baadjiesak in die kas op te hang. Ek het maar liewer met my eie pa se ponde in my spesiale geldsakkie gaan slaap, ‘n koue herinnering van leer teen my maag soos ‘n rampokker se mes in sy skede.

Televisie was taboe in ons squat, maar ek was te nuuskierig. In pubs in ander buurte het ek gaan sit om na Doctor Who se pogings tot wetenskapfiksie te kyk, terwyl ek suur bangers en bewolkte mash afwurg. Die TV was van dieselfde lawwe komiese gehalte as voorflieks by inrye tuis; die verskil was dat die Britte baie meer gepraat het. Ek het my verwonder aan die nuus; die televisiestelle was soms in

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kabinette in die hoek, en die nuuslesers het gelyk soos mense met afgekapte onderlywe wat met die gekrulde houtpote van mitiese diere vervang is.

My eerste anti-apartheidbyeenkoms was net ‘n kwessie van tyd. Ek was opgewonde daaroor, maar ook lugtig. Die squatters het gereeld gegaan, hoewel dit waarskynlik was om ’n bietjie meer hitte te kry; die volgende aand was daar iets op ‘n ander plek oor Chili, dan weer Kambodja. By hul blyplekke was daar dikwels net ‘n lendelam stofie met rokende pype deur ’n gat wat in ’n muur geslaan en met koerantpapier uitgevoer is. En by die byeenkomste van die baie groepe en splintergroepe was daar dikwels iets om te eet, al was dit net revolusionêre sop en toebroodjies.

Dit was die eerste keer dat ek saam met meer swartmense as witmense in ’n kamer was. Ek het myself instinktief terug getrek; van “hulle” het baie meer selfversekerd gelyk, selfs intimiderend, en oogkontak met my vermy. Omdat hulle, het ek besef, onmiddellik kon sien ek is ’n Suid-Afrikaner, ‘n witte.

‘n Rolprent oor die Sharpeville-slagting is sommer teen die muur gewys en ek het met afgryse gekyk hoe mense in aller yl voor die konstabels met hul kaalgeskeerde nekke en te-groot pette uitvlug. Lede van die gehoor het uitgeroep, “Nazi’s! Fascists!” en ‘n hele paar het met hul hande oor hul monde gesit. Na die laaste kletterings van die projektor het ‘n paar van die swartmense opgespring en begin dans met eienaardige knie-op bewegings en “Amandla” met die vuiste gebal geskree.

Dit was te erg vir my. Ek het al voorheen kort flitse van dieselfde film gesien, maar die volledige dokumentêr het my siek laat voel. En die oorverdowende krete van die dansers was te hard, dit het my oorweldig, skrikgemaak, ja.

Die koue lug buite het my asem weggeslaan. Ek het op die eerste die beste moltrein geklim. Sharpeville was soos my

© University of Pretoria

opstel! Net veel, veel erger, maar ek kon sien die Ellispark-moles was ’n afskaduwing van sulke moorddadige aanvalle op onskuldige mense.

By my matras op die ysige vloer het ek my opstel tussen my ander dokumente gaan uitvis, en dit weer en weer gelees, lomp daardeur geblaai met my wolhandskoene. Die volgende oggend, toe dit warmer was en ek ‘n pen kon vashou, het ek begin om dit oor te skryf. Die finale weergawe was amper die helfte langer.

By die vergadering het hulle gevra vir items vir ’n konsert, en na ’n paar dae, toe ek tevrede was met my aanpassings, het ek die nommer wat verskaf is by die pub om die hoek gebel. Ek het aangebied om my opstel voor te dra. Ek is ’n straatadres gegee waar ek die teks moes aflewer. Dit was ’n plek in Kensington, duidelik welgestelde mense, want die eiendom is versper deur ’n pragtige hek met krullewerk in gietyster. Ek het my opstel in die posbus gedruk.

‘n Week later was daar ’n boodskap by die pub om die komitee van die plaaslike anti-apartheidstak te bel. Ek is gevra om na ’n klein kantoortjie te gaan in ’n gebou in dieselfde styl wat ’n mens by ‘n staatsdepartement in Pretoria sou verwag.

Toe ek aanklop, was daar ’n kortaf “kom binne”. Vier jong ouens, almal skraal, twee met welige baarde, het agter ’n tafel gesit. Dit het gelyk of hulle dit spesiaal so vir my geskuif het. Ek is na ’n stoel gewys.

Een van die baarde het my opstel voor hom gehad, en het dit so gelig-lig van die tafel af, asof hy dit wou oopblaai, maar nie toestemming gehad het nie. Hy het my gevra om ’n bietjie van myself te vertel.

Ek het gesê ek het pas matriek klaargemaak, dat my pa onlangs dood is en dat ek nie langer in die land wou bly nie want ek was nie meer seker oor die regering en sy beleid nie. Ek het nog steeds oor die ASG geswyg.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Is jy teen apartheid?" het 'n ander man gevra.

"Wel, ja, dit was 'n dom beleid, niemand glo eintlik meer daaraan nie." Die klomp het na mekaar gekyk.

"Was."

"... uit die vyftigerjare. Selfs die regering, die Suid-Afrikaanse regering, praat nou van afsonderlike ontwikkeling."

"Maar is jy teen die apartheid wat nou bedryf word?"

"Ja, natuurlik." Skielik het ek besef iets anders broei as om reëlings vir my voorgestelde optrede te tref.

"Hierdie stuk, is dit alles waar?"

"Wel, ek het dit beskryf soos ek dit onthou het. Ek was tien jaar oud."

"Maar niemand is dood nie?"

"Nee."

"Dis net... jy laat die mense in die storie lig daarvan afkom. Niemand kom regtig iets oor nie," het een van die baardloses opgemerk, terwyl hy hom regskuif in sy stoel, asof hy permanent ongeduldig is.

"Kyk..." het ek gestamel, "rugby is 'n godsdiens in Suid-Afrika, veral onder Afrikaners, dis waar hulle kwytskelding kry van hul..." ek het rondgetas na die Engelse woord, "... hul oersonde, en hul huidige sonde, so dit is..."

"Simbolies," het die ander baard gehelp, al kopknikkend.

"... simbolies van hoe... hulle voel swartmense behandel moet word."

Die vier het glad nie beïndruk gelyk nie. Die eerste baard het vervolg: "Jy sien, die probleem wat ek het is dat dit te lank is."

"Te lank?"

"Dit gaan 'n bietjie aan. Daar is hoeveel, vier, vyf mans wat bestook word en dan kom daar nog 'n vrou ook by. Wat my

© University of Pretoria

laat wonder, waarom het jy, of wie ookal hierdie stuk geskryf het, die deel met die vrou ingesluit?"

Sy vraag het deur alles wat ek die laaste tyd oor gedink het, al die kopverskuiwings wat ek gemaak het, gepriem. Waarom, inderdaad, het ek dit nie van die begin af ingesluit nie? Hoekom het ek die vrou twee keer vergeet?

Toe ek te lank vat om te antwoord, terwyl ek twee stelle vrae tegelyk probeer hanteer, het die baard vervolg: "Jy sien, dit kom as vernederend oor."

"Dit was wat ek gesien het."

"Ons kom by die vrou, 'n vrou van Afrika, en dan dra sy 'n Westerse pruik."

"Baie swart vrouens in Suid-Afrika dra pruike."

"Nie die soort vrouens wat 'n mens as 'n model in die bevrydingsbeweging wil sien nie."

"Sy het oorwin, sy is 'n ... 'n ... simbool van... uitstyg bo vernedering... hoe sy nou ookal lyk."

"Nogtans. Dit lyk aangeplak. Amper aspris."

Ek was sprakeloos. Waarom sou ek... maar ek kon skielik sien hoe hulle na my kyk. Hierdie frisgeboude outjie met sy rugbyspiere, blou oë en half-blonde hare – nie die gewone skraal hippie uit Kaapstad se suidelike voorstede nie.

Een van die baardloses het half-verskonend bygevoeg: "Gavin hier is 'n literêre boffin. Hy weet hoe om hierdie soort goed te ontleed."

Gavin het die kompliment, as dit is wat dit was, met 'n beskeie knik van sy kop aanvaar: "Dis in 'n ander styl geskryf, die deel van die vrou."

Ek het verbluf na hom gestaar. Ek het onthou: die eerste deel het ek in die klas geskryf, dit was my eerste ontboeseming. Die tweede deel na... na... dis reg, die voorval by Miss Ogilvie se woonstel. Ek was toe al 'n ander mens.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

“So ons wonder wie het hierdie ding eintlik geskryf, en wat eintlik die doel daarmee is.”

“So wat dink jy is die doel daarmee?” het ek gevra, en sarkasties bygevoeg: “Wat is jou literêre ontleding?”

Gavin se oë het geblits. “Dis iets wat jy ons moet vertel.”

My mond het weer oop en toe gegaan. Hulle dink ek is ‘n spioen. En toe was daar skielik nog ‘n insig: Ek het van die ASG probeer vlug, amper na die ander kant van die aarde, maar hier was hulle soort weer, reg voor my.

“Gentlemen,” het ek gesê, “ek kan sien ek is by die verkeerde adres. Ek onttrek liewer my aanbod.”

Ek het opgestaan en my hand uitgesteek na my opstel. Gavin het my aangegluur en dit toe onwillig oorhandig. Ek het die deur agter my toegeklap, maar buite moes ek eers teen die heining van ’n private parkie gaan leun tot ek opgehou bewe het.

Die onderonsie het dinge heeltemal verander. In later jare sou daar baie onthullings oor en beskrywings van die paranoia onder uitgewekenes en die anti-apartheidbeweging wees. Almal is verdink, nie net die obvious kandidate soos ek nie. Maar toe het dit my laat voel asof ’n deur in my gesig toegeklap word, so hard dat ek besef het daar was geen ander deur nie. Ek sou nooit by hulle inpas nie, nooit in enige plek nie. Ek sou net altyd die verkeerde mens op die verkeerde plek wees. Londen was skielik ’n groot, ongenaakbare stad.

Ek het gaan drink om aan die koue en myself te ontsnap. Ek het verder besef dat ek in ’n permanente staat van twyfel verval het, oor myself, oor alles, en dat dit was  sedert… wel, sedert daardie aand met Annchen langs die swembad. Ek het onophoudelik gedroom daarvan, van ’n vuurpyl se ring wat in ’n vlammesee wegstort, van hoe my vinger tussen ‘n duim

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en wysvinger ingaan. Of van ’n soektog na haar, soms op grond van instruksies van allerlei onbekende mense. Dikwels in my drome het ’n blou brief van haar af gekom, wat geblyk het vals te wees; telkens wanneer ek by die adres agterop aankom, was sy nie daar nie.

‘n Hippiemeisie wat ek by die byeenkoms ontmoet het, het my saamgesleep na ’n vertoning deur ’n dramagroep uit Indië. Dit was maar bra middelmatig, eintlik vrotsig, met die hoogtepunt twee akteurs wat ronddans in ’n kostuum wat min of meer soos ’n donkie gelyk het. Ten spyte van die amateuragtigheid, het die gehoor soos een man opgestaan en hulle ekstaties toegejuig, en die spelers vyf maal laat terugkom op die verhoog. Ek het gewonder of aanhitsers in die gehoor geplaas is.

Sy het my na haar bedsitter onder die dak van ’n drieverdiepinggebou in Victoriastraat geneem. Ons het dagga gerook en begin liefde maak, maar toe ek my op my hande opstoot het ek my kop so hard teen die skuins dak gestamp dat ek uit haar geglip en in slierte oor haar bobeen gekom het. Sy het so gelag dat sy my naderhand van die bed afgestoot het.

Ek het my klere aangetrek en by die squatters se plek my goed ingepak, sodat ek die volgende oggend so vroeg moontlik kon vertrek. Ek het genoeg gehad van hierdie grys, altyd oortrokke stad.

Ek het sommer ’n kaartjie na Edinburgh bespreek, en deur die treinvenster na een swart gebou na die ander gekyk: Die hele Europa, sou ek ervaar, was deurweek met suurreën. Saam met my in die kompartement was ’n sneeuwit meisie met gitswart hare en ’n ring deur haar wang. Sy was in swart geklee en behang met skeermeslemmetjies. Dit het vir my gelyk soos ’n roep om suiwerheid, ’n statement dat as iemand aan haar vel sou skraap en deur haar donker uiterste sou priem, hy iets veel witters as die Engelse vlag sou kry.

© University of Pretoria

Ek het Loch Ness toe gereis, om te kyk of ek die monster in die dieptes kan sien. Saam met my op die boot was ’n Moslemvrou met die wonderskoonste oë sigbaar deur die spleet in haar hijab. By die gastehuis in Inverness in die straat waar MacBeth se kasteel glo gestaan het, het ’n Noorweegse gesin in die sitkamer gesit en wag dat ’n Engelse sitcom op TV begin.

Die venster in die trein op pad terug wou nie toegaan nie, en teen die tyd dat ek in Parys beland, was ek vol griep. By een apteek het die apteker geweier om my te help toe ek Engels praat, by die volgende het my Afrikaans ’n gulhartige vriendelikheid ontlok, waarna my Engels my ‘n pakkie MedLemon kon laat beding.

Ek het in my hotelkamer se bed gelê en vir drie dae lank televisie gekyk, en ontdek, seker omdat ek die Frans nie kon verstaan nie, dat dit die verveligste medium op aarde is. In Amsterdam is ek uitgeskel deur ’n groep Jamaikane naby die Walletjies omdat ek nie genoeg geld na hulle sin in hul goue kitaarkas gegooi het nie. In die Maritieme Museum was daar geen verwysings na Jan van Riebeeck of die Kaap as halfwegstasie vir die Verenigd Oost-Indiesche Kompanjie nie.

Ek het agter my neus aan gereis, maar dit het na net een rigting gelei: Duitsland. Op die trein na Keulen het ’n enorme Amerikaanse seesoldaat vir my gesit en frons. Ek het teruggestaar, en ons wedywering het vir etlike minute geduur tot ek vir hom gesê het, in Afrikaans, “Wat kyk jy?” Gelukkig was hy gedissiplineerd genoeg om sy balsak te vat en na ’n ander kompartement gegaan.

Op die stasie het ek ontdek dat Johann Wolfgang von Goethe pornografie geskryf het, en langs ’n polisiemotor aangestap wat besig was om ’n klomp sokkerbelhamels te monitor. Almal met hul hare kort geskeer, sommige met Nazi-agtige armbande, het hulle in die buurstraat afbeweeg en

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

plakkate van lamppale afgeskeur. Hulle het gelyk of hulle nie genoeg moed het om vensters te begin stukkend gooi nie.

In Frankfurt het ek te veel äpfelwoi gedrink, en in die Swartwoud een hele middag sokker gespeel met ’n groep Turkse werkers, terwyl ’n ouma eenkant traag in haar yl groentetuin werk. My Duits het my goed gehelp, of so het ek gedink, want in München het ek ’n biefstuk bestel en ’n enkele gekookte eier en ’n bord vol rou uieringe gekry. Ek kon ’n teaterstuk, waarin ’n vrou in ’n power suit kort-kort ’n sak vol aartappels oor die vloer uitgooi, net hier en daar verstaan.

Sover as wat ek gereis het, het haar naam in my kop verskyn, Annchen, Annchen. Waar sou ek jou kry, Annchen? Ek het langer in Duitsland vertoef as wat ek beplan het, en van die een burg na die ander geryloop, maar soos die geliefde in Hooglied van Salomo, kon ek haar nêrens kry nie.

© University of Pretoria

# Hoofstuk 28

VIR DIE Franse het my verhaal natuurlik eers daarna begin. Deesdae is daar ’n webtuiste vir veterane soos ek, vir die enkele mense wat nog hoegenaamd onthou. Weliswaar in Frans, maar daar sal dalk ’n skakel na ’n Engelse artikel wees, ek weet nie, ek het myself te lanklaas ge-Google.

Na Duitsland was ek moeg vir die koue, en ook nie lus om weer griep te kry nie. Ek het koers gekies na die suide, al langs die Bodensee deur Switserland na Frankryk. Eers het ek die verkeerde bus geneem en aan die slaap geraak ook nog, en toe verder geryloop. Die lorriedrywers, met hul ratatouille van Frans en iets anders, ’n dialek seker, kon my glad nie verstaan nie, en een het my summier uit sy trok geboender toe hy moeg word vir die gesukkel.

So het ek op St Flour beland. Die drywer het van die hoofpad afgeklim, want hy wou “oenamie” — ‘n vriendin — gaan opsoek. Maar toe verdwaal hy op ‘n plaaspad, en moes hy kilometers ver ry voor ons weer kon omdraai. Daar, met die sprokiesdorp in die verte in die mis, het ek totsiens gesê en verder gestap.

Moeg en voetseer het ek by die eerste die beste bar tabac ingeval, in die gehuggie aan die voet van die Middeleeuse stadjie. Dit was ook ‘n soort bistrot. Daar was net afvalwors en wyn beskikbaar so laat in die aand, maar ek het dit verorber. Begin die  meeste moderne feëverhale in Frankryk nie in ‘n tabac of ‘n bistro nie?

Want soos ek allenig en verlore daar gesit het, was die enigste een wat my raakgesien het die beeldskone meisie wat oor die toonbank gehang het nie. Hoewel sy soos die teenoorgestelde van die tradisionele fee gelyk het: met kort, swart krulhare en ‘n donker vel, en vol lippe soos die Portugese

© University of Pretoria

meisies s'n tuis, en geen teken van anorexia nervosa nie. Sy het verveeld gelyk, daar was niemand anders om haar oor te ontferm nie. Sy het dus oorgekom na my in my hoekie; ek het my hande mismoedig in 'n gebaar van oorgawe in die lug gehou toe sy my in Frans aanspreek.

"Hoe... is u ... siel..." het sy haar Engels probeer. Sy het gefrons soos 'n fee met 'n grief.

"Hoekom sit ek so alleen hier?" het ek haar gekorrigeer. Sy het geknik: dit sal voldoen.

"I'm lost."

"Vot is diz 'lost'?" het sy gevra. Sy het na 'n ander tafel geroep, waar 'n paar yslike plaaswerkers, omgewe van walms wat ruik na vrot kool, druk met 'n kaartspel besig was. Eers toe sy self begin skel, het een opgekyk.

"Lost, lost," het hy gesê, en sy vingers geklap terwyl hy die Franse woord probeer onthou. "Perdu," het iemand anders gesê, en toe was daar eers 'n diskussie: Wie het wat gesteel?

"Tu es perdu?!" het sy haar na my gedraai met 'n uitdrukking van volslae verbystering op haar gesig.

Ek het geknik. "Perdu." Sy het my aangestaar en toe begin lag. Ek het verleë saam gelag, en ons het dit naderhand uitgeskater, tot dit oorgegaan het in trane. Ek kon net nie ophou huil nie. Waaroor presies, het ek nie geweet nie: Londen, die drillende lorries, die triestige weer, die vreemdheid van alles. En sommer van verleentheid.

Toe sy agterkom iets anders is aan die gang, het sy my in haar arms geneem en gesus. Die kaartspelers het gesteurd na ons gekyk, maar agter my rug kon ek voel hoe sy iets aan hulle beduie.

Nadat ek bedaar het, het ons dronk geword so oor die lendelam tafeltjie terwyl ons mekaar probeer verstaan. Soos lawwe kinders het ons na alles gewys en die Engelse en Franse name aan mekaar geleer. En 'n bietjie Afrikaans. Toe het sy my

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

na buite gelei, terwyl sy al slingerend voortbabbel, met een woord wat elke kort-kort opduik, "bureau de poste". Ek moes aan 'n antieke lamppaal vasklou sodat ek nie oor die Middeleeuse keistene val van nog meer lag en trane nie: Dit het geklink sy sê ek kan 'n brief pos sodat iemand my kan kom haal.

Maar daar gekom, het sy begin grawe in haar handsak, iets wat sy kort-kort eers moes los om my kop uit haar boesem te hou. Uiteindelik het sy die sleutel gekry, en vir my gegee om in die sleutelgat te probeer kry. Sy het bokant die poskantoor gebly, het dit geblyk, want haar pa was die posmeester, wat gelukkig elders in die dorp gewoon het.

Odile wou haar doodgiggel toe ek vir haar sê 'n kondoom was 'n French Letter in Engels; sy het gesê dit lyk eerder soos "un dummié" aan die punt van my half-regop penis. Sy het begin hik, en teen die tyd dat sy dit uiteindelik onder beheer kry, was hy nog slapper. Toe ek die volgende oggend wakker word, was die kondoom nog daar soos 'n kous wat aan 'n wasgoeddraad vergeet is.

Odile wou niks daarvan weet dat ek weer vertrek nie. Na 'n paar dae van wyn, brood en chambon en lywe, het sy my aan haar pa gaan voorstel. Sy het hom oorreed om my vir 'n paar weke werk te gee.

"Hy kan lees en skryf," het sy sonder 'n sweem van ironie gesê, terwyl die oubaas agterdogtig na my kyk onder sy pampoenbaret uit. "En hy het goeie spiere," het sy bygevoeg, en my 'n blou knyp onder die tafel gegee. "Eina", het ek gesê, wat Odile later verduidelik het klink soos "y en a" — daar is. Gelukkig had die oubaas self bepaalde idees oor sy Engels, en wou hy iemand hê om dit mee te oefen.

Op my Flying Pigeon-fiets, verskaf deur die Chinese wassery by die straat af, het ek 'n bekende gesig op die bergpaadjies geword, met mense wat uitroep "Allo, Jac-O". Ek

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het weer so fiks geword soos ek laas op skool was, want ’n kommunistiese fiets is nie bedoel vir pieknieks nie. En met die reuk van natgeswete leer onder my blad, van die possak, was dit seker net ’n kwessie van tyd voor die versoeking hom voorgedoen het.

Eendag, toe ek stop om met die stuurstang teen my onderlyf die pos uit te sorteer, kon ek dit nie miskyk nie. Die liefderik gepoleerde, styf gepompte rugbybal, half verborge deur die gras op ’n walletjie langs die straatbord wat sê Rue de l’Ecole. Ek het soontoe gewaggel en gebuk om dit op te tel, maar kommunistiese fietse was ’n bietjie hoog, en ek kon die bal net dieper in die gras laat rol.

Een impuls het my aangepor om op die saal te skuif en met my werk voort te gaan. Die sterker een het my die fiets laat neerlê, versigtig om die briewe nie uit die leersak te laat stort nie, sodat ek die bal kon optel. Ek het dit half-onbewustelik gestel op die gras, en toe, in dieselfde roetine van bewegings wat ek soveel kere tuis gevolg het, het ek teruggetree. Ek het my verbeel ek voel die senuwees, my hande vuiste gemaak en weer ontvuis, en die bal geskop, oor die pad, oor die skool se draadheining, oor die rugbyveld en in die bome langs die rivier aan die anderkant. Ek het vergeet die bal trek verder in hoë gebiede.

Met die modderskerms wat klater soos ek die fiets oor die pad sleep in my haas om die bal te gaan soek, het ek om die skoolgrond gery. Ek is op met ’n voetpaadjie langs en agter die bome in, tot ek nie verder kon nie. Gelukkig was die bal maklik sigbaar, in ’n nes van eiketwyge soos ’n eier. Eers nadat ek die bal in my hande gehad en weer afgespring het grond toe, het ek die man in sy tweed-baadjie teen die skool se heining gesien leun.

“Vous jouez le rugby?” het hy gevra.

“Oui, Monsieur, un peu.” ‘n Bietjie.

© University of Pretoria

"Ce coup de pied lá, avez vous l'a donné?"

Ek het my kop geknik. Ek het die skop geskop. Ek het geweet wat kom, en terwyl 'n deel van my my teruggehou het, het 'n ander deel my hart in my bors laat bons.

So het ek dan weer rugby begin speel. Franse rugby in daardie tyd was ideaal. Afgesien van die groot stedelike klubs, was dit 'n spel vir dorpe, le rugby des villages, net soos "la soule" soveel eeue gelede. Plattelands. Daar was letterlik honderde klubs dwarsdeur Frankryk wat almal op dieselfde vlak was. Dit het my uitstekend gepas. Niks uit die buitewêreld kon jou raak as jy nie wou nie.

St Flour was nog meer afgesonder, buite die Midi-streek in die suidweste, met die bynaam "l'Ovalie", waar die eierbal die sentrum van alles was. Die katedraal van St Flour in die "haut-ville" het bo-oor die dorpsdele onder op die vlakte getoring, met die rugbyveld links onder langs die rivier gloeiend van die groen. Maar, het ek ontdek, daar onder was rugby deel van 'n onuitgesproke opstand teen die kerk en die establishment. 'n Spel vir Protestante.

Ook 'n spel vir almal, oor alle grense heen. Tydens een wedstryd teen 'n buurdorp wou die skrum net nie werk nie. Tot hulle vaskopstut uitroep teenoor die skrumskakel: "Maar Vader, hy probeer my knyp."

Waarop ons stut, Yves, sy kop opruk en vra: "Is jy dan 'n priester?"

"Ja, my seun."

"Nou maar foutes-toi, fok jou, Vader," het hy gesê en weer gehurk vir die inslag.

Op die dorp is ons is op die hande gedra. Die burgemeester was self 'n oud-rugbyspeler. Toe my Frans 'n bietjie beter word, het ek agtergekom mense "te" en "toi" pleks

© University of Pretoria

van “vous” my, asof ek ‘n permanente vriend in hul huise en appartemente was. Ek het omtrent nooit vir ‘n glas wyn, of drie, vier betaal nie.

Almal was geïnspireer deur die tweede mirakel van Lourdes. Net in Frankryk is rugby, en nie sokker nie, die “beautiful game” genoem, le beau jeu, en dit was in Lourdes waar “le rugby panache” verder ontwikkel is. Dans les villages het die spanne dikwels die reëls verander om die spel lewendig te probeer hou.

Dit het gepaard gegaan met vele skermutselings, ‘n groot gestryery vir minute lank waartydens ek maar eenkant staan en wag het, want my Frans was te stadig en sonder dialek. Maar ek kon wel agterkom dat allerhande geskille oor familie, skuld en vrouens ingesleep word. Dikwels sou ‘n speler sommer van die veld af stap en huis toe gaan. Dit was eintlik net ‘n probleem as hy die bal saam met hom gevat het.

Ons skeidsregter was nie na aan God of selfs ’n priester nie, hy was die kortasem slagter in sy blou en wit voorskoot met die bloed van onskuldige lammers nog daarop. Hy het groot moeite ondervind om by alles by te hou, al het sy kort beentjies soos stange gepomp. Teen die tyd dat hy ’n losskrum bereik het, het veel gebeur wat nie in goeie geselskap genoem kon word nie.

Dis alles daar, in artikels geskryf en herhaal ad nauseum, in Frans, Engels, Afrikaans, Italiaans, Spaans, Bretons, Oksidentaal en Baskies. Hoewel niemand nou meer belangstel in die legende van Jac-O, of dit eers onthou nie. Al wat kortkom is ‘n beskrywing van die après-match, die troisième demi-temps, wanneer daar gefuif is tot die regte hane kraai. Laat ons maar net sê ek het nie teruggehou nie, ek wou inhaal wat ek in Natal gemis het.

© University of Pretoria

Aide sociale, het hulle die kontant en sogenaamde lenings vir nuwe besighede genoem wat ons onder die tafel gekry het. Daar was 'n hele netwerk ondersteuners om 'n mens te help met 'n goedkoop kar, 'n lekker appartement op die Middeleeuse mure, les vacances in Nice of Cannes. In ruil daarvoor moes jy net sorg jy het jou roes afgeslaap en is weer fiks teen die volgende Sondag se wedstryd. En "oncle" sê vir die burgemeester en sy klein mafiatjie wat die president van die nasionale unie, Albert Ferrasse, probeer na-aap: Daar was eindelose berota-speletjies en jagpartye dieper in die Auvergne, en verder suidwes in die Pyrenées, waar rugby se eintlike hoofkwartier was.

Ek is gepromoveer na 'n lekker lessenaarjoppie in die poskantoor, waar ek omtrent niks hoef te gedoen het nie. Daar het ek iets nuuts ontdek: 'n elektroniese netwerk agter die skerms waarmee tegniese précises aangestuur is, partykeer van Amerika af. Verhoudinge tussen die twee lande was veronderstel om swak te wees nadat Charles de Gaulle Navo-basisse in Frankryk verbied het, maar die poskantoor is gebruik om inligting van rekenaar na rekenaar aan te stuur. Die wonderwerk was dat jy toegang kon kry van enige poskantoor af.

Ek het 'n manier gevind om artikels oor die jongste ontwikkelinge in die kernfisika te bekom, aanvanklik in Engels, toe my Frans nog nie op dreef was nie. Daar was so 'n oorvloed, ek kon kies en keur. Dit was midde-in die big bang van nuwe teorieë oor die kosmos, en dit het my dag en nag besig gehou terwyl ek alles probeer uitpluis.

Daar was geen probleem om 'n uitgebreide werkspermit te organiseer nie – "ons het met Tonton self gepraat", het die burgemeester gespog oor sy kontak met Oom Bebert Ferrasse se bende.

© University of Pretoria

“Dit was nie die plan nie,” het my ma ontevrede oor die telefoon gesê, toe ek na die eerste paar maande aankondig ek kom nie gou terug nie. Ek het haar eenmaal per week gebel, ‘n gratis oproep georganiseer deur ‘n klubondersteuner.

“Mis jy nie Suid-Afrika nie?”

“Natuurlik mis ek julle almal,” het ek sonder om te dink geantwoord. En besef ek is besig om te jok. Avokado’s, lemoenpampoentjies, nartjies... soms kon ek my lus nie hou nie, maar dis gou weggesluk deur mousles et frites, ‘n cassoulet of ham uit Bayonne.

“Ek het dit nie te breed hier nie,” het sy geskimp.

“Ma,” het ek haar daarop gewys, “in Suid-Afrika sit hulle my op die eerste die beste army-trein na Pretoria. Ek sal geen inkomste hê nie. Hier verdien ek darem ‘n klomp geld.”

“Ja, maar my pensioen is ook maar...”

Dit het ‘n ritueel geword, sulke klagtetjies, en dan het ek maar ‘n ietsie vir haar gestuur, sommer franke in ‘n koevert.

Twee jaar het verby gevlieg. Die werklikheid het weer ingegryp in die vorm van ‘n flikkerende stel swart-en-wit tonele van swartmense wat saamdrom, oor strate storm en terugsteier teen wolke traangas: Soweto. En een foto weer en weer, van ‘n huilende kind wat ‘n seun in ‘n skooltrui in sy arms dra.

Ek moes die mense om my stilmaak om te hoor wat op die televisie op ‘n tafel in die hoek aangaan. Hulle het eers geïrriteerd saam gekyk, en toe met ‘n soort respek, toe hulle begin onthou ek kom van Suid-Afrika af. En toe skok: “Mon Dieu, tirer les enfants?” God, kinders skiet?

Die onluste het die nuus vir ‘n paar dae gedomineer en toe nog vir weke en maande aandag gekry. Maar na ‘n ruk was dit ook net nog ‘n item, oorskadu deur nuwe onthullings oor

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Khmer Rouge in die voormalige Franse kolonie Kambodja. My ma het laat weet dat al haar bure haelgewere aangeskaf het, maar dat alles so kalm soos gewoonlik was. Die regering het gesê 'n noodtoestand was nie eens nodig nie. Die opstand kon net sowel in 'n ander land gebeur het.

Maar dit het my snags wakker gehou. Van Frankryk af was dit duidelik iets groots aan die gang was. Ek moes iets doen. Maar wat? Weer het ek my opstel opgediep, en dit begin oorskryf, in Frans. Odile het al die foute reggemaak, maar die wind uit my seile gehaal: "Dit klink vir my soos 'n paar wedstryde wat ek al gesien het. Dis reg, by die Stade Colombes in Parys!"

Nogtans, by die volgende sosiale byeenkoms het ek die burgemeester gevra om ook iets te mag sê. Toe die oomblik kom, het my brein skielik toegeslaan. Al wat ek wou doen was om die opstel uit my binnesak te haal en te begin lees. Maar my hand het net my lapel reggestryk, en toe ek weer na myself luister, was ek besig met 'n stotterende verontskuldiging.

"Ek distansieer my geheel en al van die optrede deur die Suid-Afrikaanse polisie en verwerp apartheid. Ek onderneem om nie weer terug te keer voor Nelson Mandela vrygelaat is nie." En toe het ek gaan sit, uitasem van die enkele woorde. Eers was daar 'n wat-nou-stilte en toe het almal beleefd hande geklap.

Dit was 'n verleentheid. Ek was te jonk vir so iets om enige effek te hê. En waar was al my toespraakvermoëns heen? Waar het my onderneming oor Mandela vandaan gekom? Ek het omtrent niks van hom geweet nie, net 'n enkele foto van hom as 'n bokser in Paris-Match gesien. Ook 'n sportman. Tog is my woorde herhaal in 'n kort beriggie in die plaaslike koerant. Op 'n dag bel iemand uit Toulouse: 'n Verslaggewer is gestuur om 'n onderhoud met my te kom voer.

© University of Pretoria

Paniek het my beetgepak. Wat gaan ek vir hom sê? En sê nou maar die Suid-Afrikaanse ambassade hoor daarvan? Kon hulle nie moeilikheid maak nie? Ek moes eers om die mure gaan draf om van my onverwagse senuwees ontslae te raak.

Op die ou end het dit goed afgeloop. Te goed, kan ‘n mens sê. Skaars ‘n week later was daar weer ‘n oproep. Die Club Toulouse-Est se vise-president wou met my praat. Sou ek belangstel in ‘n studiebeurs by die universiteit? Hy was self ‘n wiskundige daar en het gehoor ek studeer kernfisika in my vrye tyd.

Hoe kon ek so ‘n aanbod weier? St Flour se mense het gemaak of ek die grootste verraaier is. By die eerste oefening na my aankondiging het Yves die stut my oor die gras gesmeer en gesnou: “U peu du caramel au Toulouse pour toi.” Karamel... die woord vir ‘n harde lak. Maar dit was eintlik deel van ‘n groot gekskeerdery. Op die ou end het almal my voorspoed toegewens. Odile? Sy sou eenvoudig saamkom, het ek aangeneem. My beurs was groot genoeg om ons albei te onderhou. Met haar swoel donkerte sou sy maklik inpas by die mense van die suidweste.

Daar was ‘n prys om te betaal. Na die onluste het anti-apartheidstakke oral opgespring. Dit sou goed vir die klub se beeld wees, het die professor gesê, as ek af en toe opstaan by ‘n byeenkoms en iets oor apartheid sê. Toulouse was die sentrum van die nuwe lugvaartnywerheid en die tegniese tipes het oorheers, dié met opvouskuifliniale permanent in hul bo-sakke. Maar daar was ook baie studente uit Noord-Afrika. Almal het nog van 1968 en die sokkerspelers onthou wat tydens die Algerynse oorlog na die rebelle oorgeloop het.

Ek het gewilliglik deelgeneem. Solank dit sy deeltjie bydra in die stryd teen ‘n bose stelsel... Die byeenkomste selfs was altyd interessant, hoewel soms ‘n bietjie van ‘n mynveld; ‘n

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mens moes leer om te onderskei tussen die black consciousness-tipes wat skaars 'n baguette kon eet want dit was te wit, en die foie gras-kenners van die ANC. Daar was skielik meer swart Suid-Afrikaners, elke kort-kort het 'n verwilderde jongman onsamehangend probeer vertel van begrafnisse en one for all en all for one, in die land van D'Artagnan. Die Franse Afrikane het die beste sin vir humor gehad; daar was die aktivis van Kameroen wat maar net nie uit die tronk kon bly nie – in elke Afrikaland waarheen hy gevlug het was daar 'n coup waarvan die sersante en kolonels pêlle was met die Kameroense regering.

Na die eerste bietjie senuwees, het al die ou lesse my optredes beter en beter gemaak. Naderhand het die storie sy eie loop geneem: hoe ek uit Suid-Afrika vir diensplig sou gevlug het en deur middel van rugby 'n nuwe tuiste in Frankryk gevind het, in die potpourri van vreemdelinge in kosmopolitaanse Toulouse. Ek het selfs my opstel gepubliseer gekry in 'n obskure joernaal, nie dat dit veel kommentaar ontlok het nie. Maar 'n joernalis het dit raakgesien, summier verdraai, en my storie het nog 'n stertjie bygekry: Op die ouderdom van tien reeds het ek my politieke ontwaking ondergaan.

Ek het eers begin ongemaklik raak toe die mite ontwikkel dat ek weer begin rugby speel het as 'n politieke daad in eie reg, om die apartheidstaat te tref waar dit die seerste maak: In sy Afrikanerballs.

Dit was nie so nie. Ek het weer begin speel omdat ek dit nie kon help nie. Dit was te lekker. Met Odile wat langs my lê was alles na aan volmaak. Selfs my gevoelens oor skuld en sonde, my obsessie, het getaan. Daarvoor het die Franse se obsessie met filosofie gehelp. Sartre was nog hoog in die mode: 'n Mens is wat jy is, voor jy dink jy is wat jy is. Hoewel ek as

© University of Pretoria

losskakel 'n aanhanger van Descartes probeer passe wees het: Cogito ergo sum.

Die kerk het ook sy eiertjie gelê. Een burgemeester het 'n lang toespraak gehou oor rugby wat gebou is op "hoop, geloof en liefde". Hoop kon jy nog sien as toepaslik vir 'n stut of 'n slot wat begin hardloop met die bal, soos net die Franse kon. Geloof was die gebied van die skakels; ons het seker geglo in wat ons doen met 'n passe sautée, 'n oorslaan-aangee, maar liefde as sinoniem met die agterlyn? Ons het almal ewe veel gescore onder die gewillige vroulike ondersteuners op die buurdorpe.

Die kerklike hoek het my weer aan die wortels van rugby herinner. 'n "Tip-tackle" is nie verniet 'n "cathedrale" genoem nie. Die kollektiewe skuld in rugby, het ek agtergekom, strek terug tot in die Middeleeue, en ons betaal nou nog daarvoor. Vandat 'n koning "la soule" vir die eerste keer verbied of aan bande gelê het, het die skuld opgebou. Om vuil spel in Frankryk uit te roei, die "plaquage retardement" is die wonderlike eufemisme vir die laatvat, is 'n onbegonne taak: die eerste episode in die spirale van wraak en weerwraak het lankal in die newels van 'n millennium gelede vervaag.

Na die eksistensialisme was dit Nietzsche en Foucault, en laasgenoemde, of sy lesing van Spinoza het perfek in my skema gepas: 'n Slegte gewete, het hy geskryf, ontstaan wanneer dinge verkeerd loop. In rugby is dinge gemaak om verkeerd te loop, met die spring van die bal. Jou teenstanders se foute gee jou die kans om van jou skuld en slegte gewete te ontsnap — tot hulle meer punte as jy aanteken, in elk geval.

Maar die Franse was almal een voor. Hulle kon insien dat die ware ontsnapping moontlik is alleen in die enkele gevalle waarin alles werk, in die skoonheid van die spel. Miskien is dit wat die burgemeester bedoel het met liefde: 'n

© University of Pretoria

vloeiende agterlynbeweging wat uitloop op ‘n drie onder die pale. Skielik blom alles.

Net snags het die feëverhaal gewyk vir iets nader aan die werklikheid. Ek het my drome bly droom. Van God as skeidsregter wat die reëls nie ken nie, en van Annchen. Die drome het al meer kompleks geword, maar altyd was daar ’n telefoonoproep, of ’n blou brief, of ’n boodskap van ’n verlangse kennis wat my aanspoor om haar te gaan soek, in die hoop dat sy my tog weer sou wou sien. Maar altyd wannneer ek daar opdaag, in my droom, was sy weg, of op pad iewers heen.

En ek het gedroom van vingers in ’n ring gevorm, en hoe dit verander in die stadium van ’n vuurpyl wat wegval, en dan sou ek met ’n kreet wakker skrik. Odile moes my eers tot bedaring bring, deur soet Franse woordjies in my ore te fluister tot ek bedaar het en weer kon slaap.

Ek het haar nooit vertel van enigiets nie – trouens, ek het nooit met enigiemand oor die gebeure van daardie tyd gepraat nie. Ek het ’n paar keer na Duitsland gereis, na Wes-Berlyn, na Bonn, ook na Oostenrykse stede soos Innsbruck, maar ek kon Annchen nêrens kry nie.

Na vier jaar was naturalisasie ‘n amperse formaliteit, ook met aangepaste prosedures deur Ferrasse se manne. Nou was ek bekend as Jacques Blignault, ’n belowende Franse losskakel, en my bynaam Jac-O, met ‘n Engelse O uitgespreek, het gou in die Franse media posgevat.

Toe ek weer sien is ek vir die junior span na Argentinië gekies. Dis toe dat die Suid-Afrikaanse pers die storie ontdek. Ek moes ’n paar taai lesse leer. Ek sal nooit verstaan hoe dit moontlik is vir joernaliste om verskeie biere saam met jou te drink en te bieg oor hul eie vertwyfelinge oor “hoe dinge besig is om skeef te loop” onder apartheid, en dan millimeters te

© University of Pretoria

stop in hul stories van jou ’n verraaier noem nie. Ek was net ’n mindere celebrity in Frankryk, en ook net in die suidweste waar rugby geheers het, maar in Suid-Afrika was dit ’n ander storie.

My ma het altyd twee koerante of tydskrifte gekoop as daar ’n artikel oor my daarin was. Een is gebruik om haar jongste album met knipsels te vul, en die tweede het sy na my gestuur per lugpos. ’n Onderwyser is aangehaal dat ek ’n probleemkind op skool was, en dat klasse dikwels weens my argumente met onderwysers gestop moes word. Ook dat ek die idee van dissipline verwerp het. ’n Ou skoolmaat het gesê ek het seksuele probleme gehad. My spanmaat Benoit het net gelag toe ek dit vir hom vertaal.

“Alle tieners het seksuele probleme,” het hy gesê. “Dis waarvoor daar prostitute is.”

Daar was insinuasies dat die Franse “sissies” was, bekend vir hul lafhartigheid en gebrek aan dissipline. Hulle het glo die neiging gehad om sommer op te gee en net te maak of hulle verder speel as sake, veral die interpretasie van die reëls, nie na hul sin verloop nie. Dit was waar. Die Franse het destyds nie geglo dat die skeidsregter God was, of ’n ajatolla met die laaste sê nie. Reëls was vir die guillotine.

Maar al hierdie dinge en nog veel meer, kon ek oorkom. Ek het ’n onfeilbare manier gekry om joernaliste op ’n afstand te hou: Bullshit soveel as wat jy kan. Dit hou hulle so besig met wat hulle “wild-goose chases” noem dat hulle vergeet om jou swart te smeer. En die voordele daarvan om ’n onbetroubare bron te wees, is legio.

Wat wel deur my skanse van sinisme gedring het, was die behandeling wat my ma gekry het. My storie het ’n nuwe vlak bereik toe ek aankondig ek sal nie vir toere na Suid-Afrika beskikbaar wees nie. Ek was skrikkerig, het ek gesê, dat hulle my sou arresteer as ’n droster, wat goed genoeg was vir die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Franse keurders. Maar ek wou wel ook 'n standpunt inneem, en het dus teenoor almal wat genoeg belang gestel het, erken ek boikot my vaderland.

Ek het die fout gemaak om aan 'n verslaggewer, wat ek gedink het my goedgesind was, my ma se adres te gee vir 'n foto.

PRAAT MET MY, SÊ JOINER JACO SE MA, het die plakkate in Suid-Afrika gesê.

Ek het gou genoeg daarvan te hore gekom, toe die eerste Afrikaanse joernaliste my in Parys bel, waar ons voor die toer byeengekom het. Dit was voor die dae van skakelbeamptes en bemarking. Ek het gesê ek weet niks daarvan nie. Maar ek het myself skeef uitgedruk omdat ek toe meestal in Frans gedink het. Die volgende dag het die berigte gesê ek BEKEN dat ons nie met mekaar praat nie.

My ma was ewe omgekrap toe ek haar bel om te hoor wat aangaan: "Maar ek het eenvoudig gesê ons sal nie met mekaar kan praat nie, want dis te moeilik met die fone na Argentinië."

Fotograwe het intussen pal stelling ingeneem in hul karre voor haar huis. "Wat moet ek doen, Jaco, ek is nie gewoond aan hierdie dinge nie?"

Ek het dié nuus met 'n skielike angs aangehoor wat my maag laat draai het.

"Ma," het ek gesê, "verkoop die huis. Kry 'n nuwe plek en moenie die adres ooit-ooit vir enigiemand gee nie."

"Die huis! Verkoop!"

"Ek kan nie verduidelik nie, doen net wat ek sê."

Sy was reg, het ek gedink; ek was net paranoïes. Of was ek? Die ASG... Hulle soort sou niks daarvan dink om haar te terroriseer nie. Ek het op en af gestap in die kamer wat ek met Benoit gedeel het, tot hy my tot stilstand gegrom het. Ek het

© University of Pretoria

op die rand van my bed gesit en staar na die gordyne, wat ek liewer nie oopgemaak het nie.

Die volgende dag het sy weer gebel, in trane. Sy het daardie oggend 'n dooie haan op haar stoep gekry. Sy het alreeds 'n afspraak met 'n eiendomsagent gemaak.

"Waarin is jy betrokke?" het sy gevra.

"Niks nie. Net rugby."

Of was ek betrokke by meer as net rugby?

My ma kon na 'n huis in Johannesburg trek waar sy 'n werk gekry het om besig te bly, en ons kon daarin slaag om haar adres geheim te hou. Ek het nog meer geld gestuur. Maar die anti-apartheidsmense se paranoia het my nou ook beetgepak.

Die enigste teken dat ek wel dopgehou word, het gekom op 'n dorpie in die campagne toe 'n vrou wat kwansuis parfuum verkoop in my vasloop. Omdat sy Afrikaans gepraat het, het ek haar vir middagete genooi. Na 'n paar minute het ek besef, geamuseerd, dat sy 'n  agent of iets moes wees. Ek kon sien dat sy op haar beurt besef ek het haar uitgevang.

"Wil jy nie graag iets aan jou moeder stuur nie?"

"Soos wat?"

"Soos 'n bewys dat jy OK gaan wees. Geen probleem vir enigiemand nie."

"Miskien kan jy my daarmee help."

"Dit sal maklik vir jou wees om OK te wees."

"Is ek dan in die moeilikheid?"

"Nie solank jy jou by rugby hou nie."

"Wat anders is daar in die lewe?"

"Jy het 'n geskiedenis, het jy nie?

"Soos almal van ons."

Sy het haar goed bymekaar gemaak by die tafel op die sypaadjie en opgestaan om te groet. Ek het haar gevra of sy bed toe wil gaan saam met my.

© University of Pretoria

"Ek's nie daardie soort hoer nie," het sy gesê.

Maar aan die voet van die trappies wat haar na die straat en haar motor sou neem, het sy omgedraai en gesê: "Ek doen nie seks op die job nie."

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Hoofstuk 29

ALLES WAS in ’n oogwink verby, soos ’n briesie in die populierlaning hier langs die rivier in Lavoute-sur-Loire. Dit was dertien, veertien jaar van rugby en feesvier, maar dis die cliché wat ander gewese spelers ook gebruik: Binne ‘n Oogwink. Soms word ek snags wakker, en dan neem dit ’n ruk voor ek besef dat ek nie in die een of ander hotelkamer is nie. En as ek dan aan al die wedstryde op al die vastelande probeer terugdink, loop alles ineen, en vind ek dit soms moeilik om te glo dat dit nie alles wel ’n droom was nie.

Ek was in en uit die nasionale span, en op toere het ek meer vir die Woensdagspan as die toetsspan gespeel. Politiek was hier ook in die middel van alles; ek het vrede daarmee gemaak. “La France qui gagne,” was die slagspreuk, oorgedra uit Charles de Gaulle se tyd. Dit het le rugby panache, veral bedryf deur vreemdelinge, bedreig.

De Gaulle was so erg oor rugby dat hy kabinetsvergaderings tydens Vyfnasie-wedstryde verdaag het. Aan die een kant het dit ‘n verdere skakering van le Resistance aan Franse rugby gegee, le rugby champagne was op so ‘n omslagtige wyse ‘n standpunt teen fascisme. Aan die ander kant wou De Gaulle Frankryk sterk maak na die mislukkings in die jare vyftig van die Olimpiese spanne.

‘n Nasionale elite van sportmanne en vroue is opgestel om ekstra aandag en hulp te kry. My naam het op die lys beland; nog meer aid sociale het na ons kant toe gekom. My deelname aan les Bleus het ook gehelp om die gewete van die Franse oor apartheid te stil. Dit was alombekend dat Albert Ferrasse dik pelle met Dok Danie Craven was en nie dieselfde as die res van die wêreld oor boikotte gevoel het nie. Gelukkig kon ek nie ‘n fiksheidstoets slaag vir die toer na Suid-Afrika en

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

‘n finale besluit oor deelname was nie nodig nie. Ek het nie die onvermydelike verkeerde persberigte dat ek wel die toer geboikot het, reggestel nie.

Op die veld is ek soms ‘n skoppende losskakel genoem oor my Suid-Afrikaanse wortels, Frankryk se antwoord op Gerald Bosch en Naas Botha. In die volgende asem was ek die opvolger van Jean Gachassin in die glorieryke dae van “les Boni”, die Boniface-senterbroers wat almal stukkend gehardloop het. Dit het maar afgehang watter kant aan die wen was in die debat tussen “le beau jeu” en “le jeu dur”, die mooi spel en die tawwe spel. Dit was in die tyd van die Beziersklub se oorheersing, met sy verstikkende voorspelerrugby, en sy “tortue”, of skilpad van ‘n losgemaal, nes dié van die Springbokke deesdae.

Ek was gelukkig na my uittrede. Nie almal kon die skielike val van relatiewe roem na “la vie ordinaire” hanteer nie. Soos die sokkerkasspeler Green Tim, vasgeval by die Feë se Skoorsteen wat eintlik net ‘n weerbarstige stuk rots is, het ‘n paar rugbyspelers die kluts kwyt geraak. Geen beter voorbeeld as Marc Cecillon, die kaptein van die generasie na ons, wat in die tronk sit nadat hy sy vrou tydens ‘n alkoholiese rusie doodgeskiet het nie.

Wat my gered het, was dat my universiteitstudie nie bluf was nie. Dit was die beste tyd vir ‘n kernfisikus – dosyne nuwe partikels, denk-eksperimente, chaosteorie, vibrerende superstringe, die tien dimensies, donker materie, M-teorie… waar hou ‘n mens op.

Wiskunde het ook met finansies gehelp. Baie van die aid sociale kon ek in ‘n spesiale rekening wegbêre. ‘n Vriend wat ek op ‘n “rejouissance” na ‘n wedstryd ontmoet het, het my gewys hoe. Ons het gespeel met verbande van die verskillende Europese lande en allerhande ander finansiële instrumente,

© University of Pretoria

afgeleides en so, en my bankbalans het met huppe en stote gegroei.

Alles het nie klopdisselboom verloop nie. Op die ou end was my agterstand weens die Frans, en my eie beperkinge, net te groot, en het ek tou opgegooi om my doktorsgraad te probeer kry. Maar die mense by Toulouse het vir my ‘n pos by die CERN-versneller buite Genève bewerkstellig. Daar was baie sleurwerk, al daai duisende borrelkamerfoto’s om te ontleed tussen honderde ander mense soos ek, maar dit het my toegang gegee tot die jongste ontdekkings.

Op 27 het ek met Minette getrou, ’n apteker wat ek tydens ‘n seminaar in Parys ontmoet het. Die troue was in St Flour, waar dit alles begin het – Odile het ’n opruiende toespraak gemaak waarin sy die Legion d’Honneur opeis omdat sy my oorreed het om my in Frankryk te vestig. Minette en ek het twee dogters, en ek kan nie veel meer van die lewe vra nie.

Na twee dekades van rugby moes ek ophou. My liggaam kon dit nie meer vat nie; ek moes net te veel kere die drempels van pyn van voor af aandurf. Vandat ek en Minette getroud is, het sy by my oor my beserings gekla. ’n Mens sal dit dalk kan opdiep in die argiewe, as jy soveel moeite wil doen, die knipsels oor my afwesighede, soos met enige ander speler. Maar dit sal nie regtig vertel van die stukke vlees wat ek in operasies verloor het nie, asof deur ’n slang se gif weggevrot. Van die staalpenne in my skakels, wat soms die spooksmaak van roes na my lippe bring. Of die skaars merkbare maar permanente hinkstappie wat ek in my veertigerjare ontwikkel het.

Teen die tyd dat ek my skoene na die laaste klubwedstryd opgehang het, in my dertigs, was die hele wêreld aan die verander. Die VSSR het begin uitmekaar val, daar was elke dag onluste in Suid-Afrika en in die Midde-Ooste het vrede skielik moontlik gelyk.

© University of Pretoria

Die Franse het probeer vasskop, omdat hulle nie le rugby des villages wou prysgee nie, maar na 1995 was dit dwarsdeur die wêreld ‘n professionele spel. Die kersie op die koek was toe almal ons rugby panache begin speel, en die reëls selfs daarvoor herskryf, net soos in die villages francaises. Die oorname deur televisie was totaal, en het die wurggreep van Suid-Afrika en Nieu-Seeland met hul koloniale nasionalismes verbreek. Dit het inderdaad ’n aantreklike sportsoort geword, met ekstra dimensies by.

Apartheid het vergete geraak, en daarmee daardie deel van my legende. Ek het dit nie gemis nie. Ek was al moeg vir my eie storie: Hoe ek van my ver-regse opvoeding en my ver-regse pa ontsnap het deur feiltik oor die Atlantiese Oseaan te swem. Maar die Franse is nou maar eenmaal intellektuele, en ek het ontdek ek was nogal in aanvraag as ‘n teoretikus oor rugby. Veral my idees oor oersonde in ‘n land met soveel kerke, katedrale en ateïste.

‘n Ander tema was juis die ekstra dimensies van die nuwe era in rugby. Daarvoor sou ek my ou allegorie ophaal oor die interkontinentale veldslag, oor die suidelike Indiese Oseaan heen.

Verbeel jou nou dat jou oog afwaarts getrek word, deur die stormagtige atmosfeer, deur die woelende wolkemassas, wat naderhand in grys flardes verbyvlieg. Wat sien jy in die bultende waters met hul flitsende en tongende kruine? Niks minder nie as ’n lendelam vlot, soos dié van die Medusa in Théodore Géricault se skildery.

Die dag toe ek die meesterwerk die eerste keer gesien het, was ek reeds moeg van al die staan en loop, staan en loop, in die stadige maalstroom van toeriste in die Louvre in Parys.

© University of Pretoria

Maar die ontsagwekkende toneel voor my, het my langer laat vertoef, sodat mense teen my aangebondel het.

Waar het ek dit voorheen gesien? Al hierdie massiewe hompe vlees, die feitlik naakte lywe in mekaar verstrengel, die een meer desperaat as die ander. Met die perspektief van ‘n enorme krag wat die hele wrakstuk oopvlek voor jou oë. Waar? In ‘n skrum, het dit my soos ‘n donderslag uit Géricault se wolke self getref. Die sout en see, bloed en vrees kon ek proe en voel, so lewendig was die olie op die doek, maar dit het iets anders ook opgeroep: Die reuk van sweet, vars bloed en verminkte gras.

Ek het gaan oplees oor Géricault, wat studies van die menslike anatomie in die tradisie van Leonardo da Vinci gedoen het. Massiewe skilderinge van arms, bene en torso’s, soos dié deur Goya van Jupiter wat sy kinders verslind. Gericault s’n het gelyk asof hulle in ’n bourgeois slaghuis uitgestal kon word.

Dieselfde estetika is vandag in rugby op die TV te vinde. Da Vinci en Gericault, en ander soos Michelangelo en Caravaggio, het gewys dat hope ledemate aantreklik kan wees. Da Vinci word nou, in ons menseregtelike moderne tye, van nekrofilie beskuldig – sy reputasie word net gered deur die erkenning dat die opsny van lyke die basis van die moderne Westerse wetenskap was. Gericault was nie so gelukkig nie: Hy het amper sy verstand verloor weens sy werk met die dooies en kannibale van die Medusa.

Ek wil nou nie beweer dat rugby Géricault se reputasie gered het nie. Maar dis alles aanwesig, elke Saterdag, in wedstryde wat van alle kante van die wêreld af gebeeldsend word: Die wrakstuk van die skrum met sy dosyn of so oorlewendes. Al daardie ledemate inmekaar gepas in allerhande posisies, wat ook uit ’n orgie in ’n avant garde-rolprent kon gekom het.

© University of Pretoria

Géricault was op die ouderdom van ’n gevestigde internasionale rugbyspeler toe hy sy meesterstuk geskilder het. Replikas is deur honderde duisende mense in Parys en Londen gesien. Om die skildery te kan maak, het hy vir agttien maande lank onderhoude met die kannibalistiese oorlewendes gevoer en modelle van die vlot gebou. Hy het openbare teregstellings bygewoon om die warm lyke agterna te kan bestudeer, en stukke van kadawers uit die lykshuise na sy ateljee gedra vir voorstudies. Hy het ’n kop sommer op die dak van sy ateljee gestoor.

TV het dieselfde aan rugby gedoen. Eers kon allerhande onderduimshede nog voortduur omdat daar nie so baie kameras was nie. Maar deesdae is alles daar, in dieselfde lig as dié van die Verligting, nes in Géricault se skildery. Kannibalisme was eers algemeen in die skrum; om gebyt te word was iets alledaags. Nou sal die kameras dit onmiddellik optel, en daarom het dit uitgesterf.

Net vyftien jaar nadat TV-rugby in Suid-Afrika ingestel is, het die regering van FW de Klerk, die konserwatiewe Nasionalistiese aristokraat, vir Nelson Mandela vrygelaat en drie politieke partye ontban, insluitende die kommuniste, wie se kamerade in Europa self moes ingee teen die TV-kultuur wat oor die Ystergordyn versend is.

Die volgende groot stap in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse demokrasie was die instelling van die kykweer-funksie tydens rugbywedstryde. Oersonde is erken, en aanvaar, omdat dit nie meer weggesteek kon word nie. Spelers is ’n paar kanse gegun, want hulle kon dit mos nie verhelp nie; daarna het ‘n nuwe meganisme in werking getree. Kon dit ‘n ander naam as die “Sin Bin” kry?

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Toe het die ontwerpers van die nuwe rugby die gruwelike foute van die skeidsregter aangepak. Waar laasgenoemde in die verlede soos laksmanne van die guillotine was – hulle kon nie enige beslissing herroep nie - moes hul nou van hul dade na Bo verwys, na die panoptikon, die alsiende oog van die onsigbare videoskeidsregter om uitsluitsel oor drieë te kry.

Die reg tot die kleinste, intiemste detail het die norm geword, in 'n manifestasie van die gees van die nuwe Suid-Afrikaanse grondwet. Teen die tyd dat die Waarheids- en Versoeningskommissie op dreef gekom het, was die rugbymal wit publiek gereed vir die metodiek: Enige steen kon omgedraai word in die onthullings oor die martelings, die derde mag, die geheime eenhede en organisasies...

Tienduisende kilometer verder het ek met my hart in my keel die berigte oor die kommissie gelees. Teen daardie tyd het ek essays vir allerlei tydskrifte en joernale geskryf, en is ek na Suid-Afrika gestuur om lang onderhoude te doen, met mense soos Uli Schmidt, André Markgraaff en Kobus Wiese.

Ek het op een van daardie stryerige TV-programme beland, maar my Frans was nie rats genoeg vir die bedryf van "ridicule" wat nodig was om te oorleef op so 'n kringloop nie. En daar was 'n leemte. Wat dit presies was, kon ek nooit vaspen nie. Soms het ek myself betrap dat ek sit en wonder of Annchen nie dalk iewers op die verkeerde kanaal sal inskakel, of toevallig op 'n Franse koerant met 'n verdwaalde foto van my, sal afkom nie.

Die Waarheidskommissie het alles op 'n punt gedryf. Naderhand kon ek dit nie meer hou nie, maar ek moes dit agter Minette se rug doen, want dit was steeds deel van my geheime lewe, wat ek nog steeds met niemand anders as Pierre

© University of Pretoria

Vos bespreek het nie. Ek het gemaak of ek besigheid in Suid-Afrika het ("le nouveau réacteur nucléaire a Koeberg, tu ne le connais pas?")

Ek kon nie verder as  my hotelkamer onder Tafelberg, 'n hanetreetjie van die parlement af, kom nie. Ek het eenvoudig nie die moed gehad om na enige van die sessies te gaan nie. Ek het my televisistel pal aangehad, die gordyne toegetrek en die Do Not Disturb-teken aan die deurknop gehang.

Nie al die verrigtinge is gebeeldsend nie, maar daar was genoeg om my 'n permanente hol kol op my maag te gee wat eers verdwyn het toe ek terug in Genève was. Die oorsaak daarvan was kennis van myself. Want soos die een na die ander geheime agent en "need to know"-funksionaris gebieg het, het die besef hom oor en oor aan my opgedring: *Ek kon een van hulle gewees het.*

Ek het geweet, voor my siel, daar in die spieël in die hotel se badkamer, dat ek dieselfde pad sou geloop het. Ek, die baster, soos Paul dit uitgespel het, met my begeerte om meer Afrikaans as die suiwerste Afrikaner te wees. Met my begrip van die skelmstreke, hoe om jouself te vergewe vir sekere dinge, die smaak vir 'n beheerste geweld wat nodig is om so suksesvol soos ek in rugby te wees...

Maar gaandeweg het die vrees verander in iets anders: Dankbaarheid. Vir die eerste keer het ek amper weer op my knieë gegaan, dankbaar oor hoe goed die noodlot vir my was.

Ek het daaraan gedink om my skoolopstel oor Ellispark aan die kommissie voor te lê. Maar die herinnering aan die ontvangs deur die anti-apartheidmense in Londen en die flou terugvoer in Frankryk het my finaal laat besluit die voorval was te gering. Dit sou lyk of ek net 'n bietjie van die kollig soek, en myself as 'n slagoffer van apartheid probeer voorhou, terwyl ek dit nie was nie. Dieselfde het vir enige onthulling oor

© University of Pretoria

die ASG gegeld. Na al die jare wou ek steeds nie my selmaats se name bekend maak nie.

Terug in Genève het ek 'n verraste Minette gegryp toe sy die deur vir my oopmaak en haar in my arms gedruk tot sy na asem begin snak het, en toe het ek so vinnig as moontlik haar gesig volgesoen.

"Dankie," het ek geprewel, "merci, merci, merci."

© University of Pretoria

# Hoofstuk 30

ONS HET so twee maal ‘n jaar Suid-Afrika toe gereis, waar ek hier en daar herken is. Maar nie genoeg om openbare geleenthede ’n pyn te maak nie, soos in my jonger dae toe ek my besittings met ’n valkoog moes dophou sodat memento-jagters dit nie steel nie. Minette en die kinders het lief geraak vir Suid-Afrika om die gewone redes, die son, die natuur, die goedkoop bediendes.

Dit was hulle wat my laat toegee het dat die mees merkbare verandering nie onder die nuwe swart waBenzi was nie — vir Minette was hulle net soos ander Afrikane, heeltemal te Amerikaans — maar die getransformeerde Afrikaners. Wat het meer verskil van die ou tye as ’n skare wat op Loftus Versfeld uit volle bors sing, “Liefling…” as die held met die soetseungesig die skoppe so meganies oorskop?

Toe ek grappenderwys die moontlikheid opper dat ons Suid-Afrika toe trek, was die gesin tjoepstil, tot my verbasing. Maar dit was nie omdat hulle dit ’n lawwe idee gevind het nie. Inteendeel, die meisies het gou begin kwetter oor “negresses” word met diepbruin velle. Later het Minette vir my kom fluister in beginsel dink sy nie dis ’n slegte idee nie, maar, “sal jy nie al die kunsmuseums en filosowe mis nie?”

Inderdaad. Ek pas ‘n foto-uitstalling in ‘n Kaapse assuransiemagnaat se kasteel agter die rug gehad, ’n reeks oor leë rugbyvelde waarop elegante terugvoer en ’n paar lekker aandetes met goeie Franse wyn gevolg het.

Maar die toets het gou genoeg gekom. Op ons volgende besoek het Minette en die meisies verseg om saam te kom na die Karoofees op Oudtshoorn.  Al die Afrikaans sou dit net ‘n pyn vir hulle maak. Geen argument oor oopmaak vir ongewone ervaring kon hulle oorhaal nie; in Frankryk was die ongewone al lankal gewoon. Ek is op my eie soontoe, want ek was nou weer lus vir ‘n

© University of Pretoria

lekker inspuiting in Afrikaans, ook omdat iemand my vertel het, seker tong in die kies, dat dit die nuwe sentrum van die Afrikanerdom was.

Soos die meeste nuwe aankomelinge het ek gou voor die stadsaal beland, met sy sandsteen wat ’n mens aan ’n gevalle Boererepubliek laat dink.

Bale strooi is gerangskik sodat klante van die hoërskool se kammakroeg rugby kon kyk op televisiestelle wat in die mikke van die bome in die tuin vasgeketting is. Oorkant die straat het ’n Christelike sendinggroep ’n outydse rolprentskerm uit sy buis oopgerol om antieke verfilmings van verhale uit die Ou en Nuwe Testament te vertoon.

Aan die een kant van die straat het ‘n Blue Bull gestormram aan ‘n losskrum terwyl die skare brul, aan die ander kant was daar die gedonder van swart en wit skape wat oor ’n krans stort; hier het die mure van Jerigo met ‘n trompetgeskal inmekaar getuimel, daar het almal ‘n up en under misgespring met die skare wat sug;  Sodom en Gomorra het in swart wolke en wit vlamme gestaan, kaalbeenmeisies met uitspattige borste het pom-poms geskud. Daar was opstand in die strate van Jerusalem, met Romeine in skoolsandale en borsels op hul helms wat die woedende Hebreërs en hul bloedstollende gille kwalik in toom kon hou.

Mense het met bierkartonne vol vleis en stokbrood rondgeloop. Twee dronk ouens het op die gruis by die ingang van die stadsaal, nou ‘n museum, gaan staan en hul arms dramaties voor hulle uit gehou, asof hulle wou begin sing.

“Wag nou man, ek ish ook ‘n kultuurman,” het die een gesê toe die ander begin lag en hom probeer wegtrek. ‘n Groep mense het gaan staan om te kyk terwyl sy mond ‘n “oe” vorm asof ‘n Duitse aria sukkel om uit te kom. Toe tuit sy lippe in ‘n soort soen.

© University of Pretoria

"Oe-oe," het hy gesê terwyl hy slingerend probeer regop bly. En toe het dit uitgeval: "Poes!" Die meeste mense het vies omgedraai, kinders aan die nekke gerem. Maar soos baie ander, kon ek nie help om te lag nie.

"Hallo, Jaco," het ek 'n sagte stem agter my gehoor. Ek het omgeswaai, en voor my het Paul Wolvaardt gestaan.

"Paul!" het ek uitgeroep, en instinktief vorentoe getree om sy wange te kus. Maar toe het ek onthou dat ons laaste gesprek nie so goed afgeloop het nie, al was dit soveel jare terug, en ek het sy hand beleefd soos 'n Hollandse sakeman s'n geskud.

Eers het ek gedink hy lyk gans te oud om Paul te wees, maar toe het ek myself herinner dat ons nou albei middeljarig was. Hy het 'n langmouhemp gedra, ten spyte van die hitte, met 'n das wat oor 'n groeiende pensie huppel. Dit het geblyk hy was die leier van 'n koor wat 'n aand van lieder in 'n kerksaal aangebied het.

Hy kon, of wou, my eers nie in die oë kyk nie. Ons is na die naaste plastiekkroeg, in die hoofstraat, gesluit vir verkeer, waar nog bale as sitplekke gedien het. Paul het nie my aanbod van 'n bier aanvaar nie, net self lemoensap bestel. Ons het oor ditjies en datjies gesels, en aangesien hy my loopbaan oorsee met belangstelling gevolg het, of so het hy gesê, was daar nie veel om in te vul nie. Hy het homself gevestig as 'n plattelandse prokureur, maar toe die nuwe regering oorneem, het sy werk aansienlik verminder.

"My Engels is nie so goed nie," het hy gesê, met net 'n sweem van bitterheid.

Ek het nie geweet wat die etiket vir sulke dinge was nie, maar omdat hy my held was al daardie jare gelede, het ek gevoel dis nie onvanpas om te vra nie: "En die Broeders, sien hulle nie om na jou nie?"

Paul het gesnork: "Die Broeders..."

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vir 'n ruk lank het hy in die verte gestaar, en erg selfbewus sy glas lemoensap gelig om te drink.

"Jy het nie gehoor van die groot... wat is die Engelse woord, purge, nie?"

Ek wou hom daaraan herinner dat ek nou half-Frans is, en nie half-Engels nie, maar ek het net my kop geskud. Hy het geaarsel.

"Hoekom vertel jy my nie?" het ek gesê. "Al hierdie goed is geskiedenis, is dit nie?"

Paul het gelag. "Ek weet nie so mooi daarvan nie. Ek weet nie daarvan nie."

Ons het in 'n ongemaklike stilte gesit, en toe het hy skielik en kortaf gesê: "Ag, wat de hel. Wat kan ek verloor?"

En toe het die storie gevolg van hoe Paul hom onder 'n groep konserwatiewe studente bevind het, en hoe hulle teen die Nasionale Party begin agiteer het. Sy loopbaan as Afrikanerpolitikus is net daar in die kiem gesmoor. Selfs voor 1976 was daar oproepe binne die Bond dat klein apartheid afgeskaf moes word, en die konserwatiewes, onder Andries Treurnicht, wou niks daarvan weet nie. Dit sou die dun end van die wig wees, ens, ens. Waarna al die konserwatiewes, ook sy oom, uit alle Afrikanerorganisasies geskop is. Dit moes een van die seminale oomblikke in die geskiedenis van die Afrikaner, en van die land gewees het.

Na 'n halfuur hiervan, wat boeiend genoeg vir my was, maar ander seker sal verveel, het Paul skielik gesê: "By ons het het alles met jou pa begin, weet jy?"

"My pa? Hoe?" het ek herhaal, onkant gevang. In al die jare het hy die nonentiteit gebly wat ek gedink het hy was; na sy dood het ek nie veel aan hom gedink nie. Sy dood was werklik sy dood vir my.

"Ja, man, die besigheid met sy lidmaatskap."

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ek het gesê ek het net geweet hy is afgekeur omdat my ma Engels was.

"Omdat jou ma Engels was?"

Ek het hom vertel wat my ma my vertel het, of wat ek daarvan kon onthou.

Paul het gesnork. "Jou pa is nie daarom afgekeur nie. Hulle het eers van haar uitgevind nadat jy my daarvan vertel het."

Ek het toe eers onthou hoe verras Paul was toe ek hom vertel sy is 'n nooi Williams. Hy het dus nuusies oorgedra aan sy oom en die groter bende. Maar ek het dit laat verbygaan.

"Waarom is hy dan verwerp?"

Paul het verleë gelyk, dié keer was hy op die verkeerde voet.

"Ek kan jou nie vertel nie, man," het hy probeer. "Dis vertroulike goed."

"Kom nou," het ek gelag. "Waarmee was jy besig die afgelope uur?"

"Weet jy regtig nie? Na al die jare?"

"Nee!"

Paul het in sy wit plastiekstoel rondgeskuif. Dit het gelyk of hy uitkomkans soek, maar ons is in die warm straattent vasgepen deur die toue halfdronk mense.

"Toe hy van die rol geskrap is."

Ek het verbysterd na Paul gestaar. My kopvel het begin kriewel.

"Wat vertel jy my nou?"

Paul het sy hand gelig, probeer praat, dit weer laat sak. Ek het begin uitasem raak.

"Jou pa is van die rol geskrap voor hy na Umhlaleni gekom het."

"Hoekom?"

"Dit was weens jou ma se gewoonte."

"My ma se gewoonte?"

Paul het diep asem gehaal.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

“Jou ma het geld uit sy trustrekening gevat.”

Die hare in my nek het regop gespring.

“Maar hoe...” Ek het stil gebly. Dit het my getref soos ‘n blits van ‘n kamera wat in jou gesig afgaan: Al daai kere wat ons getrek het, van die een dorp na die ander.

“Sekerlik kan jy nie iemand se lidmaatskap afkeur net omdat...” Ek was verbyster. Erger kon dit nie.

“Jou ma is op twee, drie geleenthede, ek kan nie onthou nie, betrap. Sy was twee keer in die hof. Toe moes die prokureursorde optree. Die implikasies was, wel, sy sou ’n risiko vir ’n lid van ’n geheime organisasie gewees het. Sy kon nie vertrou word nie, en daarom jou pa ook nie.”

Ek het na Paul gekyk. Ek het vir die leedvermaak gesoek, vir ’n teken dat hy my wil terugkry vir my sukses teenoor sy relatiewe mislukking, maar ek kon net ’n diepe verleentheid sien.

Ek het opstaan en my pad probeer oopdruk om in die straat te gaan staan, voor ’n swart dramastudent wat probeer vries het vir betaling, en wie se grootste uitdaging was om die lastige straatkinders te trotseer. Maar daar was te veel mense in die nou ruimte geprop, en  ek het maar weer teenoor Paul gaan sit.

“Hoe waar is dit alles?”

Paul het nou beledig gelyk.

“Kyk,” het hy gesê, “ek het nie hierheen gekom om jou al hierdie dinge te vertel nie. ’n Mens sou kon verwag het dat sy jou teen hierdie tyd al vertel het.”

Ek het ’n verskoning gemompel. Paul het verskoning gevra dat hy die boodskapper moes wees. Ons het goeie Afrikaanse maniere gehad. Die stilte was oorverdowend tussen al die geraas.

Dit het nie lank geneem om een en een bymekaar te sit nie. Paul het verduidelik dat toe my pa uiteindelik geskors is, het die Nasionale Party vir hom ‘n werk as dosent by die kollege georganiseer.

© University of Pretoria

"Hy was 'n gerespekteerde man, jou pa, en hy het hard vir die party gewerk."

Dit het skaars geregistreer. Een herinnering het duideliker as al die ander uitgestaan, van die dag toe ek die knipmessie gesteel het, en my ma in trane gekry het. Dit was toe sy self in die moeilikheid moes gewees het... Al my wroegings en kastydings oor my eie misdaad as die oorsprong van almal se beproewinge, was van die kol af.

Ek het met ontsetting besef ek het die hele tyd geweet, die tekens was oorvloedig daar, dis aan my uitgespel deur die voorval in Bullinger's, toe ek verkies het om te glo my pa wil haar uit lafhartigheid nie verdedig nie.

"Maar julle aanvaar nie lede met Engelse vrouens nie, is dit nie so nie?" het ek probeer klou.

"Jy moet onthou, ek het nooit self lid geword nie. So ek weet nie presies hoe dit werk nie. Wat ek weet is deur my oom. Wat ek ook wel weet is dat jou pa deur ander lede voorgestel is, en dat hulle dalk 'n plan sou kon maak om hom te akkommodeer. Hipoteties gesproke."

"Hom te akkommodeer! Wie de fok dink hulle is hulle!"

"Moenie vergeet dat jy een van hulle was nie," het Paul sy steek ingekry. "Jy was 'n baie geesdriftige ASG-lid."

Te geesdriftig. Ek kon myself voel rooi word.

"Maar ek het die verstand gehad om te loop. En die guts." Of het ek? Wat was my ware motivering? Was dit nie net oor Annchen nie? Die herinnering aan haar het  soos 'n steek in my hart gevoel. Paul het gesien ek is ontsteld.

"Maar jou pa het hulle teruggekry," het hy in 'n amper sussende toon gesê.

"Hoe?"

Weereens daardie kyk van verleentheid, maar nou met 'n meewarigheid by: Waar was ek al die jare?

"Sê vir my."

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

“Wel, hy het ’n klomp van hulle betrap wat besig was met ’n plannetjie om ryk te word deur plase te verkoop aan die regering vir die konsolidasie van KwaZulu.”

Konsolidasie… so ’n vergete woord.

“Hulle het as die frontmanne vir ’n paar Engelse boere opgetree wat opgehou boer het en van hul grond wou ontslae raak.”

Die besoek aan Kempson-Partridge se suikerpaleis! Toe ook het ek besluit my pa was ’n lafaard. Terwyl hy waarskynlik nie betrokke wou raak by ’n klein rusietjie nie - die risiko was te groot dat sy eie klandestiene ondersoek ontbloot sou word.

“Maar hy het my niks hiervan vertel nie.”

“Het hy nie?”

“Nie voor sy dood nie.”

Paul het diep ingedagte geraak.

“Dan weet jy ook nie waarom hy sy ondersoek laat vaar het nie.”

“Hoekom? Het hulle hom afgepers?”

“ ’n Mens kan dit so stel, ja.”

“Hoe?”

Dié keer was dit Paul wat opgestaan het. Hy het weer gaan sit, sy hande ongemaklik in sy sakke gesteek.

“Jy wil nie hoor nie.”

“Try me.”

Paul het my in die oë gekyk, behoorlik vir die eerste keer daardie middag. Hy was besig om die waarheid te vertel.

“ ’n Klomp van die skelms se vriende het gedreig om jou rugbyloopbaan te vernietig.”

“Dis dan soveel te meer gelukkig dat ek Frankryk toe is.”

“Hulle het hom gaan sien en gesê as hy sy planne laat vaar om hof toe te gaan, sal hulle nie jou keuring as ’n Springbok teenstaan nie.”

“Hoe kon hulle dit belowe?”

© University of Pretoria

Paul het sy skouers opgehaal, asof hy wou sê: moet 'n mens dit dan uitspel? Ek het stilgebly, maar Paul kon raai waaraan ek dink.

"Hulle het besluit om hul woord te hou, op aandrang van my oom. Ook omdat jou pa geskimp het dat hy al die inligting aan 'n prokureursvriend gegee het. Om aan die pers te gee as iets met jou sou gebeur."

"Hy was die afperser?!"

"Hulle kon nooit vasstel of dit werklik so was nie. Jou pa is toe mos skielik dood en ons het almal asem opgehou, maar niks het gebeur nie."

"Maar hulle het my nogtans laat gaan. Dit was beter vir julle dat ek landuit is."

"Hulle het jou nie gekeer nie."

"Hoe kon hulle my keer?"

"Ag, daar was baie maniere. Die weermag het saam met die Ruiterwag gewerk om afvalliges soos jy te hanteer. Daar was 'n spesiale sel van Ruiters in die weermag wat julle opgespoor het."

Julle... afvalliges... Ek het probeer terugdink wat alles gebeur het toe ek die eerste keer oorsee is. Daar was net 'n blinde kol.

"Maar ek het nie enige probleme ondervind nie. Ek kan nie eens die papierwerk onthou nie."

"Presies."

Ek was stomgeslaan. En ek het al die jare gedink dit was my eie groot heldedaad! My legendetjie in Frankryk is daarom gebou. My wange het koud gevoel; ek moes soos 'n spook gelyk het. Toe het ek opgestaan, en dié keer my pad deur die biertoue oopgestamp, oor die straat reg voor 'n polisietrok in, wie se bestuurder my wou uitskel, maar toe hy my herken, gou anderpad gekyk het. Ek het verby die stalletjies met hul Nigeriese smouse gestap, die pannekoekbakkers agter hul gasbotteltjies en ringe, die Chinese gemorsverkopers, verder het ek geloop, en my pad

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ongeduldig gebaan deur die bottelnek van mense wat die rivier oor die voetgangerbruggie wou oorsteek.

Ek het tot stilstand gekom in ’n biertent, waar ‘n man by die tafel langsaan gesê het: “Ons het nou genoeg van die kaffer gehad.” Toe eers het ek die tromslaner gesien wat net daar, in die ingang, met sy eie vertoninkie besig was. Hy het sy trom sonder ‘n woord opgepak en verdwyn. Ek het vir ‘n oomblik daaraan gedink om die man agter die tafel uit te pluk en ‘n opstopper te gee, maar toe het ek gaan sit, verslae.

My pa, die man wat ek so verag het, sonder enige ander rede as dat hy nie so ’n ster as ek was nie, het sy beginsels prysgegee, vir my. Dit moes vir hom soos die ergste sonde gewees het, om die inligting wat hy met veel moeite moes versamel het, net so te laat gaan. Ek het ’n traan probeer wegvee terwyl ek probeer uitwerk het: Was ek verantwoordelik vir sy dood? Het al die druk van sy ondersoek tot sy laaste aanval gelei? Ek het ’n diepe ergerlikheid teenoor my ma voel opbou, haar valsheid soveel jare lank, maar toe het ek besef: Ons het hom albei doodgemaak. Die perfekte oedipale driehoek.

Of het ons? Ek kon die verweer en die aantyging nie op dieselfde tyd in my kop  hou nie, en ek het weer opgestaan. ’n Kaalkopman, van kop tot tone in kakie geklee, het ek ru weggestoot toe hy my om ’n handtekening vir sy seun vra.  Chris Harmse se grinnikende gesig agter sy permanente donkerbril was voor my. Ek het ’n diep frustrasie gevoel dat ek nie die jare in kon terugtree en hom verwurg, net plein verwurg nie. Of hom bliksem tot sy kop afval.

Was hy deel van die komplot wat my pa oopgekrap het? Was hy nie die laaste man wat my pa lewend gesien het nie? Het my pa regtig ’n epileptiese aanval gehad?

Ek moes op ’n vullisdrom van sement vol verskeurde plakkate gaan sit om tot verhaal te kom. Nee, Harmse was tog die een wat met my pa hospitaal toe gejaag het. Of was dit deel van

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die kamoeflering? Die begeerte om met my pa te praat, al is dit net twee, drie woorde, net 'n paar duisend, was so oorweldigend dat ek naar gevoel het.

Ek het Paul nie weer op daardie besoek gesien nie; ek wou nie. Hy was seker ook nie gretig om my weer te sien nie.

Na 'n paar weke van uitstel in Frankryk het ek probeer om van daar af vas te stel of my pa wel van die rol geskrap is, en wanneer presies. Maar dit was net te moeilik, met al die aksente en so. "Disbarred? Register? You want Reggy's at the Spar? Wrong number."

Ek kon 'n kredietburo in Johannesburg met 'n Afrikaanse vrou aan die ander kant in die hande kry, om meer omtrent my ma uit te vind. Maar die rekords van daardie tyd is vernietig toe almal rekenaars kry; dit was te lank terug. En die nuwe rekords was vertroulik. Hoe gelukkig is dit nie vir 'n mens dat sulke spore uitgevee kan word nie.

Maar haar naam was in die nuwe rekords, het ek besef. Sy het dus probleme met skuld. Nog 'n ontdekking: Al daardie versoekies vir 'n bietjie ekstra geld, die franke in die koevert, die debietorder wat ek naderhand vir haar geteken het toe die rand so skielik val, gits, nou al meer as twee dekades gelede. Haar groot pensioen, en haar werkie by 'n blommewinkel, was nog steeds nie genoeg nie.

In die volgende paar weke het ek aantekeninge begin maak van al die dinge wat ek oor my pa kon onthou. Hoe kon hulle sy situasie so goed vir my weggesteek het? Ek moes die enigste een gewees het wat nie geweet het nie – want dit was 'n sameswering deur almal, om my nie daarmee te belas nie. Om my pad vorentoe makliker te maak? En dit moes gebeur het voor daardie dag op

© University of Pretoria

Ellispark al, toe my pa nog probeer het om sy eie praktyk op die been te bring. Dis hoekom hulle my laat rugby speel het, sodat ek kon opgaan in my eie fantasiewêreld en nie die waarheid raaksien!

Een herinnering het gedurig opgeduik: 'n Vuis vol flannel terwyl hy my probeer wegkeer van die moles op die straat. Ek kon die gedagte nie onrdrdruk nie: Wat sou hy van ons huidige wêreld gemaak het?

Stadig het ek gebeure in Suid-Afrika in 'n ander lig begin sien. By twee geleenthede is ek deur immigrasie sonder dat iemand my ondersoek het. Toegegee, dit was vroeg in die oggend, maar nogtans. Binne 'n kort tydjie het Suid-Afrika die reputasie gekry as een van die besigste transito-lande wanneer dit by internasionale dwelmsmokkelary kom.

Ek het ineengekrimp van verleentheid wanneer Robert Mugabe op 'n TV-skerm verskyn. In Frankryk het sy Boy Scout-uniform en sy Hitlersnorretjie nog komiekliker gelyk want 'n mens kon niks hoor wat hy sê nie; sy woorde is net in onderskrifte aangehaal.

Eendag het iemand my aan 'n mou gepluk in 'n kroeg in Lyon. "Is jy Jaco Blignaut, die Joiner?" het hy gevra. My kop het opgeruk; langs my het 'n man paaiend sy hande gelig.

"Sorry, nee, ek bedoel dit nie so nie, ek onthou maar net die plakkate destyds."

Hy het vir my nog 'n bier gekoop. Min mense sien my nog as 'n oorloper, het hy verder getroos. Ek het daarop gewys dat talle spelers nou in Frankryk speel en meer geld in een wedstryd maak as ek in my hele loopbaan.

"Nee, ek bedoel baie mense beny jou nou, dié wat nog onthou. Almal wil nou emigreer."

Ek het gewag vir wat gaan kom. Sowaar, die man het begin vertel hoe hy altyd teen apartheid was. Maar waar ek vroeër sou uitgestap het, of sommer 'n elmboog in sy gesig sou oorweeg het, het ek stil gesit en luister.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Weet jy wat is die kern van die probleem?"

Ek het my skouers ongeesdriftig opgehaal.

"Hierdie regering wil nie regeer nie. Net soos amptenare wit plase in Zimbawe gaan beset het, het die ANC se lede wit poste gaan beset, waar hulle so min as moontlik wil doen. Die land se beste mense word die een na die ander vermoor. Dosyne diplomate is al beroof en aangerand, en die polisie vee hul gatte af aan dit alles. Honderde duisende mense kon maar sterf weens Vigs, terwyl hulle die vingers wys na Westerse medisynemakers."

"Vigs is 'n skande, ja," het ek maar gesê.

"Dink jy swartmense is minder intelligent as ander mense?"

"Nee!" het ek streng geantwoord. "Ek's nie 'n rassis nie."

"Maar hierdie mense wat om ons sit, wat anders kan hulle dink as hulle iemand soos Mugabe of daai Kabila van die Kongo sien? Hé? Of daai diktator van Togo, met sy sing-songs vir sy partylede oor die varkies van hul kleintyd?"

Die mense in die kroeg was nie baie inspirerend nie: 'n gesin in goedkoop klere uit die Super U om die draai, 'n taxidrywer in 'n kunsleerbaadjie, 'n paar oorgeoefende soldate en in 'n hoekie, 'n swart man en vrou met daardie voorbeeldige oorvriendelikheid van vreemdelinge uit Afrika.

Maar ek moes toegee. Hoe kon hulle anders dink aan Afrikane as dom, verlore mense op wie ontwikkelingsgeld net gemors word? Afrikaleiers is die mees patetiese van die lot. Hulle kan welsprekend teen neo-kolonialisme protesteer, maar hulle kan glad nie sien hoe absurd dit oorkom as hulle dit in deftiger sale en hotelle as enigiemand anders doen nie. Neo-koloniale nabootsers van hul eertydse meesters, bygestaan deur massiewe afvaardigings, almal in die beste neo-koloniale modes geklee.

"Weet jy wat is die geheim van Afrika? Die een wat almal weet maar niemand sal erken nie?"

Ek het maar weer my skouers opgehaal.

"Afrikane is nie gereed om te regeer nie."

© University of Pretoria

Die man was afstootlik; sy asem het geruik na knoffel, maar ek het bly sit. Hy was verkeerd: Sulke sentimente, net minder reguit, is telkemale in Europa uitgespreek, wanneer mense ontspan na ’n seminaar, tydens etes by konferensies, terwyl jy wag vir ’n TV-paneeldiskussie, in een kroeg na die ander... En nie net deur Europeërs nie, deur Sjinese, Japanese, Pakistani’s, deur Afrikane self.

“Jy klink soos my pa,” het ek geskerm.

“Dan was jou pa ‘n versiende man,” het hy droog opgemerk. Ek het die woede voel opstoot, maar niks gedoen nie, net bly sit.

Die man was nou op stryk: Ten spyte daarvan dat die regering aan swartmense oorhandig is, en dat die kernarsenaal vernietig is — dade sonder presedent in die geskiedenis van die mensdom — word gedurig van Afrikaners vereis om verskoning te vra. Hulle moet gedurig terugstaan, poste prysgee en hul grond oorgee aan korrupte dwase wat hulself toestop met die witman se koek en geld. Alles is Afrikaners se skuld.

Steeds het ek bly sit, want dit het my skielik getref hoe goed sy woorde inpas by my eie idees: Apartheid is nie dood nie, dit het die nuwe manifestasie van oersonde geword. Die spel gaan voort. En rugby gaan voort. Dit spoor kleinsielige aasvoëls in die parlement aan om onophoudelik vir kwotas “black Africans” te vra. Hoe dom: Is daar ’n makliker manier om Afrikaanssprekers, wit en bruin, aankant te hou as met rugby?

Op ’n ander vlak van oersondigheid word hulle gestraf met glunderende name so reg uit Anglo-Amerikaanse popkultuur, asof ons verneukende rofstoeiers is: Blue Bulls?! Cheetahs?! Stormers?!

Uiteindelik kon ek dit nie meer vat nie, en het ek bruusk opgestaan en uitgestap. Uit die hoek van my oog kon ek sien hoe die man leedvermakerig vir my waai.

Maar dit was my pa se opmerkings aan tafel, so lank terug, wat my gedagtes ingedring het: Afrikane is nie gereed om te regeer

© University of Pretoria

nie. Jy moet hulle eers ontwikkel. Daarmee kon ek steeds nie saamstem nie. Ek het gedink aan Ousmane, my wiskundige vriend van Senegal. Of Blaise, die boffin wat die elektromagnete in ons seksie by die versneller in Genève regmaak.

Non, non, non, het ek uitgeroep, en met my vuis in my hand geslaan. ‘n Straatveër ’n ent verder onder die bome langs die Saônerivier het die blare ’n bietjie vinniger gevee om uit my pad te kom. Dis rassistiese gedagtes! het ek myself verwens. My pa was ’n rassis! Hy het vir die ver-regses gewerk! Maar ek kon hom voel fluister in my nek: Kyk waar is hierdie mense, hulle is nie in Afrika nie!

Non! Merde! By die hotel het ek my rekening op die internet oopgemaak en ’n klomp geld aan die Walter Sisulu Universiteit in Fort Hare gestuur. Eers nadat ek die envoyer-knoppie gedruk het, het ek besef dit was dieselfde soort plek as waar my pa klas gegee het.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Hoofstuk 31

MET MY volgende besoek aan my ma het ek my vas voorgeneem om die saak van haar ... stelery te opper en die lug finaal te suiwer. Ons het in haar sitkamer tee gedrink, ek in die stoel waarin ek altyd gesit het, maar dié keer op die punt daarvan. Haar tersluikse kykie het gewys sy het dit opgemerk, en my net meer ongemaklik laat voel.

“Ma,” het ek begin.

Sy het rustig aan haar tee geslurp, en ek moes eers opstaan voor ek kon vra: “Daar is iets wat ek...”

“Wat jy wil wat?”

Ek het by die venster gaan staan, tee in die hand, en ‘n ruk lank daaruit gestaar.

“Het ma nie nog foto’s van Pa iewers nie?”

Sy het haar koppie tydsaam neergesit en my haar laat ophelp uit haar stoel. In haar kamer het sy my gewys watter skoendoos ek van haar hangkas moes afhaal.

Daar was nie veel nie; ek het onthou hy het vir lank iets teen foto’s gehad. Op een van hulle het ek tussen sy bene gesit, en sy flannels was opgerol om sy enkels. Hulle het selfs gryser op die foto gelyk as dié wat hy daardie dag op Ellispark gedra het. Op ’n ander een het ek op sy knie gesit, maar dit was ’n troebel prentjie, amper ’n dubbele beeld weens die gebrekkige fokus. Agterop het my ma geskryf: Pa with Jaco on his knee. Die “with” was doodgetrek, en daarbokant het sy geskryf “bounces” – “Pa bounces Jaco on his knee.”

Ek het my ma se oë op my rug gevoel.

“Jy’s ongewoon stil vandag,” het sy gesê. “Is alles OK by die huis?”

“Daar’s niks verkeerd nie, Ma. Ek skat ek het ’n harde week in die tonnel gehad.”

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Ek dink nog altyd daar's te veel bestraling daar."

"Daar's meer in die aarde hier, Ma," het ek teruggekap, half meganies. Dit was 'n ou gesprek.

"Is daar iets wat jy my wil vertel? Of vra?"

Ek het geaarsel, en diep asemgehaal. Toe het ek eenvoudig gesê: "Nee, Ma, daar's niks wat ek wil vra nie."

"Goody," het sy gesê, "moet ek jou tee weer warm maak in die mikrogolf?"

Ek het gevra of ek die twee foto's mag hou. Ek het weer na die opgerolde broekspype gekyk. Ek het haar vertel van die moontlikheid dat ek sou terugkeer Suid-Afrika toe, met Minette en die dogters. En ook die alternatief gestel dat sy by ons in Frankryk of Switserland kom bly.

"Me?" het sy gelag, "become a Frog like you?"

Op die lughawe, terwyl ek wag vir my vlug, het ek finaal besef, besluit, dat ek nie sou terugkeer nie. Ek was nou 'n Fransman, en 'n Europeër, ek het ontsnap. Maar ek kon nie slaap op die vliegtuig nie.

Na 'n paar weke op Lavoute-sur-Loire is ek terug na Geneve oorkant die grens, eintlik nie te ver daarvandaan nie, met 'n flash disk vol notas. Het dit gehelp? Was ek nou minstens verlos van my oersonde, of my obsessie daaroor? Of het alles weer van vooraf begin? By die huis eendag, terwyl ek wag vir die rekenaar om te laai, het ek op 'n papierservet uit Lavoute se tabac geskryf : Oersonde. En die hoofletter M vooraan gesit: Moersonde.

In daardie tyd het ek vir die eerste keer begin droom dat ek vir die Springbokke speel. Na die eerste paar drome het my pa by my aangesluit, en hy was 'n flank, soos ek, op Ellispark. Sy naam was Jan Ellis en dit was teen die Franse. Buite het 'n trein pas vertrek, vol swartmense op pad huis toe.

© University of Pretoria

Eendag het ek die jongste elektroniese weergawe van my matriekopstel oopgemaak. A day that changed my life. Ek het begin skryf, vooraan:

"Eers moes ons 'n hoed gaan koop. Ek en my pa het by die toonbank van die hardewarewinkel gaan staan, een van dié met fietswiele en sinkbaddens wat bokant jou hang. Hy het die hoed op my kop neergeplak, maar ek het dit weer afgevee.

" 'Ek's nie 'n sissie nie,' het ek gemompel, en my pa en die verkoopsman het gelag, en my laat bloos."

© University of Pretoria